

Resente Kleuter- en Kinderbybels
in Afrikaans en Engels:
'n Krities-Evaluerende Onderzoek binne
'n Literêr-Semantiese Raamwerk

“In die begin was die woord in die kind”

Skripsie Voorgelê vir die Graad
DOKTOR VAN FILOSOFIE
aan die Departement Afrikaans en Nederlands
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

Junie 1995
Jacoba Wilhelmina du Toit

Promotor: Prof Henning J Snyman
Medepromotor: Dr Lydia Snyman

The University of Cape Town has been given
the right to reproduce this thesis in whole
or in part. Copyright is held by the author.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

DANKBETUIGINGS

My opregte dank aan albei my promotors, prof Henning J Snyman en dr Lydia Snyman, vir hulle waardevolle leiding en aanmoediging met hierdie studie. Ook baie dankie aan ds Dawid Botha vir die fynkam waarmee hy die tesis deurgegaan het, veral op die gebied van die teologie. Dankie ook vir al my vriende en familie wat gehelp het met die afronding van die navorsing en vir die persoonlike gesprekke wat ek in hoofstuk 6 kon gebruik. Vir die finansiële ondersteuning van die Universiteit van Kaapstad, waarsonder hierdie studie nie moontlik sou wees nie, ook baie dankie.

Erkenning vir die finansiële hulp van die Sentrum vir Wetenskaplike Ontwikkeling (RGN, Suid-Afrika) vir hierdie studie word ook gegee. Die menings uitgespreek in hierdie tesis, of die gevolgtrekkings waartoe gekom is, is net dié van die outeur en word nie aan die Sentrum vir Wetenskaplike Ontwikkeling toegeskryf nie.

DEO GLORIA

Wilna du Toit

Recent Toddler's and Children's Bibles in English and Afrikaans: A critical evaluative survey within a literary semantic framework
"In the beginning the word was in the child"

This research resulted from a concern for serious, authentic texts and the quality of adaptations. This brought the problematics surrounding the Bible and children's Bibles to the fore. The main concern is the integrity of the original text, and the depriving effect these adapted texts could have on very young listeners or readers.

Chapter 1 is an introduction to this study. In chapter 2 the logical and magical dimensions of the word (as art) are examined. Chapter 3 is an attempt to define the Bible in literary semantic terms. Concepts under discussion are inter alia: oral tradition, genre, author, writer, double text (supertext and subtext), autobiography, reader and oeuvre. Chapter 4 defines children's Bibles in literary semantic terms and six prototypes are critically evaluated because of their claim to be called *Bible*. In chapter 5 these texts are discussed as children's literature. The last chapter gives an updated view of the child, including his religious needs and insights. A corrective on existing children's Bibles is proposed and motivated.

Theoretical works on literary semantics, children's literature, developmental psychology and theology have been consulted. Although psychology and theology play a fairly important role in this study, the perspective remains literary semantic. The survey material includes all the English and Afrikaans toddler's and children's Bibles that were available in Cape Town, during the period 1992-1994.

The main conclusion of this thesis is that the integrity of the original text, and that of the Author, have been violated (to different degrees). The implication is that the young listener has been deprived of a valuable meaning-giving source. Further it has been found that children's Bibles do not really have the right of existence as either Bible or children's literature. But the popularity and the real need for texts of this kind necessitates an alternative. A new approach is also suggested, namely, that the child starts hearing the pure Scripture already *in utero*.

The practical outcome of this study proposes an alternative publication, which will soon be attempted. By the selection of Scriptures the selector will endeavour to give an overall view of the complete oeuvre in verbatim text. The aim is to publish such a text in various South African languages.

JACOBA WILHELMINA DU TOIT
15 Watsonia Street, Devils Peak, 8001

June 1995

I N H O U D

1.	<u>INLEIDING</u>	1
2.	<u>DIE WOORD: LOGIES EN MAGIES</u>	14
	DIE WOORD: in die begin	15
	DIE WOORD: kuns	17
	DIE WOORD: logiese dimensie	21
	DIE WOORD: magiese dimensie	25
3.	<u>DIE 'VOLWASSE' BYBEL:</u> <u>'N LITERÊR-SEMANTIESE BESKOUIING</u>	36
	<u>DIE 'VOLWASSE' BYBEL</u>	37
	MONDELINGE TRADISIE	37
	GENRES	39
	DUBBELE TEKS: suprateks en subteks	43
	<i>SUPRATEKS: mities-poëties</i>	44
	<i>Mities</i>	45
	<i>Poëties</i>	51
	HERHALING	53
	BEELDING	59
	Metafore	59
	Simbole	60
	PRIMORDIALITEIT	65
	SIMBOLISERINGSPROSES	70
	<i>Outeurs/skrywers</i>	72
	OUTEURS	72
	SKRYWERS	73
	<i>Vertellers/sprekers</i>	76
	VERTELLERS	77
	SPREKERS	82
	<i>Karakterisering</i>	85
	<i>SUBTEKS: outobiografies</i>	90
	<i>Outeur</i>	92
	GODDELIKE INSPIRASIE	93
	OUTO-AOKALIPS	95
	OUTOBIOGRAFIESE AARD	101
	OUTOBIOGRAFIE EN METAFORIEK	106
	MEDESKRYWERS	110
	KOLLEKTIEWE EGOSENTRIESE SPREKER	112
	KARAKTERISERING	116

	REËLE EN IMPLISIETE OUTEUR	117
	<u>Leser</u>	120
OEUVRE		129
	TEMATIEK, KRUISVERWYSINGS EN AANHALINGS	133
	<u>Tematiek</u>	133
	<u>Kruisverwysings</u>	134
	<u>Aanhalings</u>	135
TITEL(S)		139
VERTALINGS		142
4.	<u>KLEUTER- EN KINDERBYBELS: 'N LITERÊR-SEMANTIESE BESKOUIING</u>	148
	<u>DIE KLEUTER- EN KINDERBYBEL AS BYBEL</u>	149
MONDELINGE TRADISIE		154
GENRES		159
DUBBELE TEKS: suprateks en subteks		172
	SUPRATEKS: <i>mities-poëties</i>	172
	<u>Mities</u>	174
	<u>Poëties</u>	182
	HERHALING	182
	BEELDING	184
	Metafore	184
	Simbole	185
	PRIMORDIALITEIT	189
	SIMBOLISERINGSPROSES	191
	<u>Outeurs/skrywers</u>	191
	<u>Verteller/spreker</u>	194
	<u>Karakterisering</u>	203
	SUBTEKS: <i>outobiografies</i>	210
	<u>Outeur</u>	210
	GODDELIKE INSPIRASIE	210
	OUTO-AOKALIPS	210
	OUTO BIOGRAFIESE AARD	211
	OUTO BIOGRAFIE EN METAFORIEK	212
	MEDESKRYWERS	213
	KOLLEKTIEWE EGOSENTRIESE SPREKER	213
	KARAKTERISERING	214
	REËLE EN IMPLISIETE OUTEUR	216
	<u>Luisteraar/voorleser/leser</u>	217
OEUVRE		221
	TEMATIEK, KRUISVERWYSINGS EN AANHALINGS	222
	<u>Tematiek</u>	222

<u>Kruisverwysings</u>	223
<u>Aanhalings</u>	223
VERTALINGS	223
TITEL(S)	227
ILLUSTRASIES	229
PRIMêRE, SEKONDêRE EN TERSIêRE TEKSTE	236
VOORBEELDE A-F	240
5. <u>KLEUTER- EN KINDERBYBELS: 'N KRITIES-EVALUERENDE BESKOUIING</u>	246
<u>KLEUTER- EN KINDERBYBELS AS KINDERLITERATUUR</u>	247
KINDERLITERATUUR	236
LITERATUUR	249
DIE KIND EN SY ONTWIKKELING	251
<u>Die nie-leesstadium</u>	253
Die suigelingfase	253
Die kleuterfase	254
Implikasies vir literatuur	266
<u>Die leesstadium</u>	272
Die junior en senior fase	272
Implikasies vir literatuur	278
ILLUSTRASIES	280
KLEUTER- EN KINDERBYBELS AS KINDERLITERATUUR	284
6. <u>DIE BYBEL: 'N KORREKTIEF OP BESTAANDE KLEUTER- EN KINDERBYBELS</u>	296
DIE WOORD: die kind daarin	297
DIE WOORD: lewe daarin	299
DIE WOORD: ongesproke taal	300
DIE WOORD: gesproke taal	305
DIE KIND: mens in verhoudings	310
DIE KIND: soeker na sin	313
DIE KIND: naïef-gelowig	321

DIE KIND: mities-poëties	322
AS MITIES	323
AS POËTIES	326
DIE WOORD: geskrewe taal	327
SUIWER SKRIF IN UTERO	332
FONDAMENT VIR LERING	334
CHRONOLOGIES OF TEMATIES?	337
DIE KIND: van hoorder tot leser	338
DIE KIND: in driemanskap	341
DIE WOORD: suiwer aangebied (min of meer)	345
TEN SLOTTE	347
BIBLIOGRAFIE	351

Hoofstuk 1

INLEIDING

VOORSKRIF

*Lees dié woord
geduldig.*

*Is daar moord,
en iemand skuldig?*

SPERMUTASIE D J Opperman

Die Bybel in sy bestaande vorm is deur volwassenes vanuit 'n volwasse perspektief hoofsaaklik vir volwassenes geskryf - altans so is die veronderstelling. Kinders sal sekere probleme met hierdie teks hê vanweë hulle beperkte ervaringswêreld. In die hoofstuk oor "Die Bybel en godsdiens" skryf Lydia Snyman: "Hoe welmenend 'n mens ook al is, kan 'n mens die kind se belewing van homself en die wêreld om hom, nie anders maak as wat dit is nie" (*Die kind se literatuur* 1983:287,288).

Om die afstand tussen die volwasse perspektief van die Bybel en die kind se beperkte persepsie te oorbrug, het vele sogenaamde kleuter- en kinderbybels die afgelope twee eeue al die lig gesien. Hoewel sulke tekste aan 'n sekere behoefte vervul, is daar heel party kwessies wat kommer wek: In hoe 'n mate word die integriteit van die brontekste aangetas? Is die verwerkte tekste nog in staat om "die waarheid suiwer [te] verkondig" (2 Timoteus 2:15)? Is die woord van kleuter- en kinderbybels nog meetbaar aan die uitspraak van Johannes: "U woord is die waarheid"? (Johannes 17:17). En hoe verduidelik 'n mens aan 'n kind watter Bybel is die "regte een" as daar sovele verskillende variasies op die tema is? Moet en mag 'n kinderbybel as 'n primêre geloofstekste en as gesaghebbend aangebied word? As 'n teks daarop aanspraak maak om Bybel te wil wees, moet dit dan nie ook aan Bybelse maatstawwe gemeet word nie?

Snyman bring die ernstige problematiek rondom kleuter- en

kinderbybels aan die lig - 'n waardevolle bydrae in dié verband. Sy spreek haar kommer uit oor die verwatering van die letterkundige aspek en die ernstige teologiese implikasies wat dit vir die kind inhou. Sy pleit vir die behoud van die bronteks: "Groot letterkunde spreek altyd vir homself ... hoeveel te meer behoort 'n mens dan nie die Bybelverhaal in sy Bybelse vorm te 'vertrou' nie: dit is nie alleen groot letterkunde nie, maar ook nog die Woord van God" (291). (Met bronteks word hier bedoel alle vertalings van die Bybel, soos die 1983-, die 1953-vertaling, die New International Version of die King James Version. Dit sluit parafrases uit.)

Snyman is van mening dat die klem in kleuter- en kinderbybels op die intellektuele vlak van die kind val en die emosionele sowel as geestelike buite rekening laat: "Met ander woorde, van die Kinder- en Kleuterbybel as teologiese handboek word o.a. verwag dat die gegewe in 'eenvoudige' taal oorvertel, vereenvoudig en verduidelik moet word sodat die kind dit kan verstaan ..." (287). Die probleme wat sy uitwys, vra indringende verantwoording.

Cornelia Roux verwoord ook haar kommer oor die kleuter- en kinderbybel in haar MA-verhandeling getitel "Perspektiewe op aspekte van die Afrikaanse kinderbybel". Sy vra tereg: "...verkry die kind dalk nie 'n verwronge of onvolledige beeld van die oorspronklike boodskap juis as gevolg van die bemiddeling van die moderne kinderbybelskrywer nie? ... 'n

Antwoord op hierdie basiese vraag sou moontlik verreikende implikasies kan hê vir die bestaansreg van kinderbybels in die algemeen en in die besonder in Afrikaans" (1984:2).

Roux se studie fokus op historiese, teologiese, eksegetiese en strukturele aspekte, maar die letterkundige aspek kry min aandag. Hoewel sy die seleksies van verhale, illustrasies en vertaalmetodes aansny, los dit nie die letterkundige probleme (met hulle teologiese implikasies) op nie. Haar insig in die problematiek in die algemeen is waardevol maar haar klaarblyklike oplossing, naamlik 'n teks met 'n "eksegetiese vertelmetode", is weereens 'n verwerking en dus 'n stap weg van die bronteks af.

'n Taamlik uitgebreide bespreking van die kleuter se beleweniswêreld vorm 'n stewige basis vir Rykie Meiring se navorsing oor Bybelonderrig aan die kleuter ("Bybelonderrig aan die kleuter", 1987). Aspekte soos die liggaamlike, normatiewe, sosiale en kognitiewe ontwikkeling word deeglik in ag geneem asook die vereistes en kenmerke van goeie kleuterverhale, hoewel sy nie die letterkundige gehalte in berekening bring nie.

Verder lê sy klem op die inspirasie, gesag, betroubaarheid, genoegsaamheid en noodsaaklikheid van die Bybel en sy boodskap, maar tref ook nie 'n duidelike onderskeid tussen Bybelverhale (soos in die bronteks) en Bybellese wat klaar geïnterpreteer is nie. Dit lyk nie of Meiring die Bybelverhaal in sy bronteksvorm gebruik nie, maar dat sy dit altyd in die

een of ander verwerkte vorm as oorvertelling of les aanbied. Klaarblyklik beskou sy (soos baie ander ook) nie die Bybelverhaal (soos in die bronteks) as 'n noodsaaklike voorspel vóórdat daar tot interpretasie oorgegaan word nie. Die hoofstuk oor illustrasies in kleuterbybels is leersaam, maar die gedeelte oor die teks self bestaan uit net twee korterige paragrawe.

In 'n artikel, "Die kind en die Bybel. 'n Probleemverkenning", maak Malan Nel die stelling dat kinders die ontdekking van die Bybel en sy boodskap (met die voortgaande verstaan en betekenis) aborteer, en dan verskaf hy moontlike redes wat hy dan in twee artikels verken (Ned Geref Teologiese Tydskrif: 2 Junie 1990:211). Die hipotetiese redes wat Nel aanvoer, is soos volg:

- kinders leer nie altyd om self met die Bybel om te gaan nie
- volwassenes se pasklaar antwoorde op ontdekkingsvrae van kinders maak verdere ontdekking oorbodig en vervelend
- "verkeerde" antwoorde word op so 'n wyse hanteer dat verdere ontdekking by kinders ontmoedig en selfs gestaak kan word
- kinders word nie in die regte atmosfeer toegelaat om met hulle eie bevatlikheid die verhaal van die Bybel self te interpreteer nie.

Al hierdie redes is nie net teoretiese bespiegeling nie maar blyk in die praktyk eg te wees. Met sy insigte lewer Nel 'n baie belangrike bydrae tot die identifisering van die diepgaande problematiek rondom die gebruik van die Bybel in die geloofslewe van die kind.

Nel wys op die kortsigtige oplossings wat kerke dikwels aangebied het, naamlik "om so duidelik moontlik en so vroeg moontlik die 'regte interpretasie' in les en leesroosters beskikbaar te stel. Wat dan oorgedra word, is meermale nie die Bybel self nie, maar die (eintlik maar 'n) interpretasie van die Bybel (213)." Maar waarmee Nel (en ook die "ander kenners" na wie hy verwys) die werklike probleem het, is dat sulke interpretasies kan stol by een enkele en moontlik selfs waninterpretasie. "Die betekenis van die verhaal word in 'n bepaalde interpretasie gestol (soos jellie vir kinders) en eetklaar (of is dit leesklaar?) opgedis - in Kinderbybels, boeke met Bybelverhale, kategese- en skoolhandboeke" (213).

Hier steun Nel op J W Fowler wat onder meer die volgende beweer:

- dat hierdie soort omgaan met die Bybel kan lei tot die "sakralisering van die gesaghebbende uitleg van buite" gedurende adolessensie
- dat ontwikkeling na die volgende fase van geestelike groei bemoeilik en selfs voorkom kan word
- dat "teologie tot ideologie" kan verword
- dat die vermoë om godsdiens van binne uit te 'bedryf' die ontwikkelende mens ontnem word
- dat die kind later die Bybelverhale so goed "ken" dat dit hom verveel.

Hier wys Fowler duidelik daarop dat die verveling nie in die verhaal self lê nie, maar in die feit dat die ontdekking van die boodskap daaruit gehaal is deur 'n "te vroeë vaslegging van 'n bepaalde interpretasie" (213).

Met hierdie navorsing en die hele problematiek rondom kleuter- en kinderbybels in gedagte, is die doel van hierdie studie om:

- (a) die Bybel en ook kleuter- en kinderbybels literêr-semanties te definieer
- (b) die tekste (genoem in punt a) binne so 'n literêr-semantiese raamwerk te vergelyk en te evalueer
- (c) 'n voorlopige korrektief op die probleem rondom verwerkte tekste voor te stel.

Hoofstuk 3 vorm die spil waarom die ondersoek draai. Hier word die "volwasse" Bybel as bronteks gebruik (en wel die Afrikaanse vertaling van 1983). Hoewel die studie steun op die teologie en die ontwikkelingsielkunde, is dit nie die perspektief nie. Ook nie die gehalte van die letterkunde van die Bybel of die noukeurigheid van die vertaling vorm deel van die navorsing nie. Die onderwerp van hierdie studie raak aan verskeie dissiplines en weens sekere beperkings (tyd, ruimte, bepaalde vertrekpunt) sal daar uiteraard tekortkominge wees. Die benadering van dié studie is *literêr-semanties* en sal poog om konsepte soos outeur, teks, leser en oeuvre te omskryf. As springplank word 'n sintese tussen twee oënskynlik disjunkte dimensies aangetoon, naamlik die logiese en die magiese van 'n literêre teks. Hierdie hoofstuk sal die vorm bepaal waarin hoofstuk 4 gegiet word .

In hoofstuk 4 word kleuter- en kinderbybels binne die kader van die literêre semantiek geëvalueer. Die ondersoekmateriaal bestaan uit al die resente kleuter- en

kinderbybels in Afrikaans en Engels wat in die tydperk 1992 tot 1994 beskikbaar was.

In hoofstuk 5 word oorgesien na die kwessie van kinderliteratuur. Hier word gekyk na onder meer die kind se ontwikkelingsterreine (kognitief, emosioneel, sosiaal en moreel), sy leefwêreld, illustrasies en presies wat kinderliteratuur is. Vrae soos die volgende word aangespreek: Is die kinderbybel kinderliteratuur omdat die teks vereenvoudig, verkort en geïnterpreteer is? Indien nie, het dit dan bestaansreg in die huidige vorm? Dié afdeling van die ondersoek is ook van groot belang, veral as die eerste afdeling toon dat die kleuter- en kinderbybel nie werklik bestaansreg as Bybel het nie. As dit nie die geval is nie dan is die tekste onder bespreking in die moeilikheid.

Die slothoofstuk poeg om 'n verantwoordelike en voorlopige korrektief op die problematiek rondom die kleuter- en kinderbybels te bied. Hier sal veral gekyk word na die jongste gegewens omtrent die kind se vermoëns en die kind se religieuse belewenis. Die uitvloeisel van die bevindinge sal dien as basis vir 'n alternatiewe teks vir kinders, met die oog op die publikasie daarvan. 'n Empiriese ondersoek na die gebruik van hierdie voorgestelde alternatiewe teks word ook in die vooruitsig gestel.

Die ondersoekveld is kompleks omdat dit 'n verskeidenheid dissiplines betrek en daarby midde-in 'n teologiese debat oor Skrifbeskouing en die aard van die Skrifgesag beland het. In 'n rubriek in Die Kerkbode, "Die Bybel en sy gesag", stel dr Ben du Toit dit dat die Skrifgesag in 'n krisis gedompel is vanweë die ekstreme sienings van akademici (veral in die Bybelwetenskappe) aan die een kant en die kerk aan die ander kant. Hy pleit vir 'n nuwe benadering wat polarisering en die gevaar van skeuring kan teenwerk. Maar hy stel dit ook duidelik dat die Bybel wetenskaplik behoort ondersoek te kan word "[i]ndien daar enige waarheid steek in die eeue oue standpunt dat die Bybel gelyktydig beide Goddelike en mensewoord is..." (1995.11.03:5).

Die Bybel wil nêrens voorgee om primêr 'n historiese of wetenskaplike boek te wees nie. Die Bybel is 'n *geloofstek* wat deur gelowiges vir gelowiges geskryf is. "... it has long been read and valued by God's people ... God spoke through its human author, to teach his people what to believe and how to behave " (*New Bible Dictionary* 1988:166). So 'n teks, met 'n metafisiese dimensie, kan nie werklik sinvol geïnterpreteer word as dit net wetenskaplik hanteer word nie. 'n Geloofstek is noodsaaklik ook 'n nie-wetenskaplike benadering wat 'n wyer perspektief kan bied. 'n Bloot wetenskaplike benadering sal vir lesers wat nie-wetenskaplik-georiënteer is onaanvaarbaar wees, terwyl 'n nie-wetenskaplike

hantering van die Skrif vir wetenskaplik-georiënteerdes ewe-
eens onaanvaarbaar sal wees.

Hierdie twee benaderings behoort seer sekerlik raakpunte en
ooreenkomste te hê. Indien daardie gemeenskaplike delers
saam gegooi kan word, kan dit die beginpunt van sinvolle
gesprek en moontlike versoening wees - al sal en kan dit nie
in hierdie ondermaanse bestaan volkome wees nie.

In haar boek, *The revelatory text. Interpreting the New
Testament as sacred scripture*, bepleit Sandra M Schneiders
juis so 'n gesamentlike benadering wat sy *integrale
interpretasie* noem (1991:3). Sy wys op die twee primêre
doelwitte waarmee 'n leser of student die Bybel ondersoek,
naamlik vir *informasie* (intellektuele verligting) of vir
transformasie (persoonlike bekering) (14). Waar die lees vir
informasie wetenskaplik-gefundeerd is (hetsy histories,
literêr, psigologies of sosiologies), beskryf sy lees vir
transformasie as 'n behoorlik eksistensiële projek wat nie
in die ware sin van die woord wetenskaplik hanteer kan word
nie. "The existential pursuit in the religious sphere
belongs to the field of spirituality" (15)

Wilder pleit ook vir 'n nuwe benadering omdat die moderne
Christendom volgens hom 'n impasse bereik het. In sy boek
Theopoetic. Theology and the religious imagination wys hy op
die kloof wat daar tussen 'n eensydig rasonale en 'n
eensydig mistiese belewing van Christene is. Hy stel voor 'n

benadering wat hy noem teopoëties (*theopoetic*). "My plea for a theopoetic means doing more justice to the role of the symbolic and the prerational in the way we deal with experience. We should recognize that human nature and human societies are more deeply motivated by images and fabulations than ideas. This is where power lies and the future is shaped" (1976:2).

Hy wys daarop dat verbeelding 'n noodsaaklike komponent is vir alle vorme van diepsinnige wete en viering, vir onthou, besef, verwagting, en vir alle vorme van geloof, hoop en liefde. "When imagination fails doctrines become ossified, witness and proclamation wooden, doxologies and litanies empty, consolations hollow, and ethics legalistic" (2). Hy verduidelik breedvoerig dat realiteit nie net 'n rasionele dimensie het nie maar dat daar ook die soeke na 'n diepsinniger en mistiese ervaring van die lewe is.

In sy epiloog wys Wilder daarop dat die moderne leser die Bybel (hy gebruik die vier Evangelies as voorbeeld) as 'n verstommende samestelling van realistiese elemente, ongelooflike episodes en mitiese kategorieë kan beskou. In sy slotparagraaf betoog hy soos volg: "The Christian imagination, a theopoesis, is necessary in any time to safeguard this stature and these dimensions of reality. In their light the world today and our own theaters of action can, as in the beginning, be malleable to the Spirit" (106).

Dit wil lyk of die krisis, waarna Ben du Toit verwys, nie

soseer in die verskillende beskouings lê nie maar in die absolutistiese houding van die twee opponerende groepe. Indien hierdie pretensieuse houding gehandhaaf bly, is die kansse maar skraal dat daar ooit tot 'n vergelyk gekom sal word.

Omdat die Bybel in hierdie studie as *geloofstek*s hanteer word, sal daar na 'n sintese van wetenskaplike en nie-wetenskaplike benadering gestreef word. Wat die wetenskaplike aspek betref, word die Bybel as literêre teks hanteer en vanuit 'n literêr-semantiese perspektief beskou. Wat die nie-wetenskaplike hantering betref, word die feit dat die Bybel 'n teks is wat oor geloof handel in gedagte gehou. Dit kom sterk na vore in die afdeling oor die magiese aspek van die woord (hoofstuk 2) en in die Goddelike inspirasie en outobiografiese inslag van veral die subteks (hoofstuk 3).

Die doel van hierdie studie is enersyds om die integriteit van die bronteks (Bybel) te probeer beskerm. Andersyds het dit ten doel om sekondêre tekste (kleuter- en kinderbybels), wat aanspraak maak op die status van bronteks (Bybel), te evalueer omdat dit 'n *oningeligte* teikengroep (klein kinders) op die oog het. Die fokus sal val op die aard en inhoud van sekondêre tekste en die mate waarin hulle (literêr-semanties) van die bronteks afwyk, asook die moontlike effek van sulke tekortkominge. Daar bestaan altyd die moontlikheid dat enige sekondêre teks meer nadele as voordele kan inhou - veral in die geval van geloofstekste. Vir oningeligte kinders wat nog

nie geleer het om te evalueer en te onderskei nie, kan sekondêre informasie 'n depriverende en selfs skadelike invloed hê.

Hierdie navorsing is nie volledig of finaal nie en die korrektiewe teks wat voorgestel word, is 'n alternatief sonder om te wil voorgee dat dit die enigste oplossing is. Mag hierdie studie die leser aanspoor tot ernstige nadenke sodat hy nie in dieselfde strik sal trap nie as diegene van wie Simon Petrus skryf:

Daar is dinge in sy briewe [Paulus s'n] wat moeilik is om te verstaan. Oningeligte en onstandvastige mense gee daaraan 'n verkeerde uitleg, soos hulle trouens ook doen met die res van die Skrif, en dit tot hulle eie ondergang. 2 Petrus 3:16

Hoofstuk 2

DIE WOORD: LOGIES EN MAGIES

Daar is 'n ou Boesman-verhaal van 'n ou man wat met 'n "vrou van die hemel" getrou het. Saam met haar het sy 'n mandjie gebring wat haar man beloof het om nie sonder haar toestemming oop te maak nie. Soos 'n mens kan raai, het hy die mandjie tog op 'n dag oopgemaak. Toe die Boesman se vrou van die landerye af terugkom, het sy geweet wat gebeur het. Sy vra toe vir hom:

"My man, jy't in die mandjie gekyk. Nie waar nie?"

"Moet tog nie so 'n bohaai daaroor opskop nie!" het die man geantwoord. "Daar was in elk geval niks binne-in nie."

"Niks nie?" vra die vrou met trane in haar oë.

"Ja, niks nie," antwoord die man en hy lag.

Die vrou het huil-huil weggeloop in die sonsondergang in en verdwyn. Sy't hom verlaat - nie omdat die man sy belofte verbreek het nie, maar omdat hy nie regtig kon sien wat in haar mandjie was nie.

Dit was propvol van die pragtige hemel wat sy gekoester het vir hulle altwee om te geniet.

DIE WOORD: in die begin

*'n Spreeuwip ver
onder die knik van 'n kaaimansblom
lê 'n eiertjie vreugde,
[...]
En og og petieterig.
IN 'N TAAL PRAAT
Heengaanrefrein Wilma Stockenström*

Uit die universele folklore blyk dit duidelik dat daar van die begin af verhaal was. Lank nog voor skrif. Daardie vroegste kulture wat (om watter rede ookal) nie van die God (van Israel) se openbaring bewus was nie, het deur taal hulle omgewing verken in 'n poging om sin aan die lewe te gee. Deur dans, kuns, sang en verhale is helde vereer en groot gebeurtenisse gevier.

Konfrontasie met magte groter as die mens het ook nie agterweë gebly nie. Gou het die mens sy eie onvermoë ontdek. Daar was magte buite en binne homself wat sy lot help bestem het. Buite was daar die sterk magte: gode en geeste wat die mens ten goede of ten kwade beïnvloed het. Binne-in homself was daar twee mededingende magte: die een wat die goeie wil ondersoek en begeer, en die ander die kwade. "In the beginning there was the need to know" (*Give Them Wings. The Experience of Children's Literature* 1987:91).

Hierdie uitspraak sluit aan by die begeerte van Adam en Eva in die Bybelse gegewens om te wil weet:

Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om van te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet.

Genesis 3:6

Saxby definieer die ontstaan van (volks)literatuur só:

"When ancient man began imaginatively to explore, shape and control his environment through dance, chant, song, painting and story seeking to bring under control the inexplicable and seemingly chaotic forces about and within him, he was creating literature. Literature is man's attempt to record, explain and control experience, for as the folk tale of Rumpelstiltskin [...] indicates - to verbalise and to name is to gain power over that which is named, be it person, place, event or phobia" (*Give Them Wings* 3).

Volksliteratuur, meen Lydia Snyman, gee 'n duidelike beeld van die mens: "...nie net die mens van die outyd nie, maar op merkwaardige wyse ook van die universele mens" (1983:253). Vir haar lê die wese van die volksverhale in die uitbeelding van die primitiewe mens se basiese emosies van "haat, liefde, vrees, vreugde, ambisies, teleurstellings, vervullings" op konkrete wyse. Sy sluit aan by wat Saxby sê, naamlik: "The raw material of literature is experience of life" (*Give Them Wings* 3). Vir Snyman is daar 'n sterk verband tussen goeie letterkunde en goeie volksliteratuur. "[...] in goeie volksliteratuur het 'n mens in 'n sekere sin ook nog 'n direkte pad na die aard en wese van die letterkunde. Goeie letterkunde keer altyd terug na die mens" (253).

Die waarde en impak van goeie literatuur is uiteraard moeilik meetbaar. Saxby beklemtoon die integriteit van literatuur as dit wil aanspraak maak om waarlik literatuur te wees: "If literature has integrity - that is, if it explores, orders, evaluates and illuminates the human experience, its heights and depths, its genuinely felt response - the end product becomes an image of life, and potentially a metaphor for living" (4), hoewel hy nie "a metaphor for living" omskryf nie.

Van hierdie integriteit en "genuinely felt response" is daar genoeg bewyse in die literatuur. Dis veral in die poësie dat dit sterk vergestalt word soos in Opperman se woorde as die "Kitaarspeler":

*Die klank verklik my vreugde en verdriet,
ek vra wat elke ding my snare bied;
sal alles doen en selfs verraai
net dat 'n nuwe deuntjie in my draai.
Ag Heer, vergewe my die sondes van die lied.*

DIE WOORD: kuns

*Ken Raka, hy,
die sterk dier, ons fyn, fyn net
van die woord, waarmee ons blink en vet
visse uit baie waters haal?
Raka N P van Wyk Louw*

Soos enige ander definisie, is ook dié van literatuur (waaraan letterkundiges en ook minder kundiges hulle hand gewaag het) tyd- en kultuurgebonde. Daarby het die literatuur 'n ander dimensie, die magiese, wat maak dat die begrip *literatuur* net nie toelaat om eens en vir altyd vasgepen te word nie. En sou iemand daarin slaag om die

begrip literatuur volledig te definieer, sou dié kunsvorm nie langer op sy magiese, nie-rasionele dimensie aanspraak kan maak nie.

Tog het elke poging tot omskrywing iets van die waarheid beet. In *Inleiding in de Literatuurwetenschap* word 'n kort lysie met kenmerke van "historische definities" gegee. Literatuur is " [...] een creatie, eerder dan een imitatie; autonoom; gekenmerk door een grote mate van samehang of coherentie; een synthese van tegenstellingen; drukt het onzegbare uit" (Van Luxemburg, Bal en Weststeijn:1981: 22,23). Sedertdien het vele ander definisies die lig gesien. Met sy kripties-filosofiese opmerking: "Literature is of course a word, not a thing" sny Scholes iets van die magiese aan - weg van die eensydige, rasonale siening van die woordkuns.

Kuns is een van die welsprekendste en invloedrykste stemme in enige kultuur. Dit weerspieël nie net die kultuur se hoop, vreugdes, vrese en behoeftes nie, maar voorsien 'n unieke idiomatiek bestaande uit tekens en simbole waarin basiese behoeftes uitgedruk word. In sy boek *Theology and Literature* onderskryf T R Wright vir Paul Tillich in dié verband as hy hom aanhaal: "All arts create symbols for a level of reality which cannot be reached in any other way. A picture or poem reveals elements of reality which cannot be approached scientifically ... A great play gives us not only new vision of the human scene, but it opens up hidden

depths of our being" (1988:27).

Die kunstenaar is in staat om die mens in eerlike konfrontasie met sy innerlike te bring op 'n indirekte manier. In hierdie koeverte benadering, of ook "oblique approach", lê die trefkrag van die kuns vir Robert Short: "Art, just because of its subtlety or indirectness, has a way of sneaking around 'mental blocks' and getting to the heart of the matter where it is capable of deeply and literally 'moving' - even the most immovable - men and women" (*The Gospel According to Peanuts* 1967:13).

Hy praat van die kuns wat 'n spieël vir die kyker voorhou. "Art can also aid in penetrating man's emotional prejudices by showing him who he really is; by accurately reflecting his own pretensions, foibles, and anxieties; by setting up him a mirror where he may see his own innermost part" (1967: 14). Denis De Rougemont beskou kuns "as a calculated trap for meditation" (Short:16) - 'n raak beskrywing, veral gedagtig aan Shakespeare se woorde in Hamlet se mond:

*The plays's the thing
Wherein I'll catch the conscience of the king.*

Die spieël as simbool is verreweg nie oorspronklik nie. Reeds in Bybelse tye word die spieël gebruik om dwaasheid uit te wys soos in Jakobus 1:23,24:

Iemand wat altyd net die woord aanhoor en nooit doen wat dit sê nie, is soos een wat na sy gesig in 'n spieël kyk: hy bekyk homself, gaan van die

spieël af weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het.

In een van sy introspektiewe gedigte, "Ballade van die bouse", gebruik Van Wyk Louw ook die spieël as katalisator in die begin- en eindrefrein van 'n selfgesprek:

*Ken jy my nou?
Het jy die spieël gesien
en ken jy jou?*

In die volksliteratuur, veral in sprokies, figureer die spieëltjie dikwels. In sy Nobelprys-toespraak verwys Solzhenitsyn na 'n soort deursigtige spieëltjie: "Some things lead into the realm beyond words ... it is like that small mirror in fairy tales - you glance at it and what you see is not yourself; for an instant you glimpse the Inaccessible ... and the soul cries out for it" (Cooper *Fairy Tales. Allegories of the Inner Life* 1983:16).

Die tradisionele gebruik van die spieël word in die literatuur verruim deur 'n wyer kyk op die realiteit te gee: "This is why all real art, though at first may seem to be a most welcome escape from reality, will inevitably lead one into a face to face encounter with reality, but always with reality in a different light from which it was first seen" (Short, 1967:15,16).

Die kuns word 'n soort dowwe tweerigtingspieël waarin die kyker nie net insig in homself verkry nie, maar ook van die realiteit om hom, en selfs verder weg - iets van die "Inaccessible" waarna Solzhenitsyn verwys het.

DIE WOORD: logiese dimensie

*sódat en ópdat ons in woorde, wat
maar klank en teken is,
in ná-geskape skeppinge
die skepping van die god
déúr-dink, déúr-praat.*

ARS POETICA N P van Wyk Louw

Geen vorm van sinvolle kommunikasie is moontlik sonder die logiese dimensie nie. Die term *logies* is afgelei van die Griekse *logos*. *Logos* het weer sy oorsprong in die woord *legein* wat beteken *om te sê*. *The Westminster Dictionary of Christian Theology* (1983) definieer dit soos volg: "Logos thus means statement, narrative or discussion at any length; an argument; consideration; a mathematical ratio; or again, man's ability to use such expressions, his reason". *A Dictionary of Philosophy* (1990) definieer *logos* as "a term whose original meaning was universal law, the basis of the world, its order and harmony [...] Plato and Aristotle understood *logos* as a law of being and a principal of logic".

Waar die Griekse *logos* met sy verskeie leksikale variante in wese *rede* beteken, verwys dit in die Bybel hoofsaaklik na 'n Persoon, soos gebruik deur Johannes (1:1):

*In die begin was die Woord [logos] daar,
en die Woord was by God,
en die Woord was self God.*

Woorde is konkrete tekens en lê op die vlak van die rasionele. Dit word gegenereer deur die menslike rede en spreek dan ook primêr tot die rede. Vir woorde om

oordraagbaar en interpreteerbaar te wees, moet dit in 'n objektiewe, waarneembare vorm gegiet word. Hierdie vorm sal uiteraard gebonde wees aan tyd, ruimte, kultuur en konvensies. Hierdie vorm staan bekend as taal.

F E Deist beskou taal as "die medium waardeur konsepte verwoord word. Elke woord het betekenis en elke woordbetekenis is 'n afbeelding van 'n konsep, wat weer 'n afbeelding is van 'n 'ding' in die werklikheid" (*In mensetaal oor God se Woord* 1988:25). Hy haal ook vir Reid in dié verband aan: "Language is the express image and picture of human thoughts. The meaning of the word is the thing conceived" (25). Vir Ronald Englefield is taal "... a tool; the essential feature of which is that arbitrary symbols - words, phrases and sentences - are used to convey ideas" (*Language: Its Origin and Relation to Thought* 1977:173). In sy voorwoord verwys Ernst Cassirer na taal as "man's prime instrument of reason" (*Language and Myth* 1953:viii).

In die Weste word die rede in so 'n mate verabsoluteer dat die mens tot 'n eensydige, rasonele wese gereduseer word. Daar is die siening onder 'n sekere groep (rasionaliste) wat die menslike rede verhef en geen konsep as geldig of betroubaar aanvaar as dit nie net deur die rede voortgebring is nie. Een argument lui, volgens Deist, soos volg: "Idee en konsepte kan net bestaan en slegs waar wees vir sover dit na dinge in die materiële wêreld verwys. Idee wat

uitgespreek word sonder dat hulle geldigheid deur waarneming en induktiewe argumente uitgewys kan word, is daarom per definisie spekulatief, en daarmee onwaar" (in: *In Mensetaal oor God se Woord* 1988:24,25). Dit sou impliseer dat 'n konsep soos *geloof* heeltemal ongeldig is omdat dit buite die rasionele lê. Volgens die rasionalisme sal konsepte soos *waarheid* en *realiteit* net gedefinieer kan word op grond van wat die menslike rede daarvan kan uitmaak.

Deist wys op die gevaar van so 'n eng, materiële beskouing oor wat waarheid is, en verduidelik: "Hierdie waarheidsbeskouing berus op 'n kenteorie bekend as 'common sense realism' oftewel naïewe realisme [...]" (25). Die kortsigtigheid hiervan is nie weg te redeneer nie. Howard Rheingold beweer dat die Westerling net 'n fragment van sy intellektuele vermoëns gebruik as hy Edward T Hall, 'n analis-antropoloog, aanhaal: "[W]e in the West value one of these ways above all others - the one we call 'logic', a linear system that has been with us since Socrates" (*There's a word for it ... but it's untranslatable* 1988:107). Verder sê Hall: "Western man sees his system of logic as synonymous with the truth. For him it is the only road to reality" (Rheingold:1988:131).

In sy boek *The Living God* wys Thomas Oden ook op die tekortkominge wanneer die mens slegs op sy rede en sy sintuie steun: "Even when our sensory powers are working under the most favorable conditions, we still see the world

from quite a limited perspective" (1987:388). Lewis deel hierin as hy sê: "Five senses; an incurably abstract intellect; a haphazardly selective memory; a set of preconceptions and assumptions so numerous that I can never examine more than a minority of them - never become conscious of them all. How much of total reality can such an apparatus let through?" (Christensen, *M C S Lewis on Scripture* 1963:58).

Korrek. En tog is kommunikasie nie moontlik sonder die rasionele sy, die logiese dimensie nie. Daarsonder kan geen woordkunstenaar sê wat hy wil sê nie. Hy is onontkombaar gebind aan taal wat hy, "as hy sy skubbe werd is", op bedrewe wyse maneuvreer om orde uit die chaos, "die blom uit die baaierd" te skep. Dit is juis in die vermoë van taal om orde uit die chaos te skep, waarin die magiese opgesluit lê.

Snyman praat van die "geheimnisse van die gedig". Vir hom lê die problematiek van die interpretasie van gedigte ook nie op die vlak van die logiese nie, hoewel hy deeglik bewus is van die noodsaaklike rol daarvan. In sy voorwoord voer hy aan: "Sinsbetekenis en woordbetekenis is grammaties en leksikaal kontroleerbaar. Die probleem lê by die gebiede in 'n gedig wat *buite* die konkrete middele maar tog *deur* die konkrete taalmiddele gesê word" (*Mirakel en Muse* 1983:Vooraf). Snyman kwalifiseer dit só: "die geheimnisse van die gedig" wat "wentel om 'n paar kern-

elemente: klank (oftewel herhaling), primêre betekenis, 'n polarisasie tussen werklikheid en poëtiese gestalte, 'n interne taaldissipline wat veral die sintaksis raak, en die vermoë van hierdie dinge om in samehang 'n spanning binne die taal te skep wat as't ware die leser nooi en uitdaag tot 'n motiveerbare geïmpliseerde lesing" (27).

Hy beskou hierdie lysie as "'n koddige reeksie: logiese taaldinge wat die magiese 'bewerk' en deur 'n nuwe logiese lesing tot sintese te kom. Hierdie magiese attribuut hang direk saam met die rol van implikasie ..." (27) Om dit anders te stel: Dit is deur kunstig-gemaneuvreerde taal dat die outeur die magiese dimensie, daardie Westers-apokriewe aspek van die realiteit, ontsluit.

DIE WOORD: magiese dimensie

*Watter boom se bitter wortel,
watter beentjie van die tortel*

*sal die hart teen bose gees
beskerm en van eensaamheid genees?*

*sal die kranse en die wildepeer
tot sin en ewigheid besweer?*
WILDERNIS D J Opperman

Teenoor die sterk stroming in die Weste wat die rasonele verhef as alleengeldig in die definiëring van konsepte (veral *waarheid* en *realiteit*), kry die irrasionele aspek van die mens al groter aanhang. Hier word swaar gesteun op die

Oosterse mistisisme wat die menslike rede as struikelblok afmaak. Logiese denke word uitgeskuif – selfs verder as die periferie van normaal-menslike funksies.

Bonatuurlike ervarings, wat nie kontroleerbaar is nie, word verhef tot die absolute. Hierdie bonatuurlike ervarings wat grootliks deur die verbeelding gegenereer word, sluit onder meer in: drome, visioene, transendentale reise en ekstases wat die mens selfs in 'n beswyming kan laat gaan. Hierdie soort mistiese ervarings is erg persoonlik, moeilik verifieerbaar en daarom feitlik onaanvegbaar. Die verdediging is gewoonlik so iets: Hoe kan iemand sê of 'n ander persoon iets werklik of nie werklik ervaar het nie? Die begrippe "waarheid" en "realiteit" het volgens die mistikus geen vaste definisie of enige grense nie omdat elkeen sy eie ervaring as "realiteit" of "waarheid" beskou.

Maar dit is nie wat hier bedoel word met die magiese dimensie van die woord nie. Die logiese en magiese moet altyd hand-aan-hand gaan. As dié twee geskei word, lewer dit enersyds 'n dooie stuk informasie op of andersyds 'n anonieme soort mag wat wie-weet-watter houvas of invloed kan hê.

Die magiese dimensie van die woordkuns funksioneer wel op die vlak van die nie-rationele. Hierdie dimensie is nie so maklik definieerbaar soos die logiese nie, omdat dit buite die rede lê. Dit bly grootliks 'n misterie omdat dit deel

uitmaak van die onsienlike en bonatuurlike aspek van die realiteit. Eleanor Farjeon sien dit só: "Magic had its feet under the earth and its hair in the clouds ..." (Haviland, *V Children and Literature* 1973:209).

Die magiese gryp nie net die mens se verbeelding aan nie, maar spreek ook tot sy emosies en rede. "The author of a work of imagination is trying to affect us wholly, as human beings, whether he knows it or not; and we are affected by it, as human beings, whether we intend to be or not", sê T S Eliot (Short:1964:32).

Lewis stel dit min of meer so (volgens Christensen): "To receive what great literature offers is to exert one's 'senses and imagination and various other powers according to a pattern invented by the artist,' that is, to embrace the imagined reality conveyed by the artist in the way it was intended ... The good reader absorbs the magic evoked by the richness of style and language" (1963:48). Verder aan stel hy dit nog sterker: "... good readers [have] ... a vivid imagination which permits intuitive perception of poetic images and evokes powerful emotional responses ... [and they] are profoundly moved'. They allow literature to work its magic on them, trying not to extract meaning but rather opening themselves up to some new aspect of Reality represented in the context of art" (49). Maar al die Eliots en die Lewisse en al die ander skraap nog net die oppervlak van die magiese omdat dit soos die woord onder

meer impliseer, 'n misterie bly.

In die Oosterse denke speel die magiese 'n onontbeerlike en dominante rol. Die Indiese kultuur stel die woord as (gevaarlik) oppermagtig omdat Indiërs glo die woord was eerste daar: "As the Word is first in origin, it also has supreme power" (Cassirer:1953:48). Dit sluit aan by wat die Joodse skrywer in Johannes 1 verklaar. Farjeon parodieer Johannes se openingsreël met haar siening oor die magiese: "In the beginning Magic was everywhere and nowhere" (Haviland, 209).

Die Japannese taalfilosoof Toshihiko Izutzu wy 'n hele boek (met die titel *Logic and Magic*) aan hierdie twee belangrike dimensies van die taal, volgens Snyman in *Mirake! en Muse* (1983).

Die magiese dimensie het die vermoë om die totale mens te beïnvloed en is daarom dinamies en intiem persoonlik, maar bly 'n ondeursigtige abstraksie. Lewis praat van die mag van poëtiese taal: "This is the most remarkable of the powers of Poetic language: to convey to us the quality of experience which we have not had, or perhaps can never have ... " (57). Om hierdie dimensie hanteerbaar te maak, sou dit beskryf kan word as 'n soort MAG wat die woord het om te betower, te besweer, te verlos en te herskep.

Die magiese dimensie word in talryke gedigte in Afrikaans vergestalt. By Boerneef kom die beswerende aspek op

nostalgiese wyse na vore. "Naas die vreugde en verdriet vind die spoke en die demoniese van hierdie wêreld en die besweringsmiddele van paljas en volksgeneeskunde ook neerslag in die werk ... Toenemend kom die digterskap en die 'geringskatting' van eie versies saam met die eensaamheid in die latere bundels ter sprake en is daar telkens ... 'n daadwerklike soeke na middele om die verlatendheid te besweer, iets wat hy veral in die 'doepa' van die woord en in die rymplek as skuilplek vind" (Kannemeyer, *J Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur. Band 2* 1983:20). Hiervan is daar vele bewyse soos in sy elegiese vers oor C Louis Leipoldt:

*Langs hierdie selfde strate op hierdie einste plek
het 'n groot digter loop en slampamper
eensnaarramkietjie was sy instrument
boegoe en kanniedood sy toorpaljas
met reënboogskuim van storremsee
om krag aan die paljas te gee.*

PALLISANDRYNE

In N P van Wyk Louw se intruïtisgedig tot die bundel *Gestaltes en Diere* is daar die appassionate, "'n bede dat hy deur middel van die woord homself kan red" (Kannemeyer *Band 1* 1983:408):

*O Woord,
smal swaard en blink, my wapen in die vlug
waar alles jaag, bevrees,
voor een trots en te magtige vyand uit;*

*....
O Woord, geslote kamer vir die skoonheid klaar
gaan oop vir my dat ek my in jou red
met hierdie vrag van aardse sekerheid en pyn.*

VOORAF GESPEEL

Wat ook sterk by Louw na vore kom (soos by Boerneef) is sy

...eie beperkinge as digter. "In die bundel *Tristia* (1962) besin hy elegies oor die mens se eensaamheid en wanhoop, sy bedrog, selfbedrog en skending van kosbare dinge, sy onvermoë om volledig te ken en sy gedoem-wees - die ontoereikendheid van die taal - slegs in stof na te skryf ..." (Kannemeyer *Band 1* 1983:388).

Die hele Opperman-oeuvre is ryk aan voorbeelde van die magiese dimensie van die woord wat beswerend of bevrydend optree. Die woord word 'n soort panasee wat mens en omgewing kan verlos van die ellende en verganklikheid van die lewe. Dit word uitgespel in "Nuwe Jerusalem":

*dat alles in en om my heen in nood
reikhals na die verlossing deur my woord.*

In "Vuurbees" word mens teenoor dier gestel:

*hy maak 'n mes,
'n vuur
skep gode,
dink aan sterf,
prewel gebede
en moet beswerend teen 'n muur
van sy spelonk die buffel verf:*

Bundeltitels soos *Blom en Baaierd* en *Engel uit die Klip* verraaï iets van die magiese vermoëns van die woord. Met die woord herskep die digter. Snyman gebruik as voorbeeldskepper "... die skrywende skriba uit 'Scriba van die Carbonari' en die alchemis uit "Toorklip" wat die werklikheid deur die woord of deur die chemie omtower tot 'n nuwe fantasie-bestaan in die kuns" (*Teodoliet* 1987:151).

In "Glaukus klim uit die water" (ook Opperman) word Glaukus

'n Adamiese figuur, 'n sintese van biografiese gegewens van die digter en dié van die legendariese Glaukus. Die gedig is 'n toespeling op die Bybelse skeppingsverhaal waarin die wêreld opnuut geskep word deur die digterlike woord:

*Hy skud die skubbe en die druppels af
en lig hom teen 'n vin
dié vaste wêreld in.*

Maar altyd die ironie in 'n byna speels-volkse styl, waar die digter telkens uitkom by die "Goddelike Komiek" - die wete dat geen mens van sy onafwendbare verganklike bestaan kan ontkom nie. Die siklus "Spermutasie" stel 'n raaisel wat teen die einde wel opgelos word:

*NASKRIF
Is daar moord
en iemand skuldig?
Verken in die begin
en end die Woord.*

"Met die naskrif word die raaisel herhaal en die antwoord is onomwonde: almal is skuldig aan die moord wat gedurig gepleeg word, die digter red die skuldige deur die verlossende aksie, maar deur sy verlossende aksie word die digter skuldig aan 'n nuwe moord en so gaan die siklus nimmereindigend voort. Met die hoofletter Woord in die laaste reël van die siklus word waarskynlik verwys na die evangeliese woord in die Bybelboek Johannes, Hoofstuk 1. Maar die evangeliese woord word nou die woord van die poësie, die Logos wat die hele skepping herskep. Sodoende bekamp die poësie die monster wat geskep is, maar in sy bekamping van die monster verewig hy die monster en daarin lê die onoplosbare paradoks" (Snyman:1987:189).

Vir Wilma Stockenström is die woord die enigste redmiddel, feitlik 'n absolute. Die digteres beskryf op satiries-ironiese wyse hoe die mens nie net die skepping nie, maar ook homself vindingryk vernietig. Deur die poëtiese woord, die draer van lewe, "'n eiertjie vreugde", skep sy veral in *Heengaanrefrein* 'n splinternuwe, "leefbare" wêreld. 'n Duidelike parallel met die Bybelse skeppingsverhaal is die sesde deel in die gedig. Die slot van die gedig is 'n soort ode op die kunste, veral die woordkuns:

*en dat 'n kreet 'n woord van wonder is
soos begin wonderlik is.*

BEVESTIGING

In die Bybel word die dinamiese en lewegewende mag van die woord onomwonde gestel in Johannes 1:3,4:

*Alles het deur Hom [Logos] tot stand gekom:
ja, nie 'n enkele ding wat bestaan,
het sonder Hom tot stand gekom nie.
In Hom was daar lewe,
en dié lewe was die lig vir die mense.*

Hiermee word die skeppingsmag van die woord bevestig. Maar dit is eintlik die Woord, wat mens word (bedoelende Jesus Christus), wat die mens van sy verganklikheid kan verlos. Van die gelowiges, naamlik dié wat glo dat Christus vir hulle sonde gesterf maar weer opgestaan het, skryf Petrus in sy eerste brief (1 Petrus 1:23):

*Julle is immers weergebore,
nie uit verganklike saad nie,
maar uit onverganklike saad:
die lewende en ewige woord [Logos] van God.*

Teenoor Boerneef se "paljas", Louw se "smal swaard en

blink", Opperman se "nuwe deuntjie" en Stockenström se "eiertjie vreugde" (alles net illusies), bied die Bybel 'n sprokieagtige oplossing met sy "Lank, lank gelede ..."
(Genesis 1:1 "In die begin het God ...") tot by
"...en hulle het vir altyd en altyd gelukkig daarna saam
gewoon" soos te kenne gegee word in Openbaring 21 en 22:

*Kyk, die woonplek van God is nou by die mense.
Hy sal by hulle bly;
hulle sal sy volke wees,
en God self sal by hulle wees as hulle God.
Hy sal al die tranes van hulle oë afdroog.
Die dood sal daar nie meer wees nie.
Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie.
Die dinge van vroeër het verbygegaan.*

Openbaring 21:3,4

'n Romantiese en nimmereindigende "einde" na 'n lang
verhaal vol ramspoed en ellende.

Hoe dit ook al sy: die ingrypende vermoë van die poëtiese
woord word sonder gelyke in die Bybel aangetref. Die
skeppings- en herskeppingsmag van die woord hier is nie net
'n tydelike redmiddel of 'n illusie nie, maar word
kategoriees en as 'n voldonge feit gestel - die magiese
dimensie van die woord *par excellence* wat in die
geïnkarneerde Woord kulmineer.

Schneider wys tereg op die moontlike gevare van 'n koue,
akademiese benadering van die Bybel as Woord van God, maar
waarsku terselfdertyd teen 'n kritieklose aangrype daarvan
"... the biblical text as meaningful is the sacrament of the
word of God, that is, the mystery of divine revelation ...
The danger of magic and idolatry is not to be

underestimated, but neither should it lead to irreverent casualness in our approach to this text that represents the permanent possibility of the event of revelation in our midst" (43).

Wat veral by die lees van die Bybel in gedagte gehou moet word, is dat die mag wat die woord het nie in wese in die woord (diskoers) self resideer nie, maar in die mag van die Outeur, naamlik God. Die geskrewe woord word 'n deurtog tussen Outeur en leser. Die Bybel self stel nie die mag van die geskrewe woord gelyk aan die verlossende mag wat die geïnkarneerde Woord het nie. In die tweede epistel aan Timoteus sê Paulus duidelik dat die heilige Skrif (geskrewe, openbarende woord(e) van God) die kennis kan bybring wat tot die geloof in Jesus Christus (geïnkarneerde Woord) kan lei. Hierdie onderskeiding staan teenoor die absolute mag wat die woord in die Oosterse mistiese denke het, of sou kon hê, en ook dié in die letterkunde, veral in die poësie.

Dit is veral in die poësie, mites die Bybel waar die magiese 'n baie belangrike rol speel. Maar 'n fyn ewewig tussen die logiese en magiese dimensie is allernoodsaakliks. In *Mirakel en Muse* wys Snyman pertinent op dié balans as hy uit Izutsu se boek *Logic and Magic* oor hierdie onderwerp aanhaal. Vir Snyman is dit "veral interessant dat hy die magiese en die logiese langs mekaar stel, want dit is juis dié twee elemente wat sentraal staan in die gedig. Met te

veel klem op die een of die ander, verdwyn die gedig sienderoë. Maar met 'n delikate balans tussen die twee, is die gedig daar vir wie hom kan of wil begryp, hetsy die digter of die interpreterende leser" (1983:24,25).

Maar nog belangriker as die balans, is die wisselwerking tussen die twee dimensies. Deurdat die een op die ander inspeel, word die betekenis en die effek van 'n literêre teks bepaal. Betekenis en effek word weer (onder meer) deur die volgende literêre aspekte bewerkstellig:

- herhaling
- beelding (ironie, metafoor en simbole)
- primordialiteit
- en die simboliseringsproses.

Hoofstuk 3

DIE 'VOLWASSE' BYBEL: 'N LITERÊR-SEMANTIESE BESKOUIING

O Woord,
smal swaard en blink, my wapen in die vlug
waar alles jaag, bevrees,
voor een trots en te magtige vyand uit;
O Woord, swart klip waaroor die water stort,
swart aardse klip wat in die banke wortel
en van geen roering weet;
O Woord, geslote kamer vir die skoonheid klaar
gaan oop vir my dat ek my in jou red
met hierdie vrag van aardse sekerheid en pyn.
VOORAF GESPEEL N P van Wyk Louw

DIE 'VOLWASSE' BYBEL

MONDELINGE TRADISIE

The age-old structures of oral style bring into existence things far from ordinary ... pearls, jewels with many highlights, from which strings of beauty and truth have been made.

Marcel Jousse

Die kennis van preliterêre konvensies is van baie groot hulp by die interpretasie van 'n klassieke teks soos die Bybel. Belangrike dele van die Bybel soos die Pentateug en Jesus se lering is 'n weergawe van mondelinge of preliterêre tekste. Om sulke tekste sinvol te interpreteer, is dit nodig om na mondelinge styl en tradisie te kyk. Sonder hierdie agtergrond ondervind die moderne massamediamens met sy gesofistikeerde literêre beskouing probleme. Walter Ong skryf in sy inleiding tot *Orality and Literacy. The Technologizing of the Word* (1990:2): "It [orality] calls for wide, and even vast learning, painstaking thought and careful statement. Not only are the issues deep and complex, but they also engage our biases. We - readers of books such as this - are so literate that it is very difficult for us to conceive of an oral universe of communication of thought except as a variant of a literate universe."

Ong wys op die dinamiese eienskappe van mondelinge tradisies. Mondelinge tekste moet *gehoor* word. In die Judaïsme en die Christendom word dele van die Bybel hardop voorgelees tydens liturgiese dienste. In die Nuwe Testament herinner Paulus vir Timoteus aan sy belangrike taak van

voordraer met die woorde:

Totdat ek kom, moet jy jou daarop toelê om uit die Skrif voor te lees, te preek en onderrig te gee. 2 Tim 4:13

Vir die Jode is God 'n god wat met sy volk *praat* en nie een wat aan hulle *skryf* nie. "The orality of the mindset in the Biblical text, even in its epistolary sections, is overwhelming ... The Hebrew *dabar*, which means word, means also event and thus refers directly to the spoken word. The spoken word is always an event, a movement in time, completely lacking in the thing-like repose of written or printed word" (Ong:1990:75). Hy merk ook op dat "Jesus, the Word of God, left nothing in writing, though he could read and write" (75). En dit is hoofsaaklik deur middel van mondelinge tradisies - met hulle unieke styl - dat die God van Israel sy verhaal ontvou.

Die bindende effek wat mondelinge tekste het, is ook 'n faktor wat buite die ervaringswêreld van die moderne geletterde lê. "Because of its physical constitution as sound, the spoken word proceeds from the human interior and manifests human beings to one another as conscious interiors, as persons, the spoken word forms human beings into close-knit groups. When the speaker is addressing an audience, the members of the audience normally becomes a unity, with themselves and with the speaker" (Ong:74). Vir Ong is 'n luisterende *gehoor* (audience) glad nie vervangbaar met 'n groep lesendes nie. Want, meen hy: "[A]s each reader

enters into his or her own private reading world, the unity of the audience is shattered" (74). Die negatiewe effek is vir Ong klinkklaar: "Writing and print isolates" (74).

Maar dit is nie net kennis van mondelinge tradisies wat van belang is by die interpretasie van antieke tekste nie. Die literêre soort of genre het ook 'n funksie waarmee rekening gehou moet word.

GENRES

*An inquiry into the nature of the genres ...
ramifies out in every direction, and involves
one's attitude not merely towards literature
but also towards life.*

The New Loakoon Irving Babbitt

Genrisering gaan so ver terug soos die klassieke era waar Aristoteles onderskei tussen twee hoofgenres, naamlik poësie en drama. Later kom die epos by. En mettertyd is die skatkis vergroot soos wat bestaande literêre soorte uitgedaag en verfyn is, of daar nuwes die lig gesien het.

Charles Malan bespreek die dilemma van genre-indeling in die hoofstuk "Die literatuurwetenskap: aard, terreine en metodes" in *Gids by die literatuurstudie*. Hy wys op die verskil in benadering by die lees van 'n gedig en dié van 'n stuk prosa. So byvoorbeeld sal 'n leser, indien hy vooraf weet 'n teks is 'n gedig, nie primêr na 'n verhaalelement soek nie. Hy sê: "Dit is dus te verstane waarom kennis van genres 'n belangrike komponent van die verwagtingshorison is" (1985:23).

Genrisering in die Bybel is uiters kompleks en 'n wye verskeidenheid genres word aangetref. Ook die drie hoofgenres, poësie (Psalms, Hooglied), drama (Job) en prosa (Genesis, Rut) vind hulle tuiste binne die breër teks (Bybel). Daar is ook genres wat slegs binne die kader van die religie val, soos die profesieë (Jesaja, Hosea), die evangelies (Markus, Johannes) en die apokaliptiek (Openbaring). Maar dan is daar ook genres binne genres. So byvoorbeeld is die boek Rigters 'n verteltekst met andersoortige tekste ingebed. (Vergelyk Debora en Barak se *oorwinningslied* in hoofstuk 5 en die *fabel* oor die bome wat vir hulle 'n koning wou kies in hoofstuk 9:8-15.) Die invoeg van tekste binne 'n bestaande teks staan bekend as inbedding (Brink:1987:150). Elke onderskeie teks vertel sy eie verhaal, maar op die ou end bou almal saam aan een enkele teks. Elke boek het sy eie skrywers(s) wat elkeen nuwe lig op die totale scenario werp.

Moderne teoloë spreek die problematiek rondom genrisering aan deur Bybelse tekste anders as op die tradisionele manier in te deel. Die volgende klassifisering kom voor in die publikasie *Woorde wat van ver kom. Die literatuur van die Ou Testament* (1986) geredigeer deur Ferdinand Deist en Willem Vorster: poëtiese tekste, verteltekste, tekste met 'n (oorwegend) wysheids-, profetiese, apokaliptiese of regspektief.

Te min lesers is bewus van die rol wat genre speel. T R

Wright kritiseer lesers wat nie erns met 'n teks soos die Bybel maak nie. Hy vermaan "... those who continue to read the Bible often misread it, paying no attention to the critical problems it raises, to questions of genre and literary convention, while those who have been professionally trained in literary competence rarely opens its pages. However obvious it may seem, it needs to be said that the Bible is worth reading and that it is worth reading properly, with due attention to the literary issues ..."
(*Theology and Literature* 1988:41).

In die jare dertig skryf Paul van Tieghem in die Franse joernaal *Helicon* dat genres iets is wat reeds vasgelé is in die menslike psige: "Each emotional taste, each social or religious need is the root of a different genre which blossoms more or less happily (p 99)" (in: Dubrow:1982:86). In die inleiding tot haar boek *Genre* skryf Heather Dubrow: "[G]enre, as many students of the subject have observed, functions much like a code of behavior established between the author and his reader" (1982:2).

In die slothoofstuk van haar boek oor genres verwys Dubrow na E D Hirsch se argument oor die betekenis van 'n teks. Volgens hom resideer die essensie van 'n teks in die outeur se bedoeling, en siteer hy genre as een van die maniere waarop betekenis oorgedra word. Dit sluit aan by wat Alastair Fowler te sê het: "When we try to decide the genre of a work, then our aim is to discover its meaning" (*Kinds*

of Literature. An Introduction to the Theory of Genres and Modes 1982:38). Die kern van genrisering lê vir hom daarin dat dit eerder *identifiseer* en *kommunikeer* as wat dit *definieer* en *klassifiseer*.

Wat die Bybel betref, is korrekte genrisering van kardinale belang. Nie net die noukeurige eksegeese nie, maar ook die outoriteit van dié religieuse teks is op die spel. Die interpretasie daarvan as antologie, "a set of selections from a library of religious and nationalistic writings", sal aansienlik verskil van dié van die teks as outobiografie. Die kwessie van genrisering is op sigself heel kompleks, omdat die grense van literêre soorte gedurig verskuif en definisies aangepas moet word. Hoe moeilik ookal, moet die leser bewus wees van die belangrikste verskille, anders is 'n aanvaarbare interpretasie 'n onmoontlikheid. Byvoorbeeld: teksgedeeltes met 'n mitiese of poëtiese inslag kan nie soos 'n genealogie gelees en verstaan word nie.

Paul Ricoeur sê by implikasie in 'n artikel met die titel "Naming God", dit is deur die verskillende genres dat God benoem kan word. "The word "God" [...] presupposes the entire context of narratives, prophecies, laws, wisdom writing, psalms, and so on. The referent "God" is thus intended by the convergence of all these partial discourses. It expresses the circulation of meaning among all the forms of discourse wherein God is named" (*Union Seminary Quarterly Review* 1979 vol 24 part 4:222).

DUBBELE TEKS: suprateks en subteks

*... ons fyn, fyn net
van die woord, waarmee ons blink en vet
visse uit baie waters haal*
Raka N P van Wyk Louw

Wat die Bybel verder meer kompleks en meer uniek maak, is die feit dat wat op die oog af as die eintlike teks lyk, net 'n soort sluier, 'n "fyn, fyn net" is. Die 66 boeke met sy 40 plus skrywers bou saam aan 'n religieuse verhaal op die oppervlak, wat grootliks gefragmenteer bly omdat dit nie die essensie summier weggee nie. Elke (min of meer) selfstandige gedeelte (soos 'n verhaal, gedig, visioen of epistel) is 'n tablo in die klein wat saam bou aan 'n grootse *tableau vivant*. Byna soos 'n collage op 'n net-voorgronddoek van 'n teater. Hierdie "collage-op-'n-netdoek" is nie die werklike toneel nie, maar dien as kultureel-historiese getuie vir daardie fyn kyker wat die toneel daaragter kan of wil raaksien. Hierdie voorgronddoek (of oppervlakteks) kristalliseer in 'n ander teks onder die oppervlak wat as die subteks voorgestel word. Dit is eintlik hierdie verskuilde of versluisde subteks wat die troef vorm. Die oppervlakteks of suprateks is noodsaaklik omdat die skrywers belangrike gegewens verskaf en hulle as vleis-en-bloed-getuies van die ware outeur dien. Waar die suprateks hoofsaaklik in die logiese dimensie funksioneer en die menslike rede aanspreek, funksioneer die subteks in die

magiese dimensie wat buite-om die rede en die sensoriese lê, maar nietemin teenwoordig is.

Suprateks of subteks: alles is uiteindelik *Logos*sentries. En elke onderdeel werk mee aan een grootse geheel waarin God sy Goddelike wil en wese aan die mensdom openbaar.

SUPRATEKS: mities-poëties

Die *mities-poëtiese* aard van hierdie teks is 'n sterk bindende faktor wat ook die integriteit en uiteindelik die outoriteit daarvan help substansieer. Gabel en Wheeler waarsku teen beide 'n letterlike en historiese lesing van die Bybel. "[T]he Bible cannot be read as a book of history - not at least as a book of history in the modern sense ... When they [Hebrews] told their stories of the past, they did so not for the sake of the past, but of the present - their present, of course" (*The Bible as Literature* 1986:45). Hierdie siening is ewe geldig vir al die ander historiese gedeeltes in die Bybel, meen Gabel en Wheeler.

Om die Bybel bloot as geskiedenis-handboek te probeer lees, is buite orde. Die Bybel is nie bedoel as 'n joernaal nie, hoewel historiese gebeure aan te tref is en as belangrike getuie en agtergrond dien. Gabel en Wheeler vra die leser om nooit te vergeet nie dat die Bybelse skrywers die geskiedenis as iets in diens van iets anders beskou het. "In their conception, the truth of an event was not in the fact of its happening but in what it signified. To expect

the Bible to tell us 'what really happened' is to expect something that its writers never designed it to tell" (52).

Alter en Kermode wys op die poëtiese aspek van die Bybel wat in ag geneem moet word: "There is a distinctive poetics informing both biblical narrative and biblical poetry, and an understanding of it will help us in many instances to make plain sense of a puzzling text instead of exercising that loose and derivative mode of literary invention that goes under the scholarly name of emendation" (*The Literary Guide to the Bible* 1987:27).

'n Mities-poëtiese lesing werk die gevaar van 'n letterlike en simplistiese interpretasie van die Bybel teen. En dit wil nie impliseer dat 'n letterlike betekenis nie ook geldig kan wees is nie. Daarby moet hierdie twee aspekte (mities en poëties) nie as teenoorgesteldes beskou word nie. Mites en poësie het gemeenskaplike kenmerke. So byvoorbeeld kan mites ryk aan simbole en ironie wees, terwyl poësie op sy beurt ten diepste religieus en verhalend kan wees.

Mities

Mites is religieuse verhale waarin die verhouding en gebeure tussen gode, mense en die natuur die kern vorm. Bruno Bettelheim ('n sielkundige wat 'n diepgaande studie van volksliteratuur en die kind gemaak het) beskryf mite so: "The myth presents its theme in a majestic way; it carries spiritual force; and the divine is present and is experienced in the form of superhuman heroes [gods] who make

constant demands on mere mortals. Much as we, the mortals, may strive to be like these heroes, we will remain always and obviously inferior to them" (*The Uses of Enchantment. The meaning and importance of fairy tales* 1976:26). In die hoofstuk oor volksliteratuur verduidelik Lydia Snyman mites so: "Veral in die verhale van die gode het die primitiewe mens vir hom die wondere en raaisels van die aardse bestaan verklaar en aanvaarbaar gemaak" (1983:270).

Mites vorm deel van volksliteratuur, terwyl volksliteratuur weer deel van folklore uitmaak. Teenoor ander vorme van volksliteratuur (sprokies, legendes, fabels, sages) handel mites net oor religieuse kwessies. Mites is tipies van sekere antieke volke (soos die Mesopotamiërs, Babiloniërs, Egiptenare, Romeine en Grieke) wat – omdat hulle mitevormend is – as mitopoëties beskryf kan word. Deur hierdie verhale word veral kosmiese kwessies ondersoek en (probeer) verklaar.

Onderwerpe wat algemeen voorkom, is onder meer die ontstaan van mens en wêreld, die groot vloed, die mens en gode in konflik, en die redding wat gaan kom. Alles word op verbeeldingryke manier beskryf. "There is a universality of certain themes and motifs running through the mythologies of all cultures, even though these are found among peoples living in different parts of the world and developing at various points in history ... [A] logical thesis is that the basic nature of man, wherever and whenever he exists, gives

him the need to ask and answer the same questions relating to the tangible and intangible, the visible and invisible" (*Mythologies of the World: A Concise Encyclopedia* 1979:xii).

Literêr gesproke, kan die Hebreërs ook as 'n mitopoëtiese volk bestempel word, en die Bybel as mities. Nie 'n mite *per se* nie, maar mities in dié sin dat dit sterk ooreenkomste met mites toon. Die doel is ook nie om die Bybel in dieselfde lig as heidense mitologieë te hanteer of te interpreteer nie. Wat die mitiese aspek van die Bybel betref, dui dit primêr op 'n religieuse *verhaal* waarin diepgaande lewensvrae aangespreek word.

Vir Frye beteken mite ook eerstens *verhaal*. Die woord *mite* kry sy oorsprong van die Latynse *mythos* wat primêr "plot, narrative, or in general the sequential ordering of words" beteken (*The Great Code. The Bible and Literature* 1983:31). Volgens Aristoteles beteken die term *mythos* ook intrige, die organisering van gebeure tot 'n betekenisvolle geheel met 'n begin, middel en slot. Wright onderskei die konsep *intrige* van *verhaal* soos volg: "It is an imposition of an order of events, departing from straightforward chronicity by selection, omission and other narrative devices, which distinguishes 'plot' from the raw material of 'story' in the modern narrative theory" (86).

Frye ken egter ook die algemene gebruik van die woord *mite* - naamlik 'n verhaal wat nie-histories gefundeer is nie - aan

die Bybel in die algemeen toe. Lewis verwys ook na die mitiese aspek van die Bybel, maar nie in dieselfde sin as wat Frye dit bedoel nie. Vir Lewis beteken mite ook nie die simboliese voorstelling van nie-historiese waarhede soos dr Niebuhr daarna verwys nie. Hy gebruik die term soos wat Sokrates dit gebruik, naamlik "an account of *what may have been the historical fact*" (Christensen:65). Verder wys hy daarop dat mite vir hom nie beteken leuen, fout, illusie of geskiedenis wat misverstaan is nie (82).

Die mens is altyd op soek na 'n mite soos, blyk uit die oeuvre van Etienne Leroux, wat ook sterk mities-poëties is. In die publikasie *Tussengebied* stel hy dit só: "Die mens kan eerder sterf van honger, maar sonder sy mite kan hy nie klaarkom nie" (1980:12). Saxby wys ook die noodsaaklikheid van mites uit in die hoofstuk "The Wonder of Myth and Legend". Hy meen dat mites as modelle dien vir menslike gedrag, wat help om betekenis en waarde aan die lewe te gee (*Give Them Wings* 121).

Die mens se ewige soeke na 'n mite word ook bevestig deur Amos Niven Wilder in sy boek *Theopoetic. Theology and the religious imagination*. Hy beweer: "Our myths whether recognized or not are what animate and direct us: they face us this way or that; they open and close horizons... Even the scientific humanist has his myth, the supposition about the world that like a lens focuses and limits what he sees" (1976:78).

Wilder sê met stelligheid dat die mite nie dood is nie en nooit kan sterf nie. Die mite van die moderne wêreld – ook die Christendom – mag wel in 'n krisis verkeer. Maar daarvoor is daar 'n oplossing: "And the crisis of myth may safely be left to the irresistible prodigality of the Spirit which ever and again empowers the imagination of an age and of the church, bringing forth things new and old" (1976:93). Wilder beweer dat die Nuwe Testament vol voorbeelde van mitopoëse is, "... mythopoesis, of mythical dramatizations of the course of the world" (79).

Die verhaal van die Bybel is ook vir Lewis mities omdat dit veel meer as historiese verwysings bevat. Volgens hom vergestalt mites op verbeeldingryke manier universele realiteite. Lewis gebruik die voorbeeld van die verhaal van Job, Jona of die Sondeval en sê: "[T]hough it may be based on historical fact, it contains more universal truth as myth than can possibly be stated in any purely literal understanding ... The Reality embodied in myth cannot be adequately defined, put into words, or grasped by intellect. It must be imagined or experienced" (68,69). Lewis wys op die beperkings wat 'n suiwer letterlike interpretasie van die Bybel kan hê.

Die uitwerking wat mites op die hoorder het, is dié van verwondering, betowering en inspirasie, volgens Lewis. Die magiese dimensie speel hier dus 'n bepalende rol. Die beelde

wat deur mites opgeroep word, registreer in die onderbewussyn. Op dié wyse kan die realiteit ervaar en ewige waarhede gesnap word, wat die intellek op sy eie nie sou kon hanteer nie. "Myth enables us to synthesize what discursive reason would show to be contradictory" (Christensen:69). Wat Lewis indirek sê, is dat mites nie aanspraak kan maak op feitelike juistheid nie, hoewel dit op feite kan berus. Nêrens doen Lewis hom as apologeet voor ten opsigte van die feitelike korrektheid van die Ou Testament nie. Maar oor die historisiteit van die karakters en gebeure in die Nuwe Testament het hy geen twyfel nie.

Die Inkarnasie is Mite wat Feit geword het, sonder dat die mitiese element verdwyn. Die Woord wat Mens geword het, het beide God en Mens gebly. Daar is verskeie mites waarin die gode menslike gestaltes aangeneem het. Wat is die verskil tussen heidense mites en dié van die Christendom? Of die heidense mites is in wese demonies en funksioneer as 'n teenhang vir die Goddelike inkarnasie, of dit is 'n floue voorspelling vir God se majestueuse openbaring in Christus. Lewis kom tot dié slotsom: "Pagan myths, motifs, and rituals were noble yet inadequate vehicles of divine revelation - distorted reflections of the real thing". En hy verduidelik sy stelling in sy opstel oor "Myth Became Fact" só: "[W]e pass from a Balder or Osiris, dying, nobody knows when or where, to a historical Person crucified ... under Pontius Pilate" (Christensen:81).

Goddelike inkarnasie is die huwelik tussen hemel en aarde waarin die volmaakte Mite en die volmaakte Feit in volmaakte sintese verenig en verewig word. Hierdie Feit-geworde-Mite kan gesien word as die hoogste Middel(aar) deur wie God hom geopenbaar het.

Hoewel die mite ooglopend verhalend is, lê ten diepste die kwessie van hoe die mens moet leef. En hierdie vraag word saamgevat in die een enkele opdrag, soos oorgedra deur Moses (Deuteronomium 6:4) en later verder gekwalifiseer deur Jesus Christus in Matteus 22:37:

"'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."

Poëties

*Laat die vers 'n sleutel wees
om 'n duisend deure oop te sluit.
[...]*

*Die digter is
'n kleine god.*

ARTE POÉTICA Vincente Huidobro

Die spanning tussen teologie en die lettere is eeue oud. Dit is veral in die afgelope paar dekades dat die (literêre) woord as die ware verlossingsmiddel gekroon word. T W Wright verwys in sy boek *Theology and Literature* na I A Richards wat sê dat die mens ou religieë moet afskud en hom tot die poësie wend, "which 'is capable of saving us'" (1988:5). Wright gebruik Jesus as voorbeeld van iemand wat vryelik van literêre middele gebruik gemaak het: "His teaching too

took the form of parables, of striking paradoxes and challenging metaphors. Jesus ... is presented by Mark as forever admonishing his disciples for their narrowly literal understanding. The Bible itself ... assumes literary form, employing narrative, metaphor, symbol and paradox in order to explore the truth. Christian poetics can therefore feel confident that it is not a peripheral part of theology" (1988:6).

Gabel en Wheeler beweer dat ongeveer een derde van die Ou Testament poësie is. Maar waarom is dit dan 'n verborge feit? Dié twee se verklaring lê in die feit dat "... Hebrew poetry has no formal device like our rhyme to mark the ends of lines and because its meter (or, more properly, rhythm) is too fluid to settle into patterns that would unmistakably announce the presence of verse" (1986:37). Dit is nie die uiterlike vorm (byvoorbeeld tipografie, rym) wat 'n teks poëties maak nie, maar die innerlike (soos beelding, woordekonomie). Dit is veral die geval met die Ou Testament. Ter staving haal Gabel en Wheeler vir biskop Robert Lowth, 'n agtiende-eeuse skrywer, aan: "The key to Hebrew poetry, he found, is that it is a structure of *thought* rather than of external form and that a Hebrew poem is composed by balancing a series of sense units against one another according to simple principles of relationship" (37). Ricoeur voel sterk oortuig van die "revelatory power of poetic language" ("Naming God":225). Volgens hom, breek

poëtiese taal weg van die alledaagse taalgebruik en open dit 'n nuwe wêreld, naamlik die wêreld van die teks wat aan die leser die geleentheid bied om homself te ontdek en sy eie potensiaal te ontwikkel. "In *this* sense, religious language is poetic language" (225). Hy beklemtoon ook die feit dat "poëtiese" nie na die literêre genre *poësie* verwys nie. Maar dat al die literêre genres van die Bybel saam poëtiese taal is omdat dit tot 'n nuwe begrype van die self lei.

Maar religieuse taal is nie bloot poëties nie. Ricoeur kwalifiseer dit verder as hy praat van religieuse taal as 'n baie spesifieke en unieke soort poëtiese taal. Hy maak die volgende onderskeiding: "What differentiates it is precisely the naming of God" (225).

'n Poëtiese lesing van die Bybelse teks beteken dus nie dat die teks as 'n *gedig* in die konvensionele sin van die woord geïnterpreteer moet word nie. Waar die mitiese aspek 'n noue verwantskap met die logiese dimensie aangaan, lê die poëtiese aspek nader aan die magiese. En wat hier ter sprake is, is daardie literêre aspekte wat die betekenis en effek van 'n (goeie) gedig help bepaal, soos uitgewys deur Snyman in sy oeuvre-studie oor Opperman:

- herhaling
- beelding (metafore, simbole en ironie)
- primordialiteit
- en die proses van simbolisering.

HERHALING

*Man is the greatest mimic of all animals
and it is by mimicry that he acquires his*

earliest knowledge.

Aristoteles

Hoewel die mens nie gelyk is aan 'n dier of hy sy vroegste kennis net deur nabootsing opdoen nie, steek daar tog waarheid in wat Aristoteles sê. Herhaling is 'n onontbeerlike boumiddel van enige goeie teks, hetsy mondeling of literêr. Dit sluit in die herhaling van klanke, woorde, frases, sinne en temas. Die bekoring van 'n klankryke teks en sy magiese effek is nie te betwis nie.

Dit is juis die logiese dimensie van herhaling wat heeltemal onderskat word. Meer nog: te lank is op die praktiese funksie van herhaling neergesien. Jousse verwerp saam met Fillion en Ermoni die siening dat groot dele van die Nuwe Testament as stilisties swak beskou word, omdat die skrywers dan oor en weer sou leen of te dikwels herhaal. "But, we are told, 'the style of Saint Jude is better, more elevated. *It is less repetitious.*'" (*Oral Style* 1990:157).

Jousse haal vir Fillion verder in dié verband aan: "... how could it fail to have been observed that these repetitions are intentional, and that they have as their obvious aim to reinforce the thought [by assisting memory, like the mnemotechnical devices of the Aramaic, Hebraic etc ...]" (157). Hoewel mondelinge tradisie op verskeie stylmiddele steun, is herhaling seker dié belangrikste.

Walter Ong is dit eens met Jousse oor die belangrike rol wat geheue in mondelinge tradisies speel. Hy sê: "In an oral

culture, restriction of words to sound determines not only modes of expression but also thought processes ... You know what you can recall" (Ong:33).

Om mondelinge tekste suksesvol te kan bewaar om later weer op te roep, is beproefde mnemoniese tegnieke nodig. "In primary oral culture, to solve effectively the problem of retaining and retrieving carefully articulated thought, you have to do your thinking in mnemonic patterns, in repetitions or antitheses, in alliterations and assonances, in epiphetic and other formulary expressions, in standard thematic settings ... in proverbs which are constantly heard by everyone so that they come to mind readily and which themselves are patterned for retention and ready recall, or in other mnemonic form ... Mnemonic needs determine even syntax" (Ong:34).

Een van die klassieke voorbeelde in die Bybel van herhaling van klank, woorde en frases word gevind in Genesis 1 en in Johannes 1 (hier deur Jousse getranskribeer):

In the beginning 'Elôhîm created
the samayîm and the 'érés;

And the 'érés was a tohú
and a bohú and a hosék on the surface of the tehôm;

And the Ruâh of 'Elôhîm
moved on the surface of the mayîm.

And 'Elôhîm sent his Word: "Let there be light!"
and there was light.

(Onderstropping: JW d T)

Jousse lê veral klem op woorde wat herhaal word. Hy noem dit

clamp-words (ook *link-words*) wat nie net bydra tot die kohesie van 'n mondelinge teks nie, maar wat ook evokatief funksioneer. "Sometimes, as we already saw ... in the biblical recitation of the Creation, the same word or sound can appear at the beginning of a recitative, and reappear at the end of that recitative, so as to set another frame ..." (200). 'n Baie ooglopende voorbeeld is die gebed wat Jesus Christus vir sy dissipels leer in Matteus 6:9-13: "The recitatives of the 'Our Father' which can in no way be avoided when one re-transfer-translates the text back into Aramaic" (200).

'n Ander vorm van herhaling wat volop in die Bybel (veral die Ou Testament) voorkom, is parallelisme. Hier word twee sake of style naas mekaar gestel waarin balans bewerkstellig word. Soos byvoorbeeld in Prediker 1:4:

*Geslagte kom en geslagte gaan,
maar die wêreld bly altyd dieselfde.*

Waar parallelismes gebruik word, verloop die ontwikkeling van 'n tema siklies. J J Burden verduidelik in sy hoofstuk "Poëtiese tekste": "Die Ou-Testamentiese poësie verloop soos 'n dans waarin herhaling dien om die tema en variasies te ontvou. Die tema ontwikkel siklies sodat dit soos die lyn van 'n sirkel weer by dieselfde punt uitkom. Die gedagtegang word nie stap vir stap soos in argitektuur opgebou nie, maar konsentries 'like a piece of music in which the same theme is repeated over and over again each time with slight

variations of mood and key, each time expressed differently', soos Drijvers dit uitdruk" (*Woorde wat ver kom* 49).

Burden maak hierdie sikliese lesing net van toepassing op die (tradisioneel) poëtiese passasies in die Bybel waarvan die Psalms die voor-die-handliggendste is. Maar die een hooftema van die Bybel - die skep van orde uit chaos - ontwikkel ook op hierdie manier, dit wil sê siklies, omdat chronologie en sisteem nie hier die primêre rol speel nie.

In die tradisionele mondelinge styl kan *ritme* by herhaling ingereken word. Elke taal het sy eie ritme. Die Hebreëuse *metûrgamâns* het van ritmeskemas gebruik gemaak om hulle volksgeskiedenis van geslag tot geslag oor te dra. Wat die moderne retoriek as epiese poësie bestempel, is in wese geskiedenis vir 'n mondelinge gemeenskap. "[I]t is history before the historians" (Jousse:136). Ook die wetgewers van ouds het hulle wette in ritmeskemas verwoord. "Before writing was known ... the laws were sung [were rhythmically recited] *in order not to be forgotten*, as they are still sung today among the Agathyrse" (Jousse:136). Jousse verwys ook na die passasie in Deuteronomium 32:1-43 as "one of the most magnificent recitatives of which the Pentateuch is made up, *historical* recitations and not *hymns* or *poems*, as the Reverend Pérennes (9) and M. Devimeux call them" (136,137).

Dit is 'n taamlike lang lied en begin so:

*Hoor, hemele, ek praat,
luister na my woorde, aarde!
My onderrig kom na julle toe
soos reënwater,
my woorde verkwik julle soos dou,
soos sagte reëns op die grassies,
soos reënbuie op die graan.*

Deuteronomium 32:1-2

Hierdie gebruik van ritmeskemas (vir wette en die geskiedenis) geld nie net vir die Ou Testament nie, maar ook vir die Nuwe. Die kerkvader Hiëronimus is van mening dat die bronteks van die Nuwe Testament oorspronklik in Aramees oorvertel is en met die boekstaving eers in Grieks omgesit is. Maar onder hierdie styl "we rediscover that Palestinian milieu ... so similar to the Arabic milieu in which the rhythmic schema 'is a kind of common currency'". Jousse meen dit is nie so 'n groot oordrywing nie om te aanvaar dat die Palestyne, soos die Arabiere, "most commonly expressed themselves in [rhythmic schemas] and that harmony determined their thoughts" (157).

Met hierdie algemene verskynsel (ritmeskemas) in die Semitiese tale is dit ook nie verbasend nie dat so 'n groot verskeidenheid *mêturqamân* van veral die Ou Testament hulle boodskap op klankryke en ritmiese wyse uitgedruk het.

"Fishermen from the Sea of Tiberias, young maidens from Nazareth, old men from Jerusalem, old priests of the Temple - a whole nation improvised rhythmic recitatives so beautiful that even their colourless unrhythmical translations still, even from a purely literary point of

view, command admiration of the greatest geniuses"
(Jousse:158).

BEELDING

Die hele verskynsel van beelding vorm uit die staanspoor 'n bindende faktor. Van die vernaamste in poëtiese tekste is metafore, simbole en ironie. Daarsonder is werklik goeie kuns ondenkbaar. Waar daar vir literatoure soos Gabel en Wheeler geen of weinig eenheid in die Bybel is, baseer Northrop Frye 'n groot deel van sy bekende werk oor die Bybel, *The Great Code*, op sterk bindende faktore wat hy identifiseer as "a unified structure of narrative and imagery" (1983:xi).

Metafore

Die kwessie van metaforiek word in die afdeling oor die subteks meer breedvoerig behandel. Metafore in die Bybel is baie volop en word op verskeie vlakke gebruik. Deur hierdie vorm van literêre beelding kan die leser 'n kenbare, konkrete voorwerp oproep waarmee 'n abstrakte konsep of waarheid verduidelik word. So byvoorbeeld word God se geliefde volk met 'n wingerd vergelyk (Jesaja 5). Die geliefde volk en die wingerd toon die een of ander ooreenkoms en het 'n soort gemene deler. In die geval van 'n wingerd sou 'n mens kon sê dat dit 'n waardevolle besitting is wat gereeld bewerk moet word sodat dit vrugte kan dra. Metaforiese beelde het die inherente vermoë om abstrakte konsepte konkreet uit te beeld deur middel van 'n visuele

voorstelling. Dus is metaforiek in wese eksegeties. Snyman beskryf metafore as self-eksegeties.

Simbole

*Elke mite word gekenmerk deur sy simbole.
Die Mugu Etienne Leroux*

Die woord *simbool* is afgelei van die Griekse *symbolon* wat *merk, aanduiding of teken* beteken. Simbole is konkrete voorwerpe, waarneembaar deur die vyf sintuie en wat as teken of aanduiding vir abstraksies dien. Waar metafore eksegeties funksioneer, werk simbole indikatief. Simbole verleen toegang tot die ryk van die onsienlike en die bonatuurlike. Cirlot sê simbole " ... links the instrumental with the spiritual, the human with the cosmic, the casual with the causal, disorder with order, and since it justifies a word like *universe* which, without these wider implications, would be meaningless, a dismembered and chaotic pluralism; and finally ... it always points to the transcendental" (*A Dictionary of Symbols* 1978:xiii).

Die strik waarin die moderne leser (veral van die Weste) alte maklik en alte dikwels trap, is die tendens om simboliek tot die wêreld van die verbeelding (bedoelende nie-waarheid) uit te rangeer. René Guénon wys op die foutiewe aanname dat 'n simboliese interpretasie dié van 'n letterlike of historiese betekenis uitsluit. So 'n siening kom neer op kortsigtigheid en onkunde betreffende (wat hy noem) "the law of correspondences" (in Cirlot:xiv). Mircea

Eliade waarsku teen dieselfde gevaar: "[F]or it must not be thought that a symbolic connotation annuls the material and specific validity of an object or action. Symbolism *adds* a new value to an object or act, without thereby violating its immediate 'historical' validity" (in Cirlot:xiv).

Die Romantici, meen Wright, hanteer die natuurlike wêreld as 'n openbaring (in Coleridge se woorde) "... celebrating 'the translucence of the Eternal through and in the Temporal'. insisting that 'it [the symbol] always partakes of the Reality which it renders intelligible'" (1988:14).

Vir Lewis is daar ongetwyfeld 'n ooreenkoms tussen die natuurlike en bonatuurlike. Hy praat van die aardse as 'n dowwe afskynsel van die hemelse en noem dit *shadowlands*. Verder sê hy: "One of the functions of the natural world, it seems, is to furnish symbols that point to spiritual reality. Nature supplies the substance for myth; God supplies the meaning" (Christensen:80).

Wat simbole in die Bybel betref, hoef die leser werklik nie ver te gaan soek nie. Reeds by die aanvang is daar die boom in die Paradys wat 'n deurlopende rol speel tot by die boom in die tuin van die Nuwe Jerusalem. So ook speel kos (in die oervorm van vrugte) 'n sentrale rol, wat aan die einde in 'n hemelse feesmaal kulmineer. Verder is simbole volop in die Bybel soos stad, berg, rivier, klere, olie, brood, wyn, skape, bruid, lam en slang wat enduit 'n rol speel.

Simbole het die voordeel dat dit op verskeie vlakke geles kan word en dat dit met elke lesing 'n nuwe betekenis of nuanse kan bykry. So kan die boom, die vrug, klere en slang in die skeppingsverhaal as letterlik en/of simbolies gesien word. Al die simbole bou saam aan 'n volledige scenario. Van al die verskillende vorme van beelding is simbole seker die veelsydigste. Een enkele oeroue simbool, soos die slang, kan verskeie interpretasies hê. Volgens De Vries se *Dictionary of Symbols and Imagery* (1984) kan die slang simbolies wees van die bese, die goeie, lewe of dood. Wat van deurslaggewende belang is by die interpretasie van simbole is die konteks.

Die boom is ook inderdaad een van die belangrikste simbole in die Bybel. Reeds in Genesis 2 is die boom die spil waarom die verhaal draai. Dis bome wat aan die eerste mense kos sal verskaf, met ander woorde: die boom lewer die produk wat lewe gee. Twee bome word uitgesonder, naamlik die boom van alle kennis en die boom van die lewe. Hierdie twee bome dra die unieke kenmerke van die transendentale God. Dit blyk dat dit hierdie twee eienskappe is wat God vir die mens as *geskenk* bedoel het. Hy wou dit op sy tyd en manier aan die mens *gee*, en wat die mens toe wederregtelik *gevat* het. Die gevolg was fataal. Wat as 'n *seën* bedoel was, het 'n *vloek* geword.

Die betekenis van die boom as oersimbool is ook uiteenlopend. Dit kan dui op kosmiese lewe, oorwinning oor

die dood, onsterflikheid, die mense as mikrokosmos, poësie, skoonheid, wysheid, geregtigheid en 'n voorwerp van toevlug. Die *Dictionary of Symbols and Imagery* beskryf ook die boom as iets wat dui op 'n offer, verlossing of straf. In Christelike kuns word die kruis waaraan Jesus hang dikwels as 'n lewende boom voorgestel. Daar is egter ook 'n oorvleueling van simbole en metafore. Die boom kan ook as metafoor vir die gelowige mens gebruik word, soos in Psalm 1, waar die gehoorsame mens met 'n gesonde boom vergelyk word:

*Dit gaan goed met die mens wat nie die raad
van die goddeloses volg nie ...
Hy is soos 'n boom
wat by waterstrome geplant is ...*

In Deuteronomium 21:22,23 is daardie mens wat aan 'n paal hang, vervloek. Die Engels gebruik die term *tree*:

*[A]nyone who is hung on a tree
is under God's curse.*

Vergelyk hier Absalom, Dawid se verraaier-seun, se groot penarie waar sy muil onder deur 'n akkerboom geloop en sy kop in die boom vasgehaak het. Daar het hy "tussen hemel en aarde bly hang". Wat 'n heel komiese toneel kon gewees het, het in een van die gruwelikste moorde ontaard. Joab, een van Dawid se bevelvoerders, het hom met drie spiese deur sy hart gaan steek:

*Toe het tien wapendraers van Joab nader gestorm en
Absalom heeltemal dood geslaan. 2 Samuel 18:15*

Die vloek het hom meer as dubbel en dwars getref.

In die Nuwe Testament dra Jesus Christus die vloek aan die kruis wat 'n "dooie" boom is. Hierdie vloek word opgehef deur die dood. Dié dood bring seën (die ewige lewe) vir diegene wat aan die betekenis van hierdie simbole glo en 'n vloek (ewige dood) vir hulle wat dit verwerp. Daar is 'n direkte verband tussen boom, seën en lewe.

Die boom van die lewe speel weer 'n baie prominente rol aan die einde van die Bybel. Die boodskap wat Johannes aan die gemeente in Efese moet bring, lui só (Openbaring 2:7):

*Aan elkeen wat die oorwinning behaal,
sal Ek te ete gee van die boom van die lewe,
wat in die paradys van God is.*

En die visioen wat Johannes oor die Nuwe Jerusalem gekry het, gee aan die boom 'n sentrale posisie (22:2):

*Tussen die hoofstraat van die stad aan die
een kant en die rivier aan die ander kant
staan die boom van die lewe. Hy dra twaalf
keer per jaar vrugte: elke maand lewer hy sy
vrugte. Die blare van die boom bring genesing
vir die nasies.*

En net die volgende vers bevestig dat niks (ook nie die boom) meer deur God vervloek sal wees nie. Weer eens kan die boom as letterlik en/of simbolies gesien word.

Geen verhaal kan sonder sy simbole nie. 'n Verhaal sonder simbole is arm en ontrou aan die lewe self. Cirlot beskryf simbole *proprie* in die inleiding tot *A Dictionary of Symbols* as 'n "dynamic and polysymbolic reality, imbued with emotive and conceptual values: in other words, with true life" (1978:xi).

PRIMORDIALITEIT

Poëtiese tekste van 'n ernstige aard het altyd te make met skepping en herskepping. Dit is by uitstek dié wesenskenmerk van die *logos*. Die skep en herskep van die woord is kenmerkend van digters van formaat, onder andere Van Wyk Louw, Breytenbach, Stockenström en Opperman. Hierby kan Leroux se naam gevoeg word omdat sy oeuvre ongetwyfeld 'n sterk poëtiese inslag het.

Die mensdom strewe (bewus of onbewus) na volmaaktheid, 'n paradys, wat elkeen vir homself vooropstel. Elke ware kunstenaar is dan ook besig met hierdie soeke na die volmaakte - 'n teruggrype na 'n paradyslike bestaan met sy oer-skoonheid en oer-onskuld. Snyman verduidelik die konsep primordiale aan die hand van N P van Wyk Louw se groot gedig "Die Swart Luiperd" waarin die digter verlang na 'n primordiale wêreld van onskuld en skoonheid. "Die primordiale wêreld, dit wil sê die fundamentele en rudimentêre wêreld, die onverwikkelde eenvoud, die oorspronklike skepping, dié sluit in sigself en straal sy eie skoonheid uit" (ongepubliseerde opstel "Hermafrodiet - Die Primordiale Aard van die Gedig":1).

Marthinus Versfeld skryf die mens se tragedie toe aan integriteit wat verlore gegaan het deur sy verkeerde keuse: "Man as self-conscious is fragmented man. When he became as God, knowing, he became divided from himself, from his God and from his garden. There was a barrier of figleaves

between him and his wife. Right and wrong began to plague him. The knowledge by which he knew himself was not the Logos ... We are committed to a desire and pursuit of the whole, in which we seek to recapture our original integrity" (*Our Selves* 1979:3).

Wat woordkunstenaars ookal doen of sê, bly die ideale toestand waarna elke mens strewe net 'n illusie, 'n mirage. 'n Soort belewing van hierdie paradyslikheid is wel moontlik deur die magiese dimensie van die woord, waarin die mens met sy pynlike *wete* en *skuld* oplos. Maar ongelukkig is hierdie *oplossing* baie kortstondig. Die menslike rede herinner hom aan die onontkombare realiteite van die lewe. Snyman meen: "Die tragiese ironie van die skeppingsdaad [van die kunstenaar] is dat dit die *wete* meebring, en deur die *wete* (die Bybelse kennis van goed en kwaad) word die *onskuld* verwoes" (Opstel:1).

Die mens is en bly skuldig aan die skending van hierdie wêreld met 'n gebrokenheid waaraan hy nie kan ontkom nie. Opperman beeld hierdie menslike tragedie uit in die siklus "Spermutasie". Die voorskrif vir dié "speursprokie" lui so:

*Lees dié woord
geduldig.
Is daar moord,
en iemand skuldig?*

In die sewe gedigte wat hierop volg, word die mens met sy sogenaamde kennis en ontwikkeling totaal ontluister (deur van mitologiese gegewens gebruik te maak). Die slotsom

waartoe die digter kom, is dat die mens bepaald skuldig is aan die verwoesting van die wêreld - selfs vandag nog en dit onder die vaandel van vooruitgang:.

*dié bleek aardbol
is swart aangebrand,
'n ingeduikte
aluminiumkastrof.*

HERMES

En hierin resideer die ironie van die mens se bestaan: hoe meer hy probeer om terug te keer na 'n primordiale bestaan, hoe verder beweeg hy daarvan weg. Hoe intensiewer sy eie skeppings- of herskeppingspoging word, hoe meer word hy bewus van sy haglike toestand. En hoe meer hy bewus raak van sy eie onvermoë om homself te verlos, hoe wanhopiger raak hy. Die mens wend vindingryke pogings aan om van hierdie situasie te ontkom - om uit die chaos weer orde te skep. Ook deur die woord(kuns). Maar die mens kan nie. Opperman noem dit die "mistiek/ van 'n Goddelike Komiek".

Johann Johl (*Ironie* 1988:90) definieer hierdie situasie as kosmiese ironie. "Die grondpatroon waaruit alles in hierdie ironiesoort ontwikkel, is die verhouding mens:God (in ander gevalle: die verhouding van die mens tot magte hoër as hyself, gode, die noodlot, ens.). Vanuit menslike perspektief is dit 'n negatiewe houding waarbinne die mens blootgestel is aan Goddelike willekeur en afsydigheid" soos verwoord deur Louw in "Groot Ode":

niemand tref dit mooi met die heelal nie.

"Die teenstrydighede van die bestaan ... betref spekulasies oor sake soos vrye wil en predestinasie, die aard van God en sy bestaan, die onafwendbaarheid van die dood en die lewe na die dood, teenstrydighede in die doel van die lewe, die magteloosheid voor en uitgelewerdheid van die mens aan 'n onverskillige heelaal" (91). Verder steun Johl op wat C I Glicksberg in *The Ironic Vision in Modern Literature* sê: "Die visie van kosmiese ironie sluit ook faktore in soos die mens se soeke na sin en die besef dat dit juis ontbreek, dat daar nie 'n volledige waarheid te vind is nie. Die kontras wat gevolglik tot stand kom, is dié tussen menslike verwagting en dit wat hy ontvang. 'n Ander faktor binne dié visie is die beskouing dat die lewe en die syn fundamenteel en onontkombaar ironies is, dat daar onversoenbaarhede inherent aan die bestaan is, en dat hulle nie opgelos kan word nie, ook nie verduur kan word deur die mens nie, maar tog gelééf moet word" (91).

Louw is intens bewus van hierdie byna ondraaglike situasie en die oplossing wat hy aan die hand doen, is:

*eintlik moet ons leer ironies lewe;
 én: binne ironie nog liefde hou.*

Dit is reg van die begin van die Bybel af duidelik dat die mens homself nie kan red nie en op 'n bonatuurlike ingrype moet wag. Dit is inderdaad God wat hierdie haglike situasie kan en wil omkeer, as't ware ont-ironiseer. As Skepper van alles ken Hy die begin van die verhaal, die verloop en die

slot. Hy was tog verantwoordelik vir die aanvanklike skepping deur die *logos*.

In Genesis word hierdie paradyslike wêreld die Tuin van Eden genoem. Hier ervaar die eerste mense die gesogte oerskoonheid en oer-onskuld. Dit is die mens (met sy eie kreatiewe vermoë) wat deur 'n verkeerde keuse alles bederf en wanorde skep. Weereens is dit die oorspronklike Skepper/Herskepper wat verlossing bewerkstellig deur die Goddelike *Logos* wat Mens word. Hy stuur Christus Jesus wat die mens uit sy ellende kom verlos en hom nuut maak. Aan die einde is dit weer die ware Skepper/Herskepper wat die totale chaos tot orde herstel en alles herskep. Dit is net Hy wat 'n ramp van kosmiese omvang kan onderskep en 'n goeie afloop daaraan kan gee. In Openbaring 21 vertel Johannes hoe hy God op die troon sien sit en proklameer:

Kyk, Ek maak alles nuut.

In hierdie selfde en die laaste hoofstuk in Openbaring getuig Johannes van die oplossing waarvan hy die visioen gehad het, naamlik die nuwe hemel en die nuwe aarde, en die nuwe Jerusalem wat uit die hemel uit afkom. En verder sal daar nie meer tranes, die dood, leed, smart of pyn wees nie. In die plek daarvan sal daar groot fees wees - iets soos 'n bruilof. Waar (sekulêre) digters se verlossingspogings misluk en die mensdom op 'n onafwendbare tragedie afstuur, kom die Bybel met 'n "romantiese" oplossing wat reeds in die Ou Testament voorspel is en in die Nuwe Testament in

vervulling gegaan het. Waar die konsep primordiale met sy ironie die kern van (sekulêre) poësie uitmaak, is die *evangelie* die teenhanger daarvan.

Die evangelie vertel die verhaal van verlossing en vorm die kernboodskap van die Bybel. Hierdie kernboodskap loop dwarsdeur en vorm die ander sterk bindende faktor in die teks. Dié boodskap word herhaaldelik en op verskeie maniere in die Bybel verwoord sodat geen bona fide-leser dit kan mislees nie. Een so 'n voorbeeld van die kernboodskap saamgevat, is die baie bekende teksvers Johannes 3:16:

*God het die wêreld so lief gehad
dat Hy sy enigste Seun gegee het,
sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie
maar die ewige lewe sal hê.*

'n Ander Skrifgedeelte wat hierop uitbrei, is Paulus se vaderlike instruksie aan Timoteus (2 Timoteus 3:14-17):

*... jy ken van kleins af die heilige Skrif.
Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing
lei deur die geloof in Christus Jesus. Die hele
Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om
in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry,
verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te
kweek, sodat die man wat in diens van God staan,
volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke
goeie werk.*

SIMBOLISERINGSPROSES

Die hele heilsgeskiedenis, die verhaal van die Hebreërs en hulle God, ontvou langamerhand in die Bybel. Dit begin by die eerste mens, daarna die stam, die uitverkore volk, die Messias gebore uit die Jodedom en dan die nuwe "uitverkore" volk (of kerk) wat uiteindelik saam met die God van Abraham,

Isak en Jakob sal regeer. Maar hierdie verhaaldebeure word nie soos in (moderne) joernaalvorm, met net die kale feite, streng chronologies opgegee nie. Wright wys op die verskil tussen bloot historiese tekste en literêre tekste: "There is a specific external reference [in historical texts], an 'objectivity' which can be investigated, checked, challenged and modified" (1988:91). Die Bybelse verhaal het *intrige* wat dit laat afwyk van die streng volgorde van gebeure en normale chronologie, en wat verskeie narratiewe middele gebruik om die enkele verhaallyn uit te bou en 'n wyer perspektief te gee.

Maar saam met intrige loop 'n proses van simbolisering waarin die realiteite op verbeeldingryke wyse tot kunsvorm omskep word. Dit is noodsaaklik dat literêre middele, veral die simbool en die metafoor, hier sterk inspeel op die verhaalvlak. Enersyds kompliseer dit die kernboodskap, maar andersins dien dit ter versterking daarvan. Soos A Mooij dit stel: "Het verhaal is een onthulling en verhulling ineen." Die mities-poëtiese aard van die Bybelse teks word saamgetrek in die simboliseringsproses waar verhaal en beelde vernuftig ineengestremel word tot woordkuns. Deur die hele simboliseringsproses word die wêreld in die Bybelse teks "'n deursigtige wêreld, van versimboliseerde werklikheid" (Snyman: Ongepubliseerde opstel, "Grot/Vuurtoring - Simbool en Simbolisering":13). En dit is hierin

- in die simboliseringsproses - dat die logiese en die magiese dimensie ewewig vind.

Dié proses kulmineer in die slotboek van die Bybel, naamlik Openbaring. Openbaring is bepaald onthullend, maar ewe-eens verhullend. En vir daardie leser wat nie voorheen met simbolisering te make gekry het nie, sal hierdie boek (gelaai met beelding) 'n oninterpreteerbare nagmerrie wees en dalk bly. Dié boek, wat oorspronklik bedoel was om op 'n grootse en fanfariiese manier vertroosting en hoop vir gelowige lesers te bring, loop die gevaar om 'n bedreiging en 'n stuk onverteerbare apokalips te word. En dít kan veel tragieser wees as vir dié mens wat uit die staanspoor 'n nie-religieuse of fatalistiese siening oor die lewe het.

Outeurs/skrywers

Die Bybel dek 'n tydperk van ongeveer 1 600 jaar en bestaan uit 66 kanonieke boeke wat aan meer as 40 skrywers toegeskryf word. Hierdie 66 boeke is oor jare heen saamgestel en geredigeer tot in die vorm soos dit vandag daar uitsien. Hier word van die Protestantse Kanon gepraat om te onderskei tussen ander kanons, soos die Hebreeuse of die Rooms-Katolieke Bybel.

OUTEURS

Wie is nou die eintlike outeur of outeurs? Omdat groot dele van die teks deur mondelinge vertellers oorgelewer en die identiteit van die meeste skrywers onbepaalbaar is, bly die

polemiek rondom die outentisiteit van die outeurskappe voortduur. Wat duidelik blyk uit die polemiek en verwarring, is dat baie glad nie bewus is nie van die onderskeid tussen die konsep *outeur* en *skrywer*. Die term *outeur* is afgelei van die Oud-Franse *autor* wat inisieerder/bewerkstelliger of *originator* beteken. Dit is so dat daardie een wat 'n teks neergepen het beide die *outeur* en *skrywer* kan wees. Maar die feit dat iemand iets geskryf het, maak nie noodwendig van hom die *outeur* nie. Lejeune argumenteer so: "One is not an author in the absolute. It is a relative and conventional thing: one becomes an author only when one takes, or finds oneself attributed, the responsibility for the emission of a message ... in a given circuit of communication" (*On Autobiography* 1989:192,193).

Die kwessie van outeurskap sal bespreek word onder die afdeling *subteks*.

SKRYWERS

Die Bybel word in die algemeen deur die Protestante gemeenskap as volledig *Goddelik* maar ook volledig *menslik* beskou - 'n sintese wat vir die sogenaamde rasionele, moderne mens onbegryplik en selfs onaanvaarbaar is. Lewis spreek hierdie kwessie so aan: "Sometimes we are tempted to think that God should have penned the Bible himself and presented to us fresh from the eternal inkwell on a take-it-or-leave-it basis without any human element affecting its

composition or obscuring its divine light. Life would have been so much simpler ..." (Christensen:102).

Die Bybel is volledig menslik omdat dit deur vleis-en-bloedmense geskryf is, wat in 'n persoonlike verhouding tot God gestaan het en kragtig van hom getuig. Volgens Robert M Grant praat die Skrif meer direk met die leser as enige ander Christelike literatuur. "In part this directness is due to the closeness of prophets and apostles to the acts of God to which they bear witness. It is also due to the fact that the Church has recognized that this collection of writings somehow bear the imprint of the Spirit" (*A short history of the interpretation of the Bible* 1965:165).

Omdat die Bybel ook 'n teks is, 'n menslike artefak in geskrewe medium, is dit analiseerbaar en kan dit uiteraard wetenskaplik benader word - of dit histories, literêr, sosiologies of psigologies is. Maar vir sovele lesers bly dit net 'n menslike artefak. Sommiges verwerp dit totaal terwyl ander waardering daarvoor het om verskeie redes. Kritiek op die Bybelse teks vanuit dissiplines wat nie met die religie verband hou nie (soos die Letterkunde), hou in die reël ook nie rekening met die nie-rasionele dimensie van die mens nie. Dit is heeltemal te verstaan, omdat hulle studievelde hulle nie primêr laat vra na die bestaan van 'n transendentale Outeur nie. Kritiek uit hierdie oorde fikseer dikwels op die problematiese omdat dit juis dit is wat 'n

Godlose wêreldbeskouing kan staaf. Daarteenoor is daar die fundamentaliste (of biblisiste) wat die absolute foutloosheid van die Bybel met alle mag verdedig.

Uiteraard dra hierdie teks die kenmerke van *menslikheid* omdat dit ook die produk van histories-kulturele vertellers/kopieerders/skrywers/redakteurs/samestellers/vertalers is, wat binne 'n bepaalde tyd en ruimte gesitueer is. Dit is eintlik geen groot verrassing nie dat foute en probleme in 'n teks van so 'n omvang voorkom. As literator is Lewis deeglik bewus van sulke probleme. Baie Christene dring daarop aan dat almal die Bybel as foutloos moet erken. So 'n aandrang hou die gevaar in dat die leser die teks as geloofsobjek sien en nie die Een oor wie die teks handel nie. Lewis voer aan: "If God chose to express himself through the frailty of human words, just as he chose to reveal himself through the frailty of human form, are we to question his wisdom? The living God spoke our language and shared our flesh, and there are limitations to both ... Divine revelation is sometimes distorted or at best abstracted by the personalities through which it comes" (Christensen:101).

Vir Alter en Kermode is die vakmanskap van Bybelse skrywers heeltemal onbetwisbaar. Hierdie twee raak by tye ekstasies oor die vernuf van die tekste veral waar dit in die oorspronklike bestudeer word: "... a close study of these writings in the original discovers again and again, on every

level from word choice and sentence structure to the deployment of large units of composition, a delight in the manifold exercise of literary craftsmanship. It goes without saying that these writers are intent on telling us about the origins of the world, the history of Israel, God's ethical requirements of mankind, the cultic stipulations of the new monotheistic faith, the future vistas of disaster and redemption" (1987:15).

Hierdie twee teoloë meen dat die mens maar net iets van die grootsheid van die literêre wonder kan verstaan: "... the telling has a shapeliness whose subtleties we are only beginning to understand, and it was undertaken by writers with the most brilliant gifts for intimating character, defining scenes, fashioning dialogue, elaborating motifs, balancing near and distant episodes, just as the God-intoxicated poems of the psalmists and prophets evince a dazzling virtuosity in their arabesques of soundplay and syntax, wordplay and image" (15).

Vertellers/sprekers

In elke literêre teks kan die belangrike rol van die verteller/spreker nooit buite rekening gelaat word nie. Dit is sekerlik een van die vernaamste maniere waarop die outeur/skrywer sy stof kan manevreer om die leser te beïnvloed. Die keuse van 'n spesifieke soort verteller/spreker help bepaal tot watter mate die outeur inspraak op die denke van die leser het. Die outeur/skrywer "doen dinge

met woorde" soos J L Austin dit in sy boek, *How to do things with words* (1982), stel.

Die supratekste kan op grond van wie aan die woord is in twee hoofgroepe verdeel word, naamlik *vertel*tekste en *spreek*tekste. In verteltekste vertel vertellers 'n verhaal en in spreektekste is daar sprekers aan die woord. Hierdie twee soorte tekste is komplementêr. Die een ondersteun die ander. Die boodskap in 'n vertelteks is veel meer koewert en moet afgelei word van 'n karakter of karakters en hulle lotgevallen. Met ander woorde: die moraal word gemaskeer met karakters, gebeure, tyd en plek. Daarteenoor is die boodskap van 'n spreekteks meer oewert. Maar in die meeste gevalle word die moraal van 'n spreekteks gebalanseer deur literêre middele, veral beelding.

VERTELLERS

In 'n vertelteks word 'n verhaal deur 'n verteller vertel. So 'n soort teks kan aan die volgende (baie basiese) elemente herken word: 'n *verhaal* wat uit gebeure bestaan en volgens intrige opgebou is uit karakters wat in tyd en ruimte gesitueer is. So 'n verhaal het normaalweg 'n begin, klimaks en slot.

Volgens die Literêre Teorie word vertellers in vier kategorieë verdeel waarvan nie een waterdig is nie maar tog bruikbaar. In sy boek *Vertelkunde. 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste* maak André P Brink gebruik van Genette

se indeling van vertellers (1987:150-158). Daar word onderskei tussen 'n eksterne en interne verteller waarvan albei of homodiëgeties of heterodiëgeties kan wees.

Die eksterne verteller funksioneer binne die verteltekst, maar buite die verhaalvlak. Hy is vertrouwd met die hele omgewing en al die karakters. Die interne verteller funksioneer binne die verhaal en is dus een van die karakters. Genette maak die verdere onderskeid tussen 'n homo- en heterodiëgetiese verteller. Volgens hom is daardie verteller wat by die verhaalgebeure betrokke en partydig is, homodiëgeties en daardie een wat onbetrokke en onpartydig is, heterodiëgeties.

In werklikheid kan geen verteller heeltemal vry van partydigheid wees nie. Die outeur/skrywer gebruik juis die verteller om die leser na die een of ander kant toe te beïnvloed. Mieke Bal wys verder op die feit dat geen verteller die sogenaamde derdepersoonsverteller is nie. Dit is altyd 'n "ek" wat aan die woord is, al is dit hoe verdoesel (*De Theorie van Vertellen en Verhalen* 1986:127-132).

Die verskil in betrokkenheid is gradueel en kan strek van 'n taamlik onpartydige rapport tot uiters partydige kommentaar. Verteltekste in die Bybel kan soos volg ingedeel word: (Ou Testament) Genesis, Eksodus, Josua, Rigters, Rut, Samuel, Konings, Kronieke, Ester, Daniël, Jona; (Nuwe Testament)

Matteus, Markus, Lukas, Johannes en Handeling. Natuurlik is hierdie indeling ook nie waterdig nie omdat sekere tekste ook groot dele spreekteks is, soos die vier evangelies en veral Johannes.

Die klassifisering van vertellers aan die hand van die Literêre Teorie is nie ewe toepaslik op die Bybel nie. Wat wel bruikbaar is, is die benoeming *eksterne* verteller wat verwys na daardie verteller wat buite die verhaal (maar binne die verteltekste) optree. Daarteenoor is daar die *interne* verteller wat binne die verhaal én binne die verteltekste fungeer.

'n Verdere kwalifisering is egter nodig. In al die verteltekste gee die vertellers 'n weergawe van wat met wie waar en wanneer gebeur. Indien die verteller sy eie verhaal vertel, kan hy as *egosentriese* verteller beskou word. As hy iemand anders se verhaal vertel, dan 'n *altrusentriese* verteller. Daarby kan die verteller se betrokkenheid of partydigheid wissel van dié van (min of meer) apatiese verslaggewing tot flagrante inmenging.

In die verhale in Genesis en Jona fungeer 'n eksterne altrusentriese verteller wat grootliks onpartydig staan. Hier is die verteller deel van die verteltekste maar staan buite die verhaal self. Ekstern, dus buite die verhaal, terwyl hy 'n verhaal vertel wat om iemand anders draai, dit wil sê, altrusentriese. Omdat baie van die verhale in die

Pentateug mondeling oorgelewer is, kon die verteller uiteraard nie persoonlik teenwoordig wees nie. En veral partydigheid wat maklik sigbaar is, sal hom onder verdenking plaas vir inmenging en onbetroubaarheid. Die eksterne altrusentriese verteller tree in oorgelewerde verhale op as 'n soort buitestaander-getuie, en sy betroubaarheid berus op die feit dat hy die oordra van eeue-oue verhale belangrik beskou en hulle inhoud geloofwaardig ag.

Al die verteltekste in die Ou Testament het eksterne altrusentriese vertellers. Daar is egter tekste, soos Eksodus, waar die gasheerteks 'n verteltekst is wat in die tweede gedeelte oorgaan in 'n spreektekst. Dit is vanaf hoofstuk 20-40 waar God kultiese instruksies aan Moses gee:

*Toe het God al hierdie geboorte aangekondig:
"Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte,
uit die plek van slawerny, bevry het ..."*

In hierdie tweede gedeelte van Eksodus is 'n spreker die woordvoerder.

In die Nuwe Testament is daar net vyf verteltekste, naamlik die vier evangelies en Handelingte. In die vier evangelies is 'n eksterne altrusentriese verteller aan die woord wat elkeen sy eie sinopsis van Jesus Christus se lewensverhaal weergee. Weer eens die buitestaander-getuie-benadering om die indruk van objektiviteit te skep.

In Handelingte lyk die prentjie effens anders omdat die verteller hom by die inset van die verhaal identifiseer as


"ek" en hom sodoende as deel van die teks verklaar maar waar hy nie deel van die verhaal (dus 'n karakter) self is nie:

My eerste boek, Theofilus, het ek geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af tot op die dag van sy hemelvaart.

Hier tree hy op as 'n interne altrusentriese verteller, omdat hy oor *ander* vertel. Maar later in die boek "vertel hy homself in die verhaal in" (vanaf hoofstuk 20:5) waar hy sê:


Hulle het vooruitgegaan en in Troas vir ons gewag ... Daar het ons sewe dae gebly.

Hier tree nou 'n interne egosentriese verteller as woordvoerder na vore, wat binne die teks en binne die verhaal staan terwyl hy ook sy eie verhaal vertel. Wat hier as betroubaar dien, is die feit dat die verteller ook 'n karakter in die gebeure is en dus teenwoordig was. Die verskillende vertellers kan dui op verskillende skrywers of dit kan bloot verskillende verteltegnieke wees. Nietemin, die vertelling is grootliks onpartydig en min kommentaar word gelewer. Hier berus die betroubaarheid op ooggetuiekennis. Die vertellersindeling kan só voorgestel word:



Verteltekste bestaan nie net uit vertelling ("telling") nie, maar uit spreekbeurt ("showing"). Waar die verteller 'n karakter self aan die woord stel, en sy spraakhandeling in die direkte rede weergegee word, tree 'n spreker op. Hierdie spreker kan in 'n alleenspraak of samespraak optree.

Een so 'n moontlikheid kan soos volg geïllustreer word:



SPREKERS

Teenoor verteltekste met hulle kenmerkende vertellers het spreektekste sprekers. 'n Spreekteks kan ruweg as 'n weergawe van 'n gesprek bestempel word. 'n Spreker is die woordvoerder en tree op in 'n alleenspraak of samespraak. Die term spreker word redelik algemeen in poëtiese tekste gebruik. In *Inleiding in de Literatuurwetenschap* (224) word van 'n *lyrisch subject* gepraat. Daar word nie ingegaan op poëtiese tekste wat epies van aard is nie.

'n Spreker verskil van 'n verteller in dié opsig dat hy altyd sy hoorder(s) in die vorm van 'n monoloog aanspreek. Die spreektekste in die Bybel is soos volg: Levitikus,

Numeri, Deuteronomium, Esra, Nehemia, Psalms, Spreuke, Prediker, Hooglied, Jesaja, Jeremia, Klaagliedere van Jeremia, Esegïël, Hosea, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sagaria, Sefanja, Maleagi, die epistels vanaf die brief aan die Romeine tot by Judas en Openbaring.

Openbaring is 'n moeilike teks omdat daar ook 'n soort verhaal vertel word, soos die geval met Esra en Nehemia is.

Daar is ook verskillende soorte sprekers in spreektekste, naamlik die wet-spreker, liriese spreker, herout-spreker, mentor-spreker, visionêre spreker en dramatiese spreker. Die wet-spreker is aan die woord in tekste wat voorskrifte vir godsdienstige handeling en rituele voorhou, soos in Levitikus, Numeri en Deuteronomium. Hierdie wette dien as riglyne vir die heel belangrikste Goddelike opdrag:

*"Luister, Israel, die Here is ons God,
Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die
Here jou God liefhê met hart en siel, met
al jou krag."* Deuteronomium 6:4,5

In al die profesieë tree 'n herout-spreker op wat 'n boodskap namens God oordra. In die Psalms en Hooglied is die woordvoerder 'n liriese spreker wat die een of ander objek besing. Die epistels het 'n mentor-spreker wat die welvaart en ontwikkeling van sy hoorders op die hart dra. Die boek Openbaring is die enigste teks in totaal wat 'n visioenêre spreker het. Daar is wel ander tekste waar 'n visioenêre spreker in 'n ingebedde teks optree, soos byvoorbeeld Daniël wat visioene sien in die gelyknamige boek. Die boek Job is


'n turksvy omdat hy hom nie laat inpas in of 'n vertel- of 'n spreekteks nie. Dit dra sterk elemente van albei. Dit lyk of dit 'n eiesoortige verteltekst is waar die verteller dramatiese sprekers aan die woord stel. Dit kan moontlik as dramatekst bestempel word.

Soos daar in 'n verteltekst 'n *spreker* (direkte rede) deur die verteller aan die woord gestel kan word, word daar op klein skaal ook 'n *verteller* in 'n spreekteks aangetref. So word die profetiese boek Miga (as voorbeeld) ingelei deur 'n *eksterne altrusentriese verteller* wat in die proloog vertel:

Die woord van die Here wat gekom het tot Miga van Moreset tydens die regering van die Judese koning Jotam, Agas en Hiskia. Dit handel oor Samaria en Jerusalem.

Daarna kom Miga direk aan die woord en fungeer as 'n herout-spreker. Tussenin tree die verteller telkens tussenbeide om as skakel te dien tussen episodes.


Nadat die verteller sy bekendstelling gemaak het, tree die herout-spreker onmiddellik op. Waar die verteller in 'n verteltekst karakters self aan die woord stel, kwoteer die spreker in 'n spreektekst 'n karakter van wie God die vernaamste is. Wanneer God of ander dan praat, is dit deur middel van 'n egosentriese spreker. Skematies lyk dit so:



Karakterisering

Karakterisering vind plaas via die vertelproses waar die verteller die hef in die hand het. Die term *karakter* word hier verkies bo ander (soos aktant, akteur, figuur of personasie) en steun ook op Marijke de Beus se definisie: "Karakter is een abstract begrip dat concrete vorm krijgt in waarneembare gedragingen en reakties" (Brink:1987:68).

Karakters in die verteltekst kry gaandeweg vorm en identiteit - op eksplisiete of implisiete manier. Eksplisiete informasie word verkry uit wat die verteller oor 'n karakter kwytraak, wat 'n karakter pertinent van homself sê of dink, of wat ander karakters van hom dink of sê. Implisiete informasie moet uit 'n karakter se voorkoms en optrede afgelei word, asook wat hy en ander oor hom impliseer. Dit kan só voorgestel word:



Alter maak gebruik van 'n soort skaal waarvolgens die leser kan bepaal hoe betroubaar informasie oor 'n karakter is. Volgens hom is die Bybelse eksterne vertellers baie betroubaar: "Now, in reliable third-person narrations, such as the Bible, there is a scale of means, in ascending order of explicitness and certainty, for conveying information about the motives, the attitudes, the moral nature of characters" (*The Art of Biblical Narrative* 1981:116). Sy skaal lyk so:



Daar is meningsverskil oor watter bron van informasie oor karakters die betroubaarste is. Die grootste mate van ooreenstemming is dié van die eksterne verteller wat nie by die verhaalgebeure self betrokke of aanwesig is nie. En 'n karakter se eie uitsprake oor homself in die direkte rede, is klaarblyklik die minste betroubaar. Want, vra Brink, "watter spreker is ooit werklik te vertrou as hy oor homself praat?" (1987:77). Kenners op die gebied van die

vertelkunde is dit eens dat die direkte rede die heel gebruiklikste tegniek is waarop 'n implisiete outeur - via die verteller - sy informasie oor 'n karakter kan manipuleer. Deur gebruik te maak van die direkte rede word daar woorde in die mond van 'n karakter gelê. Savran waarsku juis hierteen. Objektiviteit en afstand is bloot 'n illusie: "... the reality is otherwise. The narrator has complete control over his characters, deciding which words they will speak, and when they will speak them, whether in normal direct discourse or in quoted direct speech. He determines not only what will be spoken, but when it will be repeated, to whom, and under what circumstances" (1988:77). Hiervolgens kan geen karakter se spraakhandeling as onvoorwaardelik juis aanvaar word nie.

Karakterisering in die Bybel is nêrens uitvoerig nie. Alter verwys na die *lakoniese* styl van die Bybel. Ten spyte van karige karakterisering, slaag hierdie teks nogtans daarin (in Alter se woorde): "... to evoke such sense of depth and complexity in its presentation of character with what would seem to be such sparse, even rudimentary means ..." (1987: 114). En ten spyte van hierdie lakoniese karakterisering bly Bybelse karakters soos Abram, Moses, Ester, Josef en Jona (om maar enkeles te noem) lesers deur die eeue en oor grense heen aangryp, denke en lewens verander.

Alter en Kermode besing die meesterlikheid van Bybelse vertelling en karakterisering: "The masters of ancient

Hebrew narrative were clearly writers who delighted in an art of indirection, in the possibilities of intimating depths through the mere hint of a surface feature, or through a few words of dialogue fraught with implication. Their attraction to narrative minimalism was reinforced by their sense that stories be told in a way that would move efficiently to the heart of the matter, never pausing to elaborate mimetic effects for their own sake" (1987:23).

Die karige informasie oor karakters is nie buitengewoon in volksverhale nie. Dit is nie die besondere eienskappe of voortreflike kenmerke van die individu as sodanig wat van noemenswaardige belang vir 'n verhaal is nie. In gemeenskappe met mondelinge tradisies is dit by uitstek die karakter se rol en invloed in die samelewing wat van hom 'n merkwaardige mens maak of nie. Hier is details onbelangrik.

Buiten vir 'n beperking aan tyd en ruimte om op die details van 'n individu in te gaan, is dit die *impak* wat hy op 'n samelewing het, wat van wesenlike belang is. In aansluiting hierby sê Deist verder: "... meestal is die [karakter]tekening funksioneel vir die ontwikkeling van die interne struktuur en intrige van die verhaal. Hoewel karakters selde dramaties ontwikkel, is die op- en afgang van hulle persoonlikhede tog funksioneel tot die res van die verhaal ..." (*Woorde wat ver kom* 96).

Hoewel karakterisering in die Bybel nie primêr fokus op ontwikkeling nie, is die karakters verreweg nie simplisties

nie. Feitlik al die karakters ondergaan die een of ander verandering, hoewel dit meestal onopvallend is. So byvoorbeeld word geen vername karakter eensydig goed of boos uitgebeeld nie. Elkeen is 'n min of meer vroom mens wat feilbaar is of selfs afvallig word, soos koning Saul of Judas Iskariot. Iemand soos Abram, wat God sonder omhaal gehoorsaam en wegtrek uit sy geboorteplek en oor wie God soveel seën uitspreek, wantrou God later. Hy bedrieg die farao om sy eie bas te red nadat God beloof het om hom voorspoedig te maak. Toe God weer eens sy belofte aan Abraham bevestig, lag hy en dink by homself:

kan daar vir 'n man van honderd 'n kind gebore word, of kan Sara wat negentig is, 'n kind in die wêreld bring?

'n Uitverkore, vroom gelowige wat bepaald swakhede het. Ook die negatiewe gedagtes en optredes word nie verswyg nie.

Om die karakter te bepaal van iemand wat so lakonies uitgebeeld word, moet die leser baie fyn lees. So word Abraham, ten spyte van sy feilbaarheid, vermeld vir sy groot geloof in God (Hebreërs 6:15):

En so het Abraham dan, nadat hy geduldig gewag het, gekry wat aan hom beloof is.

Wat God betref, dien die karakters as getuie vir sy geloofwaardigheid. Hoewel die karakters by implikasie hul verhouding met God bevestig, is hulle geensins manipuleerbare pionne nie. Hulle sondig, word opstandig en toon dat hulle mense met 'n eie wil is. Hiervan is Adam en

Eva seker die heel beste bewys.

SUBTEKS: outobiografies

*"... this is the veil under which I have chosen to appear even from the first until now. For to this end I have made your senses and for this end your imagination, so that you might see My face and live."
The Pilgrim's Regress C S Lewis*

Hierdie subteks vorm deel van die magiese dimensie met sy ondefinieerbare mag wat die *logos* het om te skep en te herskep. Hier is dit die *Logos* wat die hef in die hand het.

Wat die nie-wetenskaplike aspek van die Bybel betref, wys Schneider op die verhouding tussen self-openbaring en Goddelike inspirasie. Sy bestempel beide as *geloofsaannames* (*faith assumptions*), aspekte wat in berekening gebring moet word. Daarsonder kan die Bybel nie ten volle verstaan word nie. Daarby sê sy: "The affirmation of divine disclosure, is strictly speaking, a faith affirmation" (50). Hoewel geloofsaannames ontstaan uit die mens se omgaan met die empiriese werklikheid, kan die gelowige hoogstens *beskryf* en *verduidelik* wat hy ervaar het. Dit is volgens Schneider onmoontlik om Goddelike openbaring empiries te bewys.

Grant wys op die feit dat interpretasie altyd subjektief en objektief is (3). Hy praat ook van die spanning tussen die "churhman" en die "free [Bible] scholar" (5). By implikasie sê Grant dat geeneen van die twee aanspraak kan maak op alleengeldigheid vir hulle sienings nie, veral waar hulle totaal onversoembare standpunte handhaaf. Verder meen

hy dat daar wel 'n vorm van spanning nodig is tussen die twee groepe. "Man is not only a rational animal but also a worshipping one. And there must always be a tension between the mystery which he worships and the truth about the mystery which he attempts to understand" (5).

Om terug te keer na die beeld van die net-doek, die "veil" waarvan Lewis praat. Die 66 boeke vorm die deurskynende voorgrond wat 'n magdom taferele voorhou terwyl die subteks daaragter die ware Subjek vertoon. Hierdie versluisde subteks met sy ewe versluisde verteller ont-sluier as't ware die verhaal van die outentieke Outeur. 'n Stewige paradoks: die sluier word op 'n versluisde manier gelig. Of hierdie subverhaal raakgelees word, sal afhang van verskeie faktore wat later bespreek word.

Maar waarom dan 'n subteks wat so versluisd is en so versigtig onthul word? T S Eliot gee 'n uiters aanneemlike verklaring vir hierdie situasie in sy gedig "Burt Norton" waar 'n baie wyse voël aan die woord is:

*human kind
Cannot bear very much reality.*

Hierdie stelling word deur Lewis bevestig met die Opperwese se woorde in *The Pilgrim's Regress*: "that you might see My face and live". 'n Soort eggo van God se waarskuwing in Eksodus 33:20:

"Vir My kan jy nie sien nie, want geen mens kan my sien en bly lewe nie."

God openbaar homself deur die *logos* direk aan sy spreekbuis, naamlik die profete in die Ou Testament, die apostels in die Nuwe Testament en *par excellence* deur sy Seun, die *Logos*. Profete, apostels en Jesus maak daarop aanspraak dat God direk met hulle gepraat het. In die brief aan die Hebreërs (1:1,2) bevestig die skrywer dit só:

In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het hy met ons gepraat deur die Seun.

Waar die *logos* as getuie vir die ware *Logos* optree, is die *Logos* weer op sy beurt 'n getuie van God wat self ook *Logos* is (volgens Johannes 1 en 1 Johannes 1). In Openbaring word Jesus herhaaldelik as dié "geloofwaardige getuie" uitgewys. In Openbaring 3:14 word hy die *Amen* genoem:

So sê die Amen, die geloofwaardige en ware getuie ...

In die suprateks is die *logos* die medium wat van die *Logos*, die Objek, getuig. In die subteks is die *Logos* die Subjek wat oor homself getuig. In die subteks is die Subjek, die verteller en die Objek een en dieselfde persoon. Hoe is dit moontlik as God self niks geskryf het nie?

Outeur

Dames en Here, vergun my om u voor te stel aan Breyten Breytenbach, die maer man met die groen trui; hy is vroom en stut en hamer sy langwerpige kop om vir u 'n gedig te fabriseer

BEDREIGING VAN DIE SIEKES Breyten Breytenbach

GODDELIKE INSPIRASIE

Met die Reformasie het die fokus weer begin val op die gesag van die Skrif self en ook weer die Goddelike dimensie daarvan wat onder meer uitgedruk word deur die konsep *inspirasie*. So byvoorbeeld lys die *Westminster Confession of Faith* (1.2) " the 39 books of the OT and the 27 books of the NT as 'all ... given by inspiration of God, to be the rule of faith and life'" (*New Bible Dictionary* 137), gebaseer op die Pauliniese uitspraak in 2 Timoteus 3:16:

Die hele Skrif is deur God geïnspireer ...

Dit is juis as gevolg van hierdie "nie-wetenskaplike" dimensie dat baie wetenskaplik-georiënteerdes probleme met die hantering van die Bybel ervaar. Deur die eeue heen kry die kwessie van Goddelike inspirasie en Goddelike outoriteit gereeld nuwe teenstanders, maar ook weer nuwe aanhangers, waaronder die apologet Benjamin B Warfield en die Switserse teoloog Karl Barth (Rogers, Jack B & McKim Donald K *The Authority and Interpretation of the Bible* 1979:205,335-342).

Hoewel die "hele Skrif" hier (ten tye van die eerste Christelike gemeente) verwys na die Ou Testament, aanvaar die Gereformeerde Christendom, na aanleiding van hulle belydenisskrifte, dat hierdie uitspraak vir die hele Protestantse Kanon geld. (Vergelyk die Franse Geloofsbelydenis, 1559, Belgiese Geloofsbelydenis, 1561, die Tweede Helvetiese Geloofsbelydenis, 1566, Westminster Geloofsbelydenis, 1646 en die Geloofsbelydenis van 1967,

soos saamgevat in *The authority and interpretation of the Bible. An historical approach* geskryf deur Jack B Rogers en Donald K McKim (1979:462-471).)

Daar is verskeie inspirasieteorieë soos die meganiese, dualistiese, dinamiese, aktualistiese en organiese inspirasieteorieë. J A Heyns wys op die gebreke van al hierdie teorieë en skaar hom by daardie groep wat die dialogiese inspirasieteorie voorstaan (*Dogmatiek* 1984: 18-24). Hierdie teorie is gebaseer op die interpersoonlike verhouding en dialoog tussen God en die Bybelskrywers waarin elkeen se eie individualiteit en sy kulturele konteks erken word. Maar terselfdertyd is hulle deur God opgeroep tot skrywe, gedrywe deur die Heilige Gees. "Maar," skryf Heyns, "dan moet dit goed begryp word: hulle antwoord - skriftelik voor ons in die Bybel - is nie hulle eie individuele geloofsuitdrukking of eie min of meer selfstandige geloofsinsig nie [...], maar 'n antwoord wat die Heilige Gees sêlf aan hulle deur hulle kreatuurlike gawes heen, gegee en van hulle ontlok het, en wat met betrekking tot bepaalde aspekte moontlik selfs hul eie begrip en insig te bowe kon gegaan het" (22).

Die term inspirasie, oorgesit uit die Griekse *theopneustos*, word in Engels met *God-breathed* vertaal. Lewis belig dit só: "Since God breathed and man received, God, not man is responsible for its being" (Christensen:1963:23). Natuurlik praat Lewis hier van die Bybelse teks. As God as't ware sy

"asem" in die hele Skrif ingeblaas het, het Hy daaraan lewe gegee. As God die ware Inspireerder of Inisieerder van die Bybel is, dan kan die status van outeur aan Hom toegeken word (volgens die definisie van die Oud-Franse term *autor*).

Regdeur die Bybel gee God direk opdrag aan sy profete om 'n bepaalde boodskap oor te dra. Dit is veral in die profetiese boeke. In Jeremia 2:1 verklaar hierdie profeet:

*Die woord van die Here het tot my gekom:
Gaan roep hierdie woord uit sodat elkeen
in Jerusalem dit kan hoor.*

En in Openbaring 1:11 kry Johannes die opdrag:

*"Skrywe wat jy sien in 'n boek op en stuur
dit vir die sewe gemeentes ..."*

Die konsep Goddelike inspirasie en (Goddelike) selfopenbaring hou sterk verband in dié sin dat God 'n verhaal geïnisieer of ingegee het waarin Hy homself aan die mensdom bekend stel.

OUTO-APOKALIPS

Die term apokalips hou verband met die Griekse woord *apokalupsis*, wat die ekwivalent van openbaring of onthulling in Afrikaans is. Dit word ook in Engels met "unveiling" vertaal.

Die *New Bible Dictionary* (1988) onderskei tussen eskatologiese en kosmologiese apokalips, waar eersgenoemde verwys na God se onthulling van sy planne vir die geskiedenis, sy komende oorwinning en die eindtyd. In

kosmologiese apokalips word die geheimenisse van die kosmos bekend gemaak. In die radikale sin van die woord beteken apokalips dan onthulling of openbaring. So gesien, kan dit verwys na GOD se openbaring van homself en sy wil - op velerlei maniere. 'n Mens sou dus GOD ook as 'n outo-apokaliptiese wese kan beskryf.

God se bestaan is vir die Christendom 'n aksioma. God word beskou as onder meer 'n Wese wat drie-enig is, onsienlik, onbegryplik, onveranderlik, oneindig, almagtig, alwys, regverdig, goed en heilig (Heyns, 47-72). God staan ook bekend as die *Gans Andere*, los van en transendentiaal oor alles wat geskep en verganklik is. "God stands in a relationship of both transcendence and immanence in the created order. In that he is 'above all' and 'over all' (Rom 9:5), he is the transcendent God, and independent of his creation, self-existent and self-sufficient" (*NB Dictionary* 245). Robert Cook skryf in sy opstel "The Divine Word as a Revelation of God: Its Divine Focus": "He not only exists as ultimate reality, but also as a personal moral being Who is capable of being known and purposes to be known" (in Radmacher *Celebrating the Word* 1987:55).

Die Christelike geloof word gekenmerk aan sy standpunt dat God as 'n persoonlike God geken kan word slegs deur sy self-openbaring in die Skrif. Die Bybel is nie geskryf om te (probeer) bewys dat God bestaan nie maar om Hom deur sy

aktiwiteite te openbaar. Deur self-openbarende dialoog en optrede kan God geken word (*NB Dictionary* 427).

Volgens die boek Eksodus identifiseer God homself as *EK IS* (Eksodus 3:13,14). Die naam *EK IS* dui *persoon-likheid* aan. Dit staan vir 'n vrye, dinamiese, intelligente en selfgenoegsame wese. Hierdie *EK IS* word algaande deur die Bybel gekwalifiseer deur 'n wye verskeidenheid frases soos "Ek is die Alfa en die Omega" of "Ek is die Weg". Daarby identifiseer God homself ook deur verskeie name waarvan 'n paar basiese name soos volg is: *'El, Elohim, Yahweh, God die Almagtige, die ewige God, die Heilige van Israel, die Begin en die Einde.*

Net soos enige mens homself bekend maak deur te praat, te skryf, of deur die een of ander optrede, so moet GOD homself ook openbaar. Die profeet Jesaja stel die retoriese vraag in Jesaja 40:13 (wat Paulus op 'n effens gewysigde vorm aan die Korintiërs honderde jare later herhaal):

*"Wie kan die Gees van die Here peil,
wie kan sy raadgewer wees?"*

"Only God can reveal God (*Hilary On Trin. NPNF 2 IX p.45*), just as a person can only become known when that person decides to reveal his or her inner feelings, spirit, will, or intention to another," skryf Thomas C Oden in sy inleiding van *The Living God. Systematic Theology: Volume One* (1987). Paulus skryf verder aan die gemeente in Korinte

oor God se openbarings en vra die vraag:

"Watter mens ken die verborge dinge van 'n mens behalwe die gees wat in hom is? So ook ken niemand die verborge dinge van God nie, behalwe die Gees van God."

1 Korintiërs 2:16

In sy opstel, "Does the Notion of 'Mystery' - as Another Name for God - Provide a Basis for a Dialogical Encounter Between Religions?", stel Heinrich Ott dit baie emfaties dat misterie nie net een van God se attribute is nie, maar die essensie van sy wese. "As soon as we think of God as infinite Spirit in his relation to created or finite spirit - and otherwise he cannot become a subject at all for our finite thought! - he appears as mystery. Mystery is in fact another name for God" (*GOD. The Contemporary Discussion* 1982:13). 'n Heel sinvolle stelling.

God moet homself op besondere maniere aan die mens openbaar, want daarsonder sal sy wil en doel met die wêreld vir die mens 'n *onhoudbare* misterie wees en bly. John MacArthur Jr verduidelik dat besondere openbaring die mensdom van besonderhede voorsien. Hy sê verder dat die Goddelike openbaring progressief is: "As we read the book of Genesis, we get part of the revelation of God ... Special revelation then, was a process. First God revealed Himself in a small frame, later in larger measure. First revelation was to a man, then to a family, then to a tribe, then to a nation, then to a race, and ultimately to the world" (*Why I trust the Bible* 1973:20).

En dit is deur middel van *taal* dat 'n bonatuurlike wese soos God kies om hom aan natuurlike wesens bekend te maak. Die *woord/logos* vorm die brug tussen die fisiese en metafisiese wêreld. Omdat die *logos* in essensie 'n sintese van die logiese en die magiese is, is die woord of *logos* die omvattendste vorm van Goddelike apokalips. Daar kan onderskei word tussen drie vorme van *logos*, naamlik God se gesproke woord, die geskrewe woord (Bybel) en die geïnkarneerde woord (Jesus Christus). God lig dus die sluier nog verder oor homself deur die *Logos*.

Omdat die Bybel so dikwels van God se liefde vir die mens praat, beskryf Ian Barclay dit as "a *love letter from a personal God to each one of us*" (*He Gives His Word* 1986:10). Maar, beweer Breytenbach:

*die taal is taal
is maar net taal
kepies van tekens en klanke op ruimte
taal vertaal word talle tale*
DIE AFSTAND TUSSEN DIE BLOM EN DIE MOND

Taal skep wel afstand omdat dit ontoereikend is en bly in 'n gebroke wêreld. Waar taal slegs gedeeltelik kan verenig, kan die liefde dit volkome doen. Dit is presies waarom die Goddelike *Logos* geïnkarnear word. Die abstrakte medium (taal) wat konkreet word in die vorm van 'n mens van vleis en bloed. 'n Persoon wat die ontoereikendheid van taal volmaak aanvul deur in sy volmaakte Goddelikheid - en terselfdertyd volledig menslikheid - sy ware liefde aan sy

skepsels openbaar. So klink dit in die epistel aan die gemeente in Filippense (2:6-8):

*Hy [Logos] wat in die gestalte
van God was,
het sy bestaan op Godgelyke wyse
nie beskou as iets waaraan Hy Hom
moes vasklem nie,
maar Hy het Homself verder verneder
deur die gestalte van 'n slaaf
aan te neem
en aan mense gelyk te word.
En toe Hy as mens verskyn het,
het Hy Homself verneder.
Hy was gehoorsaam tot in die dood,
ja, die dood aan die kruis.*

N P van Wyk Louw, wat worstel met die idee van eensaamheid en verlatenheid, sien die saak weer so:

*Hy, God was alleen,
en toe't Hy gehunker en vir sy kou eensaamheid
iets geskep wat Hy liefgehad het tot vleis-wordens toe*
Tristia - ELEGIESE VERSE III

As literator (en Christen) sien Lewis die Bybel meer as bloot 'n verslag of getuienis van God se apokalips aan die mensdom: "The Bible is not simply a witness to God's Word but is, in a literary package, the special revelation of God.

"At the same time, Lewis would acknowledge that it is the ongoing revelation of God in Christ, not its embodiment in Scripture, which is infallible. It is the *message* of the living Word of God, not the *medium* of its expression, which is authoritative. Scripture, as the primary medium of divine revelation, conveys, presents, or as Lewis prefers, "carries" God's truth in finite human form" Christensen:94).

God kies om homself hoofsaaklik deur profete (Ou Testament), apostels (Nuwe Testament) en Jesus te laat ken. Oral word God as die Outeur van sy gesprek met die mens bevestig soos byvoorbeeld in Esegïel 2:1:

*"Die stem het vir my [Esegïel] gesê:
'Mens. staan regop, Ek wil met jou praat.'
Terwyl Hy met my praat, kom die Gees in my
en laat my regop staan. Ek het die stem met
my hoor praat."*

OUTOBIOGRAFIESE AARD

Vele uitsprake is in die Literêre Teorie oor outeurs gemaak. Roland Barthes met sy radikale en eensydige siening van "die outeur is dood", wen veld wanneer lesers van die Bybelse teks nie die outobiografiese aard daarvan erken en herken nie. Verder nog: as die outobiografiese aard van die Bybel genegeer word, word Nietzsche se bekende woorde "God is dood" by implikasie onderskryf.

As hierdie siening van Barthes (bewus of onbewus) deur die leser van die Bybel gehuldig word, is daar van kommunikasie weinig of geen sprake nie. Wanneer die een agent, naamlik die outeur van 'n boodskap, uit die kommunikasieproses geweier word, verval ware kommunikasie omdat kommunikasie 'n tweerigtingproses is. Dit geld ook vir die narratiewe kommunikasieproses waarvan die outobiografie deel vorm.

In sy doktorale skripsie, "Die rol van die outeur in moderne literêre teorie", (1988:243) wys Eduard Fagan op die wesenlike probleem wat ontstaan as die outeur van 'n teks

geïgnoreer word: "Om werklik van die outeur ontslae te raak sal die konsep van diskoers self moet verval (soos inderdaad deur onlangse teoretici voorgestel is)".

In Fagan se studie val die fokus op die outobiografiese aard van Opperman en Breytenbach se oeuve. "Wat hierdeur aangetoon word, is dat 'n weiering om die verwysings na die digter as persoon raak te lees waninterpretasies tot gevolg kan hê" (4). As Breytenbach in sy gedig "Bedreiging van die siekes" homself by name voorstel, hoe kan die leser hierdie outobiografiese gegewens ignoreer? 'n Lesing waarin die outeur "dood" verklaar is, sou die gedig bykans oninterpreteerbaar maak.

Presies dieselfde kan van die Bybel gesê word. Indien die ware Outeur, naamlik God, uitgelees word, bly hierdie komplekse religieuse oeuve die spreekwoordelike Geslote Boek. En 'n nagmerrie vir enige eksegeet, hoe welmenend en entoesiasties hy ookal mag wees.

Outobiografie as genre *propre* het 'n baie stormagtige geskiedenis. Vir Philippe Lejeune, die Franse outoriteit op dié gebied, is daar nie 'n kwessie oor die bestaansreg van die outobiografie as volwaardige genre nie, hoewel hy die probleme daar rondom erken. Paul John Eakin skryf in die voorwoord tot Lejeune se vertaalde boek: "Acknowledging autobiography to be a complex and unstable category, historically speaking, and eschewing any pretense to an

essentialist or idealist objective, Lejeune proposed the following working definition of the genre: '[W]e shall define autobiography as the retrospective prose narrative that someone writes concerning his own existence, where the focus is his individual life, in particular the story of his personality'" (in: *On Autobiography* 1989).

Stephen A Shapiro raps vir Wellek en Warren oor die vingers omdat hulle nie die outobiografie tot die literêre kanon reken nie en dit uitrangeer na die nie-literêre genres. Vir Shapiro het hierdie literatuursoort ook artistieke eienskappe. Robert Elbaz haal hom aan: "Autobiography is an imaginative organization of experience for aesthetic and for various intellectual and moral purposes" (*The Changing Nature of the Self* 1988:9).

Lejeune onderskei die outobiografie *propre* van ander verwante tekste soos memoirs, die outobiografiese roman, die outobiografiese gedig en die dagboek. Vir hom lê die verskil in die ooreenkoms wat die outeur met die leser aangaan, en wat hy *le pacte autographique* noem. "In effect, the autobiographical pact is a form of contract between author and reader in which the autobiographer explicitly commits himself or herself not to some impossible historical exactitude but rather to the sincere effort to come to terms with and to understand his or her own life" (Lejeune:1989: Foreword).

Hierdie ooreenkoms tussen outeur en leser is ook geldig vir die Bybel, maar met dié verskil dat dit nie die Outeur is wat 'n greep op en begrip van sy eie lewe probeer kry nie, maar die leser. Deur God se outobiografie (van 'n buitengewone aard) stel Hy die leser in staat om die Outeur en homself (die leser) te ontdek.

Vir James Olney, die ander groot naam wat met die genre te make het, is daar geen twyfel nie dat die outobiografie die boeiendste literatuursoort is. "[T]rue to say that autobiography is the literature that most immediately and deeply engages our interest and holds it and that in the end seems to mean the most to us because it brings an increased awareness, through an understanding of another time and place, of the nature of our own selves and our share in the human condition" (*Metaphors of Self. The meaning of autobiography* 1971:Preface).

Hoewel 'n outobiografie handel oor spesifieke, historiese mense, plekke en tye, kan dit tyd-ruimtelike gebondenheid oorkom. Vir Olney kan 'n outobiografie ook "more poetic in its significance than merely personal" wees (1971: Preface). Dit is so dat geen leser ooit alles omtrent die outobiograaf te wete sal kom nie. So leer die Bybel ook dat die mens hier op aarde net ten dele kan ken:

*Nou kyk ons nog
in 'n dowwe spieël
en sien 'n raaiselagtige beeld,
maar eendag sal ons alles sien
soos dit werklik is.*

*Nou ken ek net gedeeltelik,
maar eendag sal ek ten volle ken
soos God my ten volle ken.*
1 Korintiërs 13:12

Outobiografieë is nie bloot interessante of vermaaklike leesstof nie. Olney stel dit so: "It is the great virtue of autobiography ... though autobiography is not peculiar in this ... to offer us understanding that is finally not of someone else but of ourselves" (1971:Preface). Dan voeg hy by dat agter die lees van so 'n teks die mens op soek is na sin en betekenis. En nog dieper lê die eintlike kwessie van "Hoe moet ek leef?" Vir Olney is dit die kruks van 'n outobiografie. As die leser hierop 'n antwoord kan vind, is dit voorwaar uiters waardevolle literatuur.

Lejeune, kennelik verveeld met die konvensionele narratief en chronologie van die meeste outobiografieë, is gefassineer deur die potensiële kreatiwiteit van hierdie genre. Dit is veral die eksperimentering van Satre, Leiris en Serge Doubrovsky met hulle outobiografieë wat vir Lejeune erg opgewonde maak het. Eakin merk op in die voorwoord tot *On Autobiography* dat om 'n outobiografie op Lejeune se manier te lees "... one must be both sophisticated, alive to its imaginative art, and naïve, believing in the sincerity of the author's intention to present the story of 'a real person concerning his own existence'" (Lejeune). Hierdie siening van die leser is net so geldig vir die lees van die Bybel as 'n verklaring soos die volgende in berekening gebring word:

" ... Ek is God, daar is geen ander nie.
Ek lê 'n eed af in my eie Naam,
wat Ek sê, is betroubaar ..."

Jesaja 45:22,23

OUTOBIOGRAFIE EN METAFORIEK

Die mens is metafoor en meer
D J Opperman

In 'n sekere sin kan 'n mens beide poësie en outobiografie as definisies van die self sien, relatief tot die tyd en plek van skrywe. "In the great autobiographers, whether it be autobiography as such or poetry, consciousness of this continuing creation of the self accompanies the creation, and, in the moment after, becomes it" (Olney:44). So byvoorbeeld is die outobiograaf Montaigne bewus van die feit dat hy homself in die verlede beskryf, en is ook bewus daarvan dat sy bewustheid sy huidige siening van die werklikheid is. Hy is ook bewus van hierdie bewustheid.

Olney meen dat deur 'n outobiografie die outeur metafore van homself skep. "The self expresses itself by the metaphors it creates and projects, and we know it by those metaphors ..." (34). "By their metaphors shall you know them. And, what is more surprising perhaps, by the same metaphors, if they are used by an artist, shall you know yourselves. It is only metaphor that thus mediates between the internal and the external, between your experience and my experience, between the artist and us, between conscious mind and total being,

between a past and a present self, between, one might say, ourselves formed and ourselves becoming" (35).

Reg voor in *Essays on metaphor* (voor inhoudsopgawe en ongepagineer) haal Warren Shibles enkele bekendes aan oor taal en metafoor (1972). Robert Frost: "All thinking is metaphoric", CS Lewis: "All our truth, or all but a few fragments, is won by metaphors", en Shelly: "Language is vitally metaphorical."

Taal is al deur verskeie taalkundiges as onontkombaar metafories bestempel. Eileen Cornell Way haal aan: "In *Metaphors we live by*, Lakoff and Johnson (1980) go as far as to claim that *all* language is, at heart metaphorical and no part of it is truly literal. In the *Myth and metaphor*, Colin Turbayne (1963) also makes a case that all language is metaphorical" (*Knowlegde representation and metaphor* 1994: 17).

Om enigiets te bespreek wat nie empiries deur die sintuie waarneembaar is nie, is die gebruik van beelde noodsaaklik. So ook word die mens se konsep van God bepaal volgens die beelde waardeur Hy homself deur sy *logos* aan die mens openbaar. Verganklike wesens kan nie 'n absolute en volledige kennis van 'n onverganklike wese hê nie, maar kan tog iets van hom te wete kom deur beelde, veral metafore. Soos Opperman tereg oor die mens opmerk: "Die mens is metafoor en meer". Hoeveel méér sal die Opperwese God dan

nie wees nie as die beperkte aantal metafore waardeur Hy hom in sy Woord kan openbaar?

Lewis sluit aan by Olney se siening oor metaforiek in die Bybel: "Statements about God are extrapolations from knowledge of other things which divine illumination enables us to know" (Christensen:64). Die Outobiograaf van die Bybel maak hom toeganklik deur 'n reeks metafore waarin die bekende wêreld van die leser opgeroep word. Sulke metafore is talryk en sluit onder meer in: Skepper, Verlosser, Lam van God, Hoëpriester, Ster van Jakob, Goeie Herder, Vredevors, Man van Smarte, Ewige Vader, Wysheid, Geliefde, Wynstok, Brood van die Lewe, Lewende Water, die Deur, die Weg, Alfa en Omega, Seun van God, Seun van die mens, die Leeu van Juda, Regter, Koning.

Lewis waarsku teen die geringskatting van hierdie metafore. "To discard such rich and meaningful literary images and replace them with abstract theological statements about the nature of God is to fail to appreciate the purport of Scripture." (Christensen:84,85).

Die kwessie hier is om te bepaal of die Bybel wel kan aanspraak maak op die generiese klassifisering van outobiografie, omdat die veronderstelde Outeur 'n bonatuurlike wese is en homself nie op die titelblad identifiseer nie. En meer radikaal nog: omdat die outobiografie nie deur die Outeur self geskryf is nie.

Dit is duidelik dat Gabel en Wheeler die outobiografiese aard van die Bybel miskyk. Volgens hulle het die Bybel juis *nie* een outeur nie: "...the whole Bible has no author" (10). Klaarblyklik snap hulle ook nie die verskil tussen outeur en skrywer nie. Verder verwerp hulle die siening dat die Bybel 'n eenheid vorm. Hulle noem die volgende as faktore wat eenheid onmoontlik maak: duplisering, weglating, interpolasie en weerspreking. Maar geeneen hiervan hoef problematies te wees nie. "One has only to scan the history of recent literary genre, the novel, to see how rapidly formal conventions shift, and to realize that elements like, disjunction, interpolation, repetition, contrastive styles, which in biblical scholarship were long deemed sure signs of a defective text, may be perfectly deliberate components of the literary artwork, and recognized as such by the audience for which it is intended" (1987:27).

Maar indien Gabel en Wheeler korrek is met hulle stelling dat die Bybel *nie* een outeur het nie en dat die teks *nie* as 'n eenheid beskou kan word nie, laat dit die Christendom in 'n taamlike penarie. Die outoriteit van die Bybel lê onder meer in die feit dat dit een enkele Outeur het. Saam hiermee gaan die eenheid, veral geleë in die kernboodskap, wat progressief deur die Bybel geopenbaar word. Dit geskied aan die hand van 'n deurlopende verhaal, deur Duitse teoloë gedoop as die *Heilsgesichte*. Die volledige scenario van begin (Genesis) tot by die eindtyd (Openbaring) word ook

progressief aan die mens bekend gemaak. Dit is taamlik voor-
die-handliggend dat hierdie verhaal nie chronologies verloop
nie.

Omdat die Bybel heeltemal uniek, apart van alle ander tekste
is, kan dit nie aanspraak maak op die genre outobiografie
proprie nie. Die Bybel kan nie as God se outobiografie *per se*
gereken word nie, maar wel as een oorkoepelende teks waarvan
wese outbiografies is. Al die verskillende boeke vorm saam
een grootse oeuvre – God se oeuvre wat ten diepste outo-
apokalipties en daarom outobiografies is.

MEDESKRYWERS

God as Outeur gebruik wel mense om sy "lewensverhaal" te
skryf. God as 'n bonatuurlike wese het nie met 'n onsigbare
hand sy outobiografie gaan sit en neerpen nie. Nog minder
het Hy woord vir woord aan menslike skribas gedikteer.
Die subteks val binne die veld wat bekend staan as
medewerkende literatuur ("collaborative literature"). 'n
Kategorie wat nie so vreemd is nie, is die outobiografiese
medewerkings. Daar is gevalle waar 'n openbare figuur sy
biografie geskryf wil hê asof dit deur homself gedoen is. Hy
vind dan 'n goeie skrywer wat bereid is om so 'n kontrak aan
te gaan. Dit hang van die ooreenkoms tussen outeur, werklike
skrywer en publiseerder af of die skrywer se naam vermeld
word of nie. Dit is nou maar eenmaal so dat, soos op alle
ander gebiede, die outoriteit by diegene wat die hef in die
hand het, berus.

Skrywers in die kategorie outobiografiese medewerking staan bekend as spookskrywers, volgens Lejeune in die hoofstuk getitel "The Autobiography of Those Who Do Not Write".

Dis van kardinale belang dat so 'n spookskrywer wel die outobiograaf persoonlik moet ken of leer ken. "The ghost writer must first intervene and can only do so in the midst of an interpersonal relationship of dialogue; but he must next erase his intervention and take over the relationship with the reader *as if he were the model*" (Lejeune:190).

In die geval van Bybelse boeke blyk dit duidelik dat al die spookskrywers die een of ander soort verhouding met die Outeur gehad het, anders sou die skryf van die outobiografiese subteks nie moontlik wees nie. Hierdie medewerking aan God se outobiografie los dan ook die probleem op van sovele anonieme skrywers. Die identiteit van spookskrywers is hier nie van deurslaggewende belang nie omdat die outoriteit van die Bybel nie in die teks of die skrywers *per se* lê nie. Dit resideer in die Outeur self. En soos Eakin tereg opgemerk het, moet die leser hierdie outobiografiese teks beide gesofistikeerd en naïef benader. Met 'n mate van kennis van die letterkunde, klassieke tradisies, Semitiese tale, en 'n openheid ten opsigte van 'n bonatuurlike Outeur, sal baie geheimenisse van hierdie Goddelike teks ontsluit word.

Wat die Bybel verder onderskei van ander outobiografiese werke is dat God die enigste outobiograaf is wat sy eie verhaal se begin en einde volledig ken. Dit word by verskeie geleenthede bevestig:

'Ek is die Alfa en die Omega,' sê die Here God.

KOLLEKTIEWE EGOSENTRIESE SPREKER

Die woordvoerder in die subteks lê nader aan 'n spreker as aan 'n verteller. Sy funksie is om die klem op die hoofkarakter te laat val. Omdat die subteks outobiografies is, sal die outeur, skrywer, verteller en hoofkarakter een en dieselfde persoon wees. Daar is reeds gewys op die funksie van die medewerkende skrywers en dat hulle identiteit nie beduidend is vir ware outeurskap en outoriteit van die Bybel nie.

In die suprateks is die Outeur goed verskuil agter die sluier terwyl Hy in die subteks baie prominent is. Soos reeds aangevoer, is hierdie subteks outobiografies. Die Outeur wil homself aan die leser bekend stel. Hy gebruik spookskrywers vir hierdie doel wat nie geïdentifiseer hoef te word nie. In werklikheid is die spreker nie 'n enkele spreker nie, maar verskeie sprekers soos aan die woord gestel deur Abraham, Moses, Jesaja, Hosea, Jesus en Johannes (van Openbaring). Hierdie sprekers saam vorm 'n soort woordvoerder wat gesamentlik optree en as 'n *kollektiewe* spreker beskryf kan word. Deur 'n kollektiewe spreker word grense en die beperking van tyd en ruimte opgehef en dra

dit indirek by tot die konsepte *alomteenwoordigheid*,
alwetendheid en *ewigheid*.

'n Verdere kwalifikasie is egter nodig: omdat hierdie kollektiewe spreker oor homself praat en sy uitinge na die ek verwys, kan hy verder beskryf word as *egosentries*. Die outobiografiese subteks bestaan uit die Outeur se "eie" woorde. Sy spreekbeurt in die direkte rede dien as boumiddel vir die subteks. Die gebruik van die direkte rede het oor die algemeen groter impak as blote vertelling. Savran sien die aanhaal van 'n spreker se woorde só: "... direct speech assumes greater importance. Within the scenic mode typical of much biblical narrative, it is dialogue that adds dramatic presence to the story ... " (1988:12). Daarby verleen die direkte rede ook groter outoriteit aan 'n verklaring. Dit is veral die geval met God se woorde. Savran meen: "... quotations of God are generally treated as authoritative statements (who would dare to misquote YHWH?) just as divine speech itself is accepted by the narrator as true and authentic" (23).

'n Ander funksie van die direkte rede is dat 'n spreker se woord (veral iemand gesaghebbend) nie net tot die rede spreek nie maar ook tot die emosies. Vergelyk die verskil tussen:

[vertelling] God verklaar sy liefde aan sy volk en vergelyk haar met 'n bruid wat vir altyd syne sal bly. Hy vertel hoe Hy haar aan hom gaan bind met sy weldade en goeie sorg, sy liefde en ontferming.

TEENOOR

[God sê:] "Ek gaan jou my bruid maak vir altyd. Ek gaan jou aan my bind deur my weldade en my goeie sorg, deur my liefde en my ontferming vir jou."

Hosea 2:18

God die Outeur maak homself - sy wese en sy wil - deur 'n kollektiewe egosentriese spreker aan die mens bekend met 'n verklaring soos:

"Ek is wat Ek is." Eksodus 3:14

Hy wys hulle op hulle verlore toestand (deur eie toedoen) en kondig sy plan van redding aan in Eksodus 6:5:

"Ek sal julle vry maak met mag en groot reddingsdade."

Dit is 'n voorspel van die uiteindelijke en permanente verlossing wat gaan kom soos geprofeteer deur Jesaja en wat tot die einde toe weerklank vind - tot in Openbaring. Buiten vir die volmaakte verlossingsplan, verklaar die spreker by herhaling aan verskillende profete onder verskillende omstandighede en in verskillende eras (onder meer) sy innige liefde vir die mensdom. Hoewel die motief dieselfde bly, is daar gewoonlik variasies hiervan:

"Ek neem hulle aan as my volk en Ek sal julle God wees." Eksodus 6:6


Streng gesproke is dit nie die spreker wat homself aan die woord (kan) stel nie. In spreektekste is dit die spreker wat deur die profete en apostels vir God aanhaal. Hulle is spreekbuis wat God deur hulle "laat praat". En hier moet die profete as eerbaar, betroubaar en geloofwaardige getuies aanvaar word. Die Skrif verifieer

hulle integriteit. In verteltekste is dit die verteller wat God aan die woord stel. Dit kulmineer in die vier evangelies waar God homself deur Jesus aan die mens openbaar. Weer is dit die Skrif self wat van hierdie Spreker se geloofwaardigheid getuig. In Openbaring 1:5 maak God dit aan Johannes só bekend:

... Jesus Christus, die geloofwaardige getuie ...

Is die getuienis van Christus werklik betroubaar? Is Hy wie Hy sê Hy is wanneer Hy sê: "Ek en die Vader is een" (Joh 10:30)? Is Hy werklik die "weg, die waarheid en die lewe"? Weereens is dit Lewis met sy vlymskerp waarneming wat 'n antwoord bied: "Jesus Christ is either a liar, a lunatic or Lord [lees ook *Logos*]".

Die *logos* [Skrif] getuig van (Joh 5:39) die *Logos* [Jesus Christus]. Die *Logos* getuig weer van God die Outeur [ook *Logos*] (Joh 5:31,32) - ook Outeur wat die *logos* ingegee het (2 Tim 3:16). So ook weer getuig die *logos* van die Outeur (Ps 119:89-91) wat weer op sy beurt self die *Logos* substansieer (Joh 8:18). Hierdie *Logos* bevestig weer die betroubaarheid van die *logos* (Joh 5:39). 'n Stewige netwerk, 'n dubbele siklus wat volmaak sluit en verseker dat daar nie skuiwergate is nie. Dit kan skematies so voorgestel word:



Alles in die siklus werk mee aan outo-eksegese. Nogtans verg dit werklik toegewyde studie en geen los-en-vas-benadering nie.

KARAKTERISERING

Indien Savran gelyk het met sy bewering dat 'n spreker se eie spraakhandeling die heel minste betroubaar is, dan is die karakterisering van God (veral in die subteks) werklik in die moeilikheid. Die hele subteks berus op God se uitsprake oor wie Hy is en wat Hy doen. Is dit enigsins te vertrou as Hy dan woorde in die mond gelê word?

In 'n teks met 'n outobiografiese inslag van 'n ernstige aard (soos die Bybel) is dit nodig om Savran se skaal van betroubaarheid aan te pas en selfs om te keer. Hier moet die leser die Outobiograaf se bedoeling as *bona fide* aanvaar en dit in die lig beskou soos wat Lejeune dit stel met sy *pacte autobiographique*: "... believing in the sincerity of the author's intention to present the story of 'a real person concerning his own existence'".

Kruisverwysing is hier die reddende advokaat. Deur die getuienis van ander karakters en die bevestiging van vertellers in ander tekste word God se woord as't ware sy eer. Deur vertellings, vervulde profesieë wat opgeteken is, deur die ervaring van gelowige karakters as ander bronne, word selfverklarende stellings kruis en dwars gesubstansieer. Johannes stel vir Jesus Christus aan die woord as getuie van God (Johannes 8:26):

"... Hy [God] wat my gestuur het, is geloofwaardig.."

REËLE EN IMPLISIETE OUTEUR

Volgens die narratiewe kommunikasie-model word daar onderskei tussen 'n reële en implisiete outeur. Die reële outeur is die vleis-en-bloed-mens wat byvoorbeeld in die geval van D J Opperman reeds oorlede is. Die reële outeur is ook die ware outeur, 'n komplekse wese met vele fasette wat geensins bloot deur sy tekste ten volle of werklik geken kan word nie. Uiteraard kan hy homself net op beperkte en geselekteerde manier deur sy geskifte onthul.

Die outeur wat deur sy tekste leer ken word, is nie die ware mens wat die leser leer ken nie. Hy is die outeur-van-die-tekst. Hierdie outeur-van-die-tekst word nie op eksplisiete wyse bekend gemaak nie en word deur Wayne Booth as die implisiete outeur (ook die fiktiewe outeur) beskryf. Maak die verdere onderskeid tussen implisiete en gedramatiseerde outeur waar die implisiete outeur nooit "ek" in sy tekst gebruik of na die gehoor verwys nie, terwyl die

gedramatiseerde outeur dit wel doen. (Martin, Wallace *Recent Theories of Narrative* 1986:154).

Dieselfde geld vir die Bybel. Maar die situasie is baie meer kompleks omdat daar ook spookskrywers by betrokke is. Nietemin, die reële en implisiete Outeur is soos reeds geargumenteer, God. Maar as die Bybel as enigste bron van openbaring gebruik word, is en bly die Outeur 'n implisiete wese wat op 'n uiters beperkte manier geken kan word. Omdat die Bybel net soveel oor sy Outeur bekend maak en omdat daar verskeie ander faktore met hulle eie beperkings is (soos taal, vertalings, tekortkomings van die leser), kan die Outeur van die teks net gedeeltelik geken word.

Die doel van die Bybel is nie vir die leser om te eindig by die kennis van die implisiete Outeur nie. Dit is juis die essensie van die Christendom dat elke leser of hoorder van die Bybel die Outeur van alle outeurs *persoonlik* sal "ontmoet". Die Bybel dien as 'n soort deurtog van reële Outeur na reële leser. Die leser moet die implisiete Outeur deur die lees van die Bybel leer ken om dan die sprong te maak om by die reële Outeur uit te kom. Hierin lê die verskil tussen die Bybel met sy outobiografiese subteks en 'n oeuvre met 'n sterk outobiografiese inslag soos dié van Opperman of Breytenbach.

Dit is die primêre doel van die Outeur van die Bybel om geken te *wil* word, terwyl dit (na alle waarskynlikheid) nie


die geval met die ander outeurs is nie. Die sprong wat gemaak moet word van informasie van die implisiete Outeur tot by 'n persoonlike kennismaking met die reële Outeur, is ekstratekstueel en lê buite die letterkunde of enige vorm van kunde. Dit lê op die metafisiese terrein en funksioneer buite die rede om. Hier moet die reële, Goddelike Outeur op misterieuse wyse inspeel of ingryp om hierdie sprong vir die leser moontlik te maak. In die Ou Testament meld die profeet Jeremia iets van hierdie Goddelike ingrype:

*Ek sal hulle [die volk] die insig gee om my te ken.
 Ek is die Here! Hulle sal my volk wees,
 en Ek sal hulle God wees ...* Jeremia 24:7

En in die Nuwe Testament bid die apostel Paulus

*dat die God ... deur sy Gees aan julle wysheid gee
 en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik
 kan ken.* Efesiërs 1:17

Die narratiewe kommunikasiemodel vir die Bybel kan skematies soos volg voorgestel word:



RO = reële outeur
 IO = implisiete outeur
 RL = reële leser
 IL = implisiete leser
 RS = reële skrywers
 IS = implisiete skrywers

Leser

VOORSKRIF
Lees dié woord
geduldig.

SPERMUTASIE D J Opperman

Alle werklik goeie literêre tekste of *belles lettres* (soos Gabel en Wheeler daarna verwys) verg "geduldige" lees. Om enigsins 'n werk van formaat-skrywers soos Shakespeare, Breyten Breytenbach of Etienne Leroux te verstaan, is 'n mate van voorkennis nodig oor universele aangeleenthede soos religieë, mitologieë, wêreldgeskiedenis en literêre konvensies - om maar die heel belangrikstes te noem.

Vir lesers van tekste so antiek soos die Bybel is die lees en verstaan daarvan geen eenvoudige taak nie. Hoë eise word gestel vir 'n (min of meer) aanvaarbare interpretasie van so 'n komplekse, religieuse teks. Faktore soos mondelinge tradisies, literêre kodes (klassiek en modern), kulturele konvensies en historiese agtergrond beïnvloed onbetwisbaar die eindresultaat.

Hoewel die leser uiteraard deel van die kommunikasieproses is, het hierdie belangrike agent tot die laat-sewentigerjare nie sy regmatige plek geniet nie. Dis veral Literêre Teoretici soos Scholes, Eco, Iser, Kristeva en Barthes wat dié byna vergetene weer in ere herstel het. Maar soos dit met alle teorieë gaan, is oorbeklemtoning (sekerlik om 'n wanbalans te probeer herstel) onvermydelik. Te veel vryhede word die leser veroorloof. Soveel so dat (veral na

aanleiding van Derrida en sy Dekonstruksie) die leser *carte blanche* by sekere oorsimpatieke teoretici gekry het. Volgens die Dekonstruksie-teorie kan die leser betekenis aan 'n teks toeken soos wat hy wil - 'n uiters permissiewe benadering wat die leser in 'n doolhof van interpretasies kan laat beland of hom selfs in chaos kan dompel.

Die vryhede wat aan die moderne leser toegesê is en moontlik nog gesê word, is nie geldig vir 'n ernstige religieuse teks soos die Bybel nie. Waar 'n leser met 'n permissiewe benadering betreffende sekulêre tekste nog daarmee sonder enige noemenswaardige gevolge kan wegkom, is dit nie aanvaarbaar by die lees van die Bybel nie. Sekulêre outeurs blyk baie meer verdraagsaam teenoor die leser te wees. Dit sou arrogant wees as hulle dit nie is nie omdat hulle feilbare mense is wat nie al die antwoorde het nie. Daarom staan hierdie outeurs as't ware terug en laat die leser grootliks die advokaat wees solank sy interpretasie min of meer deur die teks self gesubstansieer kan word.

Maar wat die Bybel betref, is sulke vryhede ongeoorloof. Die teks gee aanduiding oor hoe daarmee omgegaan moet word. Hierdie teks laat nie met hom kat-en-muis speel nie. Die teks self is die advokaat waarmee deeglik rekening gehou moet word en vra 'n verantwoorde, teksgerigte hantering.

Die suprateks (literêr-religieuse artefak) is dit wat die leser voor hom het. Hoewel hierdie teks baie dele het wat grootliks verstaanbaar is, is bepaald nie alles ewe

toeganklik vir die oningewyde leser nie. Reeds genoemde kwessies soos konvensies, kodes, tradisies en ander agtergrondsinsigting help bepaal aan 'n verantwoordelike interpretasie van 'n teks. Trouens, die teks self waarsku teen die gevaar van waninterpretasie vanweë moeilike gedeeltes. In sulke gevalle is die hulp van ingeligte en betroubare eksegete nodig, soos geïmpliseer in 2 Petrus 3:16:

Daar is dinge in sy briewe [Paulinies] wat moeilik is om te verstaan. Oningeligte en onstandvastige mense gee daaraan verkeerde uitleg, soos hulle trouens ook doen met die res van die Skrif, en dit tot hulle eie ondergang.

Van kardinale belang is die aanspraak wat die Bybel self maak op Goddelike inspirasie (2 Tim 3:15). Dit wil sê dat die (implisiete) Outeur dwarsdeur die hele Bybel in die teks teenwoordig is, hoewel goed versluier as outeur. Derdens word dit duidelik uitgespel dat veral die profesieë nie sonder hulp verstaan kan word nie. En hier bedoel Paulus bonatuurlike hulp, die inspeling van die Outeur self deur sy Gees:

Dit veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. 2 Petrus 1:20,21

Waar soms ekstensiewe uitleg nodig is vir die juiste verstaan van die suptrateks met al sy collage-diversiteite, is die intellektuele verstaan nie voorop by die subteks nie. Die suptrateks is noodsaaklik om die nodige kennis te verskaf

- kennis wat spreek tot die rede en binne die dimensie van die logiese val. Vir die magiese om verantwoordelik te funksioneer, is die logiese aspek noodsaaklik. Die subteks sal nie verstaan kan word as die leser nie 'n mate van kennis van die suprateks het nie. Maar die heel noodsaaklikste aandeel van die leser is sy houding teenoor die teks. Vir die raaklees van die outobiografiese van die subteks vorm die leser se openheid en goeie gesindheid die troef. Om weer terug te keer na Solzhenitsyn se beeld van die spieëltjie: die suprateks is die spieëltjie waarin jy kyk en dan net 'n kykie op die "Inaccessible" kry waarna die siel uitroep. Maar hierdie Ontoeganklike bly nooit lank ontoeganklik nie as die leser met erns na toegang soek nie.

Lewis spreek hom sterk uit oor die betrokkenheid van die leser by 'n literêre teks. Christensen interpreteer dit so: "Good literature is that which permits, invites, and often compels good reading" (1967:47,48). Vir hom is "good reading" net moontlik as die leser alle moontlike maniere aanwend, naamlik sy "senses and imagination and various other powers" om die teks werklik te wil verstaan. Vir Lewis is die goeie leser in staat om die magiese effek wat die rykheid van styl en taal opwek, te absorbeer. "They [the readers] allow literature to work its magic on them, trying not to extract meaning but rather opening themselves up to some new aspect of Reality ..." (49). Lewis dra hierdie siening van hom oor op die lees van die Bybel.

In *Post-modern use of the Bible. The emergence of reader-orientated criticism*, beskryf Edgar V Mcknight hoe die leser van die Bybelse teks geaktualiseer word deur hom in 'n strik te vang. Hy sê: "But biblical literature is different from other literature as it reveals a transcendent world and induces or "traps" readers to become part of that world" (1988:254). Volgens hom word hierdie "vangproses" moontlik gemaak deur die leser se onkunde EN kunde. Hy haal ook vir Sternberg aan wat die lees van die Bybel beskryf as "'tortuous enlightenment' and the way that the Bible goes out of its way to produce 'curiosity,' 'wonder,' and even 'skepticism about God's disposition' as strategies that have the result of trapping readers into 'faith on the backswing'" (256).

'n Klassieke voorbeeld van 'n leser wat hom oopgestel en laat "vang" het, is die Etiopiër, 'n gesiene man wat die koningin van Etiopië se geldsake hanteer het (Handelinge 8:30,31). Hierdie man was bewus van sy onkunde en sy eerlike reguit antwoord getuig van wysheid:

Filippus het daarheen [die reisende man] gehardloop en gehoor dat die man uit die profeet Jesaja lees. Hy vra toe vir hom: "Verstaan u wat u lees?" Die Etiopiër antwoord: "Hoe sou ek kon as niemand dit vir my uitlê nie?"

Hoewel dit nie eksplisiet gestel word nie, kan die Etiopiër se bona fide-gesindheid hieruit afelei word. En dit is hier waar die sleutel tot suksesvolle verstaan lê: die leser *wou*.

So gretig was hy om te verstaan, dat toe Filippus aan hom die Ou-Testamentiese gedeelte verduidelik en dit deurtrek tot by die evangelie van Jesus, kon hy nie wag om gedoop te word nie. Dit moes impliseer dat hy eers tot geloof gekom het en daarna vir hom wou laat doop het. En dit is die onomstootlike bewys dat die Etiopiër die teks verstaan het. Hy het *gehoor* en *gedoen*. Dirkie Smit stel dit onomwonde in sy boek *Hoe verstaan ons wat ons lees?* só: "*Die beste uitleggers van hierdie woord is daarom ten diepste nie vakeksegete nie, maar die gemeente, die gelowiges, die daders van die woord, diegene wat diep inkyk in die spieël en sien en dan nie weggaan en vergeet nie, maar gaan dóén*" (1987:70).

Dit is die wonder van die Outeur dat die diepste kern van sy openbaring selfs vir jong kinders en eenvoudiges verstaanbaar is. Dit is Paulus wat in sy tweede epistel aan Timoteus hierdie jong man aanmoedig om te bly by wat hy reeds van vroeg af geleer het:

... jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Jesus Christus.

Verder het Jesus dit by geleentheid (met die hovaardige Skrifgeleerdes in gedagte) dit uitgejubel:

"Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges [lees ook: "children" in die New International Version] bekend gemaak het." Lukas 10:21

Hoewel die suptrateks 'n noodwendige deurtog na die subteks

is. is die outobiografiese die wese van die hele Bybel. Waar die suprateks voorkennis en weer later noodsaaklike bykennis vir verdere verstaan bied, is dit die subteks wat die verlossing en herskepping bewerkstellig – maar net latent.


Twee ander faktore is noodsaaklik om werklike verstaan te voltrek, dit wil sê die *hoor* en *doen*. Die een is die inspelings van die reële Outeur se Gees, en die ander is die leser wat dit aangryp. In Efesiërs 1:17 verwys die skrywer na God se Gees wat self kennis en wysheid by die mens bewerkstellig. En aan die ander kant is die aangrype deur die leser nie bloot 'n onverantwoordelike sprong in die duister nie.

Hierdie sprong wat die leser maak om 'n ware ontmoeting met die reële Outeur te kan hê, verg 'n mate van *kennis* van dit wat hy gaan aangryp. Geen mens met gesonde verstand gryp blindelings na iets of iemand van wie hy geen kennis dra nie. Wat die *Dictionary of Philosophy* te kenne gee, naamlik "[r]eligious faith stands at the opposite pole of knowledge" is 'n ondeurdagte mening. Ouden wys op die feit dat vertroue in 'n persoon gewoonlik hand aan hand gaan met 'n mate van kennis van so iemand se integriteit. "We learn to trust certain people because they make themselves known as trustworthy ... I would ... never trust that person unless there were a concrete history of (including names, dates, and pivotal events) trustworthiness that reveals that person's reliability" (401).

Kennis spreek tot die leser se rede en sluit nou aan by die logiese dimensie van die woordkuns. Oden verduidelik die skakel tussen geloof en rede só: "Christian faith concedes to reason what is rightfully its due. God does not reveal himself to irrational, but rational, creatures, capable of distinguishing between true and false evidence. Revelations does not imply faith in the absurd or impossible, or faith based on ignorance" (395). En hy skroom nie om dié mens wat sy rede as die enigste betroubare maatstaf aanvaar, tereg te wys nie. Hy waarsku: "... reason since the fall has been blind, proud, vain, wrapped in error and self-deceit" (395). Die Bybel self laat nêrens die menslike rede buite rekening nie: dit gaan hand aan hand met kennis en speel 'n noodsaaklike rol by geloof:

*En ons weet dat die Seun van God gekom het
en ons verstand gegee het om die ware God
te ken. 1 Johannes 5:20)*

Die tweede deel van die aangrype sluit aan by die magiese dimensie van die woordkuns. En dit is die *vertroue* wat hy in die Outeur stel op grond van die reeds verworwe kennis oor Hom. In Bybelse terme staan so 'n aangrype bekend as *geloof*. Skematies kan dit so voorgestel word:



Wanneer die leser die subteks raaklees en dit in die geloof aanvaar, skuif dit tot op die voorgrond en smelt ineen met die suprateks. Die dubbelteks word nou 'n enkelteks - Woord van God - en kan die gelowige leser die outobiografiese in die hele suprateks inlees. En ook andersom. Hierdeur het die leser homself oopgestel om as't ware deur die reële Outeur in die groot verhaal "invertel" te word. So word sy naam in die Boek van die Lewe ingeskryf (Openbaring 20:12).

Deur die leser se keuse om die Outeur op sy woord te neem, slaag hy daarin om die kosmiese ironie, die menslike ramp van verganklikheid, te ont-ironiseer. Hy is nie meer deel van die kosmiese tragedie nie, maar deel van die Goddelike romanse. Maar dan is daar sovele lesers wat nie die subteks kan of wil raaklees nie, of selfs raaklees en verwerp. Hy is soos daardie dwaas wat na die spieël toe stap om te gaan kyk hoe hy lyk. Hy stap weg en vergeet hoe hy gelyk het. So 'n verwaande leser meen seker dat hy die teks korrek uitgelê en dit te lig bevind het. Maar in werklikheid het die teks hóm uitgelê. Hy kan of wil nie die

dodelike wapen - "skerper as enige swaard met twee snykante"
- in sy lyf voel nie. Hierdie swaard is die woord van God -
"lewend en kragtig". Dit ontsien geen mens op aarde nie en
dring deur tot in sy diepste wese:

*Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes
van die hart.* Hebreërs 4:12

So het hy die tragiese en onafwendbare vonnis oor homself
voltrek. Hierdie leser het sy rol in die kosmiese tragedie
verseël en homself daardeur uit die Boek van die Lewe laat
"uitskryf".

OEUVRE

Die Bybel is nie enersyds bloot 'n versameling religieuse
werke en andersyds 'n outobiografie *propre* in die
konvensionele sin van die woord nie. Hierdie Protestantse
Kanon kan as God se "oeuvre", sy versamelde werke, gesien
word en wat in een bundel opgeneem is. Die Bybel het een
Outeur wat een verhaal - sy verhaal - vertel en dit
beïnvloed die integriteit en outoriteit.

Gabel en Wheeler ontken egter die eenheid van die Bybel.
Volgens hierdie twee kompliseer so 'n sienswyse sake: "Far
from simplifying the problems, the dogma that the Bible is a
unity multiplies and magnifies the problems" (1986:10).

Daarteenoor is Henrietta Mears weer sterk apologeties oor
eenheid in haar boek *What the Bible is all About*. Hoewel
sy klaarblyklik nie altyd self duidelikheid het oor terme
soos boek, biblioteek en teks nie, is haar uiteindelijke

boodskap ononderhandelbaar: "The Bible is one book, and you cannot take it in texts and expect to comprehend the magnificence of divine revelation. You must see it in its completeness" (1983:20). Voorts sê sy: "The Bible is not a book of texts - it is a story - it is a revelation, to be begun and pursued and ended as we start and continue other books" (21).

Mears is bewus van die problematiek rondom die Bybel en probeer dit nie onder die mat invee nie. Maar sy moedig lesers aan om die Bybel in sy geheel te bestudeer. Sy sê: "You will find there is a unity of thought which indicates that one Mind inspired the writing of the whole series of books; that it bears on its face the stamp of its Author; that it is in every sense the WORD OF GOD" (23,24).

Hoewel daar ook meningsverskil onder teoloë is oor die mate van eenheid in die Bybel, is daar genoeg bewyse ten gunste daarvan. Die vernaamste benaderingsmetode was voorheen met die klem op die tekstuele. 'n Spesifieke teks (bedoelende 'n Bybelboek soos Rut) word afsonderlik geneem, sy skrywer bepaal en daarna word die gedeelte in diepte geëksegetiseer. Hierdie benadering het bepaald sy gevare en het in die verlede tot eensydigheid en ook wanpraktyke in die Christendom gelei.

Tans word 'n meer omvattende benadering in die letterkunde sowel as die teologie voorgestaan waarin die tekstuele sowel

as die kontekstuele (min of meer) ewe veel aandag kry. In sy boek *Teodoliet* (1987), 'n oeuvre-studie oor D J Opperman, fokus Snyman op daardie aspekte wat as gemene delers dien en ook op die belangrikste samehange wat hy in verhouding plaas, naamlik tema en taal. Literêre aspekte wat deurlopend is (hoewel in verskeie gestaltes) soos die egosentriese spreker, deiktiese ruimte, metaforiek, ironie, nostalgie, parodie en die verskynsel van *Ars Poetica* vorm saam die Opperman-oeuvre.

Snyman toon veral die onbetwisbare outobiografiese inslag van Opperman se werk aan. Hy lê baie sterk klem op die integrale deel van elke onderafdeling wat saam bou aan die volledige scenario. "[D]ie gedig (teks) word nie as outonoom beskou nie, maar as 'n deel van 'n oorkoepelende (oeuvre-) geheel ... " (1987:Inleiding). Dit beteken nie dat 'n gedig op sy eie oninterpreteerbaar is nie, maar dat dit in die geheel gesien, veel duideliker en sinvoller is. Elke gedig, elke bundel in 'n outeur se oeuvre dra by tot 'n juister en vollediger geheelbeeld.

Om 'n religieuse teks so formidabel soos die Bybel aan die hand van enige sekulêre werk, of oeuvre, te wil verklaar, grens aan heiligskennis. Ongelukkig is dit onvermydelik, want 'n bestaande ondermaanse vertrekpunt is tog nodig.

Nietemin, dieselfde moderne benadering wat vir literêre tekste gebruik word, naamlik die teks-in-konteks, geld ook vir 'n oeuvre soos die Bybel. In die inleiding tot *The Bible*

in Outline word die eenheid van die Bybel sterk deur die redakteur beklemtoon: "God has given us Scripture in its totality and it is the whole Scripture that carries his message - we cannot understand what he is saying unless we study the message of the whole Bible" (1990:10). Verder waarsku hy ook teen 'n eng tekstuele lesing: "... ultimately the best safeguard against developing one-sided interpretations, wrong behaviour ... is to come to terms with the overall message of Scripture. Detailed knowledge of ... one or two trees is in this case no adequate substitute for an understanding of the wood" (10).

Hierdie nuwe manier van omgaan met die Bybel word ook in dieselfde inleiding aangemoedig: "More recently there has been an emphasis on interpreting Scripture as it stands and seeing each passage in the context of others around it. We need to go further and see each in the context of the overall message of Scripture" (10). 'n Aanvaarbare en verantwoordelike eksegeese van die Bybel vra dus vir 'n teks-in-kontekstuele benadering.

Die literator Frye meen die beskouing dat die Bybel 'n totale eenheid is, op tradisie berus. Maar hy wys op die feit dat daar uit 'n literêre oogpunt tog 'n mate van eenheid teenwoordig is. Hy sê dat enige leser wat al die hele Bybel gelees het, moes opgemerk het dat die boek met die aanvang van die wêreld begin en by die einde eindig. En tussenin word die verhaal van die mensdom vertel. Frye

verwys ook na konkrete beelde soos die stad, berg, rivier, tuin, boom, olie, fontein, brood, wyn, bruid en skaap "... which so clearly indicate some kind of unifying principal" (1983:xi).

Vir Frye lê die bindende faktor van 'n literêre teks nie primêr in die betekenis nie, maar in die vorm. Daar kan nie koherente betekenis wees sonder koherente vorm nie. En wat die Bybelse teks betref, fokus Frye op die bindende funksie van die narratiewe struktuur en beelding.

TEMATIEK, KRUISVERWYSINGS EN AANHALINGS

Drie ander bindingsmiddele in 'n oeuvre is *tematiek*, *kruisverwysings* en *aanhalings*. Hoewel die drie verband hou, is hulle tog duidelik onderskeibaar.

Tematiek

Een van die belangrike temas, naamlik dié van skepping, kom herhaaldelik na vore in die Ou Testament, maar veral in die Psalms en in Jesaja (vgl Eks 19:11; Eks 31:12-18; Neh 9:6; Ps 8; Jes 40:26).

*U alleen is God
oor al die koninkryke
van die aarde,
U het die hemel
en die aarde gemaak.
Jesaja 37:16*

Wat saamgaan met hierdie tema, is God se belofte van die herskepping van hemel en aarde (vgl Jes 65:17-25; Sagaria en Op 21,22).

Profesie speel 'n kernrol in die Bybel waarvan die voorspelling van die koms van die Messias (die geïnkarneerde Logos) en die vervulling daarvan, die hooftema is. Hierdie tema van verlossing vorm dié skakel tussen Ou en Nuwe Testament. Stott beweer: "The fundamental relation between the Old and the New Testament, according to Christ, is that between promise and fulfillment. The very first word Jesus uttered in his public ministry (in the Greek text of the Gospel of Mark) indicates this. It was the word 'fulfilled'" (1991:15). Dit is dan ook die Verlosser self wat in die Nuwe Testament die aandag vestig op die profesieë oor Hom in die Ou Testament as Hy die geleerde Jode betig (Johannes 5:39):

Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor my getuig.

In Lukas 24:44 verduidelik Jesus aan sy dissipels (na sy opstanding) dat wat die Skrif oor Hom geprofeteer het, vervul moet word:

"Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor my geskrywe is."

Kruisverwysings

Die Bybel is vol kruisverwysings na verskeie karakters, gebeure en ander belangrike sake. "We find in Scripture an elaborate pattern of cross-authorisation. For example, the prophets endorsed the law, and the psalmists extolled its truth, beauty and sweetness (e g Ps 19:119). Above all, the

New Testament confirms the Old, the apostolic authors drawing from it a rich variety of quotations as divine warrant for what they were writing. There is even the famous passage in which the apostle Peter refers to the letters of 'our dear brother Paul', comments on the 'wisdom' given to him, and equates his epistles with Scripture (2 Pet 3:15,16)" (Stott, John *Understanding the Bible* 1991:144).

Ander hoofkarakters in die Bybel, na wie in verskeie Bybelboeke verwys word, is Adam (vgl 1 Kor 15:22; 1 Tim 2:23); Job (vgl Es 14:14; Jak 5:11) en Moses (vgl Num 10:29; Matt 17:3; Hand 7:22; Heb 11:24) - om maar enkeles te noem. Maar dit is ook belangrike gebeure waarna oor en weer verwys word. Die boek Hebreërs is hier 'n uitstekende voorbeeld van waar 'n hele boek swaar leun op die tema van *geloof*. In Hebreërs word die uittog uit Egipte bygehaal (Eksodus), die voorskrifte vir aanbidding (Levitikus), hoe geoffer moet word (Numeri) en die wette (Deuteronomium). Verder word die kwessie van geloof gestaaf deur te begin by Abel tot by Ragab. Die rede waarom die skrywer nie verder gaan as Ragab nie is die gebrek aan tyd (Hebreërs 11:32):

Die tyd ontbreek my om te vertel van Gideon, Barak, Simson en Jefta, van Dawid, Samuel en die profete.

Aanhalings

Aanhalings (kwotasies) verbatim of effens gewysig, vorm ook 'n bindingsmiddel in 'n oeuvre. Een so 'n aanhaling is sterk tematies van aard en loop soos 'n goue draad deur die

oeuvre. Dit wys op die verbond van 'n onveranderlike Opperwese wat 'n intieme verhouding met sy volk begeer. In Eksodus 6:6 klink dit soos volg:

*Ek neem julle aan as my volk en
Ek sal julle God wees.*

Hierdie belofte word herhaal in Levitikus 26:12; Psalm 2:7; verskeie kere in Jeremia; Esegïel 37:23,27; Hosea 2 en in Sagaria. Hierdie tematiese refrein vind sy weerklank tot aan die einde in Openbaring 21:7. Hier word 'n intiemer verhouding gestel:

*Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit
alles kry, en Ek sal sy God wees, en hy sal
my seun wees.*

Die aanhaling van vorige uitsprake in die Skrif waarin die direkte rede gebruik word, is ook 'n algemene verskynsel. Daar is verskeie redes hiervoor, soos om dialoog meer dramaties voor stel of groter gesag daaraan te verleen. Hierdie vorm van herhaling bied meer diepte, plaas die betrokke teks in 'n wyer konteks en gee meer agtergrond. George W Savran waarsku in sy boek *Telling and Retelling. Quotations in Biblical Narrative* (1988:12) dat aanhalings die realiteit kan kompliseer omdat daar konflik in die verskillende weergawes kan wees. Maar vir hom is die oorwegende funksie "an affirmation of the original statement that helps the story build consistently in a single direction".

Waar dit by aanhalings kom, d is dit weer Jesus wat die hoofagent is. Dit is Hy wat vryelik uit die Ou Testament

aanhaal. Die heel bekendste woorde is seker dié tydens sy versoeking in die woestyn waar Hy Satan bestry deur die Skrif as outoriteit te gebruik (vgl Matt 4:1-11). Een daarvan is oorspronklik opgeteken in Deuteronomium 8:3 en deur Jesus aangehaal in Matteus 4:4. Dit lui soos volg:

Daar staan geskrywe: 'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom.

Daar is voortdurend vrae aan Jesus gestel en dit was veral die Joodse Skrifgeleerdes wat Hom in 'n hoek probeer dryf het. In baie gevalle het Jesus die Skrif aangehaal om hierdie klomp geleerdes tot stilswye te bring. In Matteus 13:10-16 verduidelik Jesus aan sy dissipels waarom Hy gelykenisse gebruik. Dit is juis om die halsstarrige Jode 'n les te leer:

In hulle geval word die profesie van Jesaja vervul wat sê: '...'

*Hierdie volk se verstand
is afgestomp:
hulle het hulle ore toegedruk
en hulle oë toegemaak
sodat hulle met hulle oë
kan sien en met hulle ore kan hoor
en met hulle verstand kan verstaan
en hulle bekeer,
en Ek hulle gesond maak nie.'*

Die hoë frekwensie van aanhalings deur Jesus verraai sy grondige kennis van die Ou Testament. Deur dikwels van verskeie boeke van die Pentateug en die profete aan te haal, het hy die gesag van die Ou Testament bevestig .

Die literêre vernuf van Ou-Testamentiese skrywers, veral in die oorspronklike taal, is vir Alter en Kermode 'n bron

van vreugde. Hulle verwys na die doelbewuste aansluiting by vorige tekste op verskeie maniere. "Such intertextual play occurs repeatedly in the Hebrew Bible, drawing its disparate elements into a certain mobile, unpredictable unity" (1987: 14). Ook hierdie twee skrywers ontken nie die klaarblyklike probleemareas in die Bybel nie. Vir hulle is dit nie so 'n lastige saak soos vir sommiges nie. "Whichever aspect we consider in the literary text - theme, the coordination of time and space, plot at the levels of story, cycle, or book - the means that create concord are so powerful that they override the aspects of discord" (44).

Wat aanvanklik as ongerymd gesien is, word 'n uitdaging vir die leser se vermoëns: "The differences and shifts in language and in types of text which we noted at the outset and which seemed so disturbing now fade, or rather, converge in a plane of a concord sustained from many sides. We are now in a position to reevaluate them as dynamic contrasts" (44). Hoewel hierdie uitspraak in die hoofstuk oor die boek Genesis gemaak word, is dit ewe geldig vir die res van die Bybel.

Dit is baie duidelik dat die Bybel geen simplistiese of absolutistiese (bloot letterlike of bloot figuurlike) benadering sal duld nie. Wanneer die terrein van die metafisiese betree word, is baie meer op die spel as wat die mens ooit in berekening sal kan bring. Dit herinner aan Petrus se ernstige vermaning:

Daar is dinge in sy briewe [Paulus s'n] wat moeilik is om te verstaan. Oningeligte en onstandvastige mense gee daaraan 'n verkeerde uitleg, soos hulle trouens ook doen met die res van die Skrif, en dit tot hulle eie ondergang. 2 Petrus 3:16

TITEL(S)

*[D]ie swaard van die Gees,
dit is die Woord van God.
Efesiërs 6:17*

Die titel van enige boek, hetsy 'n enkele werk of versamelde werke, soos in die geval van die Bybel, is 'n belangrike deel van die werk en verraai uit die staanspoor iets van die inhoud daarvan en behoort 'n bindende faktor te wees. 'n Misleidende titel, veral van 'n ernstige werk, kan skade berokken.

Vir Lejeune is die titelbladsy nie los te maak van die res van die werk nie. Vir Lejeune is die titel sowel as die naam van die outeur van belang vir die interpretasie van 'n teks. Ook in die geval van die outobiografie. "Taking the title page - previously overlooked - as an integral part of the text, Lejeune could now identify a *textual* criterion by which to distinguish between autobiography and fiction ... " (1989:Foreword).

Pirow Bekker gebruik 'n aanhaling uit *Style in Language* (I A Richards) as motto vir sy doktorale proefskrif, *Die titel in die poësie* (1970): "Consider the title. It is supposed to have a great deal to do with the poem. But I (as author)

cannot settle that. No more can you (as reader). It is something to be settled between the poem and its title. They settle it; we do not". Hierdie siening is net so geldig vir enige ander literêre genre en nie net vir die poësie nie.

Die titel van enige werk lewer altyd 'n semantiese bydrae van die een of ander aard. Deur die oënskynlik negerende vraag van Juliet aan Romeo: "*What's in a name?*", wat volg op die hartroerende uitroep: "*O! be some other name:*", wys sy *juis* op die groot krag wat daar in 'n naam opgesluit lê. Hennie Aucamp beklemtoon die groot rol wat 'n naam of titel vir hom, veral as skrywer, speel. In sy essay "Sy naam moet hy nog kry" stel hy dit taamlik sterk: "'n Naam en die ding wat hy benoem, moet inmekaar pas soos 'n swaard in sy skede of 'n skilpad in sy dop. Nee, dit moet selfs meer wees as 'n dop om 'n inhoud; onderwerp en naam moet so met mekaar vergroei raak dat dit 'n onontwarbare eenheid vorm" (Bekker:1970:32).

Die Bybel is geen gewone boek nie. Dit is dan ook nie vreemd nie dat die onskuldige term *boek* klaar probleme vir sommige inhou. Vir Gabel en Wheeler is dit 'n uitgemaakte saak dat die Bybel nie 'n boek is nie. "All of our discussion points to a cardinal fact: The Bible is not a book at all, in the usual sense of the term, but an anthology - a set of selections from a library of religious and nationalistic writings produced over a period of some one thousand years" (1986:10). Hulle verwys ter ondersteuning van hulle siening

na die herkoms van die term *bybel* wat afgelei is van die Griekse *ta biblia* wat boeke of klein boekies beteken. Alter het ook 'n probleem met die term Bybel. Hy beskou dié term "more a vague classification than a title" (11).

In die Bybel self word nêrens na die term *Bybel* verwys nie. Een van die logiese redes is dat 'n oeuvre wat soveel jare na opskrifstelling eers saamgestel is nie 'n klinkklaar naam in homself sal rondra nie. Die naamgewing sal uiteraard kunsmatig wees. Maar 'n sinvolle titel is soveel waardevoller.

In die Nuwe Testament word dikwels van die "Skrif" gepraat waar na die Hebreuse Bybel verwys word. Jesus Christus wat self die Woord van God is, praat van die "Skrif" in Lukas 24:45. Hier verwys Hy spesifiek na die profesieë oor Hom in "die wet van Moses, en in die profete en psalms" (Lukas 24:44). In die tweede brief aan Timoteus praat die skrywer van die "heilige Skrif" (2 Tim 3:15). In 2 Petrus 1:20 word nie net meer die "Skrif" en "die woord wat van God kom" van die Ou Testament bedoel nie. Ook die profesieë en orakels sedert Christus se tyd (opgeneem in die Nuwe Testament), word hierby ingesluit.

In die lig hiervan blyk die titel *Bybel* nie werklik sinvol te wees nie. As net die suptrateks in ag geneem word, sal die titel Bybel heeltemal voldoende wees. Maar waar die subteks die primêre funksie vervul, sal so 'n niksseggende titel nie deug nie. Daardeur word die Outeur (hopelik

onbewus) uitgerangeer, die eenheid van die oeuvre benadeel en die leser uit die staanspoor op 'n dwaalspoor gebring. Om sommer so uit die vuis 'n ander titel voor te stel, is sekerlik aanmatigend. Daarenteen sal 'n naam wat semanties die inhoudelike van die hele teks ondersteun, 'n goeie oorweging kan wees. 'n Moontlike alternatief is *Heilige Skrif of God se Woord*. Omdat die konsep God se Woord verskeie interpretasies kan hê (alles wat God gesê het, God se Seun, die Ou en Nuwe Testament saam), sal dit nie vir almal aanvaarbaar wees nie. Dit sou as subtitel gebruik kan word.

VERTALINGS

*Reading poetry in translation is like
kissing a bride through a veil.*

Azila Talit Reisenberger

Daar is vertalings en vertalings. Geen vertaling - hoe goed ookal - kan ooit presies dieselfde weergee as 'n oorspronklik teks nie. En hoe kompleks die teks, hoe moeiliker die taak van die vertaler. Dit geld nie net vir die Bybel nie maar vir enige ander goeie teks. Jousse is nie baie verdraagsaam teenoor vertalings en vertalers nie. Deur 'n magdom voorbeelde aan te haal, spel hy baie duidelik uit watter integrale bestanddeel herhaling in tekste vorm. Nie net wat die sintaktiese betref nie maar ook die semantiese.

As na Bybel-vertalings gekyk word, verg dit nie baie kopkrap om te sien hoeveel daar van die oorspronklike styl afgewyk

word nie - veral wat hierdie belangrike mondelinge tegniek betref. Die redes hiervoor is in baie gevalle onvermydelik. Selfs Jousse moet erken: "Since even the most perfect translation never fully capture the power of the original, [and since] there are nuances of thought that they are actually incapable of expressing" (MANGENOT in VIGOUROUX: A,III,614), one can understand the anxiety and the watchful prudence that history tells us was exercised not only by the jealous trustees of the torah, but also by the apostles of the *besôrâ*, when it was a matter of rendering concretely in writing, in a foreign idiom ..." (1990:149).

In 'n hoofstuk oor die vertaling van die Bybel wy Gabel en Wheeler uit oor verskeie faktore wat vertaling bemoeilik. Hulle wys daarop dat elke taal 'n eie grammatika, sintaksis, leksikon, spreekwoorde en idiomatiese uitdrukkings het. Hoewel aanvaarbare vertalings nie so 'n vreemde verskynsel is nie, kan brak kolle sonder uitsondering verwag word omdat 'n presiese ekwivalent van taal tot taal nie altyd bestaan nie. Om hierdie praktiese redes kan Gabel en Wheeler tot hulle spyt nie instaan vir vertalings wat aanspraak maak op "the whole Bible and nothing but the Bible" nie (1986:236). Met vertalings gaan daar - hoe omsigtig daar ookal te werk gegaan word - gewoonlik iets verlore. Dit is onvermydelik en moet altyd in gedagte gehou word.

In sy opstel, "Die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling open nuwe Bybelvertalingsperspektiewe", gee F A Swanepoel 'n

klassifisering van Bybelvertalings. Hy onderskei tussen die parafrase, die dinamies-ekwivalente, die struktuur-analitiese en die gekommentarieerde vertalings. Hy omskryf 'n parafrase as "reduktiewe vertaling ... waarin die klem val op die weergawe van die betekenisinhoud en wel daarop om die betekenis so volledig moontlik op so 'n bondig moontlike wyse verstaanbaar weer te gee" (*In mensetaal oor God se Woord* 1988:143). Hoewel Swanepoel die bestaansreg van so 'n vertaling verdedig, hou dit tog die gevaar in van 'n te vrye benadering met die klem op verstaanbaarheid. Dit sal beteken dat die logiese dimensie ten koste van die magiese aandag kry.

'n Struktuur-analitiese vertaling konsentreer op die formele aspekte van die oorspronklike teks. Swanepoel haal vir Nida hier aan: "It is designed to reveal as much as possible of the form and content of the original" (144). Hierdie soort vertaling hou streng by die oorspronklike en die gevaar hierin is dat dit grens aan die letterlike wat dit in baie gevalle oninterpreteerbaar kan maak.

'n Dinamies-ekwivalente vertaling poog daarin om in die leser se moedertaal 'n weergawe te gee wat naastenby gelykstaande van die oorspronklike is. Swanepoel gebruik weer eens 'n definisie van Nida: "One way of defining dynamic equivalence translations is to describe it as the closest natural equivalent to the source-language message" (144). Wat hier gebeur is dat veral die poëtiese aspek van

die teks verdwyn en dat die magiese dimensie dus ook in die slag bly.

'n Gekommentarieerde vertaling spreek eintlik vir homself. So 'n teks bied gewoonlik agtergrondinligting vooraf met kommentaar langsaan of onderaan. Hiervan is die Targoems klassieke voorbeelde. Die Pentateug was reeds ten tye van die Babiloniese ballingskap op skrif, maar teen daardie tyd kon nie veel Jode meer Hebreeus praat nie. Esra was een van die *metûrgamân* van daardie era wat die Pentateug voorgelees het en terwyl hy dit in Aramees vertaal, ook kommentaar bygevoeg het. So 'n gekomentarieerde teks is 'n Targoem genoem. Saam met die struktuur-analitiese vertaling beveel Swanepoel hierdie soort vertaling aan vir "meer gevorderde Bybellesers".

Wat Swanepoel voorstel, is 'n tetraplariese vertaling, dit wil sê 'n teks wat al die verskillende vertalings naas mekaar stel. Die oplossing vir 'n meer verantwoordelike en aanvaarbare omgaan met die Bybel lê vir hom hierin. Verder wys hy ook op die potensiaal van intersemiotiese vertalings soos prente-Bybels, ryk geïllustreerde Bybels, films, video's en rekenaarvertalings. Hy verduidelik prente-Bybels as 'n teks vir 'n "'swakgeletterde' leser ... hetsy kinders wat nog nie oor besondere leesvermoë beskik nie of persone met karige leesvermoë. Die doel van die prente-Bybels sal wees om die Bybelse boodskap op eenvoudige wyse weer te gee" (146,147). Hy wys egter op die meerderheid prente-Bybels wat

"... dikwels slegs die maklik illustreerbare en bekende gedeeltes bevat. Daardeur word 'n verskraalde Bybelse boodskap oorgedra" (147). Vir hom is die ryk geïllustreerde Bybel die volledige Bybel met "minder illustrasies met groter trefkrag. Die geïllustreerde Bybelvertaling behoort primêr 'n 'oorgangsvertaling' te wees, gerig op die jonger kind" (147).

Met Alter en Kermode se ekstase oor die literêre vernuf en lakoniese styl van die Ou Testament waar elke element (of dit nou taalkundig of literêr is) baie fyn gekies is, is die probleme en gevare wat vertalings inhou 'n onbetwisbare en onvermydelike werklikheid. Dit is ook met Jousse se sterk mening oor die delikate balans van preliterêre tekste in gedagte, dat 'n mens besef hoe omsigtig daar met die vertaal van 'n ernstige teks omgegaan moet word. 'n Skrywer kies juis spesifieke woorde en elemente, nie net om 'n boodskap oor te dra nie, maar sy styl het ook ten doel om 'n bepaalde effek te bewerkstellig. 'n Verandering in die sintaksis of versteuring van enige bestaande elemente sal 'n semantiese versteuring teweegbring, hoewel die graad daarvan sal varieer. En in die geval van die Bybel sal 'n semantiese versteuring na alle waarskynlikheid ook 'n teologiese afwyking tot gevolg hê. Dit kan lei tot foutiewe interpretasie. Erge misleiding - veral waar 'n reeks sulke versteurings voorkom - is glad nie so vergesog soos wat dit mag klink nie. Dit kan dalk veel ernstiger gevolge inhou vir

beide vertaler en leser as wat ooit vermoed is. Dink maar aan die skrikwekkende vloek wat uitgespreek is indien daar aan die boek Openbaring gepeuter sou word:

As iemand iets hieraan byvoeg, sal God vir hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is; en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is. Openbaring 22:18,19

Argumentshalwe sou 'n mens kon sê dat 'n Bybel-vertaling 'n "derdehandse" teks is indien die mondelinge diskoers as "eerstehandse" teks en die geskrewe diskoers as "tweedehandse" teks beskryf word. Dit is nou te sê as al die ander voorafgaande geskrewe variasies (voor die bronteks in sy kanonieke vorm verskyn het) buite berekening gelaat word, omdat dit nie van deurslaggewende belang vir hierdie studie is nie.

Maar ten spyte van die problematiek rondom vertalings is 'n vertaling met sy gebreke verkiesliker bo geen vertaling. Reisenberger is deeglik bewus van die tekortkominge van vertalings maar kan dit self nie weerstaan om van haar eie gedigte in Engels te vertaal nie. En om te wys dat dit nie die gewenste ding is nie en dat daar hindernisse is, gee sy hierdie bloemlesing die treffende titel van *Kisses through a veil*. 'n Mens sou dan die lees van 'n Bybel-vertaling as "kissing through a *double veil*" kan beskou.

Hoofstuk 4

KLEUTER- EN KINDERBYBELS: 'N LITERÊR-SEMANTIESE BESKOUING

*He ate and drank the precious words,
His spirit grew robust,
He knew no more that he was poor,
Or that his frame was dust.
He danced along the dingy ways,
And his bequest of wings
Was but a book. What liberty
A loosened spirit brings!*

Emily Dickinson

DIE KLEUTER- EN KINDERBYEL AS BYBEL

Vir 'n kritiese evaluering binne 'n literêr-semantiese raamwerk, is dit nodig om die verskeie kleuter- en kinderbybels te kategoriseer sodat daar met enkele prototipes gewerk kan word. Dié indeling is gemaak op grond van Skrifgetrouheid, dit wil sê: in hoe 'n mate die skrywer van 'n bronteks gebruik gemaak het - letter vir letter, woord vir woord. Om geen onduidelikheid te laat nie: *verbatim*.

In haar studie oor kinderbybels sny Roux ook die kwessie van Skrifgetrouheid aan (bl 33-35). Sy is duidelik nie tevrede met sommige kinderbybelskrywers se aanspraak daarop nie omdat hulle nie 'n aanduiding gee wat met Skrifgetrouheid bedoel word nie. Skrifgetrouheid aan die hand van wat Johan Heyns sê, het sy nie in een kinderbybel teëgekomp nie.

Klaarblyklik steun Roux op Heyns se riglyne waar dit kom by Skrifgetrouheid en die eksegeese van 'n Skrifgedeelte: "'In die verstaan van die Skrif moet die Skrif self tot spraak gebring word. (...) die mens wat die Skrif wil verstaan moet luister na die Skrif, nie omdat die Skrif self spreek nie, maar omdat God in en deur die Skrif die mens aanspreek' (Heyns:1973:18)" (in: Roux:34).

Vir hierdie studie word kleuter- en kinderbybels soos volg gekategoriseer:

- A 0 tot 25% Skrif (*verbatim*) - die res verwerk
- B 25 tot 50% Skrif

C 50 tot 75% Skrif

D 75 tot 100% Skrif

Wat hier met *kleuter-* en *kinderbybels* bedoel word, is daardie boeke vir kinders waar die titel aandui dat dit Bybelstories vir kinders bevat, en ook daarna as *Bybel* verwys. Sommige publikasies dui aan dat dit vir kleuters (2-6 jaar) of kinders (6-9 jaar) of ouer kinders (9-12) bedoel is. Dan is daar ook publikasies wat op die oog af lyk of dit vir kleuters bedoel is - te oordeel aan die groot druk, die lengte van die stories, die "vereenvoudigde" taalgebruik en die grootte en hoeveelheid illustrasies. Waar geen duidelike onderskeiding tussen kleuters en kinders aangedui word nie, word publikasies as *kinderbybels* gehanteer. Publikasies met net een of enkele Bybelverhale is nie in aanmerking geneem nie.

Die kriterium vir die keuse van publikasies is gebaseer op die titel wat aandui dat dit *Bybel* is. Alle beskikbare publikasies is in aanmerking geneem. Dit wil sê: alles wat ten tye van die ondersoek (1992-1994) in Christelike boekwinkels op die rak was. Enkele van die Engelse tekste wat hier aangegee word, is ook in Afrikaans beskikbaar en andersom. Dan is daar ook etlike ander publikasies wat volgens aanbieding en inhoud in dieselfde klas as *kleuter-* of *kinderbybels* val, maar wat nie aanspraak maak op die titel *Bybel* nie.

Van die 11 kleuterbybels wat ten tye van hierdie evaluering beskikbaar was, is daar slegs voorbeelde wat in kategorie A en een wat in kategorie B val. Die lys in kategorie A:1 (kleuterbybels) lyk so:

A:1

Ons Prentebibel vir Klein Mensies en

My Eerste Prentebibel (voortaan MEP) albei geskryf deur Kenneth N Taylor. MEP sal as prototipe gebruik word vir kategorie A:1.

My First Bible in Story and Song waar die skrywer of samesteller nie aangetoon word nie.

My Very Own Bible (Betty Fletcher)

The Beginner's Bible (Caryn Henley)

Ons Eie Kleuterbybel (Juliana Nothnagel)

Die Bybel vir Kleuters (Louise Smit)

My Very First Bible in twee bande geskryf deur L J Sattgast

Van die publikasies wat op dieselfde lees as kleuterbybels geskoei is, maar sonder die aanspraak as Bybel, is daar:

Gunsteling Bybelverhale vir kinders deur V Gilbert Beers & Ronald A Beers

My Eerste Groot Bybel-Storieboek deur Linda en Alan Parry.

Laasgenoemde publikasie het 'n kontemporêre benadering waar twee hedendaagse kinders, André en Judy, karakters in die verhaal is, maar as buitestanders die Bybelse gebeure waarneem. Dis iets soos 'n-vlieg-teen-die-muur-waarneming waar die twee die Bybelse verhaal voor hulle soos 'n film sien draai, terwyl hulle eie klein parallelle "storiëtjie"

ook afspeel. Op die oog af lyk dit modern en prikkelend maar in werklikheid is dit enersyds oppervlakkig en andersyds verwarrend. Die ware Bybelse boodskap gaan verlore tussen die twee verhale - in beide teks en illustrasies. Verder nog is die illustrasies baie lig en vol humor wat groot afbreuk doen aan die erns en geloofwaardigheid van die Goddelike verhaal.

Daar is vier kinderbybels in kategorie A en is soos volg:

A:2

Stories from the Bible (Katherine McLean)

Die Nuwe Kinderbybel in Kleur (Paul von Staden)

The Lion Children's Bible (Pat Alexander)

The Children's Bible in 365 Stories (Mary Batchelor)

Die Bybel vir Kinders (Teks vertaal en vryelik verwerk deur Lux Verbi)

Die Kinderbybel (Anne de Graaf)

The Living Bible Story Book (Kenneth N Taylor)

Die Struik-Kinderbybel (voortaan DSK) (Pat Alexander)
Hierdie publikasie is 'n vertaling van *The Lion Children's Bible* maar met ander illustrasies, en sal as prototipe gebruik word in A:2.

Vyf ander publikasies wat dieselfde funksie as kinderbybels het, maar hulle nie as sodanig identifiseer nie, is:

Bedtime Bible Story Book (Jesse Lyman Hurlbut)

The One Year Bible Story Book (Virginia M Muir)

My Own Bible Story Book (Jenny Robertson)

Theirs is the Kingdom (Lowell Hagan & Jack Westerhoff)

The Living Bible Story Book (Kenneth N Taylor)

In die tweede kategorie, naamlik B, is daar net een kleuterbybel wat kwalifiseer met die titel:

B:1

My First Step Bible (voortaan MFSB) (Mack Thomas)

In B:2 (kinderbybels) is daar ook net 'n enkele publikasie:

B:2

Children's Illustrated Bible (voortaan CIB)
(Marjorie Newman)

Die publikasie wat nie vir evaluering kwalifiseer nie is:

Bible Stories for Children (Mary Greenwood)

In kategorie C is daar vier voorbeelde waarvan die eerste drie so op die grens van B lê. Hulle is:

C

The Children's Bible in Colour (skrywer en illustreerder onvermeld)

The Illustrated Children's Bible Story Book
(E B R Hirsch)

Tell me the Bible (Joëlle Chabert en Francois Mourvillier)

The Children's Illustrated Bible (voortaan TCIB)
(Selina Hastings). Dit sal as prototipe dien vir C.

Vir die vierde en laaste kategorie, naamlik D, kwalifiseer drie publikasies:

D

Read with me Bible. An NIV Story Bible for Children.
(Doris Ridders en Jean E Syswerda)

The Illustrated Children's Bible (Christopher Morris)

The Bible Alive. Witness the Great Events of the Bible (John D Clare & Henry Wansborough) Dit dien as prototipe vir D.

Van die twee voorbeelde in D wat hulleself nie as Bybel identifiseer nie, is die een 'n slapbandpublikasie waarvan die illustrasies bedoel is om ingekleur te word. Hierdie publikasie is in 'n Joodse boekwinkel aangetref en bevat uiteraard net verhale uit die Ou Testament. Die titel:

Children's Bible Stories. To Read and Color.
Die skrywer en illustreerder is onvermeld.

Die tweede publikasie maak gebruik van passasies uit die King James Version en is 'n redelik Skrifgetroue parafrase. Dit bestaan uit 50 Ou- en 50 Nuwe-Testamentiese verhale met gesange, gebede en verklarende aantekeninge by elke verhaal. Die voorwoord spesifiseer hierdie publikasie vir groter kinders met ouderdomme 9 tot 12. Die illustrasies is baie verouder.

Die evaluering wat volg, word gebaseer op die literêr-semantiese definiëring van die Bybel soos in hoofstuk drie vervat.

MONDELINGE TRADISIE

Mondelinge tekste moet gehoor word. Geen teks - mondeling of geskrewe - het enige nut as dit nie deur vertelling of voorlesing bekend gemaak word nie.

Ong wys op die sterk bindende effek (*bonding*) wat vertelling het. Hy praat van 'n spreker en 'n gehoor, bedoelende

volwassenes. Hy fokus op die gevoel van eenheid wat tussen 'n sprekende/vertellende individu en 'n luisterende groep ontstaan. Die uitwerking van individu op individu behoort nog sterker te wees, en dié van volwassene op kind soveel meer.

Hierdie vorm van *bonding* is 'n faktor wat tans heeltemal geringgeskat word. Geen mens oud of jonk kan en wil in isolasie lewe nie. Daarom is die volwassene in die ideale posisie om daardie belangrike band tussen hom en die kind van vroeg af te knoop deur die voorlesing en vertelling van religieuse verhale. Die ideaal sou wees dat die ouer die verhale so goed ken dat hy dit kan vertel en nie hoef voor te lees nie. En hierdie ideaal is nie so vergesog soos wat dit mag klink nie. As 'n kind van baie vroeg af oor en oor 'n verhaal hoor, kan hy dit later uit die kop uit ken. Met 'n bietjie oefening en moeite kan hy dit (wanneer hy sy rol as ouer vervul) al die wonderlike Bybelpassasies, wat hy as kind leer ken het, met groot vrug en vreugde aan sy kinders oorvertel.

Soos blyk uit die geskiedenis van alle klassieke en primitiewe kulture, was en is die hóór van volksliteratuur 'n onontbeerlike deel van elkeen se ontwikkeling. In weinig (of dalk geen) kultuur is kinders – selfs van heel kleins af – uitgesluit by die oordrag hiervan nie. Dit is een van die middele wat die groep heg saamsnoer. Die kind moet reeds van die begin af weet hy is deel van daardie groep. Hy moet

vroeg reeds vertrouwd raak met sy kultuur se geskiedenis, godsdiens en voorskrifte - wat hoofsaaklik deur verhale - maar ook deur ander kunsvorms soos tekeninge, raaisels, liedere en danse oorgedra word. En godsdiens speel sonder enige twyfel 'n baie groot rol in elkeen van hierdie genres. Wat die Hebreuse kind betref, moes hy ook reeds vroeg weet dat hy deel van die verbondsvolk is:

Julle [ook kinders] staan hier sodat julle deel kan kry aan die verbond van die Here julle God wat Hy vandag onder eed met julle sluit, sodat Hy julle vandag sy volk kan maak en Hy julle God kan word, soos Hy julle belooft het en soos Hy met 'n eed belooft het aan julle voorvaders, Abraham, Isak en Jakob.
Deuteronomium 29:12,13

Hoewel daar nie spesifieke voorvalle in die verteltekste van Ou Testament is wat aantoon dat verhale vertel is nie, kan 'n mens aanvaar dat dit gebeur het. In Psalm 78 egter kondig die liriese spreker aan dat hy sy hoorders gaan "inlei in die geheimenisse/ uit die verre verlede" deur 'n gedig wat hy gaan voordra. En in hierdie gedig vertel hy van die God se bemoeienis met sy volk deur die eeue heen tot by Dawid.

Waarvan daar wel by verskeie geleenthede melding gemaak word in die verteltekste, is dié van voorlesing of die oordra van voorskrifte. Dit wil sê: die oordra van gesprekke - gewoonlik tussen God en die een of ander profeet. Daar word veral klem gelê op die feit dat man en muis teenwoordig moes wees wanneer sulke voorskrifte in die openbaar voorgelees is. Die feit dat die kleintjies nie veel of selfs glad niks kon begryp nie, was geen maatstaf of verskoning nie:

Toe het Moses hulle [al die leiers van Israel] beveel: ...

"Julle moet die volk bymekaarrop: mans, vrouens, en kinders, en ook die vreemdelinge wat in julle stede by julle woon, sodat hulle kan luister en die wet kan leer, sodat hulle die Here julle God kan dien en gehoorsaam, sodat hulle kan leef volgens alles wat in hierdie wet staan."

Deuteronomium 31:11,12

En wanneer God vir die profeet Joël 'n opdrag gee vir die volk om hom te bekeer, moet die suigeling ook by wees:

"... laat die leiers bymekaarkom, bring die kinders bymekaar, selfs dié wat nog drink." Joël 2:16

En dit ongeag die aard van die boodskap. Niks is die kinders gespaar nie, soos blyk uit Josua se optrede in Josua 8:34,35:

Daarna het Josua alles wat die wet sê, die seën sowel as die straf, voorgelees, net soos dit geskryf staan in die wetboek. Daar was nie een woord van alles wat Moses beveel het wat Josua nie voor die hele gemeente van Israel voorgelees het nie. Die vrouens en die kinders en die vreemdelinge wat tussen die Israëliete gebly het, was by.

Hoewel sulke byeenkomste vir die hele volk of gemeente bedoel was en nie só gereeld plaasgevind het nie, was dit daarna die ouers se plig om sulke wette voortdurend aan hulle kinders voor te hou, soos beveel in Deut 11:19:

Leer dit [hoe om God lief te hê en Hom te dien] vir jou kinders deur met hulle daarvoor te praat, as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan."

Groot dele van die Ou Testament is van geslag tot geslag oorgelewer en is eers later opgeteken. Soos reeds aangetoon, lyk dit of sommige spreektekste reeds uit die staanspoor

neergepen is. In die Ou Testament word dit duidelik gestel dat sekere tekste van tyd tot tyd aan die volk voorgelees is, vir oud en jonk om te hoor. So is baie van die wette voorgelees. Die volk moes eers die wette hoor voor hulle dit kon leer om daarna te onderhou. Moontlik was dit om seker te maak dat alles woord vir woord korrek oorgedra is. En hoe meer tyd verloop het, hoe langer het die teks geword. Ten tye van die Nuwe Testament was die Skrif so omvangryk dat dit heel waarskynlik om daardie rede voorgelees moes word. In 2 Timoteus 4:13 word dit duidelik gestel dat die Skrif eers voorgelees word voordat daaroor gepreek en onderrig gegee word.

Klaarblyklik is dit die doel van kleuter- en kinderbybels om aan die Bybelse opdrag vir leiers en ouers gehoor te gee: Enersyds om kinders te laat verstaan hulle is deel van die volk en andersyds om die kind oor God te leer. Omdat die God van die Hebreërs 'n god is wat met sy volk *praat* en nie eerstens aan hulle *skryf* nie, bevind die klein kind hom in die ideale posisie om te *hoor* wat hierdie God ook vir hom te sê het, by monde van 'n volwassene.

Wat kleuter- en kinderbybels dus op die oog het - of ten minste behoort te hê - stem heeltemal ooreen met die doel van volksliteratuur in mondelinge tradisies. Die groot verskil is egter dat die verhale in sulke tradisies oor die algemeen *vertel* en nie *voorgelees* word nie. Maar soos reeds

genoem, kan hierdie hindernis - met vroeë onderlegging en met 'n bietjie moeite - oorkom word.

GENRES

Genres help bepaal hoe 'n teks verstaan moet word. Deur die bepaalde literêre soort word 'n ongeskrewe ooreenkoms tussen outeur en leser aangegaan en vorm dit 'n belangrike komponent van die leser se verwagtinghorison (Malan:1985: 23). Fowler meen dat om die genre van 'n teks vas te stel, ekwivalent daaraan is om die teks se betekenis te probeer bepaal. Dit geld nie net vir die verskillende Bybelboeke nie maar ook vir die Bybel in die geheel.

Dit is so dat sekere genres meer toeganklik vir kinders is as ander. Verteltekste wat verhale vertel, is oor die algemeen makliker om te onthou en meer verstaanbaar vir kinders as spreektekste (poësie, profesieë). Daarom is die keuse van verhale uit die Bybel voor-die-hand-liggend.

My Eerste Prentebybel MEP (A:1) wyk egter af van tradisionele mondelinge tekste omdat dit nie net 'n verhaal vertel of 'n gesprek weergee nie: Dit dra ook ander inligting oor (soos natuurkundig), gee opdragte, vra vrae en praat in dieselfde asem met God.

Van die oorspronklike verhale het weinig oorgebly. Die heel eerste "storie", naamlik die skeppingsverhaal in Genesis 1, is bewys hiervan. Inderwaarheid handel net die eerste drie sinne van die "skeppingstorie" oor wat daar reg aan die

begin gebeur het. Storie 1 (bladsye ongenommer) lui soos volg:

vertelling (sin 1): *God het die wêreld gemaak.*
(sin 2): *Hy het die blomme en die bome en die water en die sterre gemaak.*
(sin 3): *God het die son gemaak sodat ons daglig kan hê.*
natuurkundige inligting: *Die son maak ons warm wanneer ons op sonskyndae buite is.*
gebed: *Dankie, God dat U die son gemaak het.*
vraag: *Wie het die son gemaak?*

GENESIS 1

So 'n mengsel kan die indruk skep dat al die aanhegsels deel van die oorspronklike verhaal is. Voorbeelde van sulke gemengde "stories" (soos die skrywer self in sy voorwoord daarna verwys) word regdeur aangetref. Daar is dus geen bewys van genre nie en dan staan die ooreenkoms tussen skrywer en luisteraar op wankelrige bene. Die betekenis van so 'n teks is ook moeilik bepaalbaar omdat dit nog vis nog vlees is. Hierdie "stories" lyk meer na Bybellese. Dit is veral belangrik by die heel kleintjie dat by een literêre soort gehou word. As verteltekste met spreektekste verweef word wat nuwe inligting oordra, vrae vra en opdragte gee, het dit ontaard in 'n onegte soort "genre". Die groot moontlikheid is dat dit op die lang duur nie diepgaande en standhoudende invloed op die luisteraar sal hê nie. Dit is juis wat die Woord wil doen:

Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif gee, vol hoop kan wees. Romeine 15:4

Die insluit van gelykenisse in enige teks vir kleuters of kinders, lewer probleme op. Gelykenisse vertel wel 'n verhaal, maar die verhaal is suiwer denkbeeldig en is niks meer nie as 'n kreatiewe manipulasiemiddel in diens van die verteller. Hoe duidelik die verhaal ookal is, sal die bedoelde religieuse betekenis vir die jong kind heeltemal buite bereik bly omdat hy nog glad nie sulke komplekse afleidings kan maak nie.

Dit geld dus ook vir MEP. Afgesien van die feit dat gelykenisse reeds nie vir kleintjies toeganklik is nie, is dit in MEP so verwater dat dit nie meer, 'n gelykenis genoem kan word nie.

Die Struik-Kinderbybel DSK (A:2) hou by verhale uit die verteltekste. Maar daarby word ekstra inligting, wat nie in die oorspronklike is nie, gegee - hoewel dit heeltemal korrek mag wees. So word die volgende deel van die sondvloed (bl 10) aangevul:

Die reën het neergestort. Dit het dag en nag aangehou reën. Die riviere het hulle walle oorstroom en die water het oor die land begin vloei. Die water het tot by die skip gekom. Dit het dieper en dieper gevloei, en al hoe wilder om die skip gekolk. Die skip is opgelig van die grond af en het weggedryf op die water.

Volgens Roux is dit die introduserende vertelmetode waar skrywers op verbeeldingryke manier op bestaande Bybelverhale voortborduur met die kind se "ervaringswêreld as uitgangspunt" (44). Vir haar is hierdie benadering nie

aanvaarbaar nie en verkies sy 'n eksegetiese vertelmetode. Sy is van mening dat die betekenis van die verhaal vir die kind (klem van die ekspliserende metode) en die ervaringswêreld van die kind (klem van die introduserende metode) ondergeskik aan die toepassing (eksegetiese vertelmetode) van 'n Bybelverhaal moet wees. Sy gee voorkeur aan 'n eksegetiese vertelmetode (soos sy dit noem) en haal die Nederlandse studiestuk, "Rapport", aan om haar standpunt te verduidelik: "... wat betekende dit verhaal in de context van de tijd dat het verteld en geschreven werd en wat kan dit nu (voor het kind) betekenen?" (in: Roux:45,46). (Rapport is Roux se afkorting vir "Rapport van een onderzoek naar kinderbijbels" wat in 1972 in opdrag van die Nederlandse Bybelgenootskap en Katolieke Bybelstigting verskyn het.)

Waar die Skrif min of meer om die helfte vertelling en dialoog is, bestaan DSK hoofsaaklik uit vertelling. In die eerste verhaal "In die begin" (Adam en Eva asook Kain en Abel) wat uit twee bladsye teks bestaan, is net een sin in die direkte rede. Dit is die slang se verleidelike woorde aan Eva:

"Kyk hoe lekker is hierdie boom se vrugte. Wil jy nie daaraan proe nie? As jy van hierdie vrugte eet, sal jy net so slim soos God word."

My First Step Bible MFSB (B:1) (vir kleuters 2 tot 5) hou hoofsaaklik by verteltekste. Hoewel die verhale baie verkort is, word 'n goeie balans tussen vertelling en dialoog

gehandhaaf. Wat die kategorisering bemoeilik, is die feit dat groot dele van die teks so naby aan verbatim is, maar nie 100% nie. As dit nie daarvoor was nie, sou hierdie teks moontlik in kategorie C kon val. In enkele gevalle word in dieselfde slagyster getrap as wat sovele ander kleuter- en kinderbybelskrywers doen: 'n Spreker vervang die verteller en dring die verhaal binne om direk met die luisteraar (die kind in dié geval) in gesprek te tree. Dit word gedoen deur middel van vrae, opmerkings, ekstra inligting of 'n opdrag soos in die geval van Daniël se verhaal. Dit begin so (bl 40):

Look inside that window, and can you see Daniel praying?

Die verhaalaspek word so gekelder en die doel van hierdie tussenwepsele is onduidelik. Dit dra nie by tot die kernboodskap of die verstaan van die verhaal self nie. Verder is daar ook 'n lesie opgesom in een sin aan die einde van elke verhaal, asook 'n gebed in een sin. Dat die lesie aan die einde wel 'n relevante geestelike waarheid kan uitspel, is nie wat in twyfel getrek word nie. Maar deur dit te doen, word die magiese ondermyn. Die kans vir die wonderlike verhale om self te praat, om bewondering af te dwing, te betower en te inspireer word grootliks bederf. Die Bybel self doen dit nie eens op hierdie moraliserende en eksplisiete manier nie. Roux noem hierdie verskynsel in kleuter- en kinderbybels die eksplisierende vertelmetode. Sy wys op die gevaar dat deur "verduideliking" "onnodige" stof

bygewerk word wat die verhaal op daardie manier kan kompliseer (43,44). Sy haal enkele voorbeelde aan.

"Groot letterkunde spreek altyd vir homself - die Bybel as letterkunde ook," meen Snyman. Omdat God sentraal in die Bybel staan, moet die Bybel in sy oorspronklike vorm vertrou word: "dit is nie alleen groot letterkunde nie, maar ook nog die Woord van God" (Snyman:291).

Hierdie teks (MFSB) sluit net 45 verhale in wat nie 'n baie goeie oorsig kan bied nie. Maar wat verblydend is, is die feit dat die kind (in teenstelling met baie ander kleuter- en kinderbybels) uit die staanspoor insae in die veelbelowende einde kry. Die ontvanklike en sensitiewe jong luisteraar word nie in suspensie gelaat nie. Die grootse begin en die nog grootser einde word onthul. En so word die siklus met sy wonderbaarlike gelukkige einde voltooi. Tipies dié van alle sprokies met hulle: "En van toe af het hulle gelukkig saam gewoon". Die reuse-verskil is egter dat sprokies - hoe eg die versugting ookal - nabootsings van die ware Bybelse verhaal is en illusies bly.

Wat met Openbaring in MFSB gebeur, is nie verantwoordbaar as dit Bybel genoem wil word nie. Hoewel die gegewens Bybels is, word 'n klomp dinge hier saamgegooi: 'n terugflits van wat Jesus self gesê het in Johannes 14:1-3, iets van die mooi beloftes in Openbaring, en 'n spreker wat in gesprek met die luisteraar (die kind) wil tree:

When Jesus comes back, we will hear a loud trumpet. Then we'll all meet Him in the clouds in the air. Won't that be wonderful?

Waarop 'n onseker, onvoorbereide kind met reg kan antwoord:
"Nee."

Children's Illustrated Bible CIB (B:2) hou redelik streng by die oorspronklike genres. Genres wat as gevolg van reduksie verlore gaan, is vervat in boeke soos Esra, Nehemia en die epistels. Die twee genoemde profetiese boeke (oorwegend spreektekste) word gereduseer tot die (gemeenskaplik) verhalende gedeelte wat uit 'n enkele bladsy bestaan. Hoewel die profetiese boek Miga tot een skamele vers saamgepers word, word nie aan die genre gepeuter nie. Daardie enkele aanhaling bly deel van die outentieke spreekteks:

*Some words written by the prophet Micah:
"He (God) has shown you, O Man, what is good; and what does the Lord require of you but to do justly; to love mercy; and to walk humbly with your God. Micah 6:8*

Die insluit van so 'n teks is noemenswaardig maar of dit vir die kind (sonder verduideliking) enigsins sin gaan maak, gaan afhang van die inhoud van die res van hierdie teks. Dit wil sê: Bevestig hierdie Skrifgedeelte dit wat dit voorafgegaan het, of is dit andersins 'n voorspel tot dit wat nog aan die kind onthul gaan word. As aan een of albei van hierdie voorwaardes voldoen word, kan so 'n insluiting sinvol wees.

The Children's Illustrated Bible TCIB (C) bied 'n wye oorsig oor die Bybel. Die genres bly onaangetas. Ook word drie

psalms in 'n afdeling van die Ou Testament ingesluit. Dit is 'n nuuttjie in kinderbybels. Die sinvolheid is egter nie duidelik nie aangesien die waarhede nie binne die kind se leefwêreld val nie. Baie van hierdie liedere is subjektiewe versugtinge wat op persoonlike belewing berus. Baie van die uitings val buite die kind se leefwêreld en sal van weinig waarde vir hom wees. Neem byvoorbeeld Psalm 23 met al die dinge wat vir die kind na 'n vaste beloftes kan lyk:

*The Lord is my shepherd; I shall not want.
He maketh me lie down to lie in green pastures,
Yea, though I walk through the valley of the
shadow of death,
I will fear no evil, for thou art with me;
Thy rod and thy staff they comfort me.
Thou preparest a table before me in the presence
of mine enemies,
Thou anointest my head with oil;
My cup runneth over.
Surely goodness and mercy shall follow me
all the days of my life,
And I will dwell in the house of the Lord
for ever.*

Dit is ongetwyfeld die lieflingspsalm wat der duisende mense deur die eeue diep geraak en waaraan soveel in moeilike tye (vir lewe en dood) vasgehou het. Maar die beeldspraak is so kompleks en die beloftes nie op almal in dieselfde mate van toepassing nie. In daardie sin is dit nie vir almal "waar" nie. Juis vir die feit dat hierdie psalm (soos baie ander) swaar op beelding steun, sal dit moeilik begryplik vir die klein kind wees. In daardie sin sal die geloofwaardigheid van byvoorbeeld die uitsprake en beloftes: "He maketh me lie down in green pastures" of "I will fear no evil" of "My cup runneth over" vir 'n kind, veral een wat trauma ervaar,

weinig waarde hê. Hierdie genre kan moontlik 'n plek in die kinderbybel vind, maar die psalms sal met baie groot omsigtigheid gekies moet word.

Gedeeltes uit Openbaring word ook in hierdie teks ingesluit en deur versigtige seleksies word die profetiese aard daarvan grootliks behou.

Uit die ensiklopedie-agtige aanbieding van die illustrasies lyk dit of hierdie publikasie nie vir die heel jong kind bedoel is nie. En bepaald nie vir die kleuter nie. Die inlas van foto'tjies, kaarte en ander ekstra inligting val buite die leefwêreld van kinders jonger as ongeveer ag jaar. En met veral ander kulture en etniese groepe in gedagte, sal hierdie soort veelvoudige visuele voorstellings rondom elke verhaal, verwarrend wees. Dit kompliseer nie net die verstaan van die verhaal nie, maar ondermyn ook die magiese effek wat dit op die hoorder behoort te hê.

The Bible Alive TBA (D) in die laaste kategorie, bied ook 'n wye oorsig oor die Bybel en bied nog meer as die vorige teks. Hier word vyf profetiese boeke bygewerk, naamlik Hosea, Amos, Jeremia, Esegïël en Jesaja. Elke boek word in 'n paragraaf of twee opgesom met 'n gedeelte verhalend en 'n gedeelte profetiese dialoog. Hoewel baie kursories, dien dit as 'n goeie skakel tussen die voorafgaande (histories) verhalende tekste en die Nuwe Testament.

Die heel belangrikste profesie in die Bybel vind sy regmatige plek in TBA. Die enigste van alle kleuter- en kinderbybels wat die koms van die Messias insluit. Maar dan word hierdie aangrypende passasie direk gevolg deur agtergrondinligting oor Jesaja, terwyl die tweede paragraaf "objektiewe" kommentaar gee. Weerrens word die magiese uitwerking wat die oorspronklike woordkuns op die luisteraar kan hê grootliks bederf deur die "nugter" en "objektiewe" gegewens. Dit is juis hierdie profetiese boek met sy sterk poëtiese inslag wat by uitstek die koms van die Messias op luisterryke wyse aankondig.

'n Sinvolle toevoeging, in aansluiting by die Jode se ballingskap, is Psalm 137:1-6 met die titel "By the water of Babilon" (bl 113). Maar dit is nie so 'n nuutjie nie aangesien Hester Heese dit reeds in haar publikasie *En daar is lig* van 1971 ingesluit het. Snyman sê hieroor: "So byvoorbeeld ook is die treursang van die ballinge in Babel nie in die eenvoudige taal van die kind of die kleuter nie, maar dit is grootse letterkunde sodat die Israeliete se verlange na Jerusalem duidelik daaruit spreek. Die Bybel praat inderdaad sêlf" (293).

Verderaan word ook weer vier psalms ingevoeg, naamlik Psalm 23, 29, 130 en 150. Al die liedere is geparafraseer en is dus makliker "verstaanbaar". Die laaste drie psalms is egter nie so kompleks en subjektief soos Psalm 23 nie en verdien oorweging in 'n kinderbybel.

Sewe gelykenisse het hierdie publikasie gehaal. Ook die epistels aan die Tessalonisense, Korintiërs, Filippense, Galasiërs en Romeine word elk in een paragraaf opgesom. Die grootste gedeelte van elke paragraaf is informatief wat deur kort Skrif-aanhalings gesubstansieer word.

Hierdie teks is swaar gekommentarieer. By baie verhale bestaan die grootste gedeelte uit kommentaar. Die "redding" is dat die kommentaar nie deel van die verhaal vorm nie maar tipografies geskei word van die verhaal deur die kleiner lettertipe en omlýning.

Soos in die geval van die vorige publikasie is die ensiklopedie-agtige aanbieding nie geskik vir kleiner kinders nie. Wat hierdie nie-fiktiewe of vaklektuur-agtige inslag verder versterk, is die nuwe idee van foto's - natuurlik geposeerde fotografie. Maar die idee is ook nie só oorspronklik nie want reeds so vroeg soos 1961 het die American Bible Society (*The New Testament of our Lord and Saviour*) reeds van foto's gebruik gemaak. Die *King James Version* is gebruik en die volledige Nuwe Testament is verbatim gepubliseer. Hierdie foto's is ook ensiklopedies en gee waardevolle agtergrondinligting oor die geografie, argeologie en artefakte uit die Nuwe-Testamentiese tydperk. Die feit dat dit eerstens "feitelike" illustrasies is en daarby swart-en-wit foto's is, doen heeltemal afbreuk aan die magiese effek wat illustrasies behoort te hê.

Terug by TBA: Die kwessie van genre en geloofwaardigheid kom hier in gedrang. Is hierdie publikasie woordkuns of vaklektuur (ensiklopedie)? Die merkwaardige maar oordadige kommentaar, saam met die foto's, kan verwarring in die hand werk en moet liefers vermy word. Vir die kleuter en jong kind sal kommentaar met agtergrondgegevens verlore gaan. Vir groter kinders vanaf nege jaar en ouer sal dit wel waarde hê. Maar gemeet aan die beperkte seleksies en lengte van die afsonderlike passasies is dit nie hoofsaaklik bedoel vir hierdie ouer kind nie. Dit wil sê: die teks is meer gemik op die jong kind terwyl die kommentaar meer binne die belangstelling van die ouer kind (ongeveer 9 tot 12) val.

Foto's is enersyds realisties en in daardie sin "eg", maar hier is hulle "vals" omdat daarvoor geposeer is. Hierdie foto's is baie keurig aangebied en verskaf interessante visuele materiaal, veral wat geografiese gegewens betref. Maar die Bybel is en bly woordkuns met 'n logiese en magiese dimensie. Dieselfde geld vir illustrasies. Dit moet enersyds verhelderend maar andersyds betowerend wees. As illustrasies nie bydra tot albei dimensies nie het dit geen plek in kinderbybels nie. Dit sal beter wees daarsonder.

Dit is so dat fotografie 'n kunsoort in eie reg is. Maar waar dit gekombineer word met verhale waarvan die historiese gegewens moeilik kontroleerbaar is (soos in Genesis) is dit beter om illustrasies te gebruik wat meer ruimte aan die verbeelding oorlaat. En wat van 'n boek vol fantastiese

visioene met al sy beelde soos Openbaring? TBA laat hierdie belangrike apokaliptiese boek heeltemal weg. En nie om dowe neute nie: Voorstellings deur middel van foto's is hier heeltemal buite die kwessie. Vermoedelik kon TBA nie sy illustrasie-medium deurvoer tot die einde toe nie. Konsekwentheid is dus 'n probleem en behoort 'n aanduiding te wees dat iets nie pluis is nie.

Roux het vrae oor die insluit van hierdie belangrike profetiese boek. "Die boek Openbaring met sy ryke simboliek en apokaliptiek is moeilik vir 'n kind se denke al word dit ook hoe eenvoudig gestel. 'n Verdere probleem is dat die kinderbybelskrywers 'n globale oorsig oor die boek weergee en kan hulle gevolglik eksegeties van mekaar verskil. Elke kinderbybelskrywer neem uit Openbaring wat hy as essensieel beskou en rekonstrueer dit dan in verhaalvorm aan die kinders" (65).

Die insluit van gedeeltes uit Openbaring is noodsaaklik. Die kind hoor van hoe alles deur God begin is, wat in die "middel" gebeur het maar dan nie hoe die liefdesverhaal op 'n wonderlike fanfariese wyse eindig nie. En nog beter: dis nog glad nie die einde nie maar die begin van 'n heel nuwe pynlose, vreugdevolle bestaan wat nooit sal ophou nie. Hoe kan 'n mens sulke ongelooflik wonderlike nuus van kinders weerhou?

Dit is so dat dié boek vol komplekse simbole en ander beelde is, maar uiteraard kan en hoef alles nie ingesluit te word nie. En daar is slaggate waarin die skrywers kan val omdat hierdie boek beide 'n spreekteks en 'n verteltekst is. Om albei hierdie aspekte te behou, sal deeglike besinning verg. Maar omdat die seleksies baie kopkrap sal kos, beteken dit nie dat dit om daardie rede weggelaat moet word nie.

DUBBELE TEKS

Waar die Bybel in twee "tekste" uiteenval, is dit nie noodwendig die geval met kleuter- en kinderbybels nie.

SUPRATEKS: mities-poëties

Kleuter- en kinderbybels maak hoofsaaklik gebruik van die suprateks. Dit is so dat sonder die suprateks, met sy kultuur-historiese gegewens wat in kunsvorm verwerk is, geen "Bybel" van watter aard ookal kan bestaan nie. Dit vorm die net-doek met sy collage van tonele wat vertel van dié God van Israel - van die begin af toe Hy alles geskep het tot die einde waar Hy alles weer herskep en splinternuut maak.

Hierdie grootse verhaal word wel opgebou uit kleiner verhale en gesprekke. Hoewel hierdie kleiner verhale en gesprekke onafhanklik verstaan kan word, is die verstaan daarvan nie 'n doel op sigself nie. Dit moet as deel van die groter geheel gesien word. Daarom mag die stories wat in kleuter- en kinderbybels aangebied word nooit as afsonderlike tekste

hanteer word nie. Daar moet genoeg kontinuïteit wees sodat die kind die deurlopende draad kan raaksien.

Die suprateks is die middel waardeur die kind toegang tot die Goddelike domein verkry. Vanuit kleuter- en kinderbybels leer die kind die belangrikste Bybelfigure en -gebeure ken, hoewel op 'n beperkte manier. Soos met die "volwasse" Bybel, spreek die suprateks grotendeels tot die logiese dimensie van die kind. Die Bybel is 'n *geloofsboek* en nie primêr 'n feite- of geskiedenis-handboek nie. Dit kan nie bloot letterlik of simplisties verstaan word nie. En dit is ook nie bedoel om net tot die mens se rede of logiese dimensie te spreek nie. Dit het veel meer en dieper betekenis as dit en is bedoel om al die fasette van menswees te raak.

As kleuter- en kinderbybels daarop aanspraak wil maak om Bybel te wees, kan en mag dit nie net tot die vlak van intellektuele verstaan gereduseer word nie. Grant wys op gevaar van interpretasie: "Interpretation can become so devoted to understanding in modern terms that it neglects Barth's emphasis upon the strangeness of the Bible" (1965: 166). Grant illustreer sy stelling aan die hand van Paulus wat vrylik van eietydse analoë taal en metafore gebruik maak, maar wat self per geleentheid wys op die beperkings van "moderne" kategorisering. Die mities-poëtiese inslag is juis daar om die hele mens aan te spreek.

Mities

Plato - who may have understood better what forms the mind of man than do some of our contemporaries who want their children exposed only to 'real' people and everyday events - knew what intellectual experiences make for true humanity. He suggested that the future citizen of his ideal republic begin their literary education with the telling of myths, rather than with mere facts of so called rational teachings. Even Aristotle, master of pure reason, said: 'The friend of wisdom is also the friend of myth'.

Bruno Bettelheim

Die mitiese aspek is primêr die verhaal wat handel oor religieuse kwessies. Diepgaande lewensvrae soos: Waar kom ek vandaan? Wie of wat is ek? Waarheen is ek op pad? Hoe moet ek leef? is seker van die heel belangrikste vrae wat die mens kan vra. Dieselfde vrae kan oor die kosmos gevra word soos: Waar kom alles vandaan? Hoe word alles in stand gehou? Waar die mitologie van ander volke hierdie vrae nie volledig en heeltemal bevredigend kan beantwoord nie, gee die Bybel antwoorde op al hierdie vrae.

Maar, sê Lewis, mites spreek nie net tot die rede nie: die beelde registreer ook in die onderbewussyn. Mites boesem bewondering in, betower en inspireer. Hoewel die verhaal-element hoofsaaklik binne die logiese dimensie val, is dit hier waar die magiese dimensie ook sy bydrae te lewer het. Lewis sê ook verder dat deur mites die mens realiteit ervaar en aanvaar wat die intellek op sy eie nie sou kon hanteer nie.

As Plato en Aristoteles die waarde van heidense mites ingesien het, hoeveel te meer rede het die Christen-gelowige

nie om Bybelse "mites" in hulle oorspronklike "poëtiese" vorm aan hulle kinders te vertel of voor te lees nie?

Ook elke kind soek na so 'n mite waaraan hy kan vashou en waarvolgens hy kan leef. Natuurlik het die heel kleintjie nie die vermoë om hierdie vrae te artikuleer nie. Maar dit neem nie die feit weg dat hy 'n diepgewortelde behoefte aan daardie sekuriteite het nie. En as die kleuter nie die ware verhaal uit die staanspoor hoor nie, sal hy (onbewus) sy eie "prentjie" probeer vorm. Teen die tyd dat hy self begin vrae vra, is regstelling in baie gevalle nodig en dit kan 'n lastige en moeilike taak wees. En so onnodig.

Daarby is dit ook belangrik dat die kind altyd dieselfde weergawe van 'n verhaal hoor. Al die verskeie variasies wat in die verskillende kleuter- en kinderbybels aangetref word, kan tot groot verwarring en selfs wantroue lei.

Die totaal van kleuter- en kinderbybels kan in vier groepe ingedeel word. Groep een het geen inleiding of voorwoord van watter aard ookal nie. Groep twee gee geen doelstellings nie, maar die publikasie se lof word besing. Die derde groep se doelstellings is oppervlakkig. Die laaste groep baseer hulle doelstellings op Bybelse norme vir 'n religieuse teks.

Enkele skrywers sê by implikasie dat hulle op die God-geïnspireerde en meesterlik-geskrewe Bybelverhale kan "verbeter" - enersyds deur "vereenvoudiging" en andersyds deur die inlas van "dramatiese" besonderhede. In haar

voorwoord tot CIB (B:2) skryf Newman: "... in the retelling here I have tried to make it come vividly alive for children ...". En die meeste ander sê dit nie maar trap in dieselfde slagyster.

Taylor (MEP) het heeltemal gelyk dat kinders van baie vroeg af reeds (wat hy noem "klein mensies") van die Bybel moet leer. Hy sê in sy voorwoord: "Deur middel van stories en illustrasies leer kinders die groot Bybelfigure ken, en die belangrike Bybelse temas word in jong lewens geplant om lewenslank daar te groei. Bowenal vertel die stories kinders van God, en sy Seun, Jesus, en van God se eis om waarheid en geregtigheid." Verder sê Taylor dat hy reeds baie jare lank skryf "om kinders in die genade van God te help groei". En dit is ook sy wens dat "God elkeen van hulle op 'n baie spesiale manier seën".

MEP gee, in teenstelling met heelparty ander kleuterbybels, 'n taamlieke wye oorsig oor die Bybel as een volledig mitiese verhaal. Maar ongelukkig word die afsonderlike verhale nie as verhalend behou nie. Soos reeds by genre aangetoon, word die verhalende teks vermeng met ander elemente (wat nie in alle omstandighede verkeerd is nie) wat die mite sy magiese effek ontnem: iets van die verwondering, die betowering en inspirasie waarvan Lewis praat. Hoe betowerend of inspirerend kan so 'n verkorte weergawe van Johannes 13 byvoorbeeld wees?:

Jesus was een van sy dissipels se voete. Grootmense

was gewoonlik hulle eie voete. Hulle hou nie daarvan om ander mense se voete te was nie. Maar ons moet ander mense help, selfs wanneer ons nie graag wil nie.

Kan jy 'n keer onthou toe jy liever wou speel, maar in plaas daarvan jou ma gehelp het?

Die doelstellings van hierdie publikasie is voorwaar prysenswaardig en Bybels korrek. Maar of dit bereikbaar is, is juis die kwellende vraag.

DSK se doelstellings is nie op dieselfde vlak as dié van MEP nie. Op die agterblad word te kenne gegee (heel waarskynlik die uitgewers se idee en nie die skrywer s'n nie):

Die Bybel bevat 'n rykdom verhale wat kinders kan waardeer en geniet. In Die Struik-Kinderbybel word dit eenvoudig en verstaanbaar oorvertel ...

Nêrens word 'n religieuse funksie genoem nie. Omdat hierdie doelstellings nie van diepgaande religieuse aard is nie, is dit - ironies genoeg - dalk juis binne bereik.

Mary Batchelor, skrywer van *The Children's Bible in 365 Stories* (A:2 en nie prototipe nie), hou die Bybel voor as maatstaf vir die saamstel van haar kinderbybel. Sy slaag baie goed daarin om die doel van die Bybel in die geheel in haar inleiding saam te vat. Hoewel hierdie doelstellings edel is, is dit te betwyfel of sy dit van toepassing op hierdie publikasie kon maak. Sy skryf:

The Bible shows us what God is like, and what we are really like too. Because God never changes and human nature stays the same, the Bible is up-to-date. It answers the sort of questions which people are always asking: 'What is God like?' 'Why is there

unhappiness and evil and death in our world?' 'What is the purpose of living?' and 'Does it matter how I behave?'

Sy verduidelik ook verder hoe God deur sy Woord antwoorde op hierdie lewensvrae bied. Sy besef ook dat die romantiese en luisterryke slot van die verhaal nie vir kinders verswyg mag word nie. Want, sê sy:

The Bible closes with a vision of the future, when Jesus will reign forever and bring justice and peace to a new and happy world.

MFSB verwoord ook geen duidelike doelstellings nie, buiten vir 'n enkele religieuse opmerking op die agterblad:

A lifetime of knowing and loving God begins with the first steps...

Hierdie teks bestaan net uit storiëtjies gebaseer op Bybelse verhale (buiten vir die slotstorie oor Jesus se wederkoms). Omdat dit net 45 stories bevat wat drasties verkort is (tussen 10 en 14 korterige sinne), is 'n goeie oorsig nie moontlik nie. En of religieuse kwessies goed aangespreek word, is te betwyfel. Die illustrasies gee 'n ander atmosfeer aan die Bybelse gebeure en doen afbreuk aan die erns van die Bybelse verhaal. Die styl is nie net dié van strokiesprente nie maar dis ook karikatuuragtig. Daarby skep dié spesifieke styl 'n onnette indruk.

In die inleiding tot CIB verklaar Marjorie Newman die doel van haar publikasie so:

On one level I wanted the children to see that these are great stories about real human beings. On a deeper level I wanted them to begin to understand the relationship of God with His creation.

Newman bely ook hoe haar geloof in die skryfproses versterk is en sy spreek die hoop uit dat dit ook die geval met die lesers (ook luisteraars) sal wees. Hierdie religieuse doelstellings is lofwaardig, maar weer is die vraag of die aanbieding dit haalbaar maak. Sekere verhale raak verstrengel in onnodige en onregverdigbare besonderhede, met die skeppingsverhaal as klassieke voorbeeld:

But the world was silent and still, except for the sighing of the wind in the trees, and the waves splashing on the empty shores. So God made creatures to go into the sea - great whales, tiny fish, and all sorts and sizes in between. The seas teamed with life!

Gelukkig hardloop Newman se verbeelding nie heeltemal met haar weg soos die geval met sommige ander skrywers nie. Een so 'n voorbeeld is Karyn Henley wat die sondvloed so in *The Beginners Bible* dramatiseer (bl 32, kategorie A:1):

*Soon rain began to fall.
The raindrops made little puddles,
then bigger puddles.
The big puddles became streams,
then rushing rivers.
then sloshing seas.*

Op sigself seker heel klank- en kleurryk, maar die essensie van hierdie kosmiese verhaal gaan onder dié soort kosmetiek verlore.

In geen volksliteratuur - ook in die mite - is daar ruimte vir sulke soort details nie. Een van die hoofredes is dat dit die aandag van die werklike doel van die verhaal weglei. Dis veral die skrywers van kleuterbybels wat daarvan hou om baie besonderhede by te las. Dit is sekerlik 'n poging om

die verhaal "aantrekliker" of "lewendiger" te maak, maar dis eintlik niks meer as versiersels en los aanhangsels nie. Die groot gevaar is dat sulke ekstra beskrywings nie net die verhaal sintakties kompliseer nie maar ook semanties. En in die ergste gevalle kan die werklike boodskap heeltemal verlore gaan.

Die flaptteks van TCIB is na alle waarskynlikheid die mening van die uitgewer en geen doelstellings word aangetoon nie. In die plek daarvan word die uitwerking wat hierdie publikasie dan op lesers sou hê, as 'n voldonge feit gestel:

Its unique qualities - clear text, beautiful illustrations, stunning photographs - make this illustrated Bible a continual source of inspiration and pleasure for all the family.

TBA dui ook nie religieuse doelstellings aan nie, maar maak ook 'n kategoriese stelling omtrent die effek van hierdie publikasie - wat natuurlik aanvegbaar is. Die aanspraak op die flaptteks lui soos volg:

Bible Alive brings a new dimension of reality to these great events and the historical commentary provides a deeper understanding of the beliefs and customs of the period.

The combination of pictures and writing make the Bible live in vivid memorable detail.

Wat presies hier met detail bedoel word, is onseker. Maar dit is juis *nie* iets waarmee enige mitiese verhaal "spog" nie. Die mitologie wil antwoorde en oplossings op belangrike lewensvrae bied. Hoewel dit deur middel van beelding en ander literêre middele gedoen word, is fyn besonderhede nie

een daarvan nie. En dit is ook die geval met die Bybel.

Die mitiese of verhalende aspek van die Bybel moet inderdaad redelik eenvoudig wees sodat die klein kind dit ook kan verstaan - of iets daarvan. Maar blote verstaan op 'n konkrete vlak is nie die alfa en die omega van die Bybel nie. Hierdie "mite" handel primêr oor 'n onsienlike en ondeurgrondelike wese. Die dimensie van die bonatuurlike mag nie van die kind weerhou word omdat volwassenes dink hy is nog te klein om dit te verstaan nie. 'n Teenvraag kan wees: Hoeveel van die bonatuurlike ryk verstaan volwassenes?

Daar is baie voorvalle waar kleuters vertel dat daar iets of iemand by hulle was. Of hulle het iemand of iets met hulle hoor praat. Sommige identifiseer wel hierdie bonatuurlike wesens as engele of nare "monsters". In sekere gevalle kan dit net die verbeelding wees, maar in ander gevalle blyk dit eg te wees. Dit is so dat kleintjies meer onbevange is en uit die praktyk blyk dit dat hulle meer bewus is van bonatuurlike aktiwiteit as volwassenes.

Om dus die ware mitiese aard van die Bybel te verwater tot daardie "storietjies" wat die kleintjie sal "verstaan" - of wat die volwassene dink hy sal verstaan, reduceer nie net die klein kind tot 'n eensydig rasonele wese nie, maar tas die wese van God en sy Woord ernstig aan. En hoe welmenend ookal, kan dit die ontvanklike kleintjie mislei en sal hy daardeur dalk sy eie "mite" vorm.

Hoewel 'n mite hoofsaaklik verhalend is, kan die religieus-filosofiese kwessie van hoe die kind moet lewe nie geïgnoreer word nie. En die enkele belangrikste riglyn hier word in geen kleuter- of kinderbybel vermeld nie. Dit word so duidelik en eenvoudig gestel dat geen kind dit mag ontbeer nie, naamlik die grootste en eerste gebod dat die kind ook vir God moet liefhê met sy hele hart, siel en verstand. Plus die tweede en gelykwaardige gebod dat hy sy naaste moet liefhê soos hy homself liefhet. Sonder die uitspel van hierdie lewensnoodsaaklike beginsel bestaan daar die groot gevaar dat die res van die Bybel nie 'n geïntegreerde deel van die kind se lewe word nie, maar bly vassteek in intellektuele kennis.

Poëties

In alle goeie woordkuns is die poëtiese aspek noodsaaklik - of dit vir volwassenes bedoel is of vir kinders. Sonder die poëtiese bly verhale, hoe mooi of ernstig ookal, eensydig en dalk oppervlakkig omdat die klem op verstaan val, dit wil sê: die logiese dimensie. Deur die poëtiese in Bybelverhale uit te skryf, word die magiese dimensie uitgesluit. En sonder die magiese dimensie, waarby die poëtiese nou aansluit, kan daar weinig sprake wees van die woord wat herskep of verlos. Dit is by uitstek wat die Bybel wil doen.

HERHALING

Herhaling is onontbeerlik deel van 'n goeie teks. Dit sluit in herhaling van klanke, woorde, frases, sinne en temas. Die

wonder hiervan is dat dit 'n magiese en logiese element het. Die bekoring wat herhaling het vir jonk en oud, hou verband met die magiese, terwyl die vergemakliking van memorisering op die vlak van die logiese lê. Wat Jousse sê, naamlik: "You know what you can recall", geld vir oud en jonk in antieke en moderne tye. Maar dit is veral belangrik vir die kleuter wat nog nie self kan lees nie. Hoe kan hy (of enigiemand) iets ken as hy dit nie kan oproep nie? En hoe kan hy iets oproep wat hy nie onthou nie? En hoe kan hy iets onthou wat hy nie gehoor (of gelees) het nie?

Dit is 'n tragiese feit dat met die vertaling van die Bybel baie van hierdie poëtiese middel verdwyn het. Dit het natuurlik tot gevolg dat die bekoring nie meer daar is nie en dat die praktiese nut ook afgeneem het. Dit beteken dat die Bybel of gedeeltes moeilik(er) is om te memoriseer, wat bydra tot die feit dat die lesers van vertalings weinig Skrif verbatim ken.

Wat kleuterbybels betref, is die saak veel erger. Deur Bybelverhale drasties te verkort en te vereenvoudig, is die kans vir outentieke herhaling om te oorleef, feitlik nul. Die heel bekendste voorbeeld van alle vorme van herhaling word in Gen 1 aangetref. Daar is klank, woorde, frases, sinne en (skeppings)tema wat herhaal word. 'n Ander voorbeeld, ook in die Ou Testament, is dié van die sondvloed met sy frekwente herhalings oor mense, diere, die aarde en water.

In geeneen van die prototipes is herhaling van klank, woorde of frases noemenswaardig nie - of altans: wat daarvan in die vertalings oorgebly het. In MEP (A:1) en DSK (A:2) A word geen vorm van herhaling aangetref nie.

Tematiese herhaling is ook 'n skaars verskynsel in die meeste kleuter- en kinderbybels. Een van die belangrikste temas van die Bybel is nie in een enkele kinderbybel aan te tref nie. Dit handel oor God se liefde. Hy spreek sy innige begeerte uit om met die gevalle mens die aanvanklike intieme verhouding te herstel, soos uitgespel dwarsdeur die Bybel met die volgende woorde of variasies daarvan:

*"Ek neem julle aan as my volk en
Ek sal julle God wees."* Eksodus 6:6

BEELDING

Wat 'n goeie teks help bind en eenheid gee, is beelde waarvan metafore, simbole en ironie die vernaamste is. En die Bybel is ryk hieraan.

Metafore

Metafore word deurlopend in die Ou en die Nuwe Testament aangetref. Dit word op verskillende vlakke en vir verskillende dinge gebruik. Verreweg die belangrikste gebruik van hierdie poëtiese middel is met betrekking tot God self. 'n Ander aanwending van metafore handel oor God se verhouding met die mens. Die heel belangrikste metafoor vir die mens is dat God die gelowiges (ook kinders) se hemelse Vader is en dat hulle sy kinders is. In geeneen van die

prototipes kom hierdie of ander metafore voor nie.

Simbole

Soos Leroux gesê het: Elke mite het sy simbole. 'n Verhaal sonder simbole is arm en ontrou aan die lewe self (Cirlot). Simbole is van die grootste belang omdat dit toegang tot die ryk van die onsienlik verleen. Daarby is simbole meerduidig en kan dit op verskeie vlakke geïnterpreteer word. En dit is so dat simbole nie uitstaan of dadelik in die oog spring nie. Eers na 'n studie van die verhaal in die geheel kom dit na vore.

Natuurlik sal en kan kleuters nie simbole raaksien en die betekenis verstaan nie. Dit is nog nie vir hulle relevant nie. Maar dit verander niks aan die feit dat simboliek nie weggelaat mag word nie. Simbole registreer ook in die onderbewussyn en kan in 'n later stadium verduidelik word. So byvoorbeeld is sprokies ryk aan simboliek hoewel geen kind daarvan bewus is nie. As die simbole uit sprokies verwyder word, sal daar oppervlakkige storiëtjies oorbly wat eintlik maar sedelessies word.

Sekere simbole is van kardinale belang vir die globale verhaal van die Bybel. Van die vernaamstes is: hemel, aarde, boom, slang/draak, kos, klere, stad (veral Jerusalem en Babilon), water, vuur en offerdiere waarvan die (paas)lam die mees uitstaande is. Dis nie naastenby al simbole nie, maar dis die heel basiese wat regdeur die Bybel aangetref

word tot waar alles kulmineer in Openbaring.

Die (paas)lam is die heel belangrikste simbool in die verhaal van verlossing. In sekere publikasies word die instelling van die paasfees tydens die vlug van die Hebreërs uit Egipte nie ingesluit nie. So ook Isak wat as offer moet dien. Daar bestaan die wanopvatting by sommige volwassenes dat hierdie toneel te wreed is en erge onopgeloste spanning by veral die kleuter kan nalaat. Dit is 'n wanopvatting omdat hierdie verhaal iuis 'n wonderbaarlike mooi afloop het. Verder is daar die kruisiging van Jesus. Is dit nie die heel wreedste toneel in die Bybel nie? Dit is dié kern van die verlossingsboodskap en kan natuurlik nie verswyg word nie. En die Bybel self gee die aanduiding hoe dit hanteer moet word: sonder die sensasionele en sonder enige dramatiese besonderhede waarvoor baie skrywers so lief is.

Die tendens veral by kleuterbybelskrywers is om die minder mooie en die minder aangename van die kleintjies af weg te hou. 'n Uiterste voorbeeld hiervan is in die kleuterbybel met die titel *My First Bible in Story and Song*. Die aantal stories daarin is baie beperk en geen woord word gerep oor Jesus se eintlike doel op aarde nie. 'n Baie "mooi" en "aangename" kant van die Bybel word gereflekteer. Die kind word beskerm teen die negatiewe kant van die lewe. Die doel is seker om God te leer ken as 'n God van liefde. Dit is Hy bepaald, maar ook 'n regverdige en heilige God. Hy is 'n God wat seën maar ook vervloek. Hy is nie die sawwe goedige

Kersvader soos dikwels aan kleintjies voorgehou word nie. Dis seker instinktief ouerlik om die kleintjies die aanhoor van die slegte en onaangename te wil spaar, solank moontlik. Maar wanvoorstellings van wie God en mens is, is dan feitlik onafwendbaar.

Soos reeds aangedui, was selfs kleintjies nie uitgesluit by die aanhoor van die wette waar seën sowel as vloek uitgespreek is nie. En by geleentheid het Jesus self 'n uiters wrede dood vir daardie volwassenes voorspel wat sou veroorsaak dat kinders afvallig word. Die kinders was in hulle midde toe die dissipels Jesus 'n vraag gevra het en:

Hy het 'n kindjie nader geroep en hom tussen hulle laat staan en gesê: "Dit verseker Ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die heme! kom nie."
Matteus 18:2,3

En 'n bietjie verderaan brei Hy hierop uit met die voorbeeld-kindjie en al die ander nog by Hom:

"Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, van My afvallig maak, vir hom is dit beter as hy met 'n groot meulsteen aan sy nek in die diep see verdrink."

En dan die afkap van hande, voete en uitruk van oë wat daarop volg. En die kinders moes dit ook aanhoor!

Aan die ander kant moet die fokus nooit op die gruwelike, die straf en die hel val nie. Maar om hierdie realiteite heeltemal uit die kleuter se wêreld weg te hou, is misleidend en nie die waarheid nie. Wanneer moet hy dit hoor? Die kans is dat hy dit dalk by iemand anders gaan hoor - en dit dalk op 'n manier wat hom heeltemal

angsbevange kan laat.

MEP het geen simboliek nie. DSK noem net enkele simbole maar dit word glad nie deurlopend gebruik nie. Wat wel as slotparagraaf vir Paulus se sendingreise dien, meld iets van die nuwe hemel en die aarde. Maar nêrens word van die "ou" hemel en aarde gepraat nie, selfs nie in die skeppingsverhaal nie.

MFSB wat vanweë sy beperkte omvang en uiters kort stories nie ruimte vir simbole het, sluit wel 'n stukkie van die apokaliptiese Openbaring in. Daar word van die hemel gepraat en die feit dat Jesus weer kom om sy kinders te kom haal:

"I will go to heaven. " He said...Then I will come back and take you to heaven to live with Me forever."

Hier word terug gegryp na Jesus se profesie in Johannes 14:1-3. Hoewel kruisverwysing 'n groot rol in die Bybel speel, kan dit nie op hierdie wyse aan die jong kind gebied word nie. Om die kind vir die eerste keer te konfronteer met die feit dat Jesus kom om hom te kom haal, kan in plaas van goeie nuus, ontstellend wees. Hy moes reeds vroeër - op die behoorlike plek - daarmee kennis gemaak het, soos toe Jesus dit gesê het voor sy dood. Die oningeligte kind kan die stelling interpreteer dat hy van sy ouers af weggeneem gaan word sonder rede. Dit kan as straf gesien word. Soos die sewejarige meisietjie - wat op 'n sendeling se goedbedoelde maar ondeurdagte openingsvraag of sy hemel toe wil gaan - baie vinnig antwoord: "Nee! dis te lekker hier."

CIB het enkele simbole soos die aarde en, heel lofwaardig, dié van die (paas)lam. Ongelukkig word hierdie simboliek nie tot aan die einde deurgetrek waar die Lam die boekrol oopmaak nie.

Van al die prototipes is TCIB dié publikasie met die meeste simbole tot in Openbaring, waar van die nuwe hemel en aarde, die nuwe Jerusalem en die Lam voor die troon gepraat word. Wat nie hier figureer nie is kos, klere, die boom, die tuin en die slang/draak. Die term *Satan* en *devil* word wel gebruik. Ook TBA het baie van die basiese Bybels simbole, maar die ernstige probleem lê daarin dat totaal niks oor die boek Openbaring gesê word nie. Dit is juis hier waar al die beelde werklik volle betekenis kry.

Simbole is noodsaaklik om die diepte en rykdom van die evangelieverhaal te verseker. Hulle kan nie net geïgnoreer en weggelaat word nie. Hoewel kinders nie simboliek kan interpreteer nie, kan hulle dit op 'n letterlike vlak begryp - wat ewe geldig is. Simbole moet sover as moontlik in kleuter- en kinderbybels ingesluit word. Meerduidige interpretasies is bedoel vir later wanneer die groter kind of volwassene die boodskap in sy volle rykdom met al die nuanses kan verstaan en waardeer.

PRIMORDIALITEIT

Alle mense strewe na 'n paradyslike bestaan van volmaaktheid. Primordialiteit word in alle fasette van die

mens se bestaan aangetref. Sommiges is net meer destruktief as ander. Ook kuns lewer bewys hiervan.

Kinders word deel van hierdie ideaal waar die mens die gebroke werklikheid vir homself wil herskep. Geen menslike poging - sekulêr of religieus - is suksesvol nie. Teenoor alle ander pogings staan die Christelike: Net God het die vermoë om te skep en te herskep tot volmaaktheid. Die mens se eie pogings laat juis die klem val op die onontkombaarheid van 'n tragiese einde of kosmiese ironie (Johl). Die Bybel vertel hoe God deur die logos skep en herskep. Christus is dié Logos wat gekom het om die verdorwe mens te kom herskep en voor te berei vir die totaal nuwe skepping soos geprofeteer in Openbaring.

Maar hierdie herskeppingsgebeure word reeds lank tevore voorspel deur verskeie Ou-Testamentiese profete en ook later bevestig deur Nuwe-Testamentiese profete (apostels). Die doel is dat elke mens deel word van hierdie volmaakte herskeppingsdaad. En deur geleidelike blootstelling daaraan kan die leser/luisteraar hom beter daarop voorberei.

By MEP figureer die kwessie van primordialiteit (die strewe na die paradys) nie en die teenhanger (die vind van die paradys) daarvoor is ook nie duidelik nie. Ook die feit dat die slotstukkie oor Openbaring niks rep oor herskepping nie wys hierdie tekortkoming verder uit. DSK, MFSB, CIB en TCIB sit met dieselfde leemte buiten vir die feit dat al hierdie tekste iets van die herskepping in Openbaring meld.

Soos reeds uitgewys, is Openbaring heeltemal weggelaat in TBA en dit kan die indruk by die jong kind laat dat die primordiale met sy kosmiese ironie voortduur. Die volmaakte herskepping word in werklikheid van die jong luisteraar of leser "weerhou".

SIMBOLISERINGSPROSES

In noue aansluiting by beelding en die mitiese (wat dui op die verhaalaspek) vind die proses van simbolisering in die woordkuns plaas. Soos vroeër genoem, is die meeste kleuter- en kinderbybels (ook die nie-prototipes) nie ingestel op beelding nie. Daarby word in baie tekste nie 'n goeie oorsig oor die heilgeskiedenis gegee nie. Van die ses prototipes is CIB, TCIB en TBA redelik "volledig" wat die verhalende aspek betref, maar in TBA ontbreek die belangrike apokaliptiese slot. As gevolg van hierdie tekortkominge kan die simboliseringsproses nie voltrek word nie en veroorsaak dit 'n wanbalans tussen die logiese en magiese dimensie. Dit ontnem die logos van sy enigmatiese krag om die hoorder te verlos.

Outeurs/skrywers

Die ware outeur van 'n teks is daardie persoon wat vir die inisiëring en deurlopende inspirasie verantwoordelik is. Die skrywer daarenteen, is daardie persoon wat die teks fisies skryf. Hoeveel van die skrywer self in die teks neerslag vind, sal van die outeur afhang. Die outeur is dus nie

noodwendig die skrywer nie. Maar in al die kinderbybels blyk dit dat die outeur en skrywer dieselfde persoon is. Dit is nou buiten vir die enkele teks wat van verbatim Skrif gebruik maak.

Die bronteks (Bybel) word deur moderne kinderbybelskrywers herskryf en in die proses word die formidabele vakmanskap (Alter en Kermode:1987:15) aangetas. Die virtuositeit van klank- en woordspel, karakterisering, beeldgebruik en die hantering van tematiek word verwater tot 'n eenvoudige storiëtjie wat nooit dieselfde uitwerking as die bedoelde teks sal of kan hê nie. Daar gaan sekerlik baie meer verlore as wat iemand ooit kan dink. Veral gedagtig aan die feit dat heelwat van die literêre elemente reeds met vertaling in die slag gebly het.

Die skrywers van kleuter- en kinderbybels is produkte van die twintigste eeu, wat onvermydelik deur kontemporêre konvensies - van kultureel tot teologies - beïnvloed word. Dit blyk ook dat hoe jonger die leser/luisteraar is, hoe meer projekteer die outeur/skrywer sy eie denke - wat dikwels eksplisiet didakties of moraliserend is - in die teks in. In haar boek *The Narrator's Voice. The Dilemma of Children's Fiction* (1991:Introduction) wys Barbara Wall op die afstand tussen die reële outeur/skrywer en die reële luisteraar/leser. (Hierdie afstand word net in uitsonderlike gevalle oorbrug wanneer 'n kind die voorreg kry om 'n outeur te ontmoet.) Om hierdie rede wil die (wantrouige en onseker)

outeur seker maak dat wat hy sê nie misverstaan kan word nie. Wat hy sê, moet dus eksplisiet wees. En in die proses word die kind se intelligensie totaal onderskat.

Heelwat is al gesê en geskryf oor die "neerskryf" na kinders toe. Hoewel Lewis nie altyd in die praktyk daarin slaag nie, meen Wall (1991:14), is hy uitgesproke oor hierdie feit:

"'The child as reader is neither to be patronized nor idolized: we talk to him as man to man' (*Of Other Worlds*, 1953, p. 34)". Hy is redelik ferm oor die gehalte van kinderboeke en stel dit so: "I never wrote down to anyone; and whether the opinion condemns or acquits my own work, it is certainly my opinion that a book worth reading only in childhood is not worth reading even then" (p. 38) (in: Wall: 14).

Wall het nie 'n ernstige probleem met neerskrywery nie omdat kinders nog nie volwassenes is nie en 'n ander aanslag vra. Wat sy wel veroordeel, is die eng aspek van neerskrywery wat klaarblyklik sy oorsprong in "neerpraterij" het. "Speakers over-simplify, are condescending, that is, stoop metaphorically, perhaps even literally, towards what they see as lower than themselves, and assume - falsely that the listeners are ignorant. Talking down, and hence, by analogy, writing down in the pejorative sense, occurs when the speakers or writers can adopt ... positions of conscious superiority" (15,16).

'n Ander moontlike rede vir die inmenging van die outeur is dat hy twee gehore in gedagte het, naamlik die kind en die volwassenes (as deel van die gehoor). Hierdie dubbele fokuspunt maak dat die verhaal se integriteit aangetas word. Die verteller, veral ten opsigte van die kind, praat dan met die spreekwoordelike Indiaanse gesplete tong en is nie werklik eerlik teenoor die kind nie.

Wat sommige outeurs/skrywers klaarblyklik in gedagte hou, is die volwasse voorleser. Hy antisipeer die voorleser se (moontlike) begeerte om 'n vertrouensverhouding met die klein luisteraar deur die teks te bewerkstellig, en daarom gebruik hy 'n verteltegniek wat die voorleser en die verteller in dieselfde posisie plaas.

Die tendens van skrywers om tussenbeide te tree, kom duidelik na vore na die mate waarin en wyse waarop die vertellers selfbewus optree. In baie gevalle word die outeur/skrywer nie as sodanig geïdentifiseer nie, maar word net gemeld: "oorvertel deur" so-en-so. Dit impliseer dat die verteller ook iemand anders as die oorspronklike is en dus 'n *oorverteller* moet wees.

Verteller/spreker

Kortweg gestel, vertel 'n verteller 'n verhaal terwyl 'n spreker 'n gesprek voer of 'n weergawe van 'n samespraak gee. Verteltekste en spreektekste in die Bybel is komplementêr en albei is nodig om die kernboodskap suksesvol

oor te dra.

"The relationship between adult narrator and child narratee is always a difficult one for writers to handle" (Wall:148), 'n *understatement* gemaak deur Wall. Dit is sonder omhaal van woorde dié ergste moeras waarin veral die skrywers van kleuterbybels vasval.

Wat veral in kleuterbybels gebeur, is dat die verteller 'n selfbewustheid ten opsigte van sy volwasse status en verantwoordelike rol openbaar. In baie gevalle probeer die verteller na die vlak van die kind neerdaal deur van eenvoudiger woordeskat, sinskonstruksies, onderwerpkeuse en verkorte verhale gebruik te maak. Wall stel dit so: "Writing down [...] is likely to involve the development of narrative personalities which although perhaps pretend equality with child narratees, really descend self-consciously to the level of the child, using vocabulary and expressions which fit, not the writers, nor even the narrators, but the supposed comprehension of the narratees" (16).

So 'n benadering is nie aanvaarbaar nie omdat dit die kind se begripsvermoë onderskat. Daarby word hy nie die kans gegun om met nuwe terme in aanraking te kom nie. Die idee dat kinders alles of byna alles moet verstaan, is gebaseer op onkunde. 'n Verskraalde teks sonder die atmosfeer wat bewerkstellig word deur die goeie balans tussen die logiese en die magiese, lewer 'n teks op bestaande uit histories/religieuse inligting verweef met moralisme. So 'n teks sal

'n oppervlakkige effek hê met min of dalk geen blywende waarde nie. Verder word probeer om aandag te verkry en te behou deur elke nou en dan die aktiewe deelname van die luisteraar op te eis. Die kwaliteit van die verhaal self word gewantrou en kunsmatige middele word vir dié doel bygesleep.

Dit blyk veral die geval te wees met kleuterbybels dat die skrywers nie die onderskeid tussen 'n verteller en 'n indringer-spreker (kan) maak nie. MEP is by uitstek 'n goeie voorbeeld van 'n verteller wat deur 'n spreker onderbreek word - soms herhaaldelik. Die onderbrekings sluit onder meer in: opmerkings, vrae en opdragte. Dit is die soort kunsmatige middele wat by 'n verhaal bygesleep word.

Die mate van partydigheid wissel. Een so 'n voorbeeld is die "storie" van Rut met die Skrifverwysings onderaan as Rut 1:

Sin 1 - spreker se spekulatiewe opmerking:

*Die vrou met die blou klere is Naomi.
Sy huil omdat haar man en seuns dood is.
Rut probeer om Naomi beter te laat voel.
Sy wil by Naomi bly.*

Sin 5 - spreker se opdrag/suggestie:

God wil hê dat ons ook helpers moet wees.

Sin 6 - spreker se vraag:

Wat kan jy doen om iemand te help?

Sin 7 - spreker se vraag, onderskei van die res:

Wie is die vrou wat Naomi help?

Hierdie verskynsel, waar spreker verteller verdring om die jong hoorder se aandag te kry of te behou, getuig van wantroue in die verhaal self en vertroebel die oorspronklike

effek wat dit sou kon hê. In hierdie teks (MEP) is baie van die "stories" op dieselfde lees geskoei terwyl enkeles minder geskonde daarvan afgekom het. So 'n "verhaal" kan nie die gesag en integriteit van die oorspronklike (bronteks) hê nie. Die verteller is nie betroubaar nie omdat hy telkemale toelaat dat hy deur 'n partydige spreker onderbreek word. Etlike van hierdie ekstra mededelings is blote spekulاسie of suiwer inmengerigheid soos in die gedeelte (sin 1,2) waar die Israëliete 'n goue kalf maak terwyl hulle wag vir Moses met die Tien Gebooie. Hierdie vorm van openlike moralisering is kenmerkend van vele kleuterbybels:

*Ag nee! Kyk wat doen God se mense!
Hulle maak 'n afgod wat soos 'n kalf lyk.*

MEP is nie al teks wat hom hieraan skuldig maak nie. Daar is heelparty ander ook. MFSB (B:1) doen dit ook maar in 'n baie ligter graad. Net enkele stories laat indringer-sprekers toe soos met die opdrag in "Alive in a lion's den" (bl 40):

*Look inside that window, and you can see Daniel
praying.*

Of die retoriese vraag op bladsy 41:

*The lions were hungry, but did they eat Daniel?
No!*

Die doel van die spreker wat intree en die hoorder (kind) se aandag probeer trek, is nie duidelik nie. Dit kan wees om die kind by die storie te betrek. En kinders sal so iets geniet. Watter kinders hou nie daarvan om deel van 'n storie te wees nie? Die verhale in die Bybel laat nie ruimte vir iemand anders om deel daarvan te word nie. Die afsonderlike

verhale van Adam en Eva, Noag, Jona en al die ander is afgehandel en voltooi. Die teenoorgestelde is meer wenslik: dat elke Bybelverhaal deel van die *kind* word. Hoewel die uiteindelijke doel is dat elke hoorder deel van die grootste romantiese verhaal word, is dit nie die oogmerk van elke verhaal nie. Dit is dalk juis deur onnodige betrokkenheid by elke selfstandige verhaal dat die kind se aandag van die ware oorhoofse verhaal weggelei kan word.

Baie voorlesers van Bybelverhale besef nie hulle is in dieselfde posisie as die kind nie. Albei is in werklikheid luisteraars. Maar omdat volwasse voorlesers dit klaarblyklik goed vind om direkte kontak (veral met die kleuter) te maak, wil hy die rol van verteller oorneem. Dit bring hom in 'n ander rol, naamlik dié van volwasse opvoeder teenoor die kind as leerling. Baie outeurs/skrywers antisipeer hierdie versugting en bou dit in die teks in deur van 'n spreker (wat in die verhaal inmeng) gebruik te maak.

Die inmenging in DSK is meer subtiel. Hier word nie vrae gevra of opdragte gegee nie maar meer kommentaar gelewer. In die verhaal van die sondvloed (bl 11) dring 'n baie goedverskuilde spreker die verhaal binne net nadat die skip op droë grond geland en almal veilig buite was:

Wat 'n heerlike dag moes dit nie gewees het nie!

'n Wanpraktyk waaraan sommige kleuter- en kinderbybels hulle ook skuldig maak, is om die posisie van die verteller te

wysig, soos die geval met die aanvangsverhaal in DSK:

God het ons wêreld gemaak.

'n Stelling wat nie per se verkeerd is nie. Maar die probleem lê in die feit dat die oorspronklike eksterne altrusentriese verteller verplaas word met 'n interne altrusentriese verteller. Dit wil sê: deur die "ons" vertel die verteller homself en die hoorder (wat ook buite die skeppingsverhaal is) in die verhaal in. Die verteller word nou deel van die skeppingsverhaal en gee hy indirek voor dat hy etlike miljoene jare gelede daar was! Andersyds negeer hy dat God baie lank gelede al alles geskep het. Om die waarheid te sê: nêrens word in die verhaal gemeld dat dit "[in] die begin was" nie. Of soos baie kleuter- en kinderbybels te kenne gee: "Lank, lank gelede ..." nie. Hoewel die heel kleintjies se konsep van tyd swak of selfs onontwikkel is, kan tydsaanduiding nie bloot daarom verswyg word nie.

Die feit dat die nuwe verteller homself deel van die verhaal maak, plaas sy geloofwaardigheid onder verdenking. As hy reeds by die inset sy status verander, waartoe anders is hy nie in staat nie? 'n Mens wil graag die goedertrou van die skrywer hier aanvaar en glo dat hierdie soort manipulerings nie doelbewus is nie. Genadiglik lyk dit of hierdie misstappie net tot die een voorval beperk is.

In CIB word die verteller nie verplaas nie, maar deur subtiele kommentaar kan die hoorder se sienings beïnvloed

word. Een so 'n voorbeeld is dié van Jona waar hy probeer wegvlug van God se opdrag om Nineve toe te gaan. Die verteller bied verskonings aan – wat wel later in die verhaal deur Jona geopper word wanneer God hom konfronteer. Maar hoe weet 'n mens Jona het nie eers later hierdie verskonings uitgedink nie? En dit mag vir die hoorder lyk of hierdie vermeende verskonings van die verteller eg is en deel van die ware oorspronklike verhaal moet wees (bl 163):

"Me?" cried Jonah. He imagined himself giving such a message. The people would probably kill him! No, no! He couldn't go! Anyway God was kind and merciful. Surely He'd never destroy a whole city!

Een publikasie vergryp hom heeltemal aan inmenging. Die outeurs gaan verder as net om die verteller te laat inmeng of verdring deur 'n spreker. Hulle voer sommer twee splinternuwe kontemporêre karakters in. In *My eerste Groot Bybel-Storieboek* is André en Judy twee karakters wat enersyds as buitestanders optree maar wat ook kommentaar op die Bybelse verhaal lewer. Soos hulle as voorbeeld ten opsigte van Goliat doen (bl 18):

Kyk hoe lank is Goliat!

Hoe meer Skrif gebruik word en hoe minder verwerkings hoe minder die gevaar van inmenging. Inmenging in TCIB (C) en TBA (D) is beperk en nog minder uitkenbaar as in die vorige kategorieë. In TCIB is dit beperk tot enkele beskrywings soos in die verhaal van Kain en Abel (bl 23):

With a heavy heart Cain departed.

Die Bybel rep nie 'n woord oor Kain se gemoedstoestand in hierdie stadium van die verhaal nie. Dit is weer eens spekulاسie wat die hoorder simpatiek teenoor Kain kan stem. En daar is nie regverdiging vir sulke kommentaar wat as "waarheid" vir goedgeelowige kinders voorgehou word nie. Wat merkwaardig is, is dat TBA (D) nie suiwer Skrif is nie maar tog daarin slaag om sy verteller in die gate te hou. TBA se verteller hou goed in die spoor van die Bybelse vertellers en maak hom nie skuldig aan inmenging nie.

In 'n rubriek vir kategete in Die Kerkbode (2 Julie 1993) wys Hendrik Bosman aan almal wat met kinders werk, daarop dat die "waarheid" van veral Ou-Testamentiese verhale nie op letterlike verstaan berus nie. Hy sê: "In antieke tye is die waarheid van 'n storie aan die integriteit en karakter van die mens wat die storie oorvertel of aanvanklik vertel het, gemeet. Daarom beteken die verwysing na skrywers in die Ou Testament, byvoorbeeld 'die boeke van Moses', 'die Psalms van Dawid' of 'die Spreuke van Salomo', nie in die eerste plek dat juis hulle die skrywers was nie, maar dat wat geskryf of oorgelewer is, betroubaar en 'waar' is. Stories se waarheid is deur vertellers se geloofwaardigheid bepaal ... " (14).

Dit is deur inmenging wat nie net die "nuwe" vertellers verdag gemaak word nie, maar die gevaar is dat die geloofwaardigheid van die vertellers in die Bybel self (wat reeds by sommige navorsers onder verdenking staan) nog

verder aangetas kan word. Watter verteller kan en moet die kind dan vertrou? Dié wat hy in sy vroeër en meer ontvanklike jare hoor vertel het of dié wat hy later hoor wanneer hy met die "volwasse" Bybel kennis maak? Dit kan lei tot verwarring en wantroue by die kind in 'n spesifieke verhaal of gedeelte. So 'n onbetroubare verteller kan ook die oorsaak wees dat die kind later die egtheid of waarheid van die Bybel in die algemeen in twyfel kan trek. En dit is sekerlik nie wat die skrywers van kleuter- en kinderbybels in gedagte het nie.

Sprekers soos dié wat in die Bybel aangetref word, is 'n skaars verskynsel in kleuter- en kinderbybels. Dit spruit uit die feit dat die enkele spreektekste wat wel 'n plekkie daarin kry net opsommenderwys aangebied word. Die verhalende gedeelte word uitgeliq en 'n verteller verplaas dus die spreker. Dit is die geval met die paar profetiese boeke, Paulus se briewe en Openbaring. Die psalms behou hulle sprekers.

TCIB vervang die spreker in Openbaring met 'n eksterne altrusentriese verteller. Dit ondermyn die bedoelde effek wat hierdie dramatiese boek moet hê waar die spreker, by name Johannes, enersyds 'n ingrypende gesprek met God weergee en andersyds vertel watter fantastiese gebeure hy voor hom sien afspeel. As die bona fide-instelling van die skrywers van kleuter- en kinderbybels aanvaar word, blyk hulle onkundig te wees oor die inherente manipulerende krag

van hierdie belangrike literêre middel – die verteller en die spreker.

Spreektekste is nodig vir balans in die oorkoepelende boodskap van die Bybel. Hoewel sulke tekste oor die algemeen minder toeganklik en minder "genotvol" vir kinders is, kan dit nie om daardie redes weggelaat word nie. Baie fyn seleksies is nodig om die Bybelse boodskap tot sy reg te laat kom.

Karakterisering

Karakters en die wyse waarop hulle in verhale uitgebeeld word, speel 'n baie belangrike rol in die wêreld van die kind. Die kind is en bly 'n afhanklike wese terwyl hy nog in die proses is om volwasse te word. Vir 'n teks om aanklank by die onvolwasse kind te vind, is dit nodig dat die kind met die een of ander karakter kan identifiseer. Maar daar behoort ook die een of ander karakter wees wat in staat is om op 'n verantwoordelike wyse leiding te gee en as rolmodel te dien.

Lydia Snyman vestig ook die aandag op die belang van karakterisering in verhale. "Een van die grootste invloede in die lewe van die kind is die 'persoon' – die karakters in die verhale, helde in die een of ander vorm die onderwyser, én die ouer en ander 'persone' in sy onmiddellike kring. Die kind se godsdienstige belewenis is ook grotendeels van die 'persoon' afkomstig: van die mense in die Bybel, mits hulle so uitgebeeld word dat hulle inderdaad méns is, en van die

mense op die aarde, soos die ouer en die onderwyser" (1983: 291).

Verder staan Snyman die herskrywe van Bybelverhale teen. Die rede wat sy aanvoer is: "Om aan die letterkundige aspek van die Bybel te peuter, verwater die uitbeelding van die mense en hul lotgevalle" (291). Deur verhale te "vereenvoudig" dit wil sê: om abstrakte begrippe weg te laat of om dit te probeer omskryf in makliker taal, is minder wenslik en doeltreffend as die volwassene se konkrete voorbeeld.

"... die lewe van die ouer as gelowige het seker veel meer trefkrag as die 'verduideliking' van abstrakte begrippe. Die aanvoeling van die teenwoordigheid van God in die lewe van die mens, is seker meer werd as die aanbieding van 'feite' " (291).

Die stories in MEP is so kort dat karakterisering onmoontlik is. Karakters kan slegs met enkele trekke uitgebeeld word. In die verhaal van Kain en Abel word Abel voorgestel as iemand wat God gehoorsaam het en Kain wat ongehoorsaam was. Dit is nie wat in die Bybel staan nie. Dit word net genoem dat God Abel se offer aanvaar het en Kain s'n nie. In Hebreërs 11 word gesê dat Abel in God geglo het en sy broer nie. Dalk baseer MEP sy inligting hierop. Dit sou vir die kind dus moeilik wees om te kies met watter karakter hy wil identifiseer of van watter een hy sy leiding sal kry. Abel is gehoorsaam en hy word doodgemaak. Nie 'n goeie proposisie vir 'n kind nie. Die ander opsie is Kain wat ongehoorsaam is

en sy broer vermoor.

Die storie in MEP noem nie dat God intree en Kain straf nie. Kain se "berou" en God se genade bly ook onvermeld. Die storiëtte eindig met die volgende aannames (uit 'n volwassene se perspektief), wat moontlik so kon wees maar nie Bybels gefundeer is nie:

Adam en Eva was baie hartseer. God was ook hartseer.

Hierdie storie, sonder 'n karakter om mee te identifiseer of sonder 'n karakter wat aan die kind leiding en 'n gevoel van geborgenheid kan bied, se sin en waarde staan onder verdenking. Die feit is dat God in elke verhaal die "hoofkarakter" is. Hy is die "verantwoordelike volwassene", die "rolmodel" wat leiding aan die kind kan gee en na wie die kind kan opsien. Maar in so baie kleuter- en kinderbybels val die fokus op die Bybelse helde - soos Dawid, Noag, Jona en al die ander - dat God dikwels tweede viool speel, om dit so te stel. Kinders word verkeerdelik gelei om karakters soos Josef, Dawid en Noag te vereer. Dit is so dat die karakters 'n belangrike rol speel, omdat God homself in hierdie verhale laat ken in die wyse waarop hy teenoor die ander karakters optree. Maar deur die klem op die menslike karakters te laat val, kry die kind nie die geleentheid om te ontdek wie en wat God is nie. Roux waarsku ook in haar verhandeling teen hierdie tekortkoming (53-55).

Die verhaal van Kain en Abel is 'n goeie voorbeeld van wat

met Bybelse verhale gebeur. Al wat oor die belangrike Hoofkarakter gesê word, is dat die een broer aan God gehoorsaam was en die ander nie. Die ander vorm van karakterisering is die verteller wat 'n eie en dalk foutiewe aanname maak deur te sê dat God ook hartseer was. Deur hierdie foutiewe en uiters karige karakterisering kan God gesien word as 'n passiewe en sawwe God wat niks doen nie.

In die verhaal oor Simson word Simson net aan sy uiterlike gekenmerk. Vyf van die ses sinne (waaruit hierdie storie bestaan) vertel van die man se groot krag. (Die slotsin vra wat die man se naam is.) Simson word as 'n eensydige karakter uitgebeeld wat net goed doen. Wat wel vermelding verdien, is die feit dat sin vier en vyf duidelik sê dat God hom so sterk gemaak het om Sy vyande te beveg en Sy volk te help.

In MFSB kom karakterisering ook nie tot sy reg nie vanweë die lengte van die stories. Josef word ook as die held uitgebeeld. Dit word nie vertel hoe hy sy broers stilletjies laat ly het deur die spel wat hy met hulle gespeel het toe hulle kom kos soek het by hom in Egipte nie. Die een oomblik is hy nog die veronregte broer en die volgende oomblik omhels en soen hy hulle. Ook Dawid word net as die jong held uitgebeeld wat die nare reus verslaan. Alles simplisties en eensydig mooi aangebied.

Hierdeur kan jong kinders die idee kry dat mense wat God ken en deur Hom gebruik word, almal supermense sonder

gebreke is. Omdat hierdie eise onmoontlik is om by te kom, kan dit vir die kind baie ontmoedigend wees. Of hy kan in 'n later stadium die waarheid omtrent hierdie "helde" ontdek en daarom aan die geloofwaardigheid van die Bybel begin twyfel. Hierdie vorm van afplating en verering van Bybelse karakters word hoofsaaklik by kleuterbybels aangetref.

Wat meer algemeen by kinderbybels is, is die oor-karakterisering van karakters. Daar word ekstra eienskappe aan hulle toegeken - sommige heel geldig en ander weer onder verdenking. DSK (A:2) maak hom hieraan skuldig. In die verhaal van Noag word 'n eienskap deur die "mense" aan hom toegevoeg - iets wat nie in die bronteks bestaan nie. Dit is duidelik vanuit die volwassene se perspektief (bl 9):

*Hulle het gereken Noag moet mal wees om 'n skip
so ver van die see af te bou ...*

Dit sou kon wees, maar deur hierdie spekulatiewe opmerking word die hoorder meer simpatiek teenoor Noag gestel as wat oorspronklik bedoel is. Die verhaal van Jona eindig waar God vir Jona berispe oor sy selfsug en liefdeloosheid. Daardeur word juis God se genade en sy lankmoedigheid teenoor mense (Jona en die inwoners van Nineve) beklemtoon. Maar in DSK eindig hierdie verhaal op 'n ander noot: Jona ondergaan 'n positiewe verandering wat nie in die oorspronklike voorkomnie. Met ander woorde: die verteller stel Jona in 'n beter lig as wat die God-geïnspireerde verteller dit doen. En dit is nie teologies verantwoordbaar nie.

In CIB word daar nie op groot skaal aan die karakters gepeuter nie. Wat wel plek-plek voorkom, is dat daar woorde, eienskappe en optredes aan karakters toegeken word wat nie gestaaf kan word nie. Een voorbeeld is toe God vir Noag van die vloed vertel dat hy bang word:

Then Noah was afraid, but God said, "Do not fear! You are a good man."

Nêrens word in die Bybel self vermeld dat Noag bang geword het of dat God vir hom gerusgestel het nie. Verderaan word Noag uitgebeeld as iemand wat heelwat vroe stel oor hoekom hy so 'n groot skip moet bou en hoe hy al die diere bymekaar gaan kry.

Die karakterisering in TCIB wyk egter nie soveel van die oorspronklike karakterisering af soos sommige tekste nie. Hoewel TBA baie van Skrif gebruik maak, het dit probleme met getroue karakterisering omdat die verhale so verkort word om die kommentaar daarby te akkommodeer. As gevolg van die lengte van die verhale kan karakters net kursories uitgebeeld word. Wat die vername Dawid betref, word net kortliks vertel van sy geveg met Goliat, Saul se vyandskap met hom en die dood van Absalom. In die verhaaltjie oor Goliat is God op die agtergrond en lyk Dawid na die superman. In die ander twee verhaaltjies is Dawid die bejammerenswaardige koning sonder vlek of blaam.

Waar in geen kleuter- en kinderbybel slaag nie is om God sy regmatige plek in elke verhaal te gee. Sorg word gedra dat kinders weet van al die groot figure soos Abraham, Dawid en

Jona, hoewel karakterisering verreweg nie gebalanseerd is nie. Bosman waarsku ook (in sy genoemde kategorie-rubriek) dat verhale uit die Ou Testament nie net daar is vir vermaak of om in te lig nie. Die kern lê opgesluit in die verklaring dat die Here die God van Israel is en dat Israel die volk van die Here is. Hy sê: "Stories in die Ou Testament wil in die eerste en laaste plek die leser of hoorder oortuig dat God by die mens betrokke is en dat die mens op God aangewese is. Sodra 'n mens dit verstaan, word die 'letterlike' verstaan van die verhale al minder 'n geskilpunt."

Ten slotte verwys hy ook na die verhaal van Jona wat deur baie kinders onthou word aan die sprokiesagtige gedeelte van die groot vis wat hom ingesluk en weer (heel) uitgespog het. In baie kleuter- en kinderbybels word hierdie gedeelte uitgebuit - om begryplike redes. Maar iuis omdat dit te veel aandag kry, word die ware boodskap verdoesel. Bosman vra tereg hierop: "Lê die 'waarheid' van die verhaal nie eerder in die aanvaarding dat dit betroubaar is, en dat dit bewys dat God se liefde en genade groot genoeg is om selfs die ergste heidene, die Assiriërs, 'n tweede kans te gee nie?"

In die meeste kleuter- en kinderbybels word relatief min oor God gesê. En spreektekste waarin God hom by uitstek direk openbaar, is soos reeds genoem, 'n rariteit in kleuter- en kinderbybels.

SUBTEKS: outobiografies

Die subteks is die wyse waarop God as bonatuurlike Wese homself bekend maak. Die suprateks met sy (oorwegend) verteltekste vorm die sluier waaragter Hy "skuil", terwyl die subteks hoofsaaklik uit spreekteksgedeeltes bestaan waar God direk deur sy profete en sy Seun met die mens praat. Hierdie hele kwessie van subteks lewer die grootste probleem by kleuter- en kinderbybels op. Die feit dat daar weinig of geen teken daarvan is nie, moet in 'n ernstige lig beskou word. Dit plaas die religieuse funksie van sulke publikasies onder verdenking.

Outeur

GODDELIKE INSPIRASIE

Inspirasie, betreffende kleuter- en kinderbybels, sou sekerlik nie betwis kan word as betrokke skrywers ook op Goddelike inspirasie daarvoor aanspraak maak nie. Maar sulke verwerkte tekste sou nie kon aanspraak maak op die soort inspirasie waarvan 2 Timoteus 3:16 praat nie. Daarbenewens geld daardie buitengewone dubbele status van *Goddelikheid* en *menslikheid* van die Bybel nie vir kleuter- en kinderbybels nie omdat dit menslik-verwerkte variasies van die bronteks is.

OUTO-APOKALIPS

God as outo-apokaliptiese Wese openbaar hom uit vrye wil aan die mens. En net God kan homself bekend maak, en hy doen dit op verskeie maniere. In die meeste kinderbybels word daar

min of weinig van God se self-openbarende optrede of woorde weergegee. (Hierdie kwessie sluit baie nou aan by genre en veral die gebrek aan spreektekste in kinderbybels.) Die gebrek aan outo-apokaliptiese bewyse hou die groot gevaar in dat die klein kind 'n erg verarmde en selfs wanbegrip van God kan ontwikkel.

OUTOBIOGRAFIESE AARD

Die outobiografiese aard van die Bybel word onder meer bevestig deur die feit dat die hele Skrif deur God ingegee is. Maar dit is veral duidelik in daardie dele waar Hy self aan die woord is. Die Outobiograaf gaan 'n ooreenkoms met die leser aan (geskoei op Lejeune se *le pacte autobiographique* 1989:Foreword) waarin die Outobiograaf poog om die leser Hom te laat ken, maar terselfdertyd ook homself.

Soos reeds uitgewys, kan die meeste kleuter- en kinderbybels nie aanspraak maak op Goddelike inspirasie nie. Verder raak- raak net enkele sulke tekste aan spreektekste en kry die kind nie die geleentheid om met God kennis te maak op 'n "direkte" manier deur middel van spreekbeurte nie. Die Outeur kry nie die geleentheid nie (of weinig) om self "aan die woord" te kom. Omdat God nie die Outeur van kleuter- en kinderbybels *per se* is nie en omdat die herskryfde teks nie outobiografies van aard is nie, kan dit die geleentheid om die reële Outeur van die bronteks te leer ken, verswak.

OUTOBIOGRAFIE EN METAFORIEK

Die outobiograaf maak homself kenbaar hoofsaaklik deur metafore. Die Bybel is vol metafore waardeur God geken kan word. Hierdie beelde het almal konkrete, aardse ekwivalente wat vir die mens bekend is. Die metafore waardeur God homself openbaar, het ook 'n abstrakte, hemelse dimensie. Sekere metafore is heel basies en kan nie weggelaat word nie. Hulle is: Skepper, Verlosser, Ewige of Hemelse Vader (veral belangrik vir kinders), Regter en Koning. Deur metafore leer die hoorder ontdek wie hy self is: skepsel teenoor Skepper, verlorene/verloste teenoor Verlosser, aardse/sterflike kind teenoor Ewige/Hemelse Vader, skuldige teenoor Regter, en onderdaan teenoor Koning.

Vir kleuter- en kinderbybels speel metaforiek skynbaar nie so 'n belangrike rol nie - te oordeel aan die afwesigheid daarvan. 'n Moontlike rede is omdat die bedoelde "fokus" (soms koewert en soms oewert) nie op die Hoofkarakter en Outeur van die Bybel val nie. As na die inhoud en aanbieding van feitlik alle publikasies gekyk word, kry God nie die aandag wat Hom toekom nie. God kry nie die geleentheid om Homself te openbaar nie en die jong hoorder daarteenoor, kry nie die kans om God te leer ken op die manier wat Hy kies om geken te wil word nie. En hierin lê seker die grootste leemte van kleuter- en kinderbybels.

MEDESKRYWERS

Omdat die hele kwessie van outobiografie verval by kleuter- en kinderbybels, kom medeskrywers nie ter sprake nie. In die geval van byvoorbeeld MEP is Taylor (vermoedelik) die outeur (inisieerder) en die skrywer, soos wat op die titelblad te kenne gegee word. Daar is enkele gevalle waar die outeur/skrywer nie vermeld word nie. In die geval waar 100% Skrif gebruik word, kan daar nie 'n (menslike) outeur/skrywer genoem word nie.

KOLLEKTIEWE EGOSENTRIESE SPREKER

Soos 'n mens kan verwag, kan daar geen egosentriese spreker wees deur wie God met die mens in gesprek tree nie. Die unieke wyse van EK IS waarop God homself as intelligente, selfgenoegsame en lewende Wese teenoor Moses identifiseer, kom glad nie in kleuter- of kinderbybels na vore nie. Buiten vir Heese (*En daar is lig* 1971) wat die klem laat val op die bekendstelling "Ek is wat Ek is" in die verhaal van Moses. Ander persoonlike wyses waarop God hom "in sy eie woorde" bekendstel, vorm ook nie deel van die kleuter- en kinderbybel se tradisionele repertoire nie. En is dit nie juis die doel van sulke tekste dat die hoorder God as 'n persoonlike God sal leer ken en vertrou nie?

Die gebrek aan Skrif waar God direk met die mens praat, verarm die teks en ontnem dit die verhaal van sy "dramatic presence" (Savran:1988:18). Die jong leser ontbeer die krag van die direkte rede van iemand gesaghebbend wat self

praat - soos God byvoorbeeld. 'n Mens kan maar net dink watter wonderlike belofte die volgende vir enige kind is indien hy dit sou hoor:

*Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit
[voorregte in die hemel] alles kry, en Ek sal
sy God wees, en hy sal my seun wees.*

Openbaring 21:7

So 'n persoonlike belofte maak nie net aanspraak op die intellek van die hoorder nie maar ook op sy emosies. Juis hierom het die direkte rede groter impak as die indirekte rede. As vergelyking met die voorafgaande, die volgende aanhaling:

God sê dat elkeen wat die oorwinning behaal,
dit alles sal kry. Hy belowe ook dat Hy so
iemand se God sal wees en dat so iemand sy seun
sal wees.

God kry hier nie self die geleentheid om in sy eie woorde te bevestig wat ander karakters in die Bybel oor Hom vertel nie. Dit beteken dat die stewige netwerk van getuienis van die logos oor die Logos en die Logos oor die logos nie in werking kan tree nie en daarom kan die dubbele siklus nie sluit nie. Die outo-eksegetiese aard van die Skrif word gekelder en die "oop ente" hou die gevaar in van 'n vrye interpretasie van wie God eintlik is. Dit is weliswaar die geval met jong kinders wat nie daardie Skrifgedeeltes ken waarin God hom direk openbaar nie.

KARAKTERISERING

In 'n teks van outobiografiese aard moet die bona fide-gesindheid van die outeur deur die lesers aanvaar word. As

die outobiograaf homself op 'n bepaalde wyse en deur bepaalde woordkeuse bekendmaak, moet die leser dit as eg aanvaar. Dit sal verby gemeen en veragtelik wees as so 'n outeur die leser om die bos lei deur valshede. God openbaar sy karakter nie net deur wat Hy doen nie, maar ook deur dit wat Hy oor Homself te sê het. En dit word bevestig deur ander karakters in die Bybel. Dit geld natuurlik ook andersom. Hierdie vorm van karakterisering deur God se eie uitsprake is ook 'n faktor wat nie veel aandag in kleuter- en kinderbybels geniet nie.

Meiring skryf in haar verhandeling oor godsdiensoonderrig aan die kleuter: "Die intrige van 'n verhaal plaas die kleuter in 'n wêreld waar daar interaksie tussen verskillende karakters plaasvind. As hierdie karakters eerlik en lewensgetrou geteken word en identifiseringsmoontlikhede bied, sal die kleuter hulle waarskynlik lank onthou, selfs al sou hy die detail van die verhaal vergeet" (45). Alles goed en wel in die geval van die suprateks, maar juis omdat die klem in sovele kleuter- en kinderbybels op die menslike karakters val, word die Hoofkarakter nie "eerlik" en "lewensgetrou" aangebied nie. En natuurlik is dit nie eens nodig om te sê dat geen mens iets lank kan onthou as hy dit nog nooit gehóór het nie.

Waar daar aan die een kant in kleuter- en kinderbybels nie aan die ware Hoofkarakter sy regmatige plek gegee word nie (en die jong luisteraar Hom nie leer ken soos Hy homself

openbaar nie), is daar aan die ander kant weer die oorbeklemtoning van veral sekere karaktertrekke. Wat taamlik algemeen voorkom, is God se *alwetendheid*, sy *almag* en sy *alomteenwoordigheid*. Dit is nie sy heel opvallendste kenmerke nie, maar skynbaar sien baie kleuterbybelskrywers dit as wat klein kinders eerste behoort te weet. Roux wys ook op 'n ander gewilde voorveronderstelling dat God altyd die goeie beloon (49-53).

Wat die karakterisering van Jesus betref, word in baie kleuter- en kinderbybels te veel klem op Jesus se wonderwerke gelê. Roux waarsku daarteen omdat Jesus as die "grootste toenaar" vir klein kinders gekarakteriseer kan word (64,65). Weereens haal sy Rapport (1972:66) aan: "Het jonge, suggestiebele kind sal immers meer vatbaar zijn voor de miraculeuze vertellingen en juist daar ligt het gevaar dat het kind de bijbel al vroeg leer kennen als een boek over wonderdoeners, met Jezus als de grootste toenaar" (in Roux: 59).


REËLE EN IMPLISIETE OUTEUR

Die primêre doel van die Bybel is om die reële Outeur werklik te leer ken nadat die leser die implisiete Outeur en die Karakter (God) uit die teks leer ken het. Buiten vir die een of twee uitsonderings het alle kleuter- en kinderbybels 'n nuwe aardse outeur/skrywer wat die Bybelse verhale geparafraseer of "vereenvoudig" het. Dit wil sê dat elkeen van daardie verwerkte tekste 'n *menslike* reële en implisiete

outeur het. Die implisiete outeur laat homself (haarself) ken op 'n implikatiewe manier. En dit is seer sekerlik nie sy doel dat die jong hoorder *hom/haar* moet leer ken nie.

Waar die aardse outeurs/skrywers waarskynlik die proses van ontmoeting tussen God die reële Outeur probeer fasiliteer, hou hulle tussentrede (inmenging?) die moontlikheid in dat dit nie die verlangde uitwerking sal hê nie. Dit juis is die outobiografiese aard van die bronteks wat die deurtog van reële Outeur na reële luiteraar/leser bied. Met 'n verwerkte teks loop die leser die gevaar om by God die Karakter te bly "vassteek". Dit bemoeilik die gewenste sprong na God - die reële Outeur van die bronteks.

Skematies kan dit so voorgestel word:



RO = reële outeur
IO = implisiete outeur
RL = reële leser
IL = implisiete leser

RS = reële skrywers
IS = implisiete skrywers

Luisteraar/voorleser/leser

... children who are not told stories and who are not read to will have few reasons for wanting to learn to read. Haley

'n Religieuse teks verg die sorgsame en eerbiedige aanhoor en lees wat dit verdien. Die verstaan van die Bybel is vir niemand 'n maklike taak nie. Tog stel die Bybel sy kernboodskap duidelik vir hulle wat met 'n bona fide-verwagting kom en bereid is om stelselmatig en geduldig daarmee om te gaan. Waar die suprateks diep ingebed is in kulturele en literêre konvensies en daar hoë eise aan die leser se intellek gestel word, is dit nie die geval met die subteks nie. Waar die logiese dimensie sterk by die suprateks funksioneer, tree die magiese sterker na vore by die subteks.

Maar sonder kennis van die suprateks sal die subteks grootliks 'n misterie bly van 'n onsienlike wese wat uit die niet uit met die mens praat. Hierdie misterie kan verklaar word met die hulp van die volwassene. En hier speel die volwassene, die voorleser, se gesindheid teenoor die Outeur en 'n openheid teenoor sy Woord 'n geweldige groot rol. Gesindhede word reeds as baba sterk aangevoel en op die ontvanklike kind oorgedra - iets wat moeilik omkeerbaar is.

Vir die teks om tot die kind te spreek, moet hy betrokke daarby voel en wees. En dit gaan in 'n groot mate van die voorleser se houding afhang. Die volwassene moet die kind lei om alle moontlike maniere aan te wend om by die teks betrokke te raak. En dan bedoel hy die luisteraar se fakulteite en NIE die herskrywer se metodes nie. Die teks moet die geleentheid kry om self sy *magic* op die leser te

laat inwerk. Soos Lewis aanbeveel, moet die kind nie betekenis daaruit gaan haal nie, maar hy moet homself oopstel vir die waarhede en werklikhede wat die teks "spontaan" wil bied.

Wat Lewis hieroor sê, sluit aan by Malan Nel se mening dat 'n Bybelverhaal wat reeds as geïnterpreteer aangebied word die gevaar loop om net daarby te stol. Die rykdom van interpretasies wat dieselfde verhaal kan bied, kan moontlik vir altyd geslote bly as gevolg van daardie aanvanklike interpretasie. Die fokus moet altyd val om die kind en sy belewing en nie die volwassene se klinkklaar interpretasies nie. Dit sluit aan wat J. W. Fowler sê oor die vermoë wat die ontwikkelende mens het om godsdiens van binne af te beoefen. Geestelike belewing moet uit die staanspoor van binne-af kom en die volwassene is primêr fasiliteerder en nie eksegerende informant in hierdie verband nie.

As die doel van die voorleser is dat die kind die Outeur van die Bybel moet leer ken en sy Woord leer waardeer, is die keuse van 'n geskikte teks van die allergrootste belang. So 'n teks moet redelik oorsigtelik wees deur beide vertel- en spreektekste aan te bied waardeur die Outeur toegelaat word om Homself aan die kind bekend te maak.

Daar is bewyse in die Skrif en in die praktyk dat klein kindertjies (in enkele gevalle so jonk soos drie jaar) genoeg van God en homself kan begryp om tot 'n sondebeseft te

kom en te weet dat hy verlossing nodig het. En dit is in kennis van die subteks (of 'n mate daarvan) waarin die moontlikheid tot verlossing en herskepping opgesluit lê.

Maar net soos hierdie verlossingsdaad vir volwassenes op bonatuurlike wyse bewerkstellig moet word, moet dit vir kinders ook gedoen word: Die inspeling van die Outeur self deur sy Gees en die hoorder se aangrype daarvan deur geloof. En dan wanneer die kind die boodskap van die Bybel in geloof aanvaar het, smelt die suprateks en subteks ineen en kan hy die Outeur in elke gedeelte ontdek. Dan word die Bybel vir die kind werklik die Woord van God. Ook vir die kind is die kosmiese ramp afgeweer en het hy hom in die Boek van die Lewe laat inskryf.

In Handeling 17 stel Paulus dit op hierdie treffendste wyse, wanneer hy met 'n groep "gelowige" heidense Grieke praat. Hy sien hulle het hul inherente geloofsvermoë behou ten spyte van soveel bedorwenheid en misleiding, omdat hulle 'n altaar gebou het waarop staan: "Aan 'n onbekende god". Hy vertel hulle van die enigste ware God en bevestig:

"God het hulle [al die nasies] gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind."

Die mens is gemaak om te soek en te vind. Hierdie vind, impliseer glo. Maar weer eens: net soos die volwasse leser het die kind ook 'n eie wil en kan hy die Groot Outeur en sy boodskap verwerp. Natuurlik met die ingeboude oordeel daarmee saam. Maar juis omdat kinders so oop, so ontvanklik

is, kan die Skrif van kleins af makliker toegang tot hulle kry. Reeds van die begin af glo kinders spontaan. Hulle kan glo en hulle wil glo. Wat die volwassene moet doen, is om die kind se nuwe geloof te rig op die ware geloof-Subjek, naamlik die Outeur van die Lewe. As hy dit nie kleintyd reeds hoor nie kan die vermoë om te glo of die begeerte of te wil glo, afstomp en kan hy dit mettertyd selfs verloor. Die Bybel praat van mense wat "hulle harte verhard het".

Soos vroeër uitgewys, is daar herskrywers wat die verteltegniek so manoevreer dat die voorleser die rol van die verteller oorneem, veral waar 'n spreker toegelaat word om in te meng. Dit wil sê: wat in werklikheid die voor-leser en dus medeluisteraar saam met die kind behoort te wees, word nou die medeverteller - 'n soort fantoom-verteller wat sy stempel afdruk deur as spreker direk met die luisterende kind in gesprek te tree.

OEUVRE

Om die oeuvre-konsep by die saamstel van kleuter- en kinderbybels te behou, is werklik geen maklike taak nie. Die maak van seleksies is onvermydelik en dit kan die taak baie bemoeilik. En as iets van die subteks, met sy outobiografiese inslag, reeds nie sy regmatige plek kry nie, kan daar weinig sprake van 'n oeuvre wees. Dit bring mee dat die eenheid en integriteit van die Bybel aangetas word.

Soos vroeër uitgewys, kan afsonderlike Bybelverhale of

sekere gedeeltes wel selfstandig bestaan, maar 'n deeglike en sinvoller verstaan verg dat alles teen die breë agtergrond van die geheel gesien word. Tot dusver kon geen kleuter- en kinderbybel daarin slaag om (min of meer) reg te laat geskied aan die oeuvre-aard van die Bybel nie. Dit fragmenteer nie net die Bybel in 'n erge graad nie maar verwater ook die kernboodskap.

TEMATIEK, KRUISVERWYSINGS EN AANHALINGS

Tematiek

Tematiese herhaling is uiteraard moeilik in 'n verkorte, verwerkte teks. Maar vir die sinvolle ontwikkeling van die sentrale Bybelse boodskap is ten minste die heel basiese profetiese tema van verlossing nodig. In net een kinderbybel figureer iets van die allernoodsaaklike Messiaanse voorspelling. Die ander baie belangrike tema van skepping en herskepping, met die volmaakte herskepping aan die einde word ook nie in al die kinderbybels gemeld nie. Hierdie belangrike bindmiddel in hierdie oeuvre kry dus nie sy regmatige plek in kinderbybels nie.

Wat wel aangetref word in MFSB (B:1) is die verwysing na wat Jesus in Johannes 14 sê oor die opset in die hemel. MFSB bring dit in by sy slotverhaaltjie wat iets van Openbaring weergee. Hier word 'n uitspraak (wat Jesus gemaak het terwyl hy nog op aarde geleef het) gaan haal en by die apokaliptiese openbaring van Johannes gevoeg. Dit is 'n vorm van kruisverwysing maar nie in die sin wat dit in die Bybel

self aangewend word nie.

Kruisverwysings

Die beperkte omvang van kleuter- en kinderbybels maak dit moeilik om ook nog kruisverwysings te gebruik. Dit is tog jammer omdat hierdie vorm van verwysing 'n baie sterk skakel tussen veral die Ou en Nuwe Testament vorm.

Aanhalings

Die heel algemeenste tema, en ook aanhaling wat handel oor God se verklaring dat Hy hulle (sy volk) se God sal wees en hulle sy volk, word nêrens aangetref nie. Dit blyk dat kleuter- en kinderbybels nie van hierdie soort bekragtigingmiddel gebruik maak nie. Gedagtig aan die beperkings van sulke publikasies is die insluit van aanhalings nie maklik uitvoerbaar nie, maar die heel belangrikste aanhalings (al is dit net 'n enkele een) behoort hulle plek daarin te vind.

Waar die Bybel as 'n hegte eenheid - met die noodsaaklike bindmiddelle vir 'n *oeuvre* - hanteer kan word, kan nie dieselfde van kleuter- en kinderbybels gesê word nie. Dit maak dat sulke verwerkte tekste - hoe goed ookal bedoel - aan geloofwaardigheid en impak inboet.

VERTALINGS

Dit is onvermydelik dat vertalings nie die oorspronklike presies kan weergee nie. En met die herskryf van kinder- maar veral kleuterbybels gaan onskatbaar baie verlore. Die

klem val vir sulke herskrywers of oorvertellers (soos baie hulleself noem) op die verstaan van die inhoud van Bybelverhale.

In heelparty kleuter- en kinderbybels word veel verder gegaan as net parafrasering - waar noodsaaklike poëtiese aspekte klaar uitgeskryf en die fyn balans tussen styl en inhoud versteur word. Verhale word nie net vryelik geïnterpreteer nie maar belangrike gegewens word weggelaat terwyl ekstra gegewens bygewerk word om die verhale "kleurvoller" en makliker "verstaanbaar" te maak. So byvoorbeeld word in die meeste kleuter- en kinderbybels die belangrikheid van Noag se gehoorsaamheid nie vermeld nie soos in Genesis 6:22 en 7:1. Die ironie is dat so 'n stelling bepaald vir kinders verstaanbaar is:

Noag het alles gedoen presies soos God hom beveel het.

Die bygewerkte inligting in die aanhaling hieronder verskyn nie in die bronteks nie, en was dus nie as belangrik vir die werklike boodskap beskou nie. Die klem val hier op wat moontlik kinders se aandag sal geniet, naamlik die gewerskaf rondom die boot. Een so 'n passasie kom uit CIB:

The task was enormous! But Noah trusted God, so he and his family set to work. Soon there was much hammering, sawing, bending and shaping of wood going on outside his home. The people who lived nearby jeered.

"He's building a boat! Here! Miles from the sea! And what a boat! It won't steer. It probably won't even float! Floods? What floods? He must be mad!"

Wat hiermee bereik (wil) word, is nie heeltemal duidelik nie. Die moontlike doel is om die kind se aandag te behou deur middel van sensasie. En dit sal of kan nie die werklike magiese dimensie van die oorspronklike teks vervang nie. Wat 'n mens by sulke weergawes aantref, is enersyds 'n vereenvoudiging van woordeskat en sinskonstruksies met die oog op verstaanbaarheid, en wat bekend staan as die ekspliserende vertelmetode (Roux:44). Andersyds is daar die dramatisering met die doel om die kind se aandag te trek en te behou, ook bekend as die introduserende vertelmetode (Roux:44). Nie een van hierdie twee strategieë dra juis by om 'n ontmoeting met die Outeur te vergemaklik nie. Dit kan moontlik die teendeel tot gevolg hê.

Die wesenlike gevaar bestaan daarin dat dit gewoonlik hierdie soort oorbeklemtoning is wat die grootste indruk op die jong kind maak en hy dan (net) dit vir die res van sy lewe onthou. Uit verskeie gesprekke met kinders en volwassenes blyk hierdie soort indrukke blywend te wees. Wat gewoonlik bly vassteek is (buiten die illustrasies) die gedramatiseerde en oorbeklemtoonde gedeeltes uit kinderbybels. Feitlik alle kleuterbybels, en 'n groot aantal kinderbybels, maak hulle hieraan skuldig.

Klaarblyklik is Roux nie teen die herskryf van Bybelverhale as sodanig nie, maar wys sy op die implikasies van foutiewe eksegesi: "Wanneer 'n kinderbybelskrywer 'n Bybelverhaal in 'n vereenvoudigde vorm weergee, dan doen die skrywer in 'n

sekere sin alreeds eksegeese van 'n betrokke Skrifgedeelte. [...] 'n Probleem ontstaan egter wanneer kinderbybelskrywers hulle nie altyd vergewis van die korrekte eksegetiese inhoud van die Skrifgedeelte voordat die verhaal gerekonstrueer word nie " (78). Sy vra die belangrike vraag of dit hoegenaamd regverdigbaar is om sulke verhale, wat eksegeties nie korrek is nie, aan kinders oor te dra. Verder bestee sy een hele hoofstuk aan 'n eksegetiese analise van vyf gewilde verhale uit die Bybel, komende uit ses Afrikaanse kinderbybels. Sy toon heelparty ongerymdhede aan in hoofstuk 4, "'n Eksegetiese perspektief op Afrikaanse kinderbybels".

Hoewel die logiese dimensie hoofsaaklik spreek tot die menslike rede behels dit nie bloot die verstaan van verhale nie maar die ontdekking en ken van die Outeur daaragter. Die magiese dimensie daarenteen beteken nie die opwek van oppervlakkige en kortstondige sensasie nie. Hoewel die magiese ook die emosies aanspreek, die hoorder aangryp en boei, hou dit veel meer as net dit in. Dit stel die hoorder in staat om deur die woord verlos en herskep te word. Albei dimensies - in ewewig en onverwater - werk saam in op die totale mens om hierdie wonder te help bewerkstellig. 'n Aanspraak waarop weinig of dalk geen kleuter- en kinderbybel kan roem nie.

Indien 'n Bybel-vertaling as 'n "derdehandse" teks beskou kan word, sal 'n verwerkte teks (soos 'n kinderbybel) nog 'n stappie verder van die oorspronklike mondelinge diskoers

wees af wees en as "vierdehands" beskryf kan word.

As Reisenberger die vertaling van poësie "kissing through a veil" bestempel, wat sal sy nie oor baie van die kleuter- en kinderbybels kwytraak nie? Veral as 'n mens in gedagte hou dat sy buiten skrywer en literator ook 'n Joodse rabbi is.

TITEL(S)

Die titel van enige ernstige teks behoort 'n semantiese bydrae tot die teks te lewer. Soos Gabel en Wheeler aangetoon het (1986:11), is die titel *Bybel* vir hulle nader aan 'n vae klassifisering as 'n werklik sinvolle titel. Lejeune wys ook op die feit dat die titelblad te lank misgekyk is by die interpretasie van 'n teks (1989: Foreword). Ook die outeur se naam speel 'n belangriker rol as wat voorheen die geval was. Dit is veral van kardinale belang as die teks outobiografies is.

Baie van die sogenaamde kleuter- en kinderbybels ry op die rug van die vae titel *Bybel* en sommige gaan veel verder. Die term kleuterbybel of kinderbybel het die baie sterk implikasie dat daar vir verskillende groepe elkeen sy eie soort *Bybel* is. Daar is reeds "Bybels" vir volwassenes, kinders, kleuters en op hierdie trant kan daar *Bybels* vir tieners, seuns, meisies, bejaardes, Westerlinge, Oosterlinge, gestremdes en watter groep ookal wees.

In haar studie het Roux reeds die problematiek rondom die begrip kleuter- en kinderbybel aangespreek. Vir haar is die

titel Bybel nie aanvaarbaar nie omdat dit volgens haar nie Bybel is nie. Sy keur hierdie benaming sterk af: " ... dit [is] baie duidelik dat die term Bybel 'n geslote kanonieke eenheid is. Indien die term Bybel dus gebruik word, behoort daar aandag aan gegee te word dat die Heilige Skrif in die volle ryke betekenis daarvan gebruik sal word. Dus: enige byvoeglike bepaling by die naam Bybel wat struktureel of inhoudelik op een of ander manier in die afgeslotenheid van die Kanon ingryp, is per definisie onaanvaarbaar" (32,33).

Die titel *My Eerste Prentebybel* impliseer verskeie dinge wat kan lei tot foutiewe afleidings aan die kant van die kind. Eerstens kan dit die indruk skep dat daar ook 'n tweede, derde, vierde en hoeveelste prentebybel kan wees. Verder kan dit die implikasie hê dat daar ook 'n eerste, tweede en derde nie-prentebybel is. Maar die heel grootste foutiewe aanname is dat so 'n publikasie *BYBEL* is. Waar die titel *Bybel* reeds om hersiening vra, verg die foutiewe en aanmatigende benaming van publikasies met gedeeltes uit die Bybel vir kleuters en/of kinders, dringende besinning. En dit heel eerste vir herskrywings of oorvertellings wat van die Heilige Skrif afwyk. Geen publikasie wat nie die volledige Protestantse Kanon bevat nie kan hoegenaamd aanspraak maak op die titel *Bybel*.

Buiten vir die feit dat daar soveel afwykings en mistastings in sogenaamde kleuter- en kinderbybels voorkom, het geen ander publikasie (behalwe die Bybel self) die reg op die

titel Bybel nie – omdat dit nie Bybel is nie. Selfs daardie enkele publikasies wat net van Skrif gebruik maak, bestaan uit seleksies uit die Woord en is ook nie Bybel per se nie. Indien hierdie publikasies, wat die kleuter of kind as teikengroep het, nie God se Woord is nie – wat is dit dan? Is dit kinderliteratuur? Of dalk lesmateriaal vir godsdiensonderrig?

Hierdie brandende kwessie word in die volgende afdeling in oënskou geneem.

ILLUSTRASIES

Fine picture books exert a far more subtle influence in the formation of reading habits than it is possible to estimate, for their integrity is unshakeable.

Anne Carroll Moore

Sonder twyfel speel illustrasies 'n baie belangrike rol in kleuter- en kinderbybels. Nie omdat dit die vernaamste faktor behoort te wees nie maar omdat die konkrete en visuele voorstellings direk tot die klein kind spreek. Dit is 'n onweerlegbare feit dat een (goeie) prent meer sê as baie woorde.

Dit is ondenkbaar dat daar 'n kleuter- of kinderboek sonder illustrasies sal verskyn. Dit maak nie saak hoe goed die teks self is nie – 'n kinderboek sonder illustrasies sal nie dieselfde impak hê as een daarmee nie. Dit is heel waarskynlik die rede waarom 'n goeie teks van die Tafelberg-Uitgewers, *Uit die Bybel*, nie kon oorleef in 'n mark met

kleurvolle en ryk-geïllustreerde tekste nie. Hierdie publikasie wat uit geselekteerde Skrifgedeeltes bestaan en dus eg God se Woord weergee, het in die middel van die boek swart-en-wit afdrucke van twee en veertig van Rembrandt van Rijn se skilderye. Nodeloos om te sê dat so 'n publikasie, met soveel kompetisie, nie 'n groot aantrekkingskrag vir die jong kind sal hê nie.

Daar is natuurlik ook nadele aan illustrasies verbonde. Dieselfde gevaar wat daar bestaan by geïnterpreteerde Bybelverhale soos vir kinders aangebied, bestaan daar ook by die maak en aanbied van illustrasies. Die klinkklare uitbeelding van 'n sekere toneel uit 'n Bybelverhaal kan die interpretasie "laat stol", soos Nel dit stel. Daarby kan die illustrasies boonop wanvoorstellings (of bloot net van so 'n aard) wees dat dit skade aan die kind se Godsbegrip en religieuse belewenis kan aanrig. Daarom moet alle visuele materiaal vir klein kinders met soveel oorleg gedoen en gebruik word.

Juis omdat illustrasies so 'n groot invloed uitoefen, moet dit van hoogstaande gehalte wees. Omdat God se Woord - om dit so te stel - van hoogstaande gehalte is, kan die illustrasies nie minderwaardig wees nie. Die norm vir baie (illustreerders, skrywers, publiseerder en volwassenes) om te kyk waarvan *kinders* die meeste hou, is net nie goed genoeg nie. Dit waarvan kinders die meeste hou, is 'n kortsigtige maatstaf. Kinders is dol op roomys maar moet 'n

mens kinders daagliks daarop voed bloot omdat hulle so gek daaroor is? Illustrasies hoef nie Van Rijn-meesterstukke te wees nie, maar 'n goeie balans tussen wat tot kinders spreek en wat werklik kuns is, is 'n verantwoordelike keuse. Die gehalte en boodskap van die ware teks moet in gedagte gehou word en reg moet sover moontlik daaraan geskied laat word.

Soos die logos albei dimensies (in ewewig) moet hê, moet illustrasies ook die logiese en die magiese besit. Dit wil sê dat die illustrasies vir die kind verstaanbaar moet wees maar dat daar ook die mate van mistiek moet wees om die kind te kan betower en te inspireer. Verder moet illustrasies sover moontlik die teks komplementeer en dit nie dupliseer nie. Daarom is dit noodsaaklik vir die illustreerder om die teks goed te ken sodat hy nie net die inhoud nie maar ook die atmosfeer daarvan doeltreffend kan weergee.

Baie illustrasies in die kleuter- en kinderbybels is of oorvereenvoudig of onnodig gekompliseer. Dit lyk of die vereenvoudigde illustrasies fokus op verstaanbaarheid en die gekompliseerdes weer daarop uit is om atmosfeer te probeer skep - heel dikwels neig dit na die melodramatiese toe. Formaat en kleur speel ook 'n rol by die skep van atmosfeer en die mate van impak wat dit op die kyker het.

MEP (A:1) is in klein formaat en die illustrasies het 'n gemiddelde grootte van 10 x 14cm. Verder is die kleure taamlik monotoon met geel as die oorwegende kleur. Alles in

ag genome, is die illustrasies van hierdie publikasie nie werklik 'n aanwinst nie. (Sien voorbeeld op bladsy 228.)

Illustrasies speel ook 'n rol by karakterisering. Hoewel dit nie nodig of wenslik of selfs moontlik is om karakters 100% realisties uit te beeld nie, sluit voorstellings met 'n tikkie misterie en 'n geringe mate van ongedefinieerdheid goed aan by die mities-poëtiese aard van die Bybel. Maar deur karakters te onrealisties of abstrak uit te beeld, kan nie werklik tot voordeel dien nie. Dit kan juis skade aan die karakterisering doen.

In DSK (A:2) word ongeveer een derde van die kleurvolle illustrasies gereduseer tot 'n grootte van 11 x 4cm. Hoewel kleurvol, komplementeer die illustrasies van DSK nie die karakters nie. Die meeste lyk soos taamlik onvriendelike handpoppe gemaak van papiermaché met nat krulhare. Die idee van "'n bietjie verbeelding" is dalk net 'n raps te ver voer. (Sien voorbeeld B op bladsy 229.)

Die illustrasies in MFSB (B:1) is in 'n moderne en onnet styl. Die karakters doen as karikature aan. Dit is so dat humor sterk tot kinders spreek, maar om die meeste Bybelkarakters as grappig uit te beeld, tas die erns van die saak aan en so 'n benadering is nie verantwoordbaar nie. Enkele illustrasies is werklik snaaks. Maar die doel van die Bybelse verhale is nie om op die humor (wat daar nie altyd is nie) te konsentreer nie. Wat die meeste kinders van

verhale met humoristiese voorstellings oorhou, is die snaakse tonele eerder as die verhaal self. Een so 'n baie komiese uitbeelding is dié van 'n oordrewe "verskrikte" Jona - met 'n seekat op sy kop - wat deur 'n walvis uitgespoeg word. Die kans vir 'n grappige voorstelling om werklik te betower en te inspireer, is baie skraal. In die proses gaan die magiese dimensie verlore. (Sien voorbeeld C op bladsy 230.)

CIB (B:2) se illustrasies wissel in formaat. Oor die algemeen is die aanbieding heel aanvaarbaar buiten vir die meeste karakters met oordrewe gesigsuitdrukkings. Die meeste lyk erg geskok, beangs, kwaad of toon die een of ander negatiewe emosie. (Sien voorbeeld D op bladsy 231.)

Die illustrasies in TCIB is taamlik kompleks en meer as een toneel word per bladsy uitgebeeld. Die karakters is in baie gevalle so klein of verdwaal tussen alles en almal dat daar aangedui moet word wie wie is. In sommige gevalle is dit duidelik wie wie is maar name word nogtans aangetoon. Die illustreerder (dalk skrywer of publiseerder?) oorspeel sy hand deur in die eerste geval die kind se intelligensie te oorskat met die veelvuldige voorstellings, en in die tweede geval dit te onderskat met al die benaminge. (Sien voorbeeld E op bladsy 232.)

Waar sekere publikasies se illustrasies taamlik onrealisties is, is dié van TBA die heel teenoorgestelde. Foto's word regdeur gebruik met "regte" mense. In daardie sin is dit

realisties. Maar hierdie realisme is nie eg of waar nie. Die foto waarop Adam verskyn, is nie 'n foto van Adam nie. En die foto van Noag se ark is nie Noag se ark nie. Wat gebeur as die kind een van die karakters as mnr So-en-So herken? Kinders wat in 'n samelewing grootword waar daar kameras is, sal reeds vroeg ontdek dat foto's afbeeldings van werklike (historiese) mense is. As hulle ontdek dat Moses nie Moses is nie of Jesus is 'n hedendaagse man, kan dit onnodige vrae en dalk twyfel opwek. (Sien voorbeeld F op bladsy 233.)

Wat illustrasies betref, is dit nie eerstens die historiese korrektheid wat vir Roux vooropstaan nie maar die eksegetiese juistheid. Sy wy ook een afdeling (11 bladsye) aan illustrasies in kinderbybels. Sy wys op die misleiding en verwarring van vele illustrasies. " ... dit [is] uiters noodsaaklik dat die gebruik van die visuele beeld in veral kinderbybels, nie net feitelik korrek sal wees nie, maar veral ook eksegeties korrek" (68). Sy dui nie die verskil aan tussen "feitelik" en "eksegeties" nie omdat sy vroeër in haar studie na "eksegese" verwys as die relevansie wat iets het vir die hedendaagse kind. Wat sy waarskynlik bedoel, is dat die illustrasies nie net *histories* korrek moet wees nie maar dat dit met die Bybelse gegewens ooreen moet stem.

Vir Snyman is die geskiedkundige korrektheid ook nie wat die grootste oorweging moet kry nie. "Ook in die illustrasies is die 'gevoel', die wonder, die mistieke moontlik veel meer werd in die kind se godsdienstige

belewing as tekeninge wat geskiedkundig 'korrek' is. Om albei in een pakket te ontvang, lyk nie moontlik nie. Of die kunstenaar beeld uit, interpreteer in sy eie medium, of sy doel is om 'feite' weer te gee" (289,290).

Min publikasies slaag daarin om die balans tussen die logiese en die magiese dimensie te handhaaf. Albei is noodsaaklik om die teks aan te vul en werklik tot die kind in sy totaliteit te spreek. Hier moet baie faktore in aanmerking geneem word om die illustrasies te laat slaag in hulle werklike doel, naamlik om die teks te komplementeer en dit vir die jong kind te illustreer, dit wil sê te verhelder of te verduidelik. Met die klem op vermaak of versiering of die noodsaaklikheid van illustrasies vir die kind, kan meer skade berokken word as wat dit goed kan doen. En soos die Bybel te kenne gee: onkunde is geen verskoning vir enige vorm van mistasting nie. Hosea 4:6 stel dit duidelik soos verwoord in die New International Version:

*[M]y people are destroyed
from lack of knowledge.*

Wat misleiding van klein kindertjies betref, word volwassenes baie sterk deur Jesus aangespreek en word hulle duidelik gewaarsku om nie kinders te laat struikel (1953-vertaling) of afvallig te laat word nie (1983-vertaling). Daar rus 'n vloek op diesulkes.

*Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo,
van My afvallig maak, vir hom is dit beter as hy
met 'n groot meulsteen aan sy nek in die diep see
verdrink!* Matteus 18:6

Hoe ernstig die problematiek ookal rondom sogenaamde kleuter- en kinderbybels is, het dit so 'n integrale deel van die Christendom geword dat dit nie van die tafel af gevee kan word nie. Volgens Roux kan die ontstaan van kinderbybels so ver teruggevoer word soos 1800, tydens die Aufklärung. "... omdat daar 'n behoefte was om met kinders in 'n meer verstaanbare taal oor godsdiens te praat" (7).

Dit is so dat sogenaamde kleuter- en kinderbybels in 'n wesenlike behoefte vervul en die noodsaaklikheid daarvan kan nie oor die hoof gesien word nie. Daar is enkele tekste wat gunstige vermelding verdien (soos *Uit die Bybel*, *The Illustrated Children's Bible* en *One Hundred Bible Stories*), maar in wese verdien hierdie soort publikasies nog deegliker besinning as tot op hede.

PRIMÊRE, SEKONDÊRE EN TERSIÊRE TEKSTE

Wat nou 'n verdere brandende kwessie word, is die feit van outoriteit. Daar bestaan die moontlike gevaar dat die ouer die sekondêre teks (kinderbybel) as primêre geloofstekes vir die klein kind kan voorhou, al is dit heeltemal onbewustelik. Dit is 'n etiese vraag wat nie ligtelik opgeneem mag word nie, vanweë die vele komplikasies.

Dit hou veel minder probleme in om die Bybel self as primêre geloofstekes ook vir die klein kind te gebruik. Die voorlees van verwekte tekste hou meer nadele as voordele in. Die vernaamste voordele is dat die kind sulke tekste

makliker sal verstaan en dit dalk meer genotvol vind.

Die moontlike *nadele* is onder meer:

- Dit kan mislei (grade sal varieer)
- Dit kan die Godsbegrip en selfbegrip verskraal
- Dit word ontgroei/geaborteer en kan die idee gee dat Bybel ook ontgroei/geaborteer moet word
- Dit kan beswaarlik 'n fondament lê om op voort te bou
- Bybelse terminologie bly onbekend
- Dit kan 'n verarmende religieuse belewenis tot gevolg hê wat ook geestelike groei kan kortwiek en selfs voorkom
- Dit kan breuke in kontinuïteit van geloofslawe veroorsaak
- Kennis tot verlossing daarin kan ontbreek
- Ontmoeting met reële Outeur kan verydel word
- Vertrouensverhouding met ouer kan benadeel word
- Dit kan lei tot sakralisering van eksterne eksegese in die latere jare
- Die vermoë om godsdienste van *binne-af* te beleef kan die kind ontnem word
- Die oorbekendheid met geïnterpreteerde Bybelverhale kan lei tot 'n apatie teenoor die brontekste met sy rykdom betekenis.

Die enigste *nadeel* van die voorlees van die Bybel self wat voor die hand lê, is dat die kind belangstelling kan verloor moontlik omdat hy nie genoeg kan verstaan om sy aandag te behou nie of omdat gedeeltes te lank of te ver van sy leefwêreld verwyder is. Die *voordele* is aansienlik meer.

- Dit kan beswaarlik mislei
- Bybelse terminologie raak bekend
- Dit behoort te lei tot goeie Gods- en selfbegrip
- Dit kan nie ontgroei word nie
- Dit vorm 'n vaste fondament om op voort te bou
- Dit kan die kennis bybring wat tot verlossing lei
- 'n Voller religieuse belewenis is moontlik
- Dit kan 'n ontmoeting met die reële Outeur vergemaklik
- Dit kan die ouer-kind-verhouding versterk
- Dit bied toerusting tot geestelike groei
- Dit veroorsaak geen breuk in die kontinuïteit van geloofslawe nie.

Geeneen van hierdie lyste is volledig nie maar dit behoort taamlik duidelik te wees dat daar kennis geneem moet word

van die gevare wat verwerkte tekste inhou - veral as hulle as die enigste en dus primêre teks gebruik word in die klein kind se religieuse opvoeding.

Dit is wenslik dat die ouer self as "sekondêre teks" optree en verwerkte tekste soos kinderbybels as tersiêre tekste hanteer word. Met die ouer as sekondêre teks word min of meer die volgende bedoel: Eerstens is die ouer se verhouding tot die primêre teks belangrik. Die klein kind "lees" reeds van babajare af sy ouers se gesindhede. (Meer hieroor in hoofstuk 6.) Indien die kind hierdie aspek van die "ouer-as-tekste" negatief ervaar, kan dit die primêre teks se geloofwaardigheid skaad. Tweedens speel die ouer se verhouding tot die Outeur van die teks 'n baie belangrike rol. Derdens speel die ouer se gesindheid teenoor die kind net so 'n groot rol in hoe die kind die teks ontvang en ervaar. Die vierde faktor wat 'n vername rol speel in die ouer-as-tekste, is die mate waarin die ouer met die kind oor die teks praat tussen voorlesings (vergelyk Deut 6:4-9). Indien die ouer nooit of min daaroor praat op natuurlike en spontane wyse, hoe minder gewig sal dit ook vir die kind dra. Met ander woorde, die sekondêre teks speel in baie gevalle 'n deurslaggewende rol by die ontvangs en ervaring van 'n primêre teks.


Verwerkte tekste kan sekerlik nie summier van die tafel af gegee word nie, maar behoort met oorleg gebruik te word. Dit kan moontlik as "aanvullend" tot die Bybel voorgelees word.

Daar is ouers wat byvoorbeeld soggens kort gedeeltes direk uit die Bybel vir hulle kinders (almal ingesluit) voorlees en saans die ooreenstemmende verhaal uit 'n kinderbybel. Dit lyk na 'n verantwoordbare alternatief wat oorweging verdien.

Dr Alan Cole van Sydney, Australië het volgens John Stott by geleentheid die volgende opgemerk: " [...] God sometimes blesses 'a poor exegesis of a bad translation of a doubtful reading of an obscure verse of a minor prophet'!" (156). Hoewel dit natuurlik nie as normatief gesien moet word nie, bring dit darem 'n mate van gerusstelling. Indien God soveel bonatuurlike mag, kennis en wysheid het as wat die Bybel en die Christendom voorhou, kan Hy ten spyte van erge tekortkominge en mistastings dinge nogtans positief laat uitwerk.

VOORBEELD A

My Eerste Prentebybel (MEP):
"Noag se Ark"



VOORBEELD B

Die Struik-Kinderbybel (DSK):
"Jesus en die kindertjies"



VOORBEELD C

My First Step Bible (MFSB):
"Three days in a fish's belly"



VOORBEELD D


Children's Illustrated Bible (CIB):
"The Philistines and the Ark of the Covenant"



VOORBEELD E

*The Illustrated Children's Bible (TICB):
"John baptizes Jesus"*

JOHN BAPTIZES JESUS



*The people come to John
to be baptized in the
River Jordan*

John baptizes Jesus




BAPTISM
Ritual cleansing was important to Jewish people. When John baptized people, he was following Jewish custom, but giving it a new meaning. The purpose of John's baptisms was to rid people of wrong-doing, in expectation of Jesus' coming. Today, baptism is practised by Christians throughout the world as a sign of entry into the Christian faith.



VOORBEELD F

The Bible Alive (TBA):
"David and Goliath"



Hoofstuk 5

KLEUTER- EN KINDERBYBELS: 'N KRITIËS-EVALUERENDE BESKOUIING

For a story to truly hold the child's attention, it must entertain him and arouse his curiosity. But to enrich his life, it must stimulate his imagination; help him to develop his intellect and to clarify his emotions; be attuned to his anxieties and aspirations; give full recognition to his difficulties, while at the same time suggesting solutions to the problems which perturb him. In short - it must at one and the same time relate to all aspects of his personality - and this without ever belittling but, on the contrary, giving full credence to the seriousness of the child's predicaments, while simultaneously promoting confidence in himself and in his future.

Bruno Bettelheim

KLEUTER- EN KINDERBYBELS AS KINDERLITERATUUR

Sogenaamde kleuter- en kinderbybels het onomkeerbaar plek gevind in die christelike lektuurskat. Die wesenlike behoefte aan so 'n soort teks blyk duidelik uit die feit dat sogenaamde kinderbybels meer as 'n eeu en 'n half sy plek in die christelike lektuurskat gevind het. In beginsel kan en behoort daar nie beswaar teen so 'n publikasie te wees nie. Die saak onder verdenking is die inhoud en aanbieding van die meeste van sulke publikasies.

Met die 'volwasse' Bybel as vertrekpunt, is reeds uitgewys dat die titel kleuter- of kinderbybel nie geldig of wenslik is nie. As sulke publikasies nie Bybel is nie, wat is dit dan? Is dit kinderliteratuur omdat dit spesifiek op die kind gemik is en omdat daar illustrasies by is? Spreek die verhale en ander gedeeltes uit die Bybel tot die kind? Val dit binne die vermoëns van die kind? En belangriker nog: sluit dit by sy leefwêreld aan sodat dit vir hom werklik sinvol is? (Dieselfde vrae geld ook vir publikasies wat nie aanspraak maak op die titel kinderbybel nie maar dieselfde doel dien.)

Om hoegenaamd die vraag te kan beantwoord of sulke tekste *kinderliteratuur* is, moet enersyds gekyk word na wie en wat die *kind* is en andersyds na wat *literatuur* is.

KINDERLITERATUUR

*Only the rarest kind of best in anything
can be good enough for the young.*

Walter de la Mare

Die kategorie *kinderliteratuur* het die afgelope dekade of wat heelwat dispuut ontlok. Soveel hoofde soveel menings is daar. Vele het al hulle hand aan tekste gewaag wat "vir kinders" bedoel is, heel dikwels met dié siening: "Ons weet hoe en wat om vir kinders te skryf want ons was eenmaal self kinders". Ander wat meer op 'n teoretiese vlak oor kinderliteratuur besin, erken dat dit tot baie onlangs as die Aspoestertjie van literatuur gereken was en nog steeds die geval is vir die oningeligtes.

Intussen het kinderliteratuur met groeiende belangstelling wêreldwyd onder die loep gekom hoewel dit nog nie sy regmatige plek in die literêre kanon gekry het nie. In die voorwoord tot hulle boek *Give them wings: The experience of children's literature* (1987), haal Maurice Saxby en Gordon Winch oor hierdie onderwerp aan uit *The Oxford Companion to Children's Literature*: "... [the] status of children's literature as a subject changed dramatically. From being the concern of a few brave individuals, who are often on the defensive against changes of triviality and were likely to be collectors as critics, children's books became the focus of countless courses, conferences, centers of study, and works of scholarship. It might be said that the subject reached maturity" (1987:vii). Dat hierdie onderwerp die langverdiende ernstige besinning kry wat dit verdien, is so. Maar dat dit reeds "volwassenheid" bereik het, is te betwyfel.

As 'n mens na die gehalte van baie kinderboeke kyk, is dit te begrype dat die kategorie kinderliteratuur tot baie onlangs nie in 'n ernstige lig beskou is nie. En in die meeste gevalle met reg ook. Nie alle tekste wat vir kinders aangebied word, is noodwendig goeie literatuur nie. Om nader aan die waarheid te kom: min daarvan. Net soos volwasse tekste onderskei van word tussen goeie literatuur (*belles lettres*) en populêre lektuur (leesstof) kan en moet dieselfde norme vir kinderliteratuur geld. Daarby meen Snyman dat die definiëring van kinderliteratuur nie respek afdwing nie vanweë die "onwetenskaplike, oorsigtelike" manier waarop daarna gekyk word (1983:12).

Om 'n min of meer objektiewe basis vir die definiëring van kinderliteratuur te vind, is dit nodig om kers op te steek by die dissipline ontwikkelingsielkunde wat op wetenskaplike wyse met die kind omgaan. Maar eerstens: wat is literatuur?

LITERATUUR

Literature gives us an experience that stretches us vertically to the heights and depths of what the human mind can conceive, to what corresponds to the conceptions of heaven and hell in religion.
Northrop Frye

Die term kind in die kategorie kinderliteratuur verander niks aan die definisie literatuur nie. Die feit dat dit gemik is op 'n jong lesersgroep (ongeveer 3 tot 12 jaar) beteken nie dat die kriteria vir literatuur nou verval nie.

Wat wel 'n invloed het, is die feit dat die term *kind* as 'n kwalifiserende faktor inspeel op die kategorie kinderliteratuur. Omdat literatuur een van die mens se kultuurprodukte (en dus kultuur- en konvensiegebonde) is, maak dat geen omskrywing daarvan absoluut kan wees nie. Maar die *wese* van goeie literatuur verander nooit nie. Dit bly altyd moreel van aard. Dit is juis die kenmerk van goeie kuns dat dit ten spyte van die genoemde gebondenheid tyd, ruimte, kultuur en konvensies kan transendeer. In hierdie opsig is die diepste kern van literatuur dan onveranderlik.

In hoofstuk 2 is reeds gekyk na wat woordkuns oftewel goeie literatuur is. Albei dimensies is nodig - in ewewig - vir literatuur om 'n blywende en ingrypende effek op die mens te kan hê: daardie indirekte vermoë wat kuns het om diep te sny en die gewillige mens (soms ook minder gewillige mens) te betower, te verlos en te herskep.

Soos reeds aangetoon, word daar op enkele uitsonderings na, aan die oorspronklike Bybelteks verander om dit vir kinders meer "toeganklik" te probeer maak. Die vereenvoudiging van die leksikon en sintaksis versteur noodwendig die kunstig-gemaneuvreerde taal van die Bybel. In die poging om hierdie nuwe verwerking vir die kind verstaanbaar te maak, word die delikate balans tussen die magiese en logiese dimensie nie net versteur nie, maar word die magiese dimensie in baie gevalle heeltemal uitgeskryf.

In die lig hiervan – en met die tekortkominge reeds uitgewys in hoofstuk 4 – is die meeste kleuter- en kinderbybels nie meer *literatuur* nie. Al wat dit kan wees, is bloot leesstof of lektuur. Maar spreek hierdie leesstof werklik tot kind? Wat van die illustrasies? Die feit dat sulke publikasies prenteboeke is, is dit daarom geskik vir kinders? Om hierdie vrae te probeer beantwoord, is dit nodig om oor die konsep *kind* te besin asook om na *illustrasies* te kyk.

DIE KIND EN SY ONTWIKKELING

Today, as in past times, the most important and also the most difficult task in raising a child is helping him find meaning in life. Many growth experiences are needed to achieve this. The child, as he develops, must learn step by step to understand himself better; with this he becomes more able to understand others, and eventually can relate to them in ways which are mutually satisfying and meaningful.
Bruno Bettelheim

Hoewel die kind ook mens is, is hy nie volwassene nie en beleef hy nie homself en die wêreld rondom hom op dieselfde manier as 'n volwassene nie. Die kind het 'n begin gemaak om op 'n rudimentêre manier orde uit die chaos binne-in hom en in die wêreld rondom hom te probeer skep en om sin te soek. Vanaf geboorte tot en met adolessensie beweeg die kind deur verskillende ontwikkelingsfases waarin hy verskillende vermoëns openbaar en verskillende dinge leer bemeester. Geeneen van hierdie fases is ooit waterdig nie omdat elke kind individuele vermoëns het en elkeen se omstandighede anders is. Maar om 'n oorsigtelike begrip te kry, is dit

onvermydelik om hierdie fases min of meer af te baken. Hier is die ontwikkelingsielkunde van groot hulp.

Weereens moet 'n keuse uit uiteenlopende beskouings gemaak word wat vername teoretici soos Watson, Freud, Bettelheim, Bandura, Erikson, Piaget, Remplein, BÜhler en Kohlberg insluit. Nie een enkele teorie is voldoende nie omdat die meeste teoretici op die een of ander aspek konsentreer en uiteraard minder aandag aan ander aspekte gee. 'n Eklektiese benadering sal vir hierdie studie gebruik word.

Carl Lohann maak die volgende indelings in sy boek *Kinderlektuur* (1986:11-13) wat hy beskryf as " [d]ie ontwikkelingsfases van die kind met die oog op lektuurverskaffing". As 'n mens kyk na die indelings van Piaget, BÜhler en Remplein dan is dié van Lohann heeltemal verantwoordbaar en sal dit min of meer so gebruik word vir hierdie studie.

Hierdie indeling berus op die *nie-leesstadium* en die *leesstadium* van die kind waar die eerste stadium verwys na kinders wat nog nie leer lees het nie en die tweede stadium wel. 'n Verdere indeling word ook gemaak, naamlik die *nie-leesstadium* word verdeel in 'n *suigelingsfase* (0-2 jaar) en 'n *kleuterfase* (2-6) wat vir sekere doeleindes weer in twee fases ingedeel word, hier genoem die *junior kleuterfase* (2-4) en die *senior kleuterfase* (4-6).

Die leesstadium word verdeel in 'n junior kind (6-8) in die aanvangsleesfase en die senior kind (8-12/13) in die eintlike leesfase. Hierdie indeling - soos alle ander - is en bly arbitrêr en gaan van die veronderstelling uit dat die kind min of meer "normaal" ontwikkel.

Die ontwikkelingsielkunde onderskei tussen die kind se liggaamlike, emosionele, sosiale, kognitiewe en morele ontwikkeling. In sommige gevalle word die ontwikkeling van die persoonlikheid ingesluit, en word die kognitiewe en intellektuele ontwikkeling as sinoniem beskou. W F Meyer en A Weyers wys op die verskil tussen hierdie twee konsepte. Volgens hulle sluit die kognitiewe ontwikkeling die mens se totale kenfunksie in, naamlik waarneming, geheue, taal en intelligensie; terwyl intelligensie dui op "die vermoëns wat spesifiek te make het met probleemoplossing, akademiese vordering en leer" (*Menslike Ontwikkeling* 1985:14). In die opvoedkundige sielkunde word normatiewe ontwikkeling ook gebruik waar die ontwikkelingsielkunde van morele ontwikkeling praat. Watter terme ookal gebruik word vir watter terreine van die mens moet in gedagte gehou word dat nie een van hierdie terreine afsonderlik ontwikkel nie. Daar is altyd 'n interaksie tussen al die verskillende terreine.

Die nie-leesstadium (0-6 jaar)

Suigelingfase (0-2 jaar)

Binne die tradisionele raamwerk word die suigelingfase nie werklik in berekening gebring waar dit die voorlees of lees

van literatuur betref nie. In hierdie hoofstuk sal dié fase van ontwikkeling dan ook buite rekening gelaat word.

Die Kleuterfase (2-6 jaar)

Die liggaamlike ontwikkeling van die kleuter vind vinnig plaas, hoewel stadiger as in die suigelingfase. Hy het reeds leer loop en begin nou ander grootmotoriese vaardighede aanleer en bemeester soos hardloop, spring, hop, galop, gooi, vang, slaan en skop. Dit maak dat hy al meer vryheid van beweging kry, meer onafhanklik word en die wêreld rondom hom kan verken. Die kleuter is uiteraard aktief, maar die kind in die junior fase word nog gou moeg. Remplein se indeling is effens anders. Hy praat van die koppigheidsfase wat strek vanaf 2½ tot 3½ jaar (in: Snyman:18).

Die kleuter se konsentrasievermoë is besig om te ontwikkel. Die aandagspan van tweejariges is min of meer 6 tot 7 minute en die vyfjarige 12 tot 14 minute (Meiring:22).

Dis veral Jean Piaget wat die grondslag gelê het vir studie oor die kind se kognitiewe ontwikkeling. Hy noem die hele kleuterfase (2-7 jaar) die *pre-operasionele periode* waarin die kleuter die vermoë ontwikkel om sake geestelik te representeer hoewel hy nie kan redeneer nie. Piaget noem dit die *simbiotiese of simboliese funksie*. Die kind begin nou om innerlik beelde te vorm van dit wat hy uiterlik of konkreet waarneem. Hy staan nou op die drumpel om 'n nuwe simbolesistiem te kan interpreteer, naamlik tweedimensionele

illustrasies. Enkele kenmerke van die pre-operasionele periode word hier aangerak.

Volgens Piaget geskied die kleuter se waarneming vanuit sy eie oogpunt en hy kan nie 'n ander se standpunt insien nie. Hierdie vorm van egosentrisme is veral sterk in die vroeë stadium van die junior fase. Maar jonger navorsing het bevind dat kinders so jonk soos vier jaar al ander se visuele standpunte kan insien indien die voorwerpe aan hulle bekend is (Zigler en Stevenson:1987:322).

In die boek *Making Sense* doen Judy Dunn verslag van nuwe navorsing oor die kind en sy egosentrisme. Hierin word veral gefokus op suigeling en kleuters se waarneming van ander se gevoelens (teenoor Piaget se visuele persepsie). Sy beweer: "... we concluded that children of 3 were skillful at reading, anticipating and responding to the feelings of their baby siblings" (1987:29). Die jongste navorsing het duidelik bewys dat kleuters reeds vroeg aan ander se belange aandag kan gee. Maar 'n kwessie wat nie aangespreek word nie is die dat wanneer die kleuter se belange met dié van ander bots watter een voorkeur sal kry nie. Die sterk vermoede is dat dit die kleuter se eie belange sal wees.

Die pre-operasionele kind se denke sentreer om een uitstaande eienskap van 'n voorwerp of situasie en neig om ander aspekte buite rekening te laat. Hy kan nie redeneer nie: Sy denke steek vas by onomkeerbaarheid wat beteken dat

hy nie vorentoe en agtertoe kan dink nie. Die kind dink intuïtief en kan nog nie logiese afleidings maak deur deduksie of induksie nie. Sy denke is meer transduktief. Dit wil sê dat hy 'n soort sprong van een besondere geval tot by 'n ander besondere geval maak. Hy maak "wilde" aannames en sy eie afleidings. Die Engels verduidelik dit goed met: "He jumps to conclusions."

Piaget meen ook dat die kind in hierdie fase nie die verskil tussen voorkoms en realiteit kan snap nie. Die twee- en driejarige sal 'n kat met 'n hondemasker aansien as 'n hond. In die senior fase (4-6 jaar) word spel vir die kind 'n belangrike deel van sy belewing. Dis nie altyd vir hom moontlik om tussen fantasie en werklikheid te onderskei nie omdat sy verbeelding sy denke domineer. Remphein noem die kleuter in hierdie fase waar spel vir hom 'n saak van groot erns is die "ernstspielater" (in: Snyman:1983:19). Sy indeling vir die spelfase strek ongeveer van 3½ tot 5½ jaar.

Volgens Piaget speel veral drie aspekte 'n groot rol in die kleuter se konsep van die wêreld. Hy noem dit realisme, animisme en artifisialisme (Sugarman, Susan *Piaget's Construction of the Child's Reality* 1988:6). Wat hy bedoel met realisme is dat die kleuter nie 'n onderskeid kan maak tussen denkbeeldige (Engels: mental) en materiële dinge nie. Alles is vir hom konkreet: sy gedagtes en drome ook. Een van die kleuter se uitstaande kenmerke is dat sy denke konkreet is en hy die wêreld konkreet beleef. (Meiring:31). Hy het

nog nie die vermoë ontwikkel om tussen letterlike en figuurlike te onderskei nie. Hy oordeel net op die uiterlik waarneembare af en kan nie dieper of meerduidige betekenis verstaan nie.

Animisme sluit by die kleuter se sterk emosionele beleving aan. Hy voel intens en ken gevoel en emosies ook aan voorwerpe toe. Wat Piaget met artifisialisme bedoel, is dat die kleuter dink dat iemand alles gemaak het - ook die natuur. Verder is sy waarneming globaal en is details oorbodig (Meiring:1987:30,31).

Die 2-4-jarige se konsep van getalle, tyd en ruimte is vaag. Al wat hy kan hanteer is die *hier* en die *nou*. Daarom is terme soos "baie", "lank gelede" en "ver weg" minder problematies en meer sinvol vir hom (Lopez, Violet *The Child. A simple child study manual* 1988:52).

Die kleuter vra baie vrae. Dis die manier waarop hy homself en die wêreld leer ken. Hy moet orde probeer skep uit die chaos binne en buite hom. Daarby soek hy op 'n baie rudimentêre manier na sin. Kohlberg beskou die jong kind (ook die kleuter) as 'n filosoof (*Child Psychology and Childhood Education* 1987:13-44).

Volgens Remplein is die vra van al die vrae in die kleuterfase meer 'n spel as 'n manier om kennis op te doen (in: Snyman:21). Verklarings wat aan die kleuter gegee word, word nie altyd ten volle begryp nie en daar bly vir die kind

'n duister deel oor - iets geheimsinnigs wat hom moontlik kan bedreig en op 'n manier onskadelik gemaak moet word. Remplein sê dat die kleuter se magiese denkwyse hieruit voortvloei. Dit is veral prominent tussen die ouderdomme vier tot sewe jaar wat daarna afneem maar nooit heeltemal verdwyn nie (in: Snyman:20).

Baie van die vrae wat die kleuter vra, is ten diepste religieus. In sy verhandeling verduidelik C J Coetzee die term *religieus* vanuit die stamwoord *ligare* wat beteken *om te bind*. Hy haal vir Schoeman aan: "Dit is daardie innerlike neiging van die menslike selfheid (ek-heid) waardeur hy sig religieus verbind aan en rig op die ware (of vermeende) Oorsprong van alle dinge" ("’n Christelike antropologie en Didaktiek":1976:29). In 'n christelike konteks dui religie dus op die onsigbare band wat daar tussen God en die mens is en wat die mens noop om te soek na dit waarvan hy beeld is (Genesis 1:26,27; Efesiërs 4:24).

Die kind vra reeds van baie vroeg af vrae wat die kern van die lewe aanraak. Bettelheim noem van die belangrikes wat hulle vra: "Wie is ek? Waar kom ek vandaan? Hoe het die wêreld ontstaan? Wie het die mens en al die diere gemaak? Wat is die doel van die lewe? Wie is ek? Hoe moet ek lewe? Wat moet ek word? (1976:47). Sulke vrae is filosofies of eksistensiële van aard en lê op die terrein van die kognitiewe. Die terrein van die religieuse word nêrens in

berekening gebring nie, hoewel ontwikkelingsielkundiges na hulle benadering as holisties verwys.

Kleuters wonder ook oor hulle ouers: Of hulle goedgesinde magte is en of daar ander goeie magte buiten hulle ouers is. Verder: "He wonders who or what projects him into adversity, and what can prevent this from happening to him?"

(Bettelheim:1976:47). Bettelheim verduidelik ook dat wetenskaplike of realistiese verduidelikings gewoonlik onbegryplik vir die kleuter is. Dit kan hom net verwar en met 'n gevoel van insekuriteit laat. En een van die redes waarom die kleuter vrae vra, is juis om 'n greep op sy leefwêreld te kry. Die vreemde en moontlike bese word daardeur onskadelik gestel.

Die ontwikkeling van die geheue kom nou sterker na vore. Herkenning en oproeping is die twee vernaamste komponente van die geheue. Hoewel 'n baba reeds van geboorte af herkenning toon (soos sy ma se stem), kan hy al op ag maande voorwerpe oproep, dus onthou waar dit gebêre is. Maar dis eintlik eers vanaf die tweede jaar dat sy mnemoniese vermoë snel groei. En hier speel herhaling (rym, ritme, woorde, frases) 'n uiters belangrike rol. Hy hou baie van herhaling veral as 'n storie hom aanstaan, wil hy dit oor en oor hoor.

Volgens Piaget gaan taalverwerwing en kognitiewe ontwikkeling hand aan hand en kan die een nie sonder die ander nie. Die klassieke geval van die dove en blinde Hellen

Keller het hierdie siening in 'n mate in die wiede gery. Tog is daar 'n sterk wisselwerking tussen hierdie twee terreine.

In die junior fase geskied taalverwerwing baie vinnig. Die kleuter se woordeskat brei geweldig uit. Om te bepaal wat die kind se taalvaardigheid is, is geen maklike taak nie omdat die kind oor 'n passiewe en aktiewe woordeskat beskik; dit wil sê dat hy veel meer woorde kan herken as wat hy in staat is om korrek te gebruik. Reeds op vyfjarige ouderdom kan die kleuter al komplekse sinne gebruik. Baie voorskoolse kinders is gefassineer deur woorde en wil die betekenis van enige nuwe woord weet (Zigler en Stevenson: 324).

Die emosionele en sosiale is twee terreine wat hand aan hand gaan en moeilik is om te skei en soms selfs om te onderskei. Omdat die kind in hierdie fase onafhanklik begin optree, bring hierdie nuwe vryhede heelwat spanning mee. Erik Erikson het 'n studie van die mens se psigososiale ontwikkeling gemaak en dit in ag stadia ingedeel, elkeen gebaseer op 'n dualisme wat hy as 'n ontwikkelingskrisis beskryf. Ook hier is dit nie so eenvoudig om fases by ouderdomme te pas nie. By benadering dus vind die kind in die junior fase (Erikson se stadium 1 : 2-3 jaar) hom in die krisis wat Erikson as *outonomie* versus *twyfel* en *skaamte* noem. Vanweë die liggaamlike ryping begin hy nou sy omgewing verken. Hy is in staat om al meer onafhanklik op te tree en sy eie kop te volg. As die ouers hom oorbeskerm of

kritiseer, kan die kind onbekwaam voel. Dit kan lei tot skaamte, twyfel en onsekerheid oor sy vermoëns. Hierdie nuwe outonomie bring hom ook in botsing met reëls en standaarde wat lei tot mislukkings en die emosioneel brose kind verder aan homself laat twyfel.

In die senior fase (hier stadium 2 : 3-6 jaar) raak hy al meer waagmoedig en Erikson beskryf hierdie krisis as *inisiatief versus skuld*. As die kind se inisiatief nie aangemoedig word nie of dit selfs veroordeel word, ontwikkel hy 'n skuldgevoel oor sy pogings tot onafhanklikheid.

Hierdie groter selfstandigheid en noodwendige verwydering bring mee dat die kind vrese ontwikkel, veral 'n vrees vir die donker, diere, vuur, diep water of fantasiecreature. Bruno Bettelheim verklaar hierdie vrese so: "... the child is subject to desperate feelings of loneliness and isolation, and he often experiences mortal anxiety. More often than not, he is unable to express these feelings in words, or he can do so by indirection: fear of the dark, of some animal, anxiety about his body" (1976:10). Sommige vrese is aangeleer, maar ander kan direk aan die kleuter se ontwaking van individualiteit gekoppel word.

Die jong kleuter raak meer aggressief en koppig. Remplein noem dit ook die koppigheidsfase omdat die kind nou ongehoorsaam en teenstribbelrig raak (in: Snyman:1983:18). Hy raak bewus van die "ek" en dit is die begintekens van 'n

selfbewussyn. Hy is baie emfaties oor wat syne is en wat hy wil en nie wil nie – die aanvang van selfgelding en selfhandhawing. Die kind ontdek dat hy 'n individu is en dat die wêreld rondom hom nie meer 'n verlengstuk van homself is of dat alles en almal nie net in sy diens is nie.

Juis omdat die kleuter se leefruimte nou verbreed, het hy grense nodig om hom veilig te laat voel. Hy toets die perke wat sy ouers vir hom stel omdat dit deel van sy onafhanklikheidsproses is maar verwag nogtans 'n afgebakende ruimte waarbinne hy geborgenheid kan vind sonder om oorbeskerm te word of ingeperk te voel.

Die kleuter staan altyd in 'n verhouding met ander en met sy omgewing. Hy beskou alles en almal vanuit sy oogpunt en "beoordeel" intuïtief. Die junior kleuter is selde neutraal teenoor voorwerpe, diere, mense en omgewing. Aan sy ervaring van iets of iemand word altyd 'n emosie van die een of ander aard gekoppel.

Die jong kleuter beleef sy emosies baie intens. Hoewel hy nou begin om sy emosies te beheer, wissel dit nogtans baie en voel hy dikwels nie gelukkig en tevrede nie. Dus het hy baie affeksie, agting, aanvaarding en erkenning nodig. Volgens Meiring (1987:12) soek die kind in hierdie fase simpatieke gesagleiding al kom dit nie so voor nie. Teen die ouderdom vier word die kleuter minder koppig en emosioneel.

Hy begin nou duideliker onderskei tussen waarneming en emosies. In die spelfase word hy ook kalmer en rustiger.

Hoewel die kleuterfase kenmerkend is vir sy egosentrisme toon kinders tog 'n vorm van empatie en altruïsme volgens die jongste navorsing vermeld in *Children in a Changing World* (Zigler, Edward F en Stevenson, Matia Finn:1987:363). Verder staan hy op die drumpel om vriendskappe te vorm hoewel dit oppervlakkig en op 'n los basis is (Zigler en Stevenson:354). Die kind se gehegtheid aan veral sy ma begin nou afneem en die pa begin 'n groter rol speel.

In die senior kleuterfase word hy meer bewus van ander mense en neem sy egosentrisme af. Hy soek al meer kontak met ander en het 'n sterk mededelingsdrang en praat dus graag.

Wat sy persoonlikheidsontwikkeling betref, begin sy selfkonsep duidelik vorm aanneem. Dit sluit onder meer in: selfbeeld, selfagting en selfaanvaarding. Selfkonsep bepaal hoe die kind oor homself voel en dink en hoe hy teenoor die wêreld rondom hom optree. J P Piek verwys na Bledsoe (1964) se mening dat 'n negatiewe selfkonsep gewoonlik 'n hoë angsvlak tot gevolg het (*Menslike Ontwikkeling* 1985:236).

Die kleuter beseft dat hy nie die vermoëns van groter mense (kinders of volwassenes) het nie en probeer hard om "groter" en "ouer" te wees (in: Snyman:19). Volgens Bettelheim is die primêre vraag van die klein kind dié na identiteit: "As soon as a child begins to move about and explore, he begins to

ponder the problem of his identity. When he spies a mirror image, he wonders whether what he sees is really he, or a child just like him standing behind this glassy wall ... Though only three years old the child is already up against the difficult problem of personal identity" (1976:47).

Die morele ontwikkeling is seker die kompleksste terrein van almal. Nou begin die kleuter 'n gewete of 'n bewussyn van goed en kwaad, reg en verkeerd ontwikkel. Hier speel die hoë-prestige-persone se morele sisteem seker die grootste rol. Nogtans moet die hoë prestige-persoon se morele sisteem op so 'n wyse aan die kind oorgedra word dat die kind dit sy eie maak, internaliseer.

Weereens is dit Piaget wat op die terrein van die sielkunde 'n deurbraak gemaak het met sy studie oor die mens se morele ontwikkeling. Lawrence Kohlberg het voortgebou op Piaget se bevindings. Volgens Kohlberg is die kleuter in Fase 0 van morele ontwikkeling en verwys hy na hierdie stadium as voormoraal. Hy beweer dat die kind nog geen konsep van moraliteit het nie (1987:23). Eers in die middelkinderjare (die laerskoolkind) kry die kind 'n konsep van moraliteit.

Daar is meningsverskille oor die kleuter se morele ontwikkeling. Remplein beweer dat die kind in hierdie fase reeds 'n soort gewete het, al is dit 'n baie naïewe moralisme wat volg op reëls wat die ouers neerlê (in: Snyman:19). Meiring steun op J S Pulles se siening dat die

kleuter reeds op twee jaar 'n sedelike bewussyn begin ontwikkel na aanleiding van sy ouer se goed- en afkeuring en berus sy bewussyn op die basis van straf en beloning (in: Meiring:14).

By Kohlberg tree die gehoorsaamheids- en straforiëntering eers vanaf die middelkinderjare in werking (*Menslike Ontwikkeling* 326). Meiring sê ook dat die kind vanaf sy vierde jaar "ook al tussen goed en kwaad kan onderskei sonder dat dit direk gekoppel is aan die goed- of afkeuring van sy opvoeders ... In die *later kleuterjare* word die kleuter daarvan bewus dat hy self verantwoordelik is vir sy daade en kom hy so tot 'n skuldbesef" (Meiring:15).

Bettelheim impliseer dat die kleuter reeds van vroeg af 'n sin vir regverdigheid het, maar vanweë sy egosentrisme draai die regverdigheid om homself: "He worries not whether there is justice for individual man, but whether *he* will be justly treated" (1976:47).

Wat in gedagte gehou moet word, is dat die kind se ouer of 'n ander hoë-prestige-persoon aanvanklik (en later die samelewing) 'n baie groot rol speel in die vorming van die kind se morele sisteem. Beide Piaget en Kohlberg se benaderings van die mens (en kind) is humanisties. Hulle vrae aan kinders oor morele kwessies is hipoteties en te abstrak vir die kleuter om goed te snap.

Meiring se vertrekpunt is religieus en haar bevindings steun op navorsing gedoen vanuit 'n christelike perspektief deur Christene, naamlik J A Pulles, F J Potgieter en W A Landman. Dit impliseer dat moraliteit nie net 'n algemeen-humanistiese soort bewussyn oor reg en verkeerd is nie maar ook religieus is. Dit is heel moontlik dat 'n vroeë religieuse bewussyn 'n verskil by die kleuter se konsep van reg en verkeerd kan hê. Dit kan ook 'n vroeër morele ryping tot gevolg hê.

Implikasies vir literatuur

We have to know the books and the child to match them in terms of the complicated individuality of them both.

Margaret Meek

Dit is uiters noodsaaklik om die kleuter se belewing van homself en die wêreld rondom hom in gedagte te hou wanneer daar literatuur aan die kleuter voorgelees word. Hy het beperkte vermoëns en beleef sy werklikheid anders as die volwassene. Daarby is daar vele faktore wat die verskeie terreine kortwiek en hulle sal ook by die individuele kleuters in berekening gebring moet word. Maar hierdie stremende faktore val nie binne hierdie studie nie.

Van die belangrikste faktore wat die kleuter en sy belewenis van literatuur raak, sal vervolgens aangeraak word:

~ Hoewel die kleuter se belangstelling in kennis nou snel groei, kan hy nie lank stilsit of konsentreer nie. Die kleuter se aandagspan tussen 2 en 6 jaar wissel vanaf 6 tot

18 minute. Die voorlees van verhale moet nie die tydsduur oorskry nie.

~ Hy dink egosentries en hoewel hy al ander se standpunt en belange in ag begin neem, kan 'n mens met stelligheid aanvaar dat sy eie behoeftes vir hom die belangrikste is. Wat literatuur betref, kan sekere karakters se ervarings en probleme te ver verwyder van die kleuter se leefwêreld wees. Temas wat binne sy leefwêreld val behoort hom te interesseer. So byvoorbeeld val 'n tema soos huweliksontrou nie binne sy leefwêreld nie en sal so 'n verhaal hom weinig of glad nie interesseer of sinvol wees nie.

~ Die kleuter se getalle-, tyds- en ruimtebegrip is nou in die aanvangstadium van ontwikkeling. Verhale met baie getalle, tydsaanduiding en plekke kan nie hanteer word nie. Bekende plekke of vae aanduidings soos in 'n ver land en tydsaanduiding soos lank, lank gelede val binne die kleuter se begripsvermoë. Dus moet die milieuskildering (Engels: setting) baie elementêr wees.

~ Hy leer deur ervaring maar vrae vra neem nou byna onhanteerbare (vir die volwassene) afmetings aan. Hy verwag egter nog nie "wetenskaplike" verklarings nie. Sy vrae is volgens Kohlberg en Bettelheim ten diepste filosofies, hoewel die kleuter nie daarvan bewus is of dit so kan artikuleer nie. Hy het riglyne nodig waarvolgens hy kan leef. Dit is noodsaaklik dat literatuur vir kinders van hierdie kwessies (indirek) aanspreek.

~ Hy fokus op een aspek en kan nie veel details hanteer nie. Verhale met komplekse karakters, beskrywings en intrige is nie geskik nie.

~ Die kleuter se rasionele vermoëns is baie rudimentêr. Hy kan nog nie logiese afleidings maak nie en sy denke is nog nie gesistematiseer nie. Dit is dus noodsaaklik dat verhaaldegebeure chronologies en sonder intrige aangebied word. Hy besit nog nie die vermoë om gebeure self te rangskik as dit achronologies aangebied word nie.

~ Verder dink hy ook transduktief. Dit kan beteken dat die kleuter byvoorbeeld karakters met wie hy identifiseer se sukses of mislukkinge, straf of beloning op homself van toepassing maak. Dit maak nie vir die kleuter soveel saak of karakters kinders, volwassenes, diere of selfs voorwerpe is nie. Solank hierdie karakters geloofwaardig en konsekwent is. Karakters se ervarings moet die een of ander raakpunt met die kleuter se leefwêreld hê. Wat ook belangrik by karakterisering is, is dat karakters nie kompleks uitgebeeld word nie. Dit kan kleuters verwar en spanning meebring. Ivan Southall voel baie sterk oor die rol wat karakterisering in kinderliteratuur speel: "I am hoping for characters, perhaps I am searching for characters, that children can identify as human, characters they can understand, with whom they can sympathize, or with whom they can themselves identify" (in *Children and Books* Seventh Edition:34).

~ Die kleuter beleef sy wêreld in terme van verhoudings waarvan hyself die vertrekpunt is. Vir 'n verhaal om tot hom

te spreek moet hy 'n verhouding met die een of ander karakter aangaan. Verhale waarin byvoorbeeld die omgewing domineer en die karakter verdwerg, sal minder aanklank by die kind vind. Dit geld veral vir illustrasies waarin tonele uitgebeeld word sonder 'n karakter. Sulke illustrasies is in die meeste gevalle ontoereikend.

~ Hy dink intuïtief en laat sy emosies sy denke beheer. Hy is sterk ingestel op hoe hy voel en hoe ander voel - ook hoe voorwerpe "voel". Dit is nie die verstaan van alles in die verhaal wat die belangrikste is nie. Die kleuter oordeel en aanvaar volgens gevoel. Daarom speel atmosfeer 'n belangrike rol.

~ Omdat die kleuter sy emosies intens beleef, moet verhale met klem op geweld, vrees, verdriet of enige oordrewe emosiebelaaide gebeure vermy word (Meiring:42).

~ Daarby begin die verbeelding ontwikkel en fantasie en spel maak 'n groot deel van sy leefwêreld uit. Hy het dus nie 'n probleem met karakters en gebeure wat buitengewoon en dus nie wetenskaplik verklaarbaar is nie. Maar hy verwar nog fantasie en realiteit.

~ Die kleuter glo aan die magiese of die bonatuurlike. Omdat die kleuter nou allerhande vrese openbaar, word die geheimsinnige kragte of magte en die vrese dikwels aan mekaar gekoppel. In literatuur is dit nodig om met hierdie vrese en geheimsinnige magte rekening te hou en hulle onskadelik te stel of duidelik positief uit te beeld.

~ Die kleuter met sy eie spanning (veral vrese) soek gewoonlik na 'n literêre karakter met wie hy kan identifiseer. 'n Verhaal met spanningsmomente is dus nie perse onbruikbaar nie. Inteendeel: dit kan juis die klein kind help om sy eie spanning te verlig. Maar dit kan net gebeur indien die spanningsituasie bevredigend opgelos word.

~ Omdat die kleuter grense nodig het waarbinne hy veilig kan ontwikkel, sluit tekste met 'n definitiewe begin en einde sterk by sy leefwêreld aan. Tekste wat bloot beskrywend is sonder 'n gelukkige einde (of suggestie daarvan) sal heel moontlik die kleuter onbevredig of selfs met spanning laat. Die kleuter moet weet of die einde gelukkig gaan wees. Elke mens se lewe is 'n verhaal. Dit is seker die diepste begeerte dat dit 'n mooi en gelukkig verhaal moet wees. Dis veral die einde (met 'n nuwe begin) wat belangrik is.

~ Daarby stel hy alles vir hom konkreet voor. Abstrakte konsepte en beeldspraak val buite sy begripsvermoë soos die geval van Audrey Blignaut wat as kleuter gedink het dat "[v]alse lippe is vir die Here 'n gruwel ... (Spreuke 12:22, 1953-vertaling van die Bybel) daardie verleidelike rooi plastieklippe is wat die kinders in die gelukspakkies kry.

~ Hoewel die kleuter nie beeldspraak kan interpreteer nie beteken dit nie dat verhale sonder beeldspraak meer geskik is vir kleuters nie. So byvoorbeeld is volksverhale ryk aan simboliek wat die kleuter nie raaksien of kan interpreteer nie. Wat belangrik is, is dat die kleuter die verhaal in sy geheel moet ervaar al begryp hy nie die beelding nie.

Literatuur sonder beelding of ten minste simboliek is arm en oppervlakkig. Dit is 'n noodsaaklike bestanddeel vir enige stuk literatuur om werklik effek op die totale mens te kan hê.

~ Die kleuter se mnemoniese tegnieke verbeter vinnig en hy kan al meer inligting prosessee. Hier speel literatuur met volop herhaling (klank, ritme, woorde, frases, temas) 'n versterkende rol.

~ Omdat veral die jonger kleuter globaal waarneem, kan details 'n steurende uitwerking hê. Waar die suigeling vormkyker is, is die kleuter hoofsaaklik kleurkyker en het 'n kleurvolle illustrasie groter impak.

~ Die kind se taalverwerwing is die intensiefste in die kleuterfase. Sy woordeskat brei uit en sy vermoë om taalstrukture te integreer neem ook toe. Nogtans is verhale met 'n eenvoudige woordeskat en sintaksis meer hanteerbaar.

~ Verhale wat 'n raakpunt het met die jong kleuter se koppigheid en aggressiwiteit sal tot die kleuter spreek.

~ Met Erikson se twee krisisstadia in gedagte is verhale met die klein en die swakke wat sukses behaal 'n goeie raakpunt. "Children want characters who have obstacles to overcome, conflicts to settle, difficult goals to win" (*Children and Books* 47). 'n Verhaal moet 'n begin, middel met sy klimaks, en 'n slot hê. Die einde moet bevredigend en afgerond wees waarin die goeie oorwin of beloon en die bose verslaan word of gestraf word. Of daar moet 'n duidelike aanduiding van 'n goeie toekoms wees.

~ Omdat die kleuter se wêreld vergroot en hy 'n verkenner word, sal verhale met iets van die vreemde ook by sy belangstelling aansluit. Hy begin nou ook in ander mense belang te stel, veral in die senior fase.

~ Hoewel die ma nog sterk figureer, word die pa se rol nou groter. Die pa behoort ook nou (meer) aan die kleuter voor te lees. Die kind kan moontlik literatuur aan die wêreld van die vrou koppel as net die ma vir hom bly voorlees.

~ Die kleuter se selfkonsep begin nou vorm aanneem. Aan die een kant het hy heelwat vryheid nodig maar aan die ander kant het hy baie erkenning, affeksie, aanvaarding en agting nodig. Daarsonder kan hy nie 'n goeie selfbeeld en eiewaarde ontwikkel nie. Hierdie aspekte behoort in literatuur reflekteer te word om die sensitiewe kleuter se selfkonsep positief op te bou.

~ Die kleuter se ontwakende gewete is uiters broos en behoort ook op indirekte maniere soos deur literatuur aangespreek te word. Sedelessies het weinig blywende effek. 'n Hoë-prestige-persoon (vir die kleuter) se voorlesing sal uiteraard 'n baie positiewe invloed hê. Daarby sal sy voorbeeld - hoe hy die voorgeleesde waardes uitleef - 'n permanente indruk op die kleuter maak. Dit is dus noodsaaklik dat die voorleser daardie norme handhaaf wat hy aan die kleuter voorhou.

Die leesstadium (6-12 jaar)

Die junior fase (6-8 jaar) en senior fase (8-12)

In die ontwikkelingsielkunde word daar min onderafdelings in die "middelkinderjare"-fase (6/7 tot 12/13) gemaak. Maar omdat hierdie studie oor literatuur handel, is Lohann se skeiding tussen die 6 tot 8-jariges en die 8 tot 12 jariges 'n sinvolle indeling.

Die uitstaande kenmerk van die kind in die junior fase is dat hy nou leer lees en skryf. Dit is 'n baie komplekse simbolesistiem wat hy moet bemeester. As gevolg van die feit dat hy nou intern kan dink, kan hy 'n nuwe simbolesistiem begin gebruik en interpreteer. Die kind se ervaring van voorlesing speel 'n belangrike rol in sy gesindheid teenoor die aanleer van lees. Patricia Scott haal vir Haley in *Give Them Wings* aan: "... children who are not told stories and who are not read to will have few reasons for wanting to learn to read" (1987:61).

Die junior kind is in die aanvangleesstadium. Hy is nou min of meer gereed vir formele onderrig op skool. Die junior kind bemeester nog meer fisiese vaardighede en wil en kan al meer aktiwiteite uitvoer. Daarom is hy baie aktief en baie avontuurlustig - veral seuns.

Piaget se volgende kognitiewe fase noem hy die *konkreet-operasionele fase* wat hy vanaf 7 tot 11 jaar indeel. Die kind se egosentriese, artifisialistiese en animistiese denke neem nou af. Die kind ontwikkel nou 'n samehangende kognitiewe sisteem en hy kan logies begin redeneer. Hy kan

die verband tussen hede en verlede insien en kan verskillende aspekte van sy eie wêreld met mekaar in verband bring. Hy kan al denkhandelinge intern (verstandelik) begin uitvoer hoewel dit altyd direk aan die konkrete gekoppel is. Abstrakte begrippe of hipotetiese probleme kan nog nie los van konkrete voorbeelde hanteer word nie. Snyman praat van die kind se "aanskoulike denke" in hierdie fase (1983:23).

Die kind bemeester omkeerbare denke en maak gevolgtrekkings oor waargeneemde resultate op grond van verwantskappe eerder as op grond van voorkoms. Met ander woorde hy kan nou logiese afleidings begin maak. Hy kan nou ook desentreer, dit wil sê: hy kan gelyktydig op veelvuldige aspekte van 'n voorwerp fokus. Hy kan nou voorwerpe en gebeure volgens die nie-konkreet-waarneembare klassifiseer en orden. Dit impliseer dat hy in staat is tot sistematiese en beplande denke.

Waar die kleuter glad nie die figuurlike betekenis van woorde begryp nie begin die junior kind begryp dat 'n woord meer as een betekenis kan hê. Hy leer onderskei tussen letterlike en figuurlike betekenis hoewel hy nie noodwendig die figuurlike betekenis kan definieer nie. Die senior kind kan nou begin figuurlik definieer. Sekere navorsers beweer dat die kind eers op die ouderdom 10 die nie-letterlike korrek kan interpreteer terwyl ander meen dat 'n vyfjarige reeds 'n elementêre begrip vir die figuurlike

woordgebruik het (Zigler & Stevenson:43). Die interpretasie van beeldspraak val nou binne sy vermoë.

Die kind se mnemoniese strategieë word meer gesofistikeer en dus kan hy beter onthou. Dit hou verband met sy kognitiewe vermoëns wat ontwikkel, soos klassifisering byvoorbeeld. Hoewel die geheue al sterker word, oorheers sy aanskouingsgeheue nog in hierdie fase. Hy onthou dit wat hy sien veel beter as dit wat hy hoor.

Die kind se konsentrasievermoë verhoog en hy leer hoe om selektief aandag te gee. Waar die kleuter dit moeilik vind om op een ding te konsentreer as daar baie stimuli rondom hom sy aandag kan aftrek, kan die kind nou makliker 'n taak verrig sonder om konsentrasie of belangstelling voor voltooiing te verloor. Sommige sielkundiges (soos Maslow) beweer dat babas met kreatiewe potensiaal gebore word. Dit is veral gedurende die eerste drie skooljare dat kreatiwiteit toeneem. Daarna begin dit skerp afneem vermoedelik vanweë die onderrigsisteem wat daarna meer formeel en rigied word (*Menslike Ontwikkeling* 301).

Die aanvangsleesfase word gekenmerk deur die afname in die rol wat die verbeelding speel. Hoewel hierdie vermoë nie summier verdwyn nie begin die klem na die intellek verskuif. Die kind leer onderskei tussen fantasie en werklikheid. Aanvanklik het albei dimensies nog ewe veel bekoring maar teen die ongeveer 9 jaar beskou die kind die wêreld

realisties (Snyman:23). In die senior fase begin die emosies ook al meer deur die intellek op die agtergrond gedwing word hoewel dit glad nie onbelangrik word nie. Die drang na kennis oorheers egter en die kind se objektiewe en kritiese denke kom nou na vore. Die hoekom-vrae wat die kind nou begin vra, is veel minder filosofies van aard en word al meer wetenskaplik. Hierdie kritiese denke is egter nog gekoppel aan die konkrete of uiterlike: hoe 'n mens lyk, optree of presteer is van deurslaggewende belang. Daarom die heldeverering vir sportlui, filmsterre en popmusikante (Snyman:25).

Animisme vervaag nou ook en sy intense emosionele belewing van alles rondom hom neem ook af. Volgens Erikson verkeer die kind in sy middelkinderjare in die krisis *arbeidsaamheid* versus *minderwaardigheid*. Vir die kind in hierdie fase is dit belangrik om sukses te behaal en die kind moet die geleentheid daartoe kry om minderwaardigheidsgevoelens te oorkom. Hy wil verkieslik met kinders van sy eie ouderdom en geslag speel.

Omdat die kind in hierdie fase skool toe gaan, groei sy sosiale bewustheid vinnig en sy betrokkenheid by ander neem toe. Sy begrip vir sosiale hiërargie word aangewakker in veral die senior fase. Egoïsme neem af en altruïsme tree sterker na vore. Die kind begin sensitief ten opsigte van ander raak. Hy begin leer dat hy van ander se denke, waarneming en gevoelens verskil en hy kan dit al redelik

akkuraat interpreteer. Hy ontdek ook dat ander dieselfde kan doen (Zigler & Stevenson:456).

Die senior kind leer om die sosiale spel te begin speel. Vooroordele kom nou na vore, 'n tendens wat veral by die ouers aangeleer word. Die kind begin ook om negatiewe gevoelens (soos woede, jaloesie, haat, skuld, frustrasie) te verplaas na ander mense of voorwerpe. Dié verskynsel staan bekend as "die soek van 'n sondebok" (*Menselike Ontwikkeling* 307). Hoewel die gesin nog die kern van sy bestaan vorm, speel ander (veral sy onderwyser en portuurgroep) 'n al groter rol.

Volgens Piaget en Kohlberg gaan die kind se morele en kognitiewe ontwikkeling hand aan hand. In die middelkinderjare begin die kind 'n moraliteit ontwikkel. Kohlberg noem hierdie fase die voorkonvensionele vlak wat hy in twee stadia verdeel. Die eerste stadium noem hy die heteronome moraliteit en dit staan bekend as die straf- en gehoorsaamheidsoriëntasie. In veral die junior fase is dit die straf (dikwels fisiek) of die onvoorwaardelike aanvaarding van die gesagsfiguur wat die kind daarvan weerhou om die verkeerde te doen.

Die tweede fase (vanaf ongeveer 10 jaar) word gekenmerk deur 'n nuwe hedonistiese en instrumentele oriëntasie (Kohlberg:1987:291). Hier maak die kind morele keuses op grond van wat homself en/of ander kan bevoordeel. Aan die

einde van stadium 2 ontdek die kind dat reëls nie onaantasbaar is nie.

'n Interessante opmerking: In *Children and Books* maak Sutherland en Arbuthnot 'n ander indeling van Kohlberg se morele ontwikkeling as Kohlberg self. Volgens hulle is die kleuter in stadium 1 en 2 en die kind in sy middeljare in die derde stadium wat as die "good child"-fase opgesom word (1986:27). Volgens Remplein het die kind nog nie 'n persoonlike etiek nie en berus sy morele standaarde op wat ander aan hom voorskryf en voordoen (in: Snyman:26).

Hoewel alle mense deur al die vlakke van morele ontwikkeling gaan, kan die proses versnel word. Deur kinders bloot te stel aan morele denke op hoër vlakke en leiding te gee in daardie opsig, het Alexander en ander (1980) bewys dat 'n hoër vlak van moraliteit gouer as normaalweg bereik kan word (*Menslike Ontwikkeling* 327).

Implikasies vir literatuur

Die kind in die leesstadium se belewing van die wêreld verskil van die kleuter hoewel nie ingrypend nie.

Wat in hierdie fase 'n groot rol speel, is die kind se ervaring van literatuur in sy kleuterfase. Indien hy dit nie as 'n aangename aktiwiteit beleef het nie, gaan hy soos Haley tereg sê, weinig rede hê om self te leer lees. Die voorlees van goeie kinderliteratuur lê ongetwyfeld die

grondslag vir 'n kind om self te wil lees omdat voorlees vir hom 'n aangename ervaring was.

~ Omdat die kind baie meer beweeglik en selfstandig word, vind literatuur met aksie en avontuur groot aanklank.

~ Hoewel die kind nou op 'n baie elementêre vlak abstrak begin dink, bly dit nog altyd afhanklik van konkrete verduidelikings. Verhale met abstrakte begrippe moet steeds konkreet uitgebeeld word.

~ Figuurlike betekenis van woorde is nog buite die begrip van veral die junior kind en moet liefs vermy word.

~ Die geheue en konsentrasievermoë verbeter en hy kan dus na langer en ietwat meer komplekse verhale luister of self lees.

~ Die feit dat die kind se verbeeldingsvlugte begin afneem, hy minder op gevoel staatmaak en sy kritiese vermoëns toeneem, bring mee dat die kind geleidelik meer in realistiese verhale sal belangstel.

~ Die senior kind voel veral aangetrokke tot karakters wat presteer veral op fisieke of uiterlike gebied met wie hy kan identifiseer of wie hy kan idealiseer.

~ Egoïsme neem af en altruïsme neem toe. Literatuur met temas oor altruïsme sal nou tot die kind begin spreek.

~ Die soek na 'n sondebok om van negatiewe emosies ontslae te raak, maak dat verhale met sulke karakters byval by die kind sal vind.

~ Omdat die kind se moraliteit berus op straf en gehoorsaamheid sal verhale waarin hierdie primitiewe vorm

van moraliteit voorkom goed by die kind se leefwêreld aansluit.

~ Indien kinders reeds in hierdie fase aan die volgende stadia van morele denke bekendgestel word, kan hy met die regte begeleiding op daardie hoër vlakke funksioneer.

~ Verder sal verhale waarin hy self bepaal oor wie en wat goed en boos is die kind onseker laat. Verhale moet dus nog 'n duidelike onderskeid tussen goed en boos maak en 'n gelukkige einde vir die goeie karakter hê.

ILLUSTRASIES

... a picture book becomes naturally a dramatic experience: direct, immediate, vivid, moving.

Uri Shulevitz

Illustrasies as visuele simbolesistiem het onlosmaaklik deel geword van kinderliteratuur. Illustrasies in kinderboeke behoort van net so 'n hoë gehalte te wees soos die teks. Dieselfde basiese norme wat vir die woordkuns geld behoort ook vir die visuele kuns te geld. Die logiese en magiese dimensie moet albei in balans teenwoordig wees. Die visuele voorstellings moet verstaanbaar wees maar moet terselfdertyd bekoor en kan herskep.

Hoewel visuele kuns oor die algemeen nie dieselfde blywende invloed as die woordkuns het nie, het dit dikwels 'n groter onmiddellike impak wat kan bydra tot 'n verhaal se trefkrag. Dit is gewoonlik die illustrasies wat die kind (veral die kleuter) fassineer en daarom verdien dit groot sorg en

kundigheid. Illustrasies mag nie net as versiering dien nie maar moet ook onder meer die teks komplementeer.

Illustrasies moet in harmonie met die teks wees. Swak illustrasies kan groot afbreuk aan goeie literatuur doen. Omdat dit illustrasies vir kinders is, beteken nie dat die gehalte minderwaardig moet wees nie. Inteendeel: juis omdat kinders se kritiese vermoëns nog nie ontluik het nie, moet hulle net die beste gebied word. Illustrasies wat hulle sout werd is, maak as't ware 'n pad oop na die teks vir die kind. Die illustrasies ontsluit sekere dele en dis dikwels die illustrasies wat die kind tot die teks oorhaal. 'n Goeie illustrasie is nie 'n statiese voorstelling vir die kleuter nie maar is dinamies: dit kan 'n hele wêreld terugroep - hopelik die wêreld van die voorgelese verhaal.

Kinders is oop vir die estetiese alhoewel hulle dit nie noodwendig (kan) artikuleer nie. Donnae MacCann and Olga Richard kom tot hierdie gevolgtrekking na hulle kritiese studie van prenteboeke: "Evidence pointing to the aesthetic sensitivity of children can be gathered on all sides. They instinctively respond to balance, order, rhythm, originality - the artist's endless arrangement of color, line, shape, texture ..." (in *Children and Books* 135). Verder waarsku hierdie twee kritici egter teen die negatiewe uitwerking van swak illustrasies. "But there are many exposures which can dwarf natural growth of these responses. When the child is faced with a preponderance of inferior visual and literary

impressions, a negative effect upon the development of taste and aesthetic enjoyment can be expected, as surely as a good effect can be predicted (all else remaining equal) when the child is surrounded by an artistic environment" (135).

Buiten vir die norme wat vir goeie kunsgehalte geld, is daar ook dieselfde kwalifiserende faktor waar dit kom by illustrasies vir kinders. Weer eens is dit die term *kind* wat die uitgangspunt moet wees. Die kind se persepsie van die wêreld bepaal of illustrasies vir hom toeganklik is en tot hom spreek. Illustreerders moet die kind se beperkings maar ook vermoëns in ag neem wanneer hy 'n teks toelig.

Omdat illustrasies 'n nuwe tweedimensionele simbolesistiem is, moet met groot oorleg en kundigheid te werk gegaan word. Die kind beleef sy wêreld konkreet en veral vreemde konsepte moet sover moontlik konkreet uitgebeeld word. Die kleuter is 'n realis in dié sin dat voorstellings van sekere liggaamsdele van karakters onaanvaarbaar is. Net die uitbeelding van 'n kop byvoorbeeld, of 'n hand wat 'n boekrol vashou, val buite sy begripsvermoë en kan spanning by hom wek. 'n Volledige uitbeelding is nodig.

'n Verhaal sonder karakters is ondenkbaar. Illustrasies vir kinders behoort sover moontlik karakters in te sluit. 'n Prent sonder 'n karakter is vir die kind 'n voorstelling sonder verwysingspunt. Die kind beleef sy wêreld altyd in verhouding tot iets of iemand anders - of dit nou mens tot

omgewing, mens tot mens of mens tot dier of dier tot objek is.

Hoewel die kind konkreet dink en in daardie sin 'n realis is, is hy oorwegend 'n gevoelswese. Die kind beleef sy wêreld grootliks intuïtief. Hy beoordeel dinge op gevoel. Atmosfeer in illustrasies speel dus 'n belangrike rol.

Alle goeie literatuur het 'n fiktiewe aanslag. En hiermee word nie bedoel dat 'n verhaal onwaar of oneg nie. Dit beteken bloot dat dit nie 'n oomblik-vir-oomblik joernaalverslag van historiese gebeure is nie, maar dat die realiteit op 'n kunstige manier saamgevat is deur gebruik te maak van vele kunsmiddele wat tot die mens se beskikking gestel is juis vir daardie doel. Net soos alle goeie literatuur nie feit-vir-feit met die werklike gebeure korrespondeer nie, korrespondeer goeie visuele kunswerk ook nie noodwendig met die visuele realiteit nie. Die historiese korrektheid is 'n faktor wat eers in 'n later stadium belangrik en nodig is om te bevredig. Soos byvoorbeeld in die seniorkindfase waar die kind wil weet: Presies hoe het byvoorbeeld 'n Joodse huis of kleredrag twee duisend jaar gelede gelyk.

Illustrasies in kinderliteratuur moet ook iets van die fiktiewe aard van die teks weerspieël. Dit impliseer dat illustrasies nie superrealisties of histories korrek hoef te wees nie. Aan die ander kant kry sommige illustreerders se

verbeelding so vrye teuels dat dit veral vir die kleuter oninterpreteerbaar word. Ethel L Heins merk in dié verband op: "... many contemporary picture books strike one as remarkably self-indulgent. Technically expert, pictures often lack illustrative cohesion and narrative energy; the artist seems to be carried away by his own work, using the book as a portfolio or an art gallery. Some illustrators create a complex graphic orchestration which overwhelms a simple text with weight of irrelevant detail; over-sophisticated and pedantic artwork obscures what should be direct and comprehensible..." (in *Children and Books* 137).

In illustrasies vir kinderliteratuur behoort daar beide die bekende en die onbekende, die konkrete en die abstrakte, die realiteit en die verbeelding teenwoordig te wees. 'n Kombinasie wat baie kinderboek-illustreerders nie altyd in ag neem nie.

KLEUTER- EN KINDERBYBELS AS KINDERLITERATUUR

Nie alle verhale in die Bybel is ewe toeganklik vir klein kinders nie. Die feit dat karakters kinders is, die taalgebruik eenvoudig en die sintaksis ongekompliseer is, beteken nog nie dat 'n verhaal tot die klein kind sal spreek nie. Om 'n oënskynlik moeilike verhaal te neem, dit te vereenvoudig, te verkort, meer dramaties te maak en om dialoog in te voeg, sal weinig of selfs niks daartoe bydra om 'n verhaal kinderliteratuur te maak as ander belangriker aspekte nie binne die kind se leefwêreld val nie. Wat

deurslaggewend is, is aspekte soos tema en karakterisering. Verder is dit die atmosfeer wat daartoe bydra om die nie-rasionele sy van die kind aan te gryp.

Daar is verhale waarvan die temas en die karakterisering wel binne die leefwêreld van die kleuter of kind val. So byvoorbeeld sal die tema van die klein en die swakke (Dawid) wat die grote en sterke (Goliat) oorwin by die kind se beleving aansluit. Meegaande illustrasies moet ook oor dieselfde kam geskeer word. Dit moet bydra tot die logiese en magiese dimensie van die verhaal. Wanneer die kind na die illustrasie kyk, moet hy die verhaal beter verstaan maar terselfdertyd moet dit hom ook kan betower. Om 'n verhaal te illustreer, beteken nie om van 'n nie-kinderverhaal kinderliteratuur te maak nie.

Vervolgens word twee verhale uit kleuterbybels en 'n derde uit 'n kinderbybel as kinderliteratuur geëvalueer.

Die eerste teks in die reeds bekende *My Eerste Prentebibel* (MEP) is, soos in hoofstuk 4 uitgewys, nie meer 'n verhaal nie. Dit is hoogstens 'n les oor die skepping. Dit is moeilik om te bepaal of die eerste teks (oor die skepping) en die tweede teks (oor Adam en Eva) 'n eenheid vorm en dus een "verhaal" behoort te wees. Dit lyk egter dat elkeen as 'n aparte teks gehanteer word.

In hierdie teks word die verteller deur 'n spreker verdring en noodsaaklike verhaalelemente ontbreek ook. Die teks het

wel 'n soort begin: "God het die wêreld gemaak." Maar die res van die teks het nie 'n verhaallyn nie en vertel meer oor wat God alles gemaak het. Daar is baie min handeling in die teks. Ook is daar geen klimaks en slot nie. Die teks eindig met 'n vraag, naamlik: "Wie het die son gemaak?" Die fokus val hier meer op die son, en die hoofkarakter (God) moet met die son "kompeteer". Van karakterisering is daar nie sprake nie.

Omdat die kleuter primêr sinsoeker en nie kennisjagter is nie, spreek verhale wat leiding in hierdie verband bied veel meer tot hom as tekste wat bloot inligting verskaf. Die kleuter is geregtig op sy eie gelukkige lewensverhaal en verhale met gelukkige eindes sluit in hierdie opsig aan by die kleuter se behoeftes.

Hoewel milieuskildering nie moet oorheers nie is 'n aanduiding van tyd en plek tog noodsaaklik. Die oerteks stel dit duidelik sonder om uit te brei: "In die begin het God die hemel en die aarde geskep" (Genesis 1:1). Die drie belangrikste elemente in die skeppingsverhaal word sonder omhaal met die intrapslag genoem, naamlik God, tyd en plek. Hierdie benadering sluit aan by die kleuter se vae konsep van tyd en plek. Sonder hierdie aanduiding is en bly 'n verhaal soos iets in 'n vakuum - wat veel meer abstrak en onhanteerbaar vir die kleuter is. Die teks weerspieël geen atmosfeer nie weens gebrek aan milieuskildering, handeling en karakterisering. Atmosfeer is 'n noodsaaklike element vir

die gevoelvolle kleuter - daarsonder kan bekoring nie plaasvind nie. En sonder bekoring sal 'n kleuter nie sommer die teks oor en oor wil hoor nie.

Wat ook bydra tot die bekoring is herhaling. Die Hebreeuse teks is ryk aan herhaling in hierdie verhaal. Ongelukkig het die meeste daarvan met vertaling verlore gegaan. Maar die herhaling van woorde en frases is net so volop. In dié teks (MEP) is daar weinig teken van enige vorm van herhaling - buiten vir die woord "son" wat in elk geval nie die belangrikste element in die verhaal is nie. Van beelding is daar ook nie sprake nie. Die twee belangrikste simbole, naamlik hemel en aarde, word nie genoem nie. Wat hierdie twee simbole hanteerbaar vir die kleuter maak, is dat hulle ook konkreet is.

Die taal in MEP is oor die algemeen toeganklik vir die kleuter met sy beperkte taalbesit en -vermoëns. Die woordeskat is elementêr en die sinne en teks kort. Eintlik is die teks té kort. Die voorlees daarvan duur ongeveer 15 sekondes. (Dit geld vir al die ander tekste in hierdie publikasie.) Die kleuter se vermoëns word hier heeltemal onderskat. Net so teenproduktief soos 'n te lang teks kan wees, so kan 'n te kort een wees.

In wese sluit die oorspronklike tema goed aan by die kleuter se artifisialistiese denke en beantwoord aan een van sy belangrikste vrae in hierdie fase van sy lewe. Die oerteks

beeld op grootse manier uit hoe God alles gemaak het. Maar dit is die verwerking van hierdie belangrike verhaal wat nie daarin slaag om dit werklik by die kleuter se belewenisveld te laat aansluit nie. Soos wat Taylor dit hanteer, is dit nie kinderliteratuur nie en selfs nie kinderleesstof nie.

Die klein formaat van die begeleidende illustrasie laat dit met die eerste oogopslag visuele impak inboet. Die klein-formaat-publikasie val klaarblyklik beter binne die smaak van die kleuter omdat hy 'n klein boekie self makliker kan hanteer. Maar die doel van die "kleuterbybel" is nie eerstens of selfs tweedens die kleuter se fisieke hantering daarvan nie. Dit is geen geringe taak vir 'n 10x14cm-natuurtoneel om atmosfeer te skep nie. Die toneel leen hom tot verbeeldingryke kleurgebruik wat hier nie die geval is nie. Omdat die kleuter nie krities kan dink of evalueer nie oordeel hy volgens die atmosfeer wat die illustrasie oordra. Daar is weinig atmosfeer klaarblyklik omdat die styl te realisties is. Wat wel nie-realisties uitgebeeld word, is die perspektief: die verhouding tussen die grootte van voëls en die res van die toneel is nie korrek nie. Hoewel 'n kleuter nie primêr in details belangstel nie sal hy so 'n onjuistheid opmerk.

Die verhaal leen hom tot konkrete uitbeelding wat wel by die kind se denke aansluit. Hierdie illustrasie bied 'n min of meer afgeronde eenheid aan wat nie dele van voorwerpe of mens afsny soos van die ander illustrasies nie. Net op die

volgende bladsy word beide Adam en Eva se bene kort onder die knie geamputeer.

Die kleuter soek gewoonlik 'n verwysingspunt in 'n prent in die vorm van 'n karakter. In enkele gevalle kan dit daarsonder. In hierdie toneel is daar wel twee voëls (buite verhouding) wat die kleuter se aandag sal trek. Groter diere sou 'n veel sterker aantrekkingskrag hê omdat die oerteks hom daartoe lean. Hierdie teks maak egter geen vermelding van diere nie - wel die volgende teks. Maar aan die ander kant: hierdie teks maak ook geen vermelding van voëls nie.

Vanuit 'n kunsoogpunt gesien, is daar min van die magiese dimensie in hierdie illustrasie (ook die ander) teenwoordig. Hoewel dit in 'n mate by die kind se leefwêreld aansluit, sal die aanspraak nie baie sterk wees nie. Of dit die kleuter gaan bekoor, die teks komplementeer en die "verhaal" gaan terugroep, is sterk te betwyfel. Die illustrasie dra dus nie daartoe by om die teks kinderliteratuur te maak nie.

My First Step Bible (MFSB) word aanbeveel vir kleuters van 2 tot 5 jaar. Hierdie teks sluit onder meer twee gelykenisse in. Soos in hoofstuk 4 aangevoer, lewér gelykenisse vir kleuters of selfs kinders. probleme op. 'n Gelykenis is 'n kreatiewe manipulasiemiddel in diens van die verteller. Hoe duidelik die verhaal ookal is, sal die bedoelde religieuse betekenis vir die jong kind heeltemal buite bereik bly.

Die bedoeling van 'n gelykenis soos die Barmhartige Samaritaan (in MFSB genoem "A story of kindness") is om dit op die oorspronklike hoorder van toepassing te maak. In hierdie geval is dit geleerde Jode wat Jesus wou vasvra. Die antwoord op hulle strikvraag "wie is jou naaste?", kom in 'n literêre vorm wat 'n indirekte en tog skerp manier is om hierdie geveinsde Jode te berispe maar terselfdertyd om 'n baie duidelike en konkrete antwoord te verstrek.

Gelykenisse kan nie korrek geïnterpreteer word as dit nie in hierdie konteks gesien word nie. Eers dan kan dit op die moderne leser of luisteraar van toepassing gemaak word. Sonder enige agtergrond of verduideliking is geen kleuter hoegenaamd in staat om hierdie soort genre te hanteer nie. Moontlik sal die kleuter nog iets kan verstaan as hy 'n idee het wat 'n priester, 'n leviet en 'n Samaritaan is. Maar in MFSB word dit nie eers genoem nie. Daar word net verwys na "two other men" en "a stranger". Die fut is totaal uit: drie mans stap verby 'n gewonde en die een help hom. Wat daarvan? Om die verminking van hierdie verhaaltjie te probeer red, meng 'n didaktiese spreker nou in deur 'n prekie as slot by te voeg. Dit lui:

The stranger was kind - and Jesus said we are to be kind, just as this stranger was.

Hierdie waarheid as sodanig is Bybels korrek maar dit is nie wat hierdie gelykenis wil oordra nie. Dit is 'n vorm inlegkunde soos teoloë dit sal noem. En dan direk na hierdie

mistasting kom 'n verdere prekie voor wat nog minder met hierdie gelykenis te maak het:

"Here's Something for Your Heart: Whenever anyone is hurt, Jesus knows, and Jesus cares.

En as slot kom 'n voorstel vir 'n gebed wat deur die kleuter self gebid kan word.

Die twee 8x10cm-illustrasies is humoristies en selfs karikatuuragtig. Hoewel humor by die kleuter se leefwêreld aanklank vind, het humor geen plek in hierdie gelykenis nie en bederf dit die atmosfeer. Van 'n magiese dimensie is hier nie sprake nie. Die illustrasie dra dus geensins daartoe by om die kern van hierdie "verhaal" vir die kleuter te ontsluit nie. Ook hierdie "verhaal" is nie kinderliteratuur nie.

Die derde verhaal kom uit *Die Struik-Kinderbybel* (DSK) en heet "Isak: die toets". Hierdie gedeelte speel 'n baie belangrike rol in die oorkoepelende verlossingsverhaal omdat dit die sentrale simbool, naamlik die *offer*, op die voorgrond stel. Wat die verhaal red - al is hy hoe vermink - is die offermotief. As dit weggeskryf word, kan die verhaal nie meer bestaan nie. En dit is moontlik daarom dat verskeie kleuter- en kinderbybels liever hierdie "wrede" verhaal weglaat.

Ten spyte van die verwerking het die verhaal tog iets van die oorspronklike atmosfeer behou. Die spanningslyn is sterk teenwoordig en die goeie einde met sy mistieke oplossing

(die ram wat klinkklaar staan) sal die kind met sy "magiese ingesteldheid" boei en bevredig.

Dit is so dat kinders met Isak kan identifiseer en dit intens negatief ervaar maar die goeie einde kan dit regstel. Hierdie verhaal dien onder meer as voorspel tot Jesus se wrede marteling en kruisdood, wat nie van die kleuter weerhou mag word nie. Jesus se marteling en kruisdood word nie in besonderhede in die Bybel uitgebeeld nie en hoef nêrens dramaties aangebied te word nie. Die kind moet iets van die ontsetting daarvan ervaar - dit is so bedoel.

Dit is juis via die *literatuur* dat die kennismaking met die intensiteit van pyn en ellende versag kan word. Dink maar aan die klassieke geval van die Hindoe-prins, Siddhartha Gautama, wat ongeveer 2 500 jaar gelede in Indië geleef het. Sy ouers wou hê hy moes gelukkig wees en hulle het alles in hulle vermoë gedoen om enigiets wat hom kon ontstel of hartseer maak van hom weg te hou. As jong man ry hy toe op 'n dag in sy wa en sien hy 'n bedelaar vol sere, 'n swak ou man en 'n dooie mens.

Dit het die jong man intens ongelukkig gemaak om te sien dat mense siek en oud word en kan doodgaan. As Hindoe is aan hom vertel dat mense gereïnkarnear word en hy wou uitvind hoe om 'n einde aan hierdie proses te maak om sodoende die mensdom uit sy ellende te verlos. Hy het homself van sy gesin en die lewe onttrek en baie jare lank daarvoor gemediteer. En om 'n

lang storie kort te knip, was die gevolg dat hy aan 'n nuwe godsdiens - die Boeddhisme - geboorte geskenk het.

Hoewel nie alles van hierdie verhaal histories verifieerbaar is nie en sekerlik na die ekstreme oorhel, kan 'n mens tog iets daaruit leer. Dit is dus nie noodwendig 'n wyse ding om die minder aangename in die lewe van die klein kind weg te hou nie. Die ironie in baie verhale is juis dat die weglating van sekere inligting en die invoeging van ander spanning by die klein kind kan wek. Dit is daardie oënskynlik onskuldige invoegsels wat juis die aandag op die negatiewe vestig.

In paragraaf 5, 6 en 7 word gefokus op Abraham se innerlike belewing, wat spekulatief is. In die slotparagraaf word gepraat van Abraham wat "die bewende Isak losgesny" het. Die hele episode word in hierdie weergawe veel meer dramaties voorgestel as wat die oorteks dit self doen. Met "close-reading" van die oorteks word 'n goeie afloop reeds gesuggereer met dié woorde van Abraham aan sy slawe wat agterbly (Genesis 22:5):

"Wag hier met die donkie. Ek en die seun gaan daar aanbid, dan kom ons terug na julle toe."

Die "ons" verrai iets van Abraham se vaste vertrouwe op God se belofte op 'n groot nageslag, en hierdie onuitgesproke vertrouwe kan die rede wees waarom die seun klaarblyklik nie teenstribbel toe sy pa hom vasbind en op die altaar neerlê nie. In hierdie kinderbybel word dié blyk van vertrouwe nie

ingesluit nie en kan dit bydra tot onnodige spanning. Dit is 'n goeie voorbeeld van watter potensieel nadelige uitwerking selfs die geringste verandering aan die oorteks teweeg kan bring. Die feit dat hierdie verhaal meer dramatiese aangebied word en méér emosie bywerk, maak dit nie meer geskik vir kinders nie. Dit kan selfs die teenoorgestelde uitwerking hê: minder geskik vir kinders.

Die lengte van hierdie teks val binne die aandagspan van die kind en ook kleuter. Die woordeskat is relatief eenvoudig. Van die moeilikste terme is seker *offer* maar die hele verhaal dien ter verduideliking van hierdie moeilike konsep en sluit dus aan by die kind se konkrete denke.

Daar is twee illustrasies wat nie werklik kan bekoor nie. Die eerste een is 'n 21x14cm-watervervwerk van Abraham, Sara en die baba, waarvan die teks die onderste helfte van die bladsy vul. Die toneel is nie duidelik onderskeibaar van ander gesinstonele nie. Dit kan enige gesin wees en dit dra niks by tot 'n beter begrip van die verhaal nie.

Die tweede illustrasie is heelwat kleiner en beeld die tradisionele toneel uit van Isak op die altaar, Abraham met die slagmes in die lug en die ram met die horings in die bos. Genadiglik (vir kinders) is daar hier 'n verandering in die wrede tradisionele perspektief: hier is dit die *ram* wat op die voorgrond en die twee mense wat op die agtergrond verskyn. Hierdie verhaal sal kan deurgaans as kinderliteratuur maar wat dit in DSK op wankelrige bene laat

staan, is die feit dat sommige belangrike gegewens weggelaat en ander moontlik nadelige gegewens ingesluit word. Verder dra die illustrasies ook nie by tot die geslaagdheid as kinderliteratuur nie. Om die waarheid te sê: baie ander illustrasies in hierdie publikasie toon oordrewe negatiewe emosies wat klein kinders kan afskrik en hulle religieuse persepsies en belewenis nadelig kan beïnvloed.

Omdat daar te veel verhale (en ook enkele ander nie-verhalende gedeeltes) in kleuter- en kinderbybels is wat om verskeie redes nie binne die kind se belewenis val en/of nie aan die norme van literatuur voldoen nie, kan sulke publikasies nie sonder voorbehoud as kinderliteratuur beskou word nie. Dit kan hoogstens as (swakkerige) kinderleesstof geklassifiseer word. In die lig hiervan is dit te betwyfel of kleuter- en kinderbybels werklike bestaansreg behoort te hê - beide as literêre en geloofsteks.

HOOFSTUK 6

DIE BYBEL: 'N KORREKTIEF OP KLEUTER- EN KINDERBYBELS

Die vrou het huil-huil weggeloop in die sonsondergang in en verdwyn. Sy't hom verlaat - nie omdat die man sy belofte verbreek het nie, maar omdat hy nie regtig kon sien wat in die mandjie was nie.

Dit was propvol van die pragtigste hemel wat sy gekoester het vir hulle altwee om te geniet.

Uit 'n ou Boesman-verhaal

Lê jou daarop toe om jou tot beskikking van God te stel as 'n arbeider wat die goedkeuring van God wegdra, 'n arbeider wat hom vir sy werk nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid suiwer verkondig.

2 Timoteus 2:15

Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleins af die Skrif.

2 Timoteus 3:14,15

DIE WOORD: die kind daarin

Wat die term kind betref, gee die ontwikkelingsielkunde gegewens wat tot groot hulp is. Die sielkunde kyk na die mens se samestelling wat op sy fisieke, emosionele, sosiale, kognitiewe en morele ontwikkeling konsentreer. Die geestelike/godsdienstige/religieuse aspek word buite rekening gelaat en dit laat 'n ernstige leemte in die "holistiese" benadering waarop die moderne sielkundiges aanspraak maak. Enkele tekste oor sielkunde verwys vlugtig na die feit dat sommige mense en kinders wel godsdienstig is of sulke ervarings het. Hieruit lyk dit of die religieuse dimensie nie 'n inherente deel van die mens is nie. Maar dat hy wel so iets bonatuurlik kan beleef, is volgens sielkundiges wel moontlik.

Hierdie mensbeskouing wat die religieuse dimensie ontken, is verklaarbaar as gekyk word na die Europese geskiedenis van die vorige eeu. Na aanleiding van Descartes met sy radikale denke - wat sterk onderskeid maak tussen wetenskap en geloof - volg die *Aufklärung* waarin die intellektuele van Frankryk (en later Duitsland) voortbou op die irrelevantmaking van die Christelike geloof. Met die *Aufklärung* het die menslike rede die ereplek gekry, ook bekend as die *primaat van die rede*. *The Shorter Oxford English Dictionary on Historical Principles* (1978) definieer "Enlightenment" so: "[after G. *Aufklärung*.] Shallow and pretentious intellectualism, unreasonable contempt for

authority and tradition, etc.; applied esp. to the spirit and aims of the French philosophers of the 18th c."

Van toe af moes daar ander - meer wetenskaplike - verklarings vir die oorsprong en die doel van lewe gevind word. Omdat God uitgesluit en die Christelike geloof as uitgedien beskou was, moes die nuwe siening noodwendig God-loos wees en moes 'n nuwe kern gevind word. Die Aufklärung-filosowe het die mens (nou sonder 'n religieuse dimensie en sonder God) as verlos en verlig deur die rede verklaar. Die rede het as't ware die ware religieuse dimensie "verdring".

Net soos die Bybel self verklaar wie en wat die Outeur is, so verklaar dit ook wie en wat die mens as leser of luisteraar is. Hoewel die Bybel se mensbeskouing nie gedetailleer is of baie aandag aan die kind as sodanig gee nie, gee 'n ekstraksie uit die volledige oeuvre die noodsaaklikste inligting in hierdie verband. Johan Heyns beklemtoon die feit dat die mens nooit buite sy verhouding met God verstaan kan word nie. Die mensbeskouing van die Bybel self berus op die kriptiese en enigmatiese stelling in Genesis 1:26,27: "... as beeld van God het Hy die mens geskep..." (*Dogmatiek* 1978:128). 'n Omskrywing van hierdie "beeld" is nie so eenvoudig nie omdat dit nêrens uitgespel word nie maar deur beelding, implikasie en abstraksies bekend gemaak word.

Binne literêre verband dui die term *beeld* nie op iets soos ewebeeld of afdruk nie, maar 'n aanduiding van iets groters,

iets meer omvattends. Die beeld hier is 'n soort metafoor wat iets van die Godheid verrai. In dieselfde versreël (27) word bygevoeg: "man en vrou het Hy hulle geskep". Die feit dat die mens as twee geskep word, dui onder meer op die feit dat kommunikasie noodsaaklik is. God fasiliteer as't ware gesprek tussen Hom en die mens deur vir Adam 'n gespreksgenoot te gee. Alle lewende organismes kommunikeer op die een op ander manier. Maar wat die mens van alle ander spesies onderskei is *taal* of die logos of die woord.

Voortaan sal die term *taal* gebruik word waar die term *woord*, in die meeste gevalle, ewe geldig is.

DIE WOORD: lewe daarin

In die begin was die Woord in die kind

Dit is deur taal dat God orde uit chaos (vgl Gen 1,2; Ps 33:6-9; Hebr 11:3; 2 Pet 3:5) skep en later weer herskep (Open 21). En dit is deur taal dat die mens orde uit sy eie chaos binne en buite homself kan skep. Sonder taal is dit onmoontlik. Na die sondeval leef die mens in disharmonie met homself, sy medemens, sy Skepper en omgewing. Die mens self wend verskeie pogings aan om die orde weer te herstel. Dit blyk baie duidelik veral uit die literatuur oor die eeue heen. Dit is veral kunstenaars en meer spesifiek, woordkunstenaars wat op verbeeldingryke manier probeer om die chaos te herskep. Wat min mense besef of wil aanvaar, is dat die versteurde orde net volledig en permanent herstel

kan word eers ná versoening met sy Skepper.

Die probleem is dat die mens hom nie self uit sy eie ellende kan red nie. Alleen die Outeur van alle lewe kan so iets inisieer. En Hy het dit weliswaar gedoen op sy enigmatiese manier in die vorm van sy Seun, die lewende Woord. Maar die mens het ook sy aktiewe aandeel: deur geskrewe taal kan hy tot kennis van hierdie reddingsplan kom en dit aanvaar of verwerp. Taal is die enigste manier waarop hierdie plan geaktualiseer kan word. Die menslike denke ('n vorm van ongesproke taal) is nodig vir so 'n aktualisering. Of sy aktualisering onuitgespreek bly, uitgespreek of geskryf word, maak nie 'n verskil aan die geldigheid daarvan nie.

Linguïste, taalfilosowe, sielkundiges en vele ander worstel nog steeds met die verband tussen taal en denke asook die korrelasie daarvan met kognisie en kognitiewe ontwikkeling. Hierdie moeilike kwessie val buite die raamwerk van hierdie studie.

Voorts word taal in drie "kategorieë" ingedeel, naamlik ongesproke taal, gesproke taal en geskrewe taal.

DIE WOORD: ongesproke taal

Wat die voorskoolse kind betref, blyk dit dat almal 'n vorm van taalbesit het - al is dit net ongesproke taal.

Ongesproke taal is 'n gegewe; dit word aangebore en nie verwerf of aangeleer nie. (Dink maar aan die klassieke geval van Hellen Keller met haar helder denke lank voordat sy deur

vingertaal kon kommunikeer nadat sy op negentien maande doof en blind geword het.)

Dit is seker nie nodig om te verduidelik dat die suigeling se denkstrukture nie naastenby so gesofistikeer en inhoudelik uitgebrei soos die volwassene s'n is nie. Maar dat hy wel 'n vorm van taalbesit het vóór geboorte word al duideliker.

Zigler en Stevenson (1993:124) wys op Anthony DeCasper en sy bondgenote se hipotese dat die fetus reeds *in utero* leer. Om hierdie hipotese te bevestig, het hulle toetse gedoen en bevind dat pasgebore babas aan 'n fopspeen suig met die doel om hulle ma's se stemme te hoor (teenoor geluide en ander stemme). Dit blyk verder uit hulle bevindings dat die pasgeborene 'n definitiewe voorkeur vir bekende geluide het, veral taal. "From the moment they leave their mother's womb, newborns attach the utmost importance to their acoustical environment" (Mehler en Dupoux, *What Infants Know. The New Cognitive Science of Early Development* 1994:67). Hierdie twee navorsers wys ook op die betekenisvolle bevinding dat babas (hier vier maande oud) woorde bo stilte verkies (152).

Jacques Mehler en Emmanuel Dipoux het geen twyfel oor die feit nie dat suigeling kognitiewe vermoëns het. "We now know that infants possess very developed abilities at birth" (164). In 'n ondersoek is bevind dat suigeling so vroeg soos vier dae hulle moedertaal kan onderskei van ander tale.

(154). Verder beweer hierdie twee Franse psigolinguiste dat babas in 'n sekere stadium hulle sensitiwiteit vir ander tale verloor. "We have seen that at two months babies easily distinguish *r* and *l*, whereas Japanese adults, for example, have great difficulty doing this. Babies are not *just as* gifted as adults, they are much *more* so. Learning a language in fact involves a partial loss, through the selection of certain contrasts and the forgetting of others which are not relevant" (168). Volgens 'n Kanadese studie begin babas sekere klankkontraste tussen tien en twaalf maande ignoreer (168). Dié elimineringsproses neem toe totdat die kind later net die tale waarmee hy in aanraking kom, ken of herken.

Om weer terug te keer na DeCasper se ondersoek met die suigtoets (fopspene en die ma se stem as beloning). In 'n opvolgstudie het 16 swanger vroue gedeeltes uit 'n kinderboek, *The Cat in the Hat*, hardop gelees. (Hulle was in die laaste ses en 'n half week van swangerskap.) Hulle het twee keer per dag vir 'n totaal van vyf uur aan hulle fetusse uit hierdie boek voorgelees. Na geboorte het die navorsers weer die suigtoets gedoen en bevind dat die pasgebore babas suig sodat hulle die ma's uit *The Cat in the Hat* kan hoor voorlees teenoor 'n onbekende teks met 'n ander toonaanslag, *The King, the Mice and the Cheese* (Zigler & Stevenson:124).

Dit lyk nie of die emosionele belewenis van die fetus *in utero* tot dusver veel aandag gekry het nie. Wat wel algemeen

bekend is, is dat harde geluide of die ma se vinnige reaksie, 'n beweging by die fetus tot gevolg het. Daarby is bevind dat swanger vroue wat onder oormatige stres verkeer se fetusse blootgestel is aan vroeë of laat geboortes en/of sindrome van rusteloosheid en neulerigheid openbaar (Zigler & Stevenson:138).

Hoewel 'n uitsonderlike geval, maak die Bybel vermelding van 'n fetus wat emosie getoon het. Dit impliseer dat daardie fetus ook kognitiewe vermoëns moes hê om die boodskap te kon interpreteer om dan daarop te reageer. Toe die swanger Maria, die moeder van Jesus, by Elisabet aankom om haar die goeie nuus te vertel, het die ongebore kindjie in Elisabet se skoot beweeg waarna sy Maria met 'n seën begroet en uitroep:

*"Kyk, net toe die geluid van jou groet
in my ore klink,
het die kindjie in my
van vreugde beweeg."* Lukas 1:44

Dit is uiteraard onmoontlik om hierdie insident na twee duisend jaar te kontroleer, en om so 'n komplekse gebeurtenis te verklaar, is sekerlik wetenskaplik onmoontlik. Veronderstel dit was presies soos wat Elisabet gerapporteer het, kan wat daar gebeur het moontlik so verduidelik word: Die boodskap wat Elisabet aan Maria wou oordra, is op bonatuurlike wyse aan haar geopenbaar, want sy het geweet wat Maria wou sê voordat sy 'n woord ge-uiter het. Hier het oordrag deur ongesproke taal plaasgevind. In

Bybelse terme staan dit as profetiese kennis bekend. Wetenskaplik sal dit onaanvaarbaar wees omdat dit nie met die sintuie waargeneem en met die rede geverifieer kan word nie.

Hoe dit ookal sy: die fetus moes iets van die ongesproke goeie nuus verstaan het anders kon hy nie daarop reageer nie. Dit wil sê: deur ongesproke taal het die fetus die boodskap gehoor en emosie (vreugde) getoon. Hoewel oordrag op 'n bonatuurlike en direkte manier (goddelike openbaring) geskied het, was kognisie nodig. Geen lewende wese kan so 'n mate van insig toon sonder kognitiewe prosesse nie. Die intellek of verstand moes 'n rol gespeel het in die insig wat die fetus getoon het. Die Bybel stel dit onomwonde dat God die mens verstand gegee het om Hom (en ook ander bonatuurlike dinge) te kan ken en te begryp (vgl 1 Joh 5:19). Soos reeds in hoofstuk 2 aangetoon, funksioneer taal nie buite die rede om nie.

Die ma se insig het ewe-eens op bonatuurlike wyse en deur ongesproke taal gekom. Wat die teks nie laat blyk nie is wie die boodskap eerste ontvang het: of die fetus en toe die ma en of die een dit aan die ander oorgedra het nie. Dit kon ook gelyktydig gewees het. Wat duidelik is, is dat die ma geweet het die ongebore kind weet ook. Of die fetus geweet het dat die ma weet, kan nie afgelei word nie. Nietemin: al het kommunikasie op watter manier ookal plaasgevind, kon kennis nie sonder kognisie oorgedra geword het nie. 'n Ander

voorbeeld wat nie maklik wetenskaplik of selfs andersins verklaarbaar is nie, word aangetref in Psalm 8:3:

*Kinders en suigeling besing
die magtige werk
wat U tot stand gebring het.
So word u teëstanders,
die vyande en wraakgieriges,
tot swye gebring.*

Kinders wat God se lof besing is nie so 'n rare verskynsel nie, maar suigeling wel. Presies hoe dit gebeur, is nie duidelik nie. Hoewel hierdie psalm die uitinge van 'n liriese spreker is en dit dus beeldspraak kan wees, blyk dit tog eg te wees omdat Jesus honderde jare later hierdie woorde aanhaal wanneer Hy die geveinstes berispe. Na Jesus se triomfantelike intog in Jerusalem, volg die skare Hom tot in die tempel waar Hy wonderwerke doen en kinders Hom onophoudelik loof en prys.

*Hulle [die priesterhoofde en skrifgeleerdes] sê toe vir Hom: "Hoor jy wat sê hulle daar?"
"Ja," antwoord Jesus. "Het julle nooit gelees nie: U het daarvoor gesorg dat kinders en suigeling u lof besing?"*

Matteus 21:16

DIE WOORD: gesproke taal

Op ongeveer een en 'n half jaar begin die klein kind om gesproke taal te verwerf. Moderne wetenskaplikes wat met taal te doen het, voel sterk oor die feit dat gesproke taal nie aangeleer word nie. Die klein kind ekstraheer self woorde, grammatika, sintaksis en betekenis uit sy omgewing soos dit hom geval. Mehler en Dupoux stel dit so: "Language, the instrument essential to the species for communicating, building societies, and transmitting culture, is therefore

based on genetically transmitted predispositions and aptitudes inherent to the human brain. We cannot suppose, therefore, that its emergence is due merely to the brain's ability to learn anything and everything" (173).

Die feit dat die vermoë tot taal geneties oorgedra word, maak dit moontlik dat die klein kind gesproke taal op 'n spontane manier kan verwerf. In 'n later stadium, wanneer die kind gereed is vir meer formele onderrig, kan hy stap vir stap gelei word om geskrewe taal te bemeester - 'n baie komplekse simbolesistiem waar gesofistikeerde abstrakte denke nodig is. In hierdie nuwe simbolesistiem hou letters en woorde geen direkte of logiese verband met klanke en betekenis nie. Die korrelasie tussen daardie vreemde tekens op papier en dit waarna hulle in die werklikheid verwys, moet (onder meer) deur baie gesofistikeerde mnemoniese strategieë en met inspanning aangeleer word.

Vanaf twee en 'n half jaar word die kleuter 'n woordvraat. Dit staan ook bekend as die leksikale ontploffing. Volwassenes staan verstom oor die spoed waarmee hulle kleuters gesproke taal verwerf. Vir die volgende ses jaar bekom die kind ongeveer een woord per uur (Mehler en Dupoux: 34,35).

Hoewel die pasgeborene reeds oor mnemoniese vermoëns beskik, word die tegnieke al meer gesofistikeer namate hy ouer word. Geheueverbetering hou klaarblyklik verband met

die sneller taalverwerwing (leksikaal, sintakties en grammatikaal) in die kleuterjare - ook andersom. Daar is 'n sterk interaksie tussen hierdie twee prosesse. Verder verwys Piek na Shell en Hall (1979) se studie met drie- en vierjariges wat bewys lewer dat kleuters se geheue beter funksioneer indien inligting binne 'n betekenisvolle konteks aangebied word (*Menslike Ontwikkeling* 233,234).

Daar word al verder weg beweeg van Piaget se siening van die kind se vermoëns. Navorsers kom al meer tot die gevolgtrekking dat Piaget se filosofies-empiriese bevindinge nie meer so in die kol is soos wat baie vir jare lank vas geglo het nie. Om maar op drie van die tekortkominge te wys: Hy het hoofsaaklik net sy eie kinders se ontwikkelings gemonitor; hy het kinders aan toetse onderwerp waar hulle buite hulle natuurlike en bekende milieu was; baie van die vrae wat hy aan kinders gevra het, was buite hulle leefwêreld.

Latere hertoetsing deur ander navorsers, het nuwe bevindinge aan die lig gebring. So byvoorbeeld het hulle ontdek dat klein kinders beter presteer as hulle binne gesinsverband optree en ook wanneer die vrae of toetse bekende materiaal bevat. Baie van hierdie nuwe bevindinge het onder meer Piaget se egosentriese siening van die kind 'n taamlieke knou gegee. So is bewys dat suigelingreeds altruïstiese gedrag toon en dat egosentrisme by die kleuter net in sekere gevalle geldig is.

Wat taalverwerwing klaarblyklik verder fasiliteer, is 'n goeie rapport tussen ma en kind. Dit geld beide vir verbale en nie-verbale kommunikasie. Joanna Turner stel dit taamlik versigtig: "It is possible that maternal responsiveness does affect the rate at which language is required, an alternatively maternal responsiveness may be a sign of warm maternal attitude towards her child and this may also affect the child's verbal language" (*Made for Life. Coping, Competence and Cognition* 1980:42,43).

Om te oorleef in 'n vreemde omgewing moet die pasgeborene uit die staanspoor gereed wees om sosiale kodes aan te leer. Die heel belangrikste medium waardeur hy dit kan en behoort te doen, is gesproke taal. Hoewel hy met hierdie vermoë gebore word en hy reeds 'n vorm van taal in die ongesproke vorm besit, het hy mense nodig om hom aan gesproke taal bloot te stel.

Op wonderbaarlike wyse kan die kind op 'n baie vroeë leeftyd daarin slaag om verbale en nie-verbale kommunikasie te lees. Die feit dat die suigeling reeds ongeskrewe taal besit, maak dit vir hom moontlik. Wat dit moeilik kontroleerbaar maak, is die feit dat hy nog nie sy ervarings kan verbaliseer nie. Daarom kon die klein kind - veral die suigeling - se kognitiewe vermoëns nog nie na waarde bereken word nie.

Dit blyk uit onlangse navorsing dat kleuters beter presteer wanneer hulle as respons iets moes *doen* in plaas daarvan om

dit te *beskryf*. "[I]t was shown that a young child's performance seemed more advanced when it was assessed by *behaviour* rather than by answers to questions asked by the experimenter" (Mehler en Dupoux:116). Hierdie bevindinge bevestig die vermoede dat kleuters veel meer verstaan as wat hulle kan verbaliseer. Omdat hulle dit nog nie kan verbaliseer nie bly kennis heel dikwels onopgemerk. Hierdie hele kwessie geniet heelwat aandag by sielkundiges, en suigeling kry al meer "krediet" vir hulle kognitiewe vermoëns en prestasie.

Dit is nie so ongewoon nie dat volwassenes nog jare later voorvalle uit hulle heel vroeë kinderjare kan onthou. Iemand onthou hoe hy op drie jaar 'n trein vir Kersfees gekry het. 'n Ander toe sy voëltjie dood is, hoe hartseer hy was en hoe hulle hom begrawe het. Sulke voorvalle hou onder meer verband met die feit dat hulle toe reeds 'n mate van 'n gesproke taal verwerf en goeie mnemoniese tegnieke bemeester het. Min is bekend van die jonger kind se ervarings omdat hy of nie gesproke taal besit of nie voldoende mnemoniese tegnieke het om dit te bewaar en later op te roep nie.

Die volgende voorval is van 'n suigeling wat 'n gebeurtenis intens ervaar het sonder om dit in daardie stadium te kon verbaliseer. Maar dat dit vir haar 'n intense frustrasie was, is nie te betwyfel nie. Hierdie belewenis is tradisioneel gesien, redelik gevorderd vir 'n kind jonger as

twee jaar. Die denke van hierdie kleintjie dui op 'n goeie (ongesproke) taalbesit selfs in die afwesigheid van 'n gesproke taalbesit.

Die frustrasie wat ek as baba gehad het om nie my denke te kan artikuleer nie is nou nog net so helder soos meer as veertig jaar gelede. Ek onthou veral twee voorvalle baie goed. Beide was tussen 18 en 24 maande.

Die eerste voorval was tydens ete terwyl ek in my baba-eetstoel gesit het. My ma het met 'n baie warm pan verby my geloop en die pan teen my hand gestamp. Sy het net weggeloop en geen reaksie getoon nie. My verbystering oor my ma se apatie was klaarblyklik groter as die brandpyn wat 'n merk vir 20 jaar gelaat het! Ek kan nie onthou of ek gehuil het of nie. Wat toe oorheers het, was die feit dat sy nie 'n spier verroer het of 'n woord gesê het nie. Ek het gewag dat sy iets moes sê of doen. Ek kon dit nie glo toe niks gebeur nie. Ek was so gefrustreer omdat ek nie my gedagtes kon uiter nie want in daardie stadium kon ek nog nie praat nie. Ek het gedink sy gee nie vir my om nie en het verwerp gevoel.

Baie jare later het ek my ma daarvoor gekonfronteer. Sy het die voorval onthou maar kon nie juis 'n rede vir haar apatiese optrede gee nie. Ek het intussen beseft dat sy nie juis iemand is wat haar gevoelens wys of verbaliseer nie.

Die tweede voorval was tydens 'n besoek aan die Unie-gebou in Pretoria saam met my ouma. Ons het na die spuitfontein gekyk. Ek het op die rand van die muurtjie geklim om aan die leeu te vat. Die water wat so uit sy bek gespuit het, het my geweldig gefassineer. My ouma het vir my gesê om af te klim omdat ek in die water gaan val. Ek kon haar nie antwoord nie maar ek het vir haar "gesê": 'Ek sal nie inval nie. Ek weet presies wat ek doen. Ek wil net aan die leeu se bek vat en ek sal nie inval nie.' En ek het ook nie ingeval nie.

Izel Bezuidenhoud, Kaapstad
(Persoonlike gesprek: Julie 1994)

DIE KIND: mens in verhoudings

Die mens is 'n mens deur mense.
'n Tradisionele Afrika-spreekwoord

Die gesin is die terrein waar die klein kind al sy basiese inligting vir sy latere lewe moet kry. Hy is 'n baie fyn waarnemer van die ander gesinslede - aanvanklik die ouers en

dan die sibbes. Die klein kind is veral ingestel op ander se emosies. Volgens Jerome Bruner en Helen Haste dui Hood en Bloom se studie daarop dat kinders so jonk soos drie en vier jaar van ander se bedoelinge en motiewe praat. Jonger navorsing het bewys dat suigeling reeds in hulle tweede lewensjaar ander se emosies en motiewe kan antisipeer of lees (*Making Sense* 1987:27).

Bruner en Haste verwys in die inleiding van hulle boek, op die noue verband tussen taal, interpersoonlike verhoudings en die inskakeling by 'n bepaalde gemeenskap. "In relations with others the child early has the capacity to negotiate meaning and to interpret what is going on - even before her [his] full powers of lexico-grammatical speech have matured. Through language, the child is quickly aided in her [his] entry into *culture*: its metaphors, its kinds of explanation, its categories, and its ways of interpreting and evaluating events" (1987:2).

Dit is egter nie net taalverwerwing wat gefasiliteer word deur sosiale interaksie nie maar die kind se totale ontwikkeling hang daarvan af. Ontwikkelingsielkundiges besef al meer watter enorme rol die interaksie met ander in die klein kind se ontwikkeling speel. Hulle begin die waardevolle rol van 'scaffolding' insien. "At the very least, the child's [total] development must be mediated by, and stimulated by, interaction with others" (Bruner en Haste:8).

Om die waarheid te sê: ontwikkelingsielkundiges begin nou eers waardering kry vir Vygotsky se insig (reeds in die vroeë sestigerjare) met sy konsep *individue(e1)-sosiale dialektiek*. Hy wys op die klein kind se onbenutte vermoëns vanweë die gebrek aan sosiale interaksie. Hy lê veral klem op die "zone of proximal development", daardie gaping tussen die klein kind se werklike kognitiewe "prestasie" en sy potensiaal wat hy kan verwesenlik met die tussentrede en 'scaffolding' van ander - volwassenes en kinders (Bruner en Haste: 9).

Hierdie klemverskuiwing in die sielkunde van die kind se ontwikkeling as individu in afhanklikheid, na optimale ontwikkeling in sosiale interaksie, kom al nader aan die Bybelse konsep van menswees. Die mens is onder andere 'n verhoudingswese is (Heyns:127-137). Sy eerste verhouding is tussen God en mens; daarna mens en homself; mens teenoor mens; en mens teenoor sy omgewing. Die Bybel stel dit dat die mens deur God geskep is met die doel om 'n intieme verhouding met Hom te hê. Die feit dat die mens *beeld* is, impliseer dat daar die Oorspronklike is. Elke mens word met hierdie gerigtheid gebore om die Oorspronklike te soek. Handeling 17:27 en 28 stel dit baie duidelik waar Paulus die heidense, geleerde Ateners toespreek:

"God het hulle [al die nasies] gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind. Hy is nie ver van enigeen van ons af nie, want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons. Of soos party van julle digters ook gesê het: 'Ons stam ook van

Hom af'".

Volgens Paulus erken sommige Griekse digters dat hulle van 'n god, hier genoem 'n "onbekende god", afstam. Paulus maak van die geleentheid gebruik om 'n naam aan hierdie god te gee. Hy vertel hulle dat daardie onbekende god waarvan hulle praat, die God van Israel is. Hy vertel hulle ook die verlossingsboodskap waarna sommiges hom uitlag, ander tot geloof kom en nog ander meer wou hoor.

Augustinus eggo iets van hierdie menslike soeke na God meer as tien eeue later in die vorm van 'n intieme credo:

*U het ons vir Uself geskep,
en ons hart is onrustig in ons,
totdat dit rus vind in U.*

DIE KIND: soeker na sin

'n Ander kardinale aspek van menswees geniet tans ook groot aandag by al die geesteswetenskappe - ook in die ontwikkelingsielkunde. En dit is die mens se soeke na sin: "Its [psychology's] new emphasis is upon the achievement of meaning, both individually and culturally, and there is a realization now that the two are inseparable " (Bruner en Haste:24,25).

Ook hierdie klemverskuiwing laat die geesteswetenskappe nader aan die Bybelse perspektief beweeg. Die mens is ten diepste sinsoeker. Die hele boek Prediker handel oor die pogings van so 'n intensiewe sinsoeker wat sy lewe daaraan gewy het om sin te soek. Hierdie soeke na sin was 'n saak

van groot erns en hy het geen steen onaangeroer gelaat om sy doel te bereik nie. Die spreker in hierdie teks het hom eers toegelê op die verkryging van kennis en wysheid maar dit was nie werklik sinvol nie. Daarna het hy hom aan hedonisme oorgegee en homself geen plesier ontsê nie. Aan mag en rykdom het dit hom ook nie ontbreek nie. Hy was magtiger en ryker as almal voor hom in Jerusalem. Maar geen ding op aarde kon vir hom blywende geluk bring of werklik sin aan die lewe gee nie. En dit is die slotsom waartoe hy kom - al wat waarlik sin aan die lewe gee:

Dien God en gehoorsaam sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word. Prediker 12:13

Robert Coles (met assistente) het ongeveer vyf jaar lank in die Verenigde State van Amerika, Sentraal- en Suid-Amerika, Europa, die Midde-Ooste en Afrika ekstensiewe navorsing gedoen met kinders. Kinders (klaarblyklik van laerskoolouderdom) is onder meer eksistensiële vrae gevra oor hulleself, God en ander belangrike lewenskwessies. (Die navorsers het, sover dit afgelei kan word, nie binne 'n christelike raamwerk of selfs vanuit 'n religieuse hoek hulle studie benader nie, maar vanuit Coles se agtergrond as kinderpsigiater en kinderpsigoanalisis. Kinders vanuit drie hoofgodsdienste is ondervra, naamlik die Christendom, die Islam en die Judaïsme. En na al die jare se werk met kinders en sy vyfjaarstudie kom hy tot die gevolgtrekking dat religieuse belewenis 'n integrale deel van elke kind is, hoewel dit in baie gevalle (dalk die meeste) nie ooglopend

is nie . As wetenskaplike som hy dit so op: "It is a project that, finally helped me see children as seekers, as young pilgrims well aware that life is a finite journey and as anxious to make sense of it as those of us who are farther along in the time allotted us" (*The Spiritual Life of Children* 1992:xvi).

Vanuit die Bybel se perspektief is die mens "geprogrammeer" om *God* te soek en Hom te vind. Dit is nie so vergesog nie om te aanvaar dat die mens reeds van die begin af vir hierdie soeke ingerig is. Volgens Heyns is die mens volledig mens reeds by konsepsie: " die mens [ontstaan] na *liggaam en siel* deur die skeppende daad van God *in die moment van konsepsie* (1978:128). En as hy hier van siel praat, sluit hy ook die religieuse dimensie in. " ... Die Bybelse mensbeeld is volledig religieus, dit wil sê die totale mens, liggaam en siel met al sy vermoëns is op God betrokke" (129). Die hele mens is gepredisposisioneer om sy Skepper te soek en te vind - reeds van die heel begin af. Daarom het die ongebore baba 'n religieuse dimensie wat reeds daar is. Dit mag dalk lyk of die klein kind nie 'n religieuse dimensie het nie. 'n Paar redes wat voor die hand lê, is die feit dat hy hom dalk nie in 'n religieuse konteks bevind nie, dat hy nog nie aan 'n religieuse teks blootgestel is nie, dat hy dit nog nie kan artikuleer nie of dat daardie behoefte nie sigbaar/waarneembaar is nie.

Die kind word gebore met die strewe na die vind van God en

sodoende sin vir sy lewe. Die volwassene is verantwoordelik vir hierdie verwesenliking en is dikwels en grootliks die struikelblok wat die kind verhoed om hierdie doel te bereik. Die wêreld waarin die kind gebore word, is vanuit die kind se perspektief in chaos waaruit hy orde moet skep en sin moet vind. Bettelheim waarsku teen die gevaar dat die volwassenes dikwels te hoë (verkeerde?) verwagtinge aan die kind met sy beperkte vermoëns stel. Die kind se ontwikkelingsvlak moet in gedagte gehou word en die pas aangee (1976:3). In baie gevalle is die ouer daarvoor te blameer omdat die kind nie die regte leiding en voorbeeld op religieuse terrein kry nie en daar dan onbillike eise gestel word.

X

Die teenoorgestelde kan net so problematies wees. Soos die jongste ontwikkelingsielkunde en linguistiek al meer ontdek, is die kleuter tot veel méér in staat met die regte leiding uit die staanspoor uit. Oorvereenvoudiging, ook wat religieuse kwessies betref, kan ewe nadelig wees.

X

Daar is heelwat bewyse van jong kinders wat insig in 'n saak toon vër bo hulle verwagte ontwikkelingsvlak. Soos 'n ou spreekwoord lui: "Sommige kinders word met baard gebore." Hier is twee sulke jong kinders met "baarde".

Ek het op sesjarige ouderdom reeds die insig gehad dat die lewe vir party mense baie swaarder was as vir ander. Ek het geluister na wat ander kinders te vertel het en besef dat ek dit veel moeiliker gehad het. Ek het geweet ek moes liever stilbly want hulle sou nie weet waarvan ek praat nie.
Juliette Kriel, Kaapstad
(Persoonlike gesprek: Junie 1994)

Op 3 of 4 het ek intens bewus geword van my eie individualiteit. Ek het my verwonder oor die feit dat God vir my uniek gemaak het en dat ek nie iemand anders was nie. Ek het besef dat Hy elkeen anders gemaak het en dat elkeen op sy eie manier 'n individu is.

Marieke Botha, Kaapstad

(Persoonlike gesprek: Januarie 1995)

Hierdie verskynsel van insig ver bo die kind se vlak, is iets wat nie so seldsaam op religieuse terrein is nie. Dit is 'n voldonge feit dat kinders wat in 'n huis grootword waar God 'n realiteit en die Bybel as 'n praktiese handleiding dien, reeds op 'n vroeë ouderdom religieuse taal leer ken. Sulke kinders het 'n groot voorsprong bo ander en kan uiteraard makliker en gouer die Bybelse boodskap verstaan. Net soos insig by volwassenes vooraf kennis verg, verg dit ook by die kind. Geen mens kan insig hê sonder kennis nie.

X
'n Heeltemal geldige afleiding wat 'n mens kan maak, is dat hoe eerder die klein kind aan die Bybel bekend gestel word, hoe eerder kan hy dit verstaan en insig daarin kry. As die volwassene wag tot daardie dag dat hy dink die kind behoort iets te verstaan, kan dit dalk te laat wees. Konsepte wat vir baie volwassenes moeilik is om te snap, is nie noodwendig vir kleintjies moeilik nie. Om maar twee te noem: liefde en geloof. Christus het sekerlik geweet wat Hy sê toe Hy dít uitjubel:

Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het.

Matteus 11:25 (1953-vertaling)

Want waar die hoorder oop en ontvanklik is, is dit makliker vir God se Gees om toegang te kry en in te spreek. Waar dit kom by religieuse sake hou die insig nie noodwendig net verband met kognitiewe vermoëns, ontwikkelingsvlak of ouderdom nie. Hiervan is daar baie getuies. Charles Spurgeon (Britse teoloog van die vorige eeu) is een van daardie mense wat intens bewus was van kinders se diep religieuse behoefte en insig. Hy skryf in sy boek *"Come ye Children"*: "I have sometimes met with a deeper spiritual experience in children of ten and twelve than I have in certain persons of fifty and sixty. It is an old proverb that some children are born with beards ... You cannot measure the lives of any of us by our ages ... I cannot tell you why it is, but so I do know it is, that some are old when they are young, and some are very green when they are old; some are wise when you expect them to be otherwise, and others are very foolish when you might have expected that they had quitted their folly" (Ongedateer:24).

Dit blyk uit die praktyk dat insig in religieuse kwessies nie juis verband hou met iemand se ouderdom nie. Soos Spurgeon getuig, kan baie klein kinders 'n moeilike begrip snap terwyl volwassenes dit eers veel later begryp of selfs nóóit nie. En om hierdie verskynsel toe te lig - een bevestiging van elke kant van die skaal:

Ek het in my kamer sit en speel toe ek begin wonder of ek werklik 'n kind van Jesus is. Ek het na my ma toe gegaan en vir haar gevra of iemand vanself Jesus se kind is en indien nie hoe jy een word. My ma het verduidelik dat ek 'n sondaar is en dat Jesus my straf gedra het. Al wat ek moes doen, was

om te sê ek is jammer oor my sonde en sê dat ek graag Jesus se kind wil wees. Ek het dit toe gedoen. Omdat my pa 'n baie liefdevolle pa was en baie lief was vir die Here kon ek maklik God as my hemelse Vader sien. My verhouding met die Here het gegroei en dit was veral baie intiem toe ek op laerskool was.

Marieke Botha, Kaapstad

(Persoonlike gesprek: Januarie 1995)

Ek ken my lewe lank die Here maar ek het eers op 53 jaar die insig gekry in wat dit beteken dat God my Vader is en ek sy kind. Dit was die wonderlikste ontdekking wat ek nog ooit gemaak het en ek kan nie die diepte daarvan werklik beskryf nie. Ek weet nie hoe om vir Hom genoeg dankie te sê daarvoor nie.

Juliette Kriel, Kaapstad

(Persoonlike gesprek: Junie 1994)

Jesse Irving Overholzer, die stigter van Child Evangelism Fellowship in Amerika in die vroeë dertigerjare, het na aanleiding van sy eie ongelukkige ervaring as jong kind begin worstel met die vraag of kinders die evangelieboodskap kan verstaan. Hy het as jong kind (vermoedelik in sy laerskooljare) baie lewensvrae gevra ook oor Christenskap. Al antwoord wat hy eers van sy ma en later van ander gekry het, was: "You are not old enough to understand." En verder het sy hom gepaai met: "Just be good" (Rohrer, Norman *The Indomitable Mr O* 1970:28).

Op 12 jaar wou hy 'n lidmaat van sy kerk word, maar weer moes hy hoor dat hy te jonk was. Hierna het hy geleidelik sy rug op die Christendom gedraai en 'n taamlik losbandige lewe begin lei omdat hy nie geweet het hoe "oud" hy moes wees om self voor God verantwoording te doen nie.

Op 20 jaar het die wiel begin draai en het hy kragdadig tot bekering gekom. Hy het 'n lekeprediker geword en begin

worstel met die hele kwessie van "hoe oud 'n kind moet wees". Nadat hy al Charles Spurgeon se boeke gelees het, was hy op die punt om te glo dat kinders wel kan verstaan. Hy het tot die oortuiging gekom om dit op die proef te stel. In die stilligheid het hy verskeie (laerskool)kinders genader en die boodskap van verlossing vertel.

Sy eerste twee proefkonyne was twee sussies: 9 en 11 jaar oud. Tot sy uiterste verbasing het altwee die weg van verlossing verstaan en daar en dan die Here aangeneem. Nog groter was sy verbasing (en sy vreugde) toe hy ontdek dat feitlik almal aan wie hy die verhaal vertel dit goed verstaan het. Baie kinders het die Here aangeneem. Wat Spurgeon, die groot Britse teoloog gesê het, is aan Jesse bevestig: "A child of five, if properly instructed, can savingly believe as well as an adult. My conviction is that our converts from among children are the best we have. I should judge them to have been numerously genuine than any other class, more constant, and in the long run, more solid" (in Doherty, Sam *The Biblical Basis of Child Evangelism* 1986:64,65).

Van hierdie oortuiging van Spurgeon is Corrie ten Boom se lewe seker een van die belangrikste getuienisse. Sy het op vyf jaar tot bekering gekom.

Uit persoonlike gesprekke blyk dit dat daar tog enkele kinders is wat so jonk soos drie jaar die boodskap van verlossing voldoende verstaan om 'n verantwoordelike keuse

te kan maak. Maar dit is nie baie algemeen nie. Moontlike redes hiervoor is dat sulke kinders in 'n religieuse milieu grootword en voortdurend daarmee te doen kry. 'n Ander moontlike rede is die feit dat kinders op drie al 'n merkwaardige gesproke taalbesit het en hulle ongesproke taal (of gedagte) kan artikuleer. En dan natuurlik die bonatuurlike inspeling deur God se Gees wat nie dadelik of direk waarneembaar is nie.

DIE KIND: naïef-gelowig

"...elkeen van hierdie kleintjies wat in My glo ..."

Matteus 18:6

Die kind word gebore met 'n naïewe geloof. Deist skryf hoe dit duidelik uit talle persoonlike gesprekke geblyk het dat volwassenes sukkel om te glo. "Hulle vertel feitlik deurgaans dieselfde storie: kleintyd het hulle wel geglo, maar hulle kan nie meer nie, al wil hulle ook" (1991:6). Deist spreek sy sterk vermoede uit oor die klem wat in die later lewe op die rasonele gelê word. Die godsdiens en wetenskap word téénoor mekaar gestel en die mens word (onbewus) gedwing om die een aan te hang en die ander af te sweer (6-13).

Hoe jonger kinders is, hoe makliker glo hulle wat 'n volwassene vir hulle sê. Daarom moet die volwassene baie versigtig wees wat hy aan die kind voorhou, want die kind sal hom in die meeste gevalle onvoorwaardelik glo. Wat hier

van groot belang is, is *wie* die verteller is. Hoe belangriker die volwassene vir die kind is, hoe meer gesag sal sy woord dra.

Vir die kleuter is die natuurlike wêreld en die bonatuurlike wêreld ewe reëel. Hulle maak nie 'n onderskeid en polariseer nie die twee soos die meeste volwassenes nie. En daarom sukkel hy nie soos volwassenes om aan albei te glo nie. Deist beklemtoon die feit dat die klein kind hierdie twee dimensies as eg beleef. "As jy hulle van God vertel, bestaan hy ewe vanselfsprekend (naas sy stoel en sy bed) ... 'n [K]lein kind aanvaar vanselfsprekend dat die wêreld 'n ander, onsigbare kant het. Sy wêreld staan spontaan oop na 'n groter werklikheid toe. Naas sy stoel en sy beker is daar 'n *groter* wêreld wat net so werklik is as sy stoel en sy bed en sy beker ... God is vir hom óók net so werklik as sy stoel en sy bed en sy beker" (*Verhinder hulle nie* 1992:7).

Omdat die kleuter so spontaan aan alles glo, moet volwassenes die klein kind duidelik lei wat werklik van belang is en wat nie. As dit nie uit die staanspoor onderskei word van feetjies, hekse, drake en selfs Kersvader nie, kan dit later tot twyfel en selfs 'n geloofskrisis lei.

DIE KIND: mities-poëties

In hoofstuk 3 is die mities-poëtiese aard van die Bybel gedefinieer. Dit sluit aan by die mens se mities-poëtiese inslag. Elke mens het behoefte aan 'n religieuse verhaal

waarby hy kan inpas. Die mens is ook poëties in die mate dat hy kan skep en herskep deur middel van taal. Presies dieselfde geld vir die heel klein kind.

Maretha Maartens skryf, in haar artikel oor die religieuse behoefte van die kind, oor die baie kinders in Suid-Afrika wat 'n uitsiglose toekoms in die gesig staar. En dan "verbeter" sy op Emily Dickinson se gedig wat handel oor die "vlerke" wat boeke aan kinders kan gee. Sy stel dit so: "They need the only lasting bequest that we can give our young: roots and wings" (*Op Weg na Begrip. Kinderliteratuur vir Suid-Afrika* 1988:154)

AS MITIES

Stories have been told as long as speech has existed, and sans stories, the human race would have perished as it would have perished without water.

Isak Dinesen

Hierdie "roots" sluit aan by die mitiese aspek van die kind. Die mens is literêr gesproke 'n mities-poëtiese wese. Hy is van die begin af op soek na sin - op soek na 'n verhaal met ten minste 'n goeie einde waarvan hy deel kan wees. Bestaande verhale is nodig vir die kind om orde uit sy chaos te help skep. Meek en ander bevestig hierdie siening met hulle argument dat *verhaal* die basiese manier is waarop die mens sy ervaring organiseer en orden. A L Gregory meen die kind se konsep van die wêreld is geanker in wat hy noem "narrative organisation" (in: *Op Weg na Begrip* 276).

Die Bybelse verhaal is nie 'n gewone verhaal nie: dit is religieus - een wat dui op die onontkombare verbintenis tussen Skepper en skepsel. Hy kan daardie verbintenis ontken, ignoreer en "doodleef" of hy kan dit erken, bevestig en uitleef. Hy het die keuse. Hierdeur kan hy deel word van die enigste ware Mite wat vir hom bestendigheid - "roots" - kan gee. As 'n kind net vlerke kry en nie ook wortel skiet nie is hy iets soos 'n losgelate helium-ballon wat heen en weer deur die wind en lugstrome geslinger word. Aan die ander kant sal 'n kind wat net wortels het, 'n versteende boom word. Albei aspekte is nodig.

As gevolg van die relatiewe eenvoud van volksverhale vind hulle sterk aanklank by kinders. Dit is veral die sprokie wat kleuters fassineer. Dit lyk of hulle nooit daarvan moeg raak nie. Sprokies lyk oor die algemeen so: Die onskuldige beland in gevaar deur sy eie toedoen en/of dié van die bose. Uiteindelik word die onskuldige gered deur die goeie, maar in die meeste gevalle speel die onskuldige ook 'n aktiewe rol. Die goeie oorwin en in die meeste gevalle word die bose gestraf. Die sprokie het altyd 'n gelukkige einde en suggereer iets van die begin van oneindige geluk.

In 'n opstel met die titel "Imagination - A Philosophical Analysis", verwys Johan Degenaar na Ernst Bloch (ook 'n vurige voorstander van sprokies soos Bettelheim) na een van sy uitsprake oor hierdie volksverhale: "... fairy-tales also entail the future-directedness of man. They can

therefore encourage us to explore the meaning of life. They express in their own way one of the leading ideas of Bloch: 'The true genesis is not at the beginning, but at the end' " (in: *Op Weg na Begrip* 56).

Dit is wat die Die Bybel ook vertel. Om dit so te stel: die Bybel is die egte, die ware "Sprokie". Sekulêre sprokies verklap elkeen iets van die volledige Bybelse verhaal - op baie verbeeldingryke wyse. Elke sprokie is 'n vrye nabootsing en weerspieël iets van die wese van God se romantiese verhaal.

Met die feit dat kinders 'n goeie einde moet antisipeer, is dit dus noodsaaklik dat die kind reeds van die begin af die hele verhaal hoor al is dit net by wyse van fyngekose verhale en passasies - anders sien hy net die hele tyd die spreekwoordelike bome en nooit die lieflike woud nie. Sy kennis van God se verhaal sal gefragmenteer bly en hy sal nie die sinvolheid daarvan insien nie. Eers as hy 'n oorsigtelike prentjie het, sal dit ook vir hom betekenisvol wees.

Dit is veral noodsaaklik dat die kind (soos in die tradisionele sprokie) móét hoor wat die moeilikheid is, die oplossing van die probleem, sy eie aandeel aan die oplossing asook natuurlik die wonderlike einde. Vir baie kinders is die hemel iets baie vaags en ver. Geen wonder nie: dit is vir baie volwassenes ook iets abstraks. Die

Bybel (by uitstek Openbaring) is vol verwysings na die hemel in die hiernamaals. Of alles wat daar beskryf word eendag letter vir letter presies so sal wees, is nie die punt nie. Dit is soos wat God dit aan die mens openbaar het en hoe dit deur Johannes waargeneem en opgeteken is. Die voorstelling is baie konkreet en of die mens dit later so gaan ervaar, is nie nou van belang vir kind of volwassene nie. As God so konkreet kon word in die vorm van 'n konkrete mens, wat verhoed Hom om die nuwe hemel en aarde en die nuwe Jerusalem ook konkreet aan te bied?

AS POËTIES

Dit is Dickinson se "vlerke" wat net so nodig soos Maartens se "wortels" is. Wat die poëtiese aspek, die vlerke, van die kind betref, kan hy nie daarsonder nie. Die lewe sonder die poëtiese is nie net arm en leeg nie maar lei tot die dood. Dit is daardie potensiaal wat hy het om skoonheid te koester en om orde uit die chaos binne en buite hom te skep deur taal - of dit ongesproke, gesproke of geskrewe is. Die kind is ook *beeld* - beeld van God. Dit gee hom die vermoë om saam met die Groot Skepper te skep en te herskep. Maar sonder die oorspronklike Skepper is en bly die kind se skeppings en herskeppings pogings kortstondig en futiel. En hierdie poëtiese vermoë kan aan hom die vlerke gee waardeur hy vry kan kom van die ou wêreld van chaos en die kosmiese ironie.

DIE WOORD: geskrewe taal

In die begin was die Woord in die kind

Kleuter- en kinderbybels het hulle ontstaan gekry juis vanweë die besorgdheid by volwassenes oor kinders se religieuse opvoeding en ontwikkeling. Uit die vele publikasies met vereenvoudigde en geparafraseerde tekste blyk dit dat baie volwassenes die Bybel as te moeilik vir die kind beskou. Hierdie antisipasie spruit heel waarskynlik uit die volwassene se eie gebrek aan insig in die Skrif sowel as in die kind. Die verskeidenheid publikasies vir kinders getuig hiervan.

Daar is egter heelparty verstandige volwassenes wat nie met hierdie aanname saamstem nie. Spurgeon is een van hulle. Hy was baie uitgesproke omtrent hierdie saak: "I can bear witness that children *can* understand the Scriptures; for I am sure that, when but a child, I could have discussed many a knotty point of controversial theology, having heard both sides of the question freely stated among my father's circle of friends. In fact, children are capable of understanding some things early in life, which we hardly understand afterwards" (Ongedateer:99).

Met wat moderne sielkundiges sê oor die klein kind se kognitiewe vermoëns (selfs van die ongebore kleintjie), die ongesproke taalbesit en die fasiliterende rol van die gesin, kan 'n mens heelwat meer begrip ook op religieuse gebied verwag. Wat ook goed in gedagte gehou moet word, is dat

(soos reeds vroeër genoem) die reële Outeur op bonatuurlike wyse kan ingryp in die leser/luisteraar se ervaring van die teks direk beïnvloed. Deur sy Gees kan God ingewikkelde religieuse begrippe vir enigiemand ontsluit - ook vir klein kinders. Dan is daar ook die voordeel van oorgenoeg verhale wat moeilike en abstrakte begrippe konkreet kan toelig. Om maar enkeles te noem: Noag se gehoorsaamheid word duidelik gemaak deurdat Noag alles presies doen soos wat God sê al lyk dit op die oog af 'n vreemde opdrag. Of Dawid se vertrouwe in die krag van God: hy het die reus in die naam van God aangedurf en verslaan.

Dit is allernoodsaakliks dat die kind reg van die begin af - sodra 'n vrou weet dat sy swanger is - die waarheid suiwer moet hoor. En die waarheid kom via God se Woord en soos reeds geargumenteer, is kleuter- en kinderbybels nie God se Woord per se nie. As die kind nie uit die staanspoor die egte, die suiwer woord hoor nie, kan hy later moeite hê om dit te aanvaar en selfs te herken. Hy sal beswaarlik tussen waarheid en dwaling kan onderskei as hy nie vertrou is met die gegewe van die bronteks nie. 'n Illustrasie uit die sekulêre wêreld kan dalk iets van die gevaar van travestieë verduidelik.

In die bankwese leer werknemers wat onvervalste note is deur baie lank net die egtes te hanteer. Wanneer hulle baie goed vertrou is met die egtes is hulle in staat om die vervalste note onmiddellik uit te ken sonder om hulle ooit te

gehanteer het. Omdat vervalste produkte legio-variasies het, sal daar nooit tussen die egte en die valse onderskei kan word as die aanvanklike blootstelling aan die valeses was nie.

Jesus waarsku in baie duidelike terme teen dwaling met hierdie woorde in Matteus 22:29:

"Julle dwaal omdat julle nie die Skrif en ook nie die krag van God ken nie."

Spurgeon het die wysheid gehad om te propageer dat die Skrif ook vir klein kinders toeganklik en daarom suiwer aangebied moet word. "There is an adaptation in the Bible for human beings of all ages, and therefore it has a fitness for all children" (109). Dan kom hy met hierdie stelling wat feitlik alle bestaande travestieë die nek inslaan: "We make the mistake when we think that we must begin with something else and lead up to the Scriptures. The Bible is the book for the peep of day. Parts of it are above a child's mind, for they are above the comprehension of the most advanced of us" (109,110). Hy sê verder dat 'n wyse volwassene sal weet wat om vir kinders te laat hoor en wat nie.

Timoteus is die uitstaande voorbeeld van 'n kind wat reeds van kleins af die Skrif geken het. Die Griekse woord vir *klein* wat in die oorspronklike teks gebruik word, is *brephos* (*Online Bible & Concordance 5.00* 1990). Dit kan dui op 'n embryo, fetus, pasgeborene, suigeling of kleuter. Hoewel dit die enigste keer in die Bybel is wat melding

gemaak word van 'n klein kindjie (dalk fetus) se kennis van die Skrif, is dit 'n aanduiding dat sulke kennis moontlik is. Dalk is daar meer Timoteuse as wat 'n mens vermoed.

Spurgeon het blykbaar meer insig in die klein wesentjies gehad as al die sielkundige tot op hede. Hy praat reeds van die ontvanklikheid van babas en waarsku dat volwassenes nooit vroeg genoeg kan begin voorlees uit die Skrif nie. "A special vantage-ground is lost when even babyhood is left uncultured" (109).

Dit is die suiwer Woord van God – met sy logiese en magiese dimensies – wat sonder inmenging of verduideliking – die weg baan vir verlossing deur die ware Logos. In 2 Timoteus 3:15-17 word die heel belangrikste funksies van die heilige Skrif baie duidelik gestel:

Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

Kinderbybels wat nie die suiwer Woord van God ten minste oorsigtelik aanbied nie, kan beswaarlik hieraan beantwoord. Hoe edel ookal die bedoelings van baie kinderbybelskrywers is, het sulke tekste weinig waarde en kan dit selfs 'n skadelike invloed op die kind se religieuse persepsies hê.

Heyns het by implikasie gesê dat die mens reeds by konsepisie

broosheid van kleintjies en andersyds op die erns van die saak. In vers 10 waarsku Jesus ook teen die geringskatting van klein kinders - hier ook binne 'n religieuse konteks.

SUIWER SKRIF IN UTERO

Om terug te keer na DeCasper met sy ondersoek na pasgeborenes. Hy het bevind dat die ma se stem prioriteit bo ander geluide kry. Daarna word taal verkies bo musiek of enige ander vorm van klank. In die opvolgtoetse is verder vasgestel dat pasgeborenes bekende tekste bo onbekendes stel.

As 'n sekulêre dissipline reeds begin waarde heg aan *in utero*-belewenis, sal dit baie dwaas wees as die teologie dit willens en wetens verwerp of selfs net ignoreer. Om die ongebore kind die voordeel van die twyfel te gee, sal dit raadsaam wees dat hy reeds die suiwer Skrif reg van die begin af hoor. Maar waar begin 'n mens? Om die Bybel van Genesis 1:1 tot by Openbaring 22:21 deur te lees, sal te lank neem. Buitendien speel herhaling 'n groot rol en sal seleksies gemaak moet word. Soos reeds aangedui, is verhalende gedeeltes oor die algemeen meer toeganklik vir kinders. Maar enkele nie-verhalende gedeeltes sal ook ingesluit moet word omdat God Hom hoofsaaklik daardeur op direkte manier openbaar. Sulke passasies help bou aan 'n gesonde Godsbegrip. Dit is belangrik veral in die geval waar pa en kind nie 'n goeie verhouding het nie en/of die pa self 'n verwronge Godsbegrip of dalk geen verhouding met God het

nie.

Presies watter verhalende en nie-verhalende gedeeltes vir so 'n nuwe teks geselekteer gaan word, sal 'n uitvloeisel van hierdie studie wees. Omdat sulke seleksies nie Bybel is nie en die bestaande titel Bybel ook nie 'n semantiese bydrae lewer nie, sal 'n alternatiewe titel meer wenslik wees.

Hierdie voorgestelde teks (met illustrasies) wat die bestaande kleuter- en kinderbybels sal probeer vervang, sal beter kontinuïteit bied aan religieuse opvoeding. Die ma bly aan die suigeling voorlees uit presies dieselfde teks. Waar die swanger ma min of meer ongesteur en op vasgestelde tye kon voorlees, sal die aktiwiteite van die nuweling en ander omstandighede nou gewysig moet word. Die omstandighede sal nooit weer so "ideaal" soos voorheen wees nie. Nietemin: die voorlesing moet voortgaan omdat suigeling beter op die reeds bekende teks behoort te reageer.

Uit die praktyk blyk dit dat kleuters vanaf ongeveer drie jaar aktief begin belangstel in die voorlees van tekste. Nou begin hy vra om sekere verhale oor en oor te hoor. Hy begin ook om spontaan vrae oor die verhaal self te vra. As hy 'n sekere verhaal nie oor en oor wil hoor nie of as hy geen vrae oor 'n verhaal vra nie, is dit 'n goeie aanduiding dat daar niks in die verhaal is wat tot hom spreek nie. Die kind se geverbaliseerde betrokkenheid by 'n verhaal hou onder meer verband met die ontwikkeling van sy kognitiewe vermoëns

- waarvan die verwerwing van 'n gesproke taal en meer gesofistikeerde mnemoniese tegnieke seker die vernaamste agente is.

Hoewel hy nie spesifiek na Bybelverhale verwys nie, is Gordon Winch se volgende mening ewe geldig: "[C]hildren take what they want from books and their responses are not always searching or comprehensive. If a book is a good one it will be able to create enjoyment at many levels, in many ways and at many times. It will always bring light to a child's eye" (*Give Them Wings* 25).

FONDAMENT VIR LERING

Die doel van Bybelse verhale is nie om feite oor te dra nie. "Bybelse verhale wil ons in staat stel om óók deel te hê aan die onsigbare wêreld van God en om so 'n nuwe lewenskwaliteit te verkry - 'n lewenskwaliteit wat Bybelse getuies 'die ewige lewe' noem" (Deist:11). Daarom is dit ook nie die feite van die verhale wat so belangrik is nie. Volgens hom is dit die "goddelike *werklikheidsdimensie* wat deur die verhaal ontsluit word en die *lewensmoontlikhede* wat uit 'n ontmoeting met God ontstaan" (11).

Goeie literatuur spreek altyd vir homself en is veral binne die oeuvre self-eksegeties. Dit doen baie afbreuk aan die magiese dimensie om vrae te vra of sedelessies uit lig nadat 'n goeie verhaal voorgelees is. Oor die algemeen vra volwassenes vrae vanuit hulle eie leefwêreld of wat hulle

dink vir die kind belangrik is om te weet. Hierdie vorm van onderrig is in die meeste gevalle buite die kind se ervaring van die *hier* en die *nou*.

Om dit toe te lig: Gestel die ma lees vir 'n kleuter oor Dawid en Goliat. Sy maak seker dat die kind weet wie die hoofkarakters is en wat die hoofgebeure is. 'n "Wyse" ma beseft dat feitekennis nie genoeg is nie en maak net seker dat die kleuter ten minste een van die hoofwaarhede gesnap het. Sy vertel hom byvoorbeeld, dat Dawid geglo het dat God hom sal help teen Goliat omdat die "Here by Dawid was" anders sou hy sekerlik nie vir Goliat die reus kon doodmaak nie. Vir die meeste kleuters is hierdie lessie verwyder van hulle onmiddellike leefwêreld. (En nie net vir kleuters nie!) Die "wyse" ma is weereens bewus van hierdie probleem en gaan nog 'n stappie verder. Sy verseker die kind dat net soos God vir Dawid by Dawid was en hom gehelp het omdat Dawid vir God lief was/gehoorsaam was, so sal God by hom (die kind) wees en hom help in moeilike tye as hy aan God gehoorsaam is.

Hierdie vorm van onderrig is baie formeel, abstrak en verwyder van die kind se leefwêreld. Die verhale moet dien as basis vir 'n *spontane* leerproses. Indien die ma vir die ongebore kind reeds voor geboorte verhale (verbatim) begin voorlees het en voortgaan daarmee in die suigelingjare en kleuterjare, vorm dit 'n onuitputlike skatkis van praktiese en relevante lering vir die klein kind. Om dit toe te lig,

word dieselfde vierjarige geneem.

Onder die ideale omstandighede sou hierdie knapie die verhaal van Dawid en Goliat al verskeie male gehoor het. Hoeveel hy daarvan onthou en hoeveel insig hy in die kernwaarhede het, is nog nie van kardinale belang nie. Maar die kind begin nou 'n angs vir die nag en die donker openbaar en nou kan 'n Bybelverhaal soos Dawid en Goliat 'n belangrike en praktiese rol speel. Nadat hy getroos is, herinner sy ma hom aan die verhaal. Sy kan dit opsom of dalk kan die kind dit self vertel. As die kind daartoe instem, kan hulle twee dit weer saam gaan lees. Daarna kan sy vir hom op die ooreenkomste (ook verskille) tussen hom en Dawid wys. En eers dan sal die Bybelse verhaal vir hom duidelik, sinvol en relevant word. Nou word die Bybel vir die kleuter konkreet en prakties - 'n boek waarvolgens hy kan lééf.

Dit is 'n ware Bybelles. Nie soos wat baie doen om die Bybelse verhaal te verwerk en lessies tussendeur te vleg om dit aan die kind op 'n "verstaanbare" manier aan te bied op vaste tye nie. Dit is hier waar baie volwassenes nie die onderskeid kan tref tussen 'n Bybelverhaal en 'n Bybelles nie. Die Bybelverhaal het reeds 'n les in hom opgesluit. En die oopsluit daarvan op werklik sinvolle manier is om dit by die kind se *onmiddellike* behoefte te laat aansluit - nie 'n week of selfs 'n dag vroeër of later nie. Geen wonder nie dat die Bybel vir baie mense nooit relevant word nie.

Alle mense - ook kleuters - haat preke of sedelessies. Dit

is onvermydelik as daar geen Bybelse verhale aan die kind bekend is waarop teruggeval kan word nie. Prekies kan vermy word as die suiwer Skrif aan die kind bekend is en later - wanneer dit toepaslik is - voorgehou word.

CHRONOLOGIES OF TEMATIES?

Die volgorde van verhale en boeke in die Bybel is nie volgens chronologie nie. Die redes daarvoor vorm nie deel van hierdie studie nie. Om Bybelse gebeure chronologies te probeer aanbied vir kinders sal weereens die integriteit van die oorspronklike teks aantast. Die eerste kennismaking met die Woord moet in sy oorspronklike vorm wees. Die Bybel is, soos reeds verduidelik, nie in die eerste plek 'n feite- of geskiedenis-handboek nie. Dit is God se verhaal en sy bemoeienis met die mens. Om die minste moontlike versteuring van die oorspronklike aanbieding te veroorsaak, moet die verhale in hulle bestaande volgorde behou word.

Maar tematiese aanbieding vir kinders is ook in orde - en nodig. Dit maak die Bybel relevant en prakties vir almal. Tematiese aanbieding maak uitstekende materiaal vir lering. Weereens moet dit so informeel en spontaan moontlik gebeur. Dit kan volg op kinders se vrae oor byvoorbeeld: Wat is sonde? Wie is Satan? Hoekom gaan mense dood? Waar is die hemel? Sulke vrae bied 'n gulde geleentheid vir tematiese lering. Weereens is dit die heel beste as sulke vrae aan die hand van Bybelverhale verduidelik word of so nie aan fyngekoose Skrifgedeeltes regdeur die Bybel wat hierdie vrae

sal toelig. Tematiese lering is noodsaaklik maar dit sal grootliks afhang van die kind se vrae of sy eie ervarings.

DIE KIND: van hoorder tot leser

Oor die algemeen ontgroeï kinders literatuur wat spesifiek vir hulle bedoel is. 'n Baie ooglopende voorbeeld is sprokies. Die kleuter wat versot was op sprokies en sekeres tot vervelens toe (vir die volwassene) wou aanhoor, stel op 'n dag nie meer daarin belang nie. Dit gebeur min of meer op ses of sewe wanneer hy skool toe gaan. Dan het hy ontdek dat hierdie verhale nie "waar" of histories korrek is nie grotendeels omdat volwassenes dit nie so beskou nie.

Dit is juis hierdie gevaar wat kleuter- en kinderbybels ook inhou. Die kind ontdek nou dat die kinderbybel nie die regte Bybel is nie en dat volwassenes nie self waarde daaraan heg nie. Daar kan nog meer verwarring wees as die kind eers aan 'n sogenaamde kleuterbybel gewoond was en in 'n later stadium 'n "meer gevorderde" kinderbybel kry. En dan nóg later kom die kind in aanraking met die "volwasse" Bybel. Hierdie spronge wat gemaak moet word, veroorsaak bepaald probleme. Dit veroorsaak nie net 'n breuk in sy religieuse opvoeding nie maar ook in sy religieuse belewenis. Hier is kontinuïteit nie net 'n waardevolle bousteen vir geloofwaardigheid en standvastigheid nie maar 'n vereiste.

Hoewel hy nie hier na die Bybel verwys word nie, stem Lohann saam met die idee van kontinuïteit. Hy sê dat die

voorleesboek geskik moet wees vir die kind om in die aanvangsleesfase as selfleesboek gebruik te word. Nou leer hy bekende verhale self lees - iets wat hy nie voorheen kon doen nie en nou kan bemeester. En dit is vir hom 'n groter prestasie as wat die volwassene besef (Lohann:20).

Die waarde van suiwer Skrif uit die staanspoor is nie net waardevol vir die klein kind se religieuse lewe nie maar die vrug daarvan kan ook gepluk word wanneer die kind begin lees. Voor Gutenberg met sy drukpers begin en voor sekulêre tekste vryelik beskikbaar was, was die Bybel die enigste leesboek vir baie kinders. Dit is die boek waaruit hulle leer lees het.

Bettelheim en Zelan het 'n studie gemaak oor die aanleer van lees en die waarde van sinvolle leesstof is bo alle twyfel bevestig. Volgens hulle is kinders gefassineer met betekenis en sin soos die titel van hulle gesamentlike boek, *On Learning to Read. The Child's Fascination with Meaning*, aandui.

Hierdie twee navorsers se afgryse oor die power gehalte van leesboeke waaruit kinders moet leer lees, is bevestig deur kinders se eie verontwaardiging daaroor. "After the complaint that the stories in their readers were 'stupid', the next most frequently voiced objection was that they were not 'true to life'. The children were all very angry that the primer stories tell about children their own age, and their parents, while making them act in ways neither they

nor their parents ever would" (1982:256). Oor die algemeen is aanvangslesers uiters verveeld met swak stories. Een kind lewer besliste kommentaar hieroor: "My most emotionally charged memories are about how edgy I was that I had to spend time reading stories which was meaningless and without plot" (255).

Dit het vir Bettelheim en Zelan al duideliker geword dat kinders self onverdraagsaam is teenoor die swak leesstof wat aan hulle as aanvangslesers gebied word. Die tradisionele drieletterwoorde en die seswoordsinne (byvoorbeeld: "Die kat sit op die mat.") is ver benede die kind van ses of sewe se standaard. Geen wonder nie dat so min kinders werklik van lees hou. Die tekste is te eenvoudig en so swak dat dit hulle lus vir lees heeltemal laat kwyn. Watter uitdaging is daarin om inhoud te lees waarvan hulle reeds die woordeskat en sintaksis op twee of drie jaar bemeester het? Een van die kinders het baie sterk op oorvereenvoudigde leesboeke gereageer: "It didn't make sense that books I could comprehend when read to me had to be ridiculously simplified for me to understand when reading by myself. To me these stories were a message from adults, 'By yourself you are no good; on your own you can understand only what adults make stupidly simple for you.' I hated these adults who thought so little of me" (255).

Wat baie duidelik uit hulle hele ondersoek geblyk het, is dat alle kinders sinsoekers is - ook in die leer van lees.

Volgens Bettelheim en Zelan is die enigste ware motief vir lees die belangstelling en soeke na sin.

Dit is van deurslaggewende belang hoe kinders hulle aanvangsleestydperk beleef. Daarom moet leesboeke met groot omsigtigheid gekies word. Literatuur (met die logiese en magiese dimensie) wat binne die leefwêreld van die kind val, sal bepaald 'n beter resultaat hê. Verhale wat die kind boei, help om homself te ontdek, die wêreld rondom hom beter te laat verstaan - kortom: hom orde help skep en skoonheid laat raaksien - dit is die soort teks wat die kind wil en sal kan lees. Dit is daardie soort teks wat nie net op die verstaanbaarheid en maklik leesbaarheid fokus nie maar tot die hele kind sal spreek.

En dit is wat die Bybel kan en wil doen.

DIE KIND: in driemanskap

Weer is dit die ouers (of ander hoë-status-persoon soos 'n ouma of oupa) wat die leer van lees help fasiliteer. As literatuur en lees vir die ouers belangrik is, is die kans uitstekend goed dat die kind hierdie sentimente sal deel of wil deel. Hoe sterker die verhouding tussen ouer en literatuur en ouer en kind is, hoe groter is die aansporing vir die kind. Die groot nadeel verbonde aan ouers wat nie lees nie, kan bydra tot die feit dat kinders dink lees hou verband met kindskap en daarom sal hulle dit so gou moontlik wil aflê.

Dit is geen geheim nie dat kinders aan wie voorgelees is enersyds 'n beter taalbesit en -beheer het, gouer leer lees en gewoonlik 'n groter liefde vir literatuur het as kinders wat nie dieselfde voorreg gehad het nie. Bettelheim en Zelan is getuies hiervan. "It is not objective merit, but high parental valuation, that makes reading so attractive to the child ... What makes it attractive to him is that it seems to fascinate his parents. It is their secret knowledge that the child wants to be able to share" (1982:54).

Om hierdie siening te bevestig - die volgende:

Ek onthou hoe ek reeds kon lees toe ek skool toe gegaan het. Dit het op 'n heel spontane manier gebeur terwyl ek soggens in my ma se arm gelê het (in die bed) terwyl sy koerant gelees het. Saans was dit weer die Bybel wat ons twee saam lê en 'lees' het. Die twee logiese redes dat ek so al vraende "Wat is dit?" leer lees het, was my ma se duidelike voorliefde vir albei hierdie geskifte en die begeerte om ook te kan doen wat my ma kon doen.

Marie Louw, Durbanville
(Persoonlike gesprek: Desember 1994)

Dit is vir die ortodokse Jode verbode om enige deel van die (Joodse) Bybel te verkort, te kuis of selfs sogenaamde kontroversiële gedeeltes oor te slaan. Die Joodse kinders moet reeds in hulle kinderjare wanneer hulle leer lees, hoor hoe Potifar se vrou vir Moses wou verlei, die bloedskande van Juda met sy skoondogter Tamar (vermom as 'n prostituut) en die verkragting van Dina by Sigem.

Bettelheim en Zelan vertel die volgende verhaal van 'n sesjarige Joodse seuntjie wat terselfdertyd op 'n (Engelse) openbare en 'n ortodokse Joodse (*yeshiva*) skool was. In die

Joodse skool het hy uit die Hebreuse Bybel leer lees. Op 'n dag ontvang die Joodse pa 'n besoeker en die trotse pa vra sy seuntjie om vir die besoeker uit die Hebreuse Bybel voor te lees. Die besoeker kon die hoofstuk en vers kies en dan moes die kind dit lees en in algemene spreektaal parafraseer. En so kon die kind 'n redelik akkurate vertaling van elke gelese gedeelte gee.

Die verstomde besoeker wou weet of die kind nie 'n Engelse teks naas die Hebreus voor hom het nie. Tot die pa se verbasing was dit so. Toe vra hulle die kind om die Engels te lees. Die kind het ewe gehoorsaam na die bladsy langsaan gekyk en baie pateties oor woorde en klanke begin struikel. Hy het verleë geglimlag en gesê: "Ek kan nie".

Bettelheim interpreteer hierdie verskynsel soos volg: "Here is a situation which is not at all uncommon among yeshiva students: children who can paraphrase the book of Genesis, provide an account of creation ... and grasp such concepts as a vacuum, yet cannot understand the same material in their mother tongue" (55). Hy verduidelik verder: "The boy have been taught Hebrew for meaning and with complete disregard of whether some word by itself was easy or difficult, read it for meaning and was carried along by his understanding of it so that he could translate a difficult text. In public school he had been taught to decode laboriously simple English words in meaningless sequences. Since what he was made to read there had nothing to awaken

his interest, he could read only the words he had learned in class" (56).

Wat baie Joodse kinders verder motiveer om die Bybel te lees, is die hoë agting wat eers hulle ouers en later hulle onderwysers vir die Bybel het. Die oomblik as die kind ontdek dat hy presies dieselfde boek kan lees as dié van sy ouers en/of sy onderwyser - dieselfde boek wat hulle oor en oor lees, elke keer nuwe dinge ontdek en sin vind - word dit vir die kind ook 'n "betowerende" boek wat gekoester word. En dit is die vrugbare uitvloeisel van die driemanskap: ouer, kind en Woord.

Wat kleuter- en kinderbybels betref, is dit moeilik vir volwassenes om hulle ware siening daarvan vir kinders weg te steek. Omdat kinders reeds in die suigelingstadium ander se bedoelings, begeertes en oortuiginge kan waarneem, sal dit nie baie moeilik wees om gou agter te kom dat geen volwassene 'n kinderbybel koester nie. (Dalk om sentimentele redes, ja.) Dus kan die kind reeds op 'n baie vroeë ouderdom die ware sentimente en daarom ook onbetrokkenheid waarneem.

Die ouer se koestering van die Bybel, die kind se soeke na sin en die onverklaarbare feit dat kinders meer insig in die religieuse toon as wat sy kognitiewe ontwikkeling en ouderdom hom "toelaat", maak dit moeilik vir 'n kind om NIE die Bybel as "maklike" aanvangsleesstof te ervaar nie.

Spurgeon sien dit so: "It is a very remarkable fact, which I

have heard asserted by many teachers, that children will learn to read out of the Bible better than from any other book. I scarcely know why: it may, perhaps, be on account of the simplicity of the language; but I believe it so" (109).

Spurgeon bepleit sonder omhaal die feit dat kinders die Bybel self moet leer lees. "Let them read their first lesson from the Bible. It is a remarkable thing that there is no book from which children learn to read so quickly as from the New Testament: there is a charm which draw forth the infant mind" (12).

DIE WOORD: suiwer aangebied (min of meer)

Enkele publikasies verdien gunstige vermelding. Die eerste een is *Uit die Bybel. Grepe uit die Heilige Skrif* (1964), gekeur, saamgestel en van opskrifte voorsien deur J T M de Jongh van Arkel. 'n Sekere oplaag verskyn met 42 swart-en-wit-afdrucke van Rembrandt van Rijn se religieuse skilderye, en die res daarsonder. Die teks self bied 'n goeie verbatim oorsig van vertel- en spreektekste van Genesis tot Openbaring. Die feit dat hierdie publikasie nie algemeen bekend en uit druk is, kan moontlik toegeskryf word aan die minder interessante voorkoms en aanbieding. Ook die feit dat van die 1953-vertaling gebruik gemaak is, maak dit vir dit vir die lesers van die nuwer Afrikaanse vertaling (1983) minder aantreklik.

The Illustrated Children's Bible (1993) van World Bible Publishers, Inc, bied 'n baie goeie oorsig van die

Bybelse verhaal en gebruik meestal die verhale verbatim, hoewel die flapteks verduidelik: "While certain terms have been simplified or modernized for the young readers, the meaning of the original Scriptures remains intact". Die *Authorized (King James) Version* vorm die hoofbron. Soos in baie ander publikasies is die wonderbaarlike einde (Openbaring) glad nie ingesluit nie. Hoewel die aanbieding in die geheel aantreklik is, is die illustrasies nie voldoende nie. Die meeste is taamlik kleurloos en leweloos, in kleinerige formaat en nie werklik bekoorlik nie.

One Hundred Bible Stories. In the Words of Holy Scripture (1966) uitgegee deur Concordia Publishing House, maak gebruik van die *King James Version* met enkele geparafraseerde dele tussenin. Die teks sluit egter nie spreektekste in nie en swyg ook oor die fanfariese slot van die grootse verhaal. Wat sinvol is, is enkele aantekeninge aan die einde van elke verhaal hoewel dit liever as glossarium agterin moet verskyn. Maar die Bybelteks daarna, sowel as die gesang, is 'n goeie idee as dit kom by meer formele en dalk tematiese lering. Maar soos wat dit hier aangebied word, ondermyn dit die magiese effek van die wonderlike verhale. Die illustrasies is verouder en die verskeidenheid style hinderlik.

En daar is lig deur Hester Heese verdien redelik gunstige vermelding vanweë sy uitstekende seleksies uit die Bybel en die Bybelse idioom waarin dit geskryf is.

TEN SLOTTE

Soos die oorbekende spreekwoord lui: "Prevention is better than cure." Dit is werklik jammer dat daar 'n korrektief moet wees in so 'n ernstige aangeleentheid soos religieuse opvoeding. En verder nog: dat dit niksvermoedende en ontvanklike kinders moet tref, is moeilik vergeefbaar. As die egte, suiwer teks maar van die begin af as primêre geloofstekes gebruik word, sal regstellende optrede nie nodig wees nie. Buiten dat dit oor die algemeen waardevolle tyd, geld en energie vermors, kan dit die integriteit en outoriteit van die teks - en indirek dié van die Outeur - aantas, afhangende van die mate waarin die teks verwerk en/of versnipper is. En die depriverende effek wat dit op die hoorder en later lesers het, verg nou nie meer baie raaiwerk nie.

Omdat kinders "nie van beter weet" nie, behoort die waarheid suiwer aan hulle verkondig te word. Om hierdie waarheid te verwerk en te vereenvoudig sodat die kind dit sal "verstaan", kan veroorsaak dat wanneer hy later die Skrif self lees, hy die woordkuns nie kan hanteer nie. Die magiese dimensie, wat in die meeste kleuter- en kinderbybels uitgeskryf is, sal moeilik verteerbaar wees as die kind in 'n later stadium daarmee gekonfronteer word - wanneer hy die Bybel, volgens volwassenes, "beter kan verstaan". En dit is dalk net mooi in dié stadium van sy ontwikkeling dat hy meer op wetenskaplike verklarings ingestel is. Dit is dan

wanneer die Bybel in sy oorspronklike vorm (woordkuns: logies en magies) as versinsel afgemaak kan word.

Dit blyk duidelik vanuit die moderne ontwikkelingsielkunde dat kinders al op 'n baie jong ouderdom oor meer kognitiewe vermoëns beskik as wat volwassene besef het. Verder blyk dit vanuit teoloë en ander religieuse opvoeders se ervaring met kinders, dat kinders se insig in religieuse begrippe en kwessies nie noodwendig direk met hulle ouderdom, kognitiewe vermoëns of ontwikkelingsvlak verband hou nie. Gooi hierby die ontdekking van verskeie verneme sielkundiges en psigiaters, naamlik dat die kind ook 'n soeker na sin en 'n pelgrim is, kry 'n mens 'n aangename verrassing waarop min werklik voorberei of voor toegerus is.

Hierdie studie is juis daarop gemik om onvoorbereide volwassenes te probeer toerus vir hulle moeisame taak. Die uitvloeisel van hierdie navorsing noop 'n alternatiewe teks en soos reeds genoem, sal dit bestaan uit verbatim seleksies uit vertel- en spreektekste. Dit sal God se verhaal oorsigtelik probeer weergee sodat die hele boodskap van verlossing ingesluit word - van Genesis tot Openbaring. Die gebruik van illustrasies is debatteerbaar maar dit het al so deel geword van kinderliteratuur dat 'n teks daarsonder beswaarlik sal kan oorleef. Hieroor sal nog ernstiger besin moet word omdat illustrasies baie afbreuk aan 'n teks kan doen - wat nog te sê aan God se Woord. Kunswerke wat eg kuns is, binne die kind se belewenis val en

sover moontlik aan die Skrif reg sal laat geskied, lyk na 'n onmoontlike opdrag. Maar 'n goue, verantwoordbare middeweg sal sekerlik haalbaar wees.

Hierdie navorsing is uiteraard onderhewig aan toetsing en wil nie daarop aanspraak maak om finaal en die enigste moontlike oplossing te bied nie. Die alternatiewe teks wat in die vooruitsig gestel word, sal tot en met publikasie nog aan toetsing blootgestel word om dit sover moontlik nie net 'n teoretiese nie maar ook prakties beproefde teks te probeer maak.

Die hoofrede vir hierdie navorsing was om die welvaart van 'n spesifieke teikengroep, naamlik die onkundige en onervare voorskoolse kind, in gedagte te hou met betrekking tot geloofstekste wat vir hulle aan gebied word. In die proses is die bronteks van die Christelike geloof, die Bybel, as maatstaf gebruik om verwerkte geloofstekste vir daardie groep kinders te kon evalueer. Deur 'n literêr-semantiese benadering is daar ook gepoog om die integriteit van die bronteks te beskerm. 'n Nie-wetenskaplike hantering is ook gehandhaaf om die integriteit van die bronteks as geloofstekste te beskerm - met sy outobiografiese inslag van bonatuurlike aard.

Mag die bevindinge van hierdie studie elke ouer en ander belanghebbendes aanspoor tot ernstige nadenke en besinning oor hierdie uiters belangrike sake.

NASKRIF

*Is daar moord
en iemand skuldig?
Verken in die begin
en end die Woord.*

SPERMUTASIE D J Opperman

*Wanneer u woord vir mense oopgaan,
bring dit lig;
dit gee insig aan dié wat nog onervare is.*

Psalm 119:130

BIBLIOGRAFIE

- A Dictionary of Philosophy* 1990 (red) A R Lacey.
Routledge, London & New York
- Alter, Robert 1981 *The Art of Biblical Narrative* Basic Books, Harper Collins Publishers
- Austin, J L 1982 *How to do things with words* Oxford University Press, Oxford and New York
- Bal, Mieke 1986 *De theorie van vertellen en verhalen* Dick C Coutinho, Muiderberg
- Barclay, Ian 1986 *He Gives His Word. A look at the Bible* Hodder and Stoughton
- Beekman, Klaus; De Rover, Frans 1987 *Literatuur bij Benadering. Vormen van Literatuur Beschouwing* Foris Publications
- Bekker, Pirow 1970 *Die titel in die poësie* Tafelberg-Uitgewers
- Bettelheim, Bruno 1976 *The Uses of Enchantment. The meaning and importance of fairy tales* Thames and Hudson, London
- Bettelheim, Bruno; Zelan, Karen 1981 *On Learning to Read. The Child's Fascination with Meaning* Thames and Hudson, London
- Booth, Wayne C 1973 *The Rhetoric of Fiction* The University of Chicago Press
- Breytenbach, Breyten 1982 *Die huis van die dowes* Human & Rousseau
- Breytenbach, Breyten 1967 *Die ysterkoei moet sweet* Afrikaanse Pers-Boekhandel
- Brink, André P 1987 *Vertelkunde. 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste* Academica
- Cassirer, Ernst 1953 *Language and Myth* Dover Publications Inc New York
- Children's Literature. The development of criticism* (red) Peter Hunt 1990 Routledge, London & New York
- Christensen, Michael J 1963 *C S Lewis on Scripture* Hodder & Stoughton

- Cirlot, J E 1978 *A Dictionary of Symbols* Routledge & Kegan Paul
- Coles, Richard *The Spiritual Life of Children* 1992 HarperCollins Religious, Londen
- Cooper, J C 1983 *Fairy Tales: Allegories of the Inner Life* The Aquarian Press, Willingborough, Northamptonshire
- Deist, Ferdinand 1992 *Verhinder hulle nie. Godsdiensonderrig aan kinders*. J L van Schaik
- De Vries, Ad 1984 *Dictionary of Symbols and Imagery* North-Holland Publishing Company
- Die Bybel*, (1958) 1953-vertaling. Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, Kaapstad
- Die Bybel*, 1983-vertaling. Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Kaapstad
- Doherty, Sam 1986 *The Biblical Basis of Child Evangelism* European Child Evangelism Fellowship
- Dubrow, Heather 1982 *Genre* Methuen
- Englefield, Ronald 1977 *Language: It's Origin and Relation to Thought* Elek/Pemberton, London
- Elbaz, Robert 1988 *The Changing Nature of the Self. A Critical Study of the Autobiographic Discourse* Croom Helm
- Fowler, Alastair 1982 *Kinds of Literature. An Introduction to the Theory of Genres and Modes* Oxford Clarendon Press
- Frye, Northrop 1990 *Words with Power. Being a Second Study of the Bible as Literature* Harcourt Brace Jovanovich, Publishers
- Frye, Northrop 1983 *The Great Code. The Bible and Literature* Ark Paperbacks
- Gabel, John B; Wheeler, Charles B 1986 *The Bible as Literature. An Introduction* Oxford University Press
- Gids by die Literatuurstudie* 1985 (reds) T T Cloete, Elize Botha & Charles Malan. HAUM-Literêr
- Give them Wings. The Experience of Children's Literature* 1987 (reds) Saxby, Maurice & Winch, Gordon. The Macmillan Company of Australia
- GOD. The Contemporary Discussion* 1982 (reds) Frederick Sontag; M Darrol Bryant. The Rose of Sharon, Inc

- Grant, Robert M 1965 *A sjort history of the interpretation of the Bible* Adams & Charles Black, Londen
- Haviland, Virginia 1973 *Children and Literature. Views and Reviews* Lothrop, Lee & Shepard Co, New York
- Heyns, J A 1984 *Dogmatiek* N G Kerkboekhandel Transvaal, Pretoria
- Holy Bible. New International Version* 1978 Bible Society of South Africa
- Influence and intertextuality in literary history* 1991 (reds) Clayton Jay; Eric Rothstein. Madison Wisconsin, University of Wisconsin Press
- In Mensetaal oor God se Woord* 1988 (reds) W S Prinsloo; W Vosloo. Lux Verbi
- Jauss, Hans Robert 1982 *Toward an Aesthetic of Reception* The Harvester Press
- Johl, Johann 1988 *Ironie HAUM-Literêr*
- Jousse, Marcel 1990 *Oral Style* Garland Publishers, New York
- Kannemeyer, J 1983 *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur. Band 1* Academica
- Kannemeyer, J 1983 *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur. Band 2* Academica
- Kohlberg, Lawrence 1987 (1927) *Child Psychology and Childhood Education. A cognitive-developmental view* Longman, New York & London
- Lejeune, Philippe 1989 *On Autobiography* University of Minnesota Press, Minneapolis
- Leroux, Etienne (ongedateer) *Die Mugu* HAUM, Kaapstad. Derde druk
- Leroux, Etienne 1980 *Tussengebied* (red) J C Kannemeyer. Perskor, Johannesburg
- Lewis, C S 1944 *The Pilgrim's Regress. An allegorical apology for Christianity, reason and romanticism* Bles, Londen
- Literaire Genres en hun Gebruik* 1981 (red) Mieke Bal. Dick C Coutinho, Muidenberg

Literature for Children. Contemporary Criticism (red) Peter Hunt. Routledge, London and New York

Lohann, Carl 1986 *Kinderlektuur* HAUM Opvoedkundige Uitgewery, Pretoria

Lopez, Violet 1988 *The Child. A simple child study manual* European Child Evangelism Fellowship, Kilchzimmer, Switzerland

Louw, N P van Wyk 1988 *Versamelde Gedigte* Tafelberg/Human & Rousseau

MacArthur, John Jr 1973 *Why I Trust the Bible* Victor Books

Making Sense. The Child's Construction of the World 1987 (reds) Bruner, Jerome & Haste, Helen. Methuen, London & New York

Martin, Wallace 1986 *Recent Theories of Narrative* Cornell University Press

McConnel, Frank 1986 *The Bible and the Narrative Tradition* Oxford University Press

McKnight, Edgar V 1988 *Post-modern use of the Bible. The emergence of Reader-oriented criticism* Abingdon Press, Nashville

Meadows, Sara 1989 *Understanding Child Development. Psychological perspectives in an interdisciplinary field of inquiry* Unwin Hyman, London

Mears, Henrietta 1983 *What the Bible is All About* Regal Books

Mehler, Jacques; Dupoux, Emmanuel 1994 (English Translation by Patsy Southgate) *What Infants Know. The New Cognitive Science of Early Development* Blackwell, Cambridge MA & Oxford UK

Menslike Ontwikkeling 1985 (reds) D A Louw; L C Gerdes; W F Meyer. HAUM Opvoedkundige Uitgewery, Pretoria

Mythologies of the World: a Concise Encyclopedia 1979 (reds) Max S Shapiro & Rhoda A Hendricks. Doubleday & Company, Inc, New York

Neethling, J S 1977 *Kinderletterkunde* Maskew Muller

New Bible Dictionary. Second Edition 1988 (reds) J D Douglas e a. Inter-Varsity Press, Leicester

- Oden, Thomas C 1987 *The Living God. Systematic Theology: Volume One* Harper & Row, Publishers, San Francisco
- Olney, James 1971 *Metaphors of Self. The meaning of Autobiography* Princeton University Press
- Ong, Walter 1990 *Orality and Literacy. The Technologizing of the Word* Routledge, London
- Opperman, D J 1987 *Versamelde Poësie* Tafelberg/Human & Rousseau
- Op Weg na Begrip. Kinderliteratuur vir Suider-Afrika* (red) Isabel Cilliers 1988 Maskew Miller Longman, Kaapstad
- Prickett, Stephen 1988 *Words and The Word. Language, poetics and biblical interpretation* Cambridge University Press
- Radmacher, Erl 1987 *Celebrating the Word* Multnomah Press, Oregon
- Ray, William 1989 *Literary Meaning. From Phenomenology to Deconstruction* Basil Blackwell
- Rheingold, Howard 1988 *There's a word for it ... but it's untranslatable* Sevrin House, London
- Richards, I A 1988 *Theology and Literature* Blackwell, Oxford & New York
- Rogers, Jack B & McKim, Donald K 1979 *The authority and interpretation of the Bible. An historical approach* Harper & Row Publishers
- Rohrer, Norman 1970 *The Indomitable M O* Child Evangelism Fellowship Press, Warrenton, Missouri
- Savran, George W 1988 *Telling and Retelling. Quotation in Biblical Narrative* Indiana University Press
- Schneider, Sandra M 1991 *The revelatory text. Interpreting the New Testament as Sacred Scripture* HarperSanFrancisco
- Shibles, Warren 1972 *Essays on metaphor* The Language Press, Wisconsin
- Short, Robert 1967 *The Gospel According to Peanuts* Collins Fontana Books
- Smit, Dirkie 1987 *Hoe verstaan ons wat ons lees?* N G Kerk-Uitgewers, Kaapstad
- Snyman, Henning 1983 *Mirakel en Muse* Perskor

- Snyman, Henning 1987 *Teodoliet* Dias-Uitgewers
- Snyman, Lydia 1983 *Die Kind se Literatuur Die Kinderpers,* Durbanville
- Spurgeon, C H (ongedateer) "*Come Ye Children*". *A book for parents and teachers on the christian training of children* Pilgrim Publications, Pasadena, Texas
- Stockenström, Wilma 1988 *Heengaanrefrein* Human & Rousseau
- Stott, John 1991 (1972) *Understanding the Bible* Scripture Union, London
- Sugarman, Susan 1988 *Piaget's construction of the child's reality* Cambridge University Press
- Sutherland, Zena & Arbuthnot, May Hill (Seventh Edition) *Children and Books* Scott, Foresman and Company
- The Bible in Outline* 1990 (reds) John Balchin e a. Scripture Union, London
- The Complete Works of William Shakespeare* 1921 Oxford University Press
- The Literary Guide to the Bible* 1987 (reds) Robert Alter & Frank Kermode. The Belknap Press of Harvard University Press, Massachusetts
- The Shorter Oxford English Dictionary on Historical Principals. Volume 1.* 1978 Clarendon Press, Oxford
- The Westminster Dictionary of Christian Theology* 1983 (reds) Alan Richardson & John Bowden. The Westminster Press, Philadelphia
- Todorov, Tzvetan 1990 *Genre in Discourse* Cambridge University Press
- Turner, Johanna 1980 *Made of Life. Coping, competence and cognition* Methuen, London & New York
- Understanding Children* 1990 (reds) Robert Grieve; Martin Hughes. Basil Blackwell, Oxford
- Van Luxemburg, Jan; Ba1, Mieke; Weststeijn, Willem G 1987 *Over Literatuur* Dick Coutinho, Muiderberg
- Van Luxemburg, Jan; Ba1, Mieke; Weststeijn, Willem G 1988 *Inleiding in de Literatuurwetenschap* Dick C Coutinho, Muiderberg

Versfeld, Marthinus 1979 *Our Selves* David Philip, Cape Town

Wall, Barbara 1991 *The Narrator's Voice. The Dilemma of Children's Fiction* Macmillan Academic and Professional Ltd, Hampshire en Londen

Way, Eileen Cornell 1994 *Knowledge representation and metaphor* Intellect Books, Oxford

Wilder, Amos Niven 1973 *Theopoetic. Theology and the religious imagination* Fortress Press, Philadelphia

Woorde wat ver kom. Die literatuur van die Ou Testament 1986 (reds) Ferdinand Deist & Willem Vorster. Tafelberg-Uitgewers

Wright, T R 1988 *Theology and Literature* Basil Blackwell Inc.

Zigler, Edward F & Stevenson, Matia Finn (Second Edition) *Children in a Changing World. Development and social issues* Brooks/Cole Publishing Company, California

Tydskrifte

Du Toit, Ben 1995:11:03 "Skrifgesag in krisis", Die Kerkbode

Du Toit, Ben (prof) 1995:11:17 "Skrifgesag: gelowige kerkklidmate moet hulle skaar by gelowige wetenskaplikes", Die Kerkbode

Nel, Malan (dr) Deel xxxi nommer 2 Junie 1990 "Die kind en die Bybel. 'n Probleemverkenning", Ned Geref Teologiese Tydskrif

Nel, Malan (dr) Deel xxxii nommer 4 Desember 1991 "Die kind en die Bybel. 'n Benaderde oplossing", Ned Geref Teologiese Tydskrif

Potgieter, J H 1991 "'n Narratologiese ondersoek van die boek Jona", Hervormde Teologiese Studies Supplement 3

Ricoeur, Paul 1979 volume 24 part 4 "Naming God", Union Seminary quarterly review, New York

Verhandelinge en skripsies

Coetzee, J C 1976 "'n Christelike Antropologie en Didaktiek" MEd-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Fagan, Eduard 1988 "Die rol van die outeur in die moderne literêre teorie", Doktorale Proefskrif, Universiteit van Kaapstad

→ Meiring, Rykie 1987 "Bybelonderrig aan die kleuter", MEd-verhandeling, UNISA

→ Roux, Cornelia 1984 "Perspektiewe op aspekte van die Afrikaanse kinderbybel", MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch

Coetzee, J C 1976 "'n Christelike Antropologie en Didaktiek", MEd-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Opstelle

Snyman, Henning (ongepubliseer en ongedateer)
"Grot/Vuurtoring - Simbool en Simbolisering"

Snyman, Henning (ongepubliseer en ongedateer) "Hermafrodiet - Die Primordiale Aard van die Gedig"

Rekenaarprogram

Online Bible & Concordance 5:00 1990 Woodside Bible Fellowship 5.00.02, USA

Ondersoekmateriaal

TITELS VAN KLEUTERBYBELS

Die Bybel vir kleuters oorvertel deur Louise Smit.
Illustrasies deur Brigitte Smith 1987 Tafelberg, Kaapstad

My Very Own Bible retold by Betty Fletcher. Illustrated by Lou Police 1993 Christian Art Publishers. Vereeniging

My First Bible in Story and Song illustrated by Diana Bowles 1994 Brimax Books Ltd. Newmarket, England

Ons Eie Kleuterbybel deur Juliana Nothnagel. Illustrasies deur Angus McBride 1989 Lux Verbi, Kaapstad

My Eerste Groot Bybel-Storieboek deur Lina en Alan Parry 1993 Struik Christelike Boeke Bpk, Kaapstad

My Very First Bible. Old Testament Stories for Young Children by L J Sattgast. Illustrated by Russ Flint 1992 Harvest House Publishing. Eugene, Oregon

My Very First Bible. New Testament Stories for Young Children by L J Sattgast. Illustrated by Russ Flint 1989 Harvest House Publishing. Eugene, Oregon

My Eerste Prentebybel deur Kenneth N Taylor. Geïllustreer deur Richard en Frances Hook 1991 Struik Christelike Boeke Bpk

Ons Prentebybel vir Klein Mensies deur Kenneth N Taylor 1984 Fonteine Publikasies

My First Step Bible by Mack Thomas. Illustrated by Edward Glen French 1992 Gold'n'Honey Books, Questar Publishers, Inc

The Beginners Bible. Timeless Childrens Stories as told by Karyn Henley. Illustrated by Dennas Davis 1991 Questar Publishers, Inc. Sisters, Oregon

TITELS VAN KINDERBYBELS

Bedtime Bible Story Book by Jesse Lyman Hurlbut. Illustrations by Kathy Arbuckle 1989 A Harbour Book

Bible Stories for Children. Introductions by Ted Harrison 1990 Rainbow Books

Children's Bible Stories. To read and colour. Old Testament 1984 Ottenheimer Publishers, Inc

Children's Illustrated Bible retold by Marjorie Newman. Illustrated by Michael Codd 1991 World Horizons, Manchester

Die Bybel vir Kinders. Illustrasies deurgaans in volkleur 1990 Lux Verbi, Kaapstad

Die Nuwe Kinderbybel in Kleur deur Paul von Staden. Illustrasies deur Carlo Tora 1990 Christelike Uitgewersmaatskappy

Die Kinder-Bybel vertel deur Anne de Graaf. Illustrasies deur José Pérez Montero 1991 Christelike Uitgewersmaatskappy

Die Struik-Kinderbybel oorvertel deur Pat Alexander. Illustrasies deur Carolyn Cox 1991 Struik Christelike Boeke

En Daar is Lig. Verhale uit die Bybel. Teks deur Hester Heese; 'n keuse deur Philip Turner; illustrasies deur Brian Wildsmith 1971 Die Kinderpers van Suid-Afrika, Kaapstad

Gunsteling Bybelverhale vir Kinders. 150 Verhale uit die Bybel in Een Bundel deur V Gilbert Beers & Ronald A Beers 1992 Christelike Uitgewers Maatskappy

My Own Bible Story Book. Easily Read Short Stories with Colour Pictures on Every Spread stories retold by Jenny Robertson. Illustrated by Gordon King 1988 Word Publishing

One Hundred Bible Stories. In the Words of the Holy Scripture 1966 Concordia Publishing House. Saint Louis, Missouri

Read with Me Bible. An NIV Story Bible for Children edited by Doris Ridders and Jean E Syswerda. Illustrated by Dennis Jones 1993 Zondervan Publishing House. Grand Rapids, Michigan

Stories from the Bible by Katherine McLean. Illustrated by Edgar Hodges (not dated) Holland Enterprise Ltd, Essex

Tell Me the Bible by Joëlle Chabert and Francois Mourvillier. Pictures by Letizia Galli 1991 The Liturgical Press. Colleville, Minnesota

The Bible Alive. Witness the Great Events of the Bible. Bible text by John D Clare 1993 Harper Collins Publishers

The Children's Bible in 365 Stories by Mary Batchelor. Illustrated by John Haysom 1991 Lion Publishers

The Children's Bible in Colour 1990 The Octopus Publishing Group Limited

The Children's Illustrated Bible retold by Selina Hastings. Illustrated by Eric Thomas 1994 Dorling Kindersley

The Hosanna Bible retold by Angela and Ken Abraham. Illustrated by Terry Anderson and Kathleen Dunne 1993 Word Publishing

Theirs is the Kingdom by Lowell Hagan and Jack Westerhof.
Illustrations by Paul Stoub 1986 W B Eerdmans Publishing
Company.

The Illustrated Children's Bible illustrated by Bill
Farnsworth 1993 World Bible Publishers, Inc, Iowa

The Illustrated Children's Bible Storybook adapted by E B R
Hirsh. Illustrated by Gwen Green 1990 David C. Cook
Publishing Co

The Living Bible Story Book by Kenneth N Taylor.
Illustrated by Richard and Frances Hook 1991 (1970).
Phoenix

The Lion Children's Bible stories retold by Pat Alexander.
Illustrated by Lyndon Evans 1992 Lion Publishing

The New Testament. Of Our Lord and Saviour Jesus Christ
1961 American Bible Society, New York

*The One Year Bible Storybook. A Bible story for each day of
the year* by Virginia J Muir 1988 Tyndale House Publishers,
Inc. Wheaton, Illinois

Uit die Bybel. Grepe uit die Heilige Skrif saamgestel deur
J T M de Jongh van Arkel 1964 Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad